

ASPEKTE VAN DIE VERPLEEGSTERSOPLEIDING
AAN DIE UNIVERSITEIT

deur Elizabeth Coertse (gebore le Roux)

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad D. Phil. aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

POTCHEFSTROOM
1976

ASPEKTE

VAN DIE

VERPLEEGSTERSOPLEIDING

AAN DIE

UNIVERSITEIT

INHOUDSOPGawe

HOOFSTUK I	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 Die keuse van die onderwerp, naamlik: Aspekte van die verpleegstersopleiding aan die universiteit	3
1.3 Die doel en terrein van die ondersoek	5
1.4 Die metode van ondersoek en benadering van die probleem	7
1.5 Analise en omskrywing van terme of begrippe	7
1.5.1 Verpleegkunde	7
1.5.2 Verpleging	9
1.5.3 Dissiplines van Verpleegkunde	10
1.5.4 Verpleegstersopleiding	11
1.5.5 Studentevorming	13
1.5.6 Opvoeding	15
HOOFSTUK II	19
DIE HISTORIESE ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE VERPLEEGSTERS-BEROEP EERS AS PROFESSIE EN LATER AS WETENSKAP	19
2.1 Inleiding	19
2.2 Verpleging by die primitiewe mens	21
2.3 Verpleging in die antieke kulture	23
2.3.1 Verpleging by die beschawing van Mesopotamie	23
2.3.2 Verpleging by die Egiptenare	25
2.3.3 Verpleging by die Sjinese	27
2.3.4 Verpleging by die Israeliete	28
2.3.5 Verpleging by die Perse	32
2.3.6 Verpleging by die Indiërs	32
2.3.7 Verpleging by die Griekse	34
2.3.8 Verpleging by die Romeine	37
2.4 Verpleging en die Christelike kultuur	39

2.5	Verpleging in die Middeleeue	42
2.5.1	Verpleging by die Arabiere	44
2.5.2	Verpleging onder die feudale stelsels	45
2.5.3	Verpleging tydens die Kruistogte en die rol van die Ridderordes	45
2.5.4	Verpleging in die ontwikkelende stede en gil- de-organisasies	46
2.5.5	Hospitalisasie en verpleging	47
2.5.6	Verpleging en die Middeleeuse universiteit	48
2.6	Verpleging en die Renaissance	49
2.7	Verpleging en die Hervorming	51
2.8	Verpleging tydens die agtende eeu	55
2.9	Verpleging tydens die negentiende eeu	58
2.10	Verpleegkunde en verpleging in die Republiek van Suid-Afrika	63
2.11	Verpleegkunde en die universiteit	67
2.12	Samevatting en eie siening	71
HOOFTUK III		74
VERPLEEGKUNDE AS WETENSKAP EN VERPLEGING AS PROFESSIE OF BEROEP		74
3.1	Inleiding	74
3.2	Definisies en algemene omskrywinge van Verpleegkunde en verpleging	76
3.2.1	Analise en klassifikasie van definisies en omskrywinge	80
3.3	Verpleegkunde as wetenskap	82
3.3.1	Aanvaarde definisies van en norme vir 'n wetenskaplike metode	85
3.3.2	Analise van definisies van en norme vir 'n wetenskaplike metode	90
3.3.3	Verpleegkunde en die toepassing van genoem- de norme in die wetenskaplike metode	91

3.4	Enkele trekke van die wese van Verpleegkunde as toegepaste mediese-sosiale wetenskap	97
3.4.1	Die objek, uitgangspunt en kompleksiteit van Verpleegkunde	100
3.4.2	Die verhouding en verband tussen Verpleegkunde en sy hulpwetenskappe in breë trekke	101
3.5	Verpleging as professie	111
3.5.1	Algemene eienskappe en norme van 'n professie	112
3.5.2	Samevatting van norme vir 'n professie	115
3.6	Samevatting	119
HOOFTUK IV		120
DOELEINDES VAN DIE BASIESE VERPLEEGSTERSOPLEIDING		120
4.1	Inleiding	120
4.2	Die funksies van die universiteit	121
4.2.1	Opleidingsmotiewe en funksies	122
4.2.2	Analise van die funksies	123
4.3	Algemene beskouing van die verpleegstersopleiding	124
4.4	Vereistes in verband met doeleteindes	125
4.5	Indelingsmotiewe ten opsigte van doeleteindes	126
4.6	Besondere doeleteindes vir die verpleegstersopleiding	128
4.6.1	Die onmiddellike doel	128
4.6.2	Die verwyderde doeleteindes	129
4.6.2.1	Die biologiese doeleinde	130
4.6.2.2	Die anatomies-fisiologiese doeleinde	132
4.6.2.3	Psigologiese doeleinde	133
4.6.2.4	Die sosiologiese doeleinde	134
4.6.2.5	Die logiese doeleinde	141

4.6.2.6	Die etiese doeleinde	148
4.6.2.7	Die estetiese doeleinde	149
4.6.2.8	Die filosofiese doeleinde	150
4.6.3	Die Einddoel	155
4.7	Samevatting	156
HOOFSTUK V		157
ASPEKTE VAN DIE INHOUD VAN DIE VERPLEEGSTERSOPLEIDING		157
5.1	Inleiding	157
5.2	Omskrywing van terme	158
5.3	Norme vir die keuse van leerstof by die opstel van 'n algemene curriculum vir die verpleegstersopleiding	159
5.3.1	Die filosofies-religieuse norm	160
5.3.1.1	Leerstof moet in ooreenstemming met 'n eie lewens- en wêreldebekouing gekies word	160
5.3.1.2	Leerstof moet korreleer met ander wetenskaplike kennis	161
5.3.1.3	Leerstof moet so wees dat dit uni- formiteit van curricula in die hand werk	162
5.3.2	Die pedagogiese norm	162
5.3.2.1	Die leerstof moet sodanig gekies word dat dit die bereiking van die doeleindes moontlik maak	162
5.3.2.2	Leerstof moet die gebruik van vol- doende en toepaslike wetenskaplike literatuur en audiovisuele apparaat bevorder	163
5.3.3	Die sosiologiese norm	164
5.3.3.1	Leerstof moet voldoen aan die vereis- tes wat deur die gemeenskap en pro- fessie gestel word	164

5.3.3.2	Leerstof moet vir die individu en die gemeenskap nuttig wees	165
5.3.3.3	Leerstof moet van so 'n aard wees dat dit beroeps- en sosiale oriëntering bevorder	166
5.3.3.4	Die leerstofkeuse moet voorsiening maak vir kultivering en voorbereiding van die studenteverpleegster sowel as vir oordeelkundige vryetydsbesteding	166
5.3.4	Die psigologiese norm	169
5.3.4.1	Leerstof moet so gekies word dat dit sekere noodsaklike karaktereisingskappe by die studenteverpleegster verder ontwikkel en inskryp	169
5.3.4.2	Leerstof moet differensiasie toelaat	170
5.3.5	Die logiese norm	171
5.3.5.1	Leerstof moet gebalanseerd gekies word	171
5.3.5.2	Leerstof moet feite en metodes wat kan bydra tot probleemoplossing en selfstudie insluit	171
5.3.5.3	Leerstof moet so aangebied word dat wetenskaplike soewereiniteit in eie kring, wetenskaplike denke en samewerkking behoue bly	172
5.3.5.4	Leerstof moet 'n eie wetenskaplike taal, terminologie en woordeskaf ontwikkel en bevorder	173
5.3.5.5	Leerstofkeuse moet die geleentheid vir die gebruik van die deduktiewe en induktiewe metodes daarstel	174
5.3.5.6	Leerstof moet sodanig wees dat die studenteverpleegster se appersepsiemassas uitgebrei word, dat probleme opgelos en die noukeurige redeneringsvermoë gestimuleer word	174

5.3.5.7	Leerstofkeuse in Verpleegkunde moet so omvattend wees dat dit voldoen aan al die behoeftes van die kernstruktuur	175
5.3.5.8	Leerstof moet so wees dat die studenteverpleegster nasionaal en internasionaal gevorm word.	176
5.3.6	Die historiese norm	177
5.4	Rangskikking van die leerstof	177
5.4.1	Inleiding	177
5.4.2	Curriculumsamestelling	177
5.4.3	Die rangskikking van die inhoud van 'n curriculum	179
5.4.4	Die samestelling van 'n curriculum vir 'n geïntegreerde kursus	179
5.4.5	Syllabussamestelling	181
5.4.6	Syllabusse	182
	5.4.6.1 Kursus I	182
	5.4.6.2 Kursus II	184
	5.4.6.3 Kursus III	186
	5.4.6.4 Kursus IV	187
	5.4.6.5 Kursus V	187
5.5	Leerstof in die samestelling van curricula in Verpleegkunde by universiteite in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande	188
5.5.1	Eerstejaarkursusse soos dit in die curricula van die verskillende universiteite voorkom	190
5.5.2	Tweedejaarkursusse	191
5.5.3	Derdejaarkursusse	191
5.5.4	Die vierdejaarkursusse	193
5.5.5	Vyfdejaar of laaste halfjaarkursusse	193
5.6	'n Voorstel vir 'n moontlike gebalanseerde curriculum	194

5.7	Leerstof aan die norme vir die gestelde curricula getoets	196
5.7.1	Toetsing van die curricula aan die religi- euse-filosofiese norm	196
5.7.2	Toetsing van die curricula aan die pedago- giiese norm	197
5.7.3	Toetsing van die curricula aan die sosio- logiese norm	199
5.7.4	Toetsing van die curricula aan die psigo- logiese norm	202
5.7.5	Toetsing van die curricula aan die logiese norm	203
5.8	Toetsing van die voorgestelde moontlike gebalan- seerde curriculun aan kriteria gestel en die rang- skikking van die leerstof	210
5.8.1	Kriteria vir die curriculumsamestelling	210
5.8.2	Die aanbieding en rangskikking van leer- stof in bepaalde sillabusse	211
5.8.2.1	Aanbieding van leerstof in kur- sus een	211
5.8.2.2	Aanbieding van leerstof in kur- sus twee	213
5.8.2.3	Aanbieding van leerstof in kur- sus drie	215
5.8.2.4	Aanbieding van leerstof in kur- sus vier	215
5.8.2.5	Aanbieding van leerstof in kur- sus vyf	215
5.8.3	Die rangskikking van die inhoud, soos dit hierbo voorgestel word	216
5.8.4	Aanbieding van praktika	216
5.8.5	Aanbieding van 'n Christelike lewens- en wereldbeskouing	216
5.9	Samevatting	217

HOOFSTUK VI	218
METODES, TEGNIEKE, HULPMIDDELS, DISSIPLINE EN EVALUERING BY DIE VERPLEEGSTERSOLEIDING	218
6.1 Inleiding	218
6.2 'n Vorsigtelike beskouing van beginsels vir die verpleegstersonsopleiding	219
6.2. 1 Doelgerigtheid	220
6.2. 2 Die totaliteitsbeginsel	220
6.2. 3 Die individualiteitsbeginsel	221
6.2. 4 Motivering	222
6.2. 5 Die aktiwiteits- of selfwerkzaamheidsbeginsel	222
6.2. 6 Die aanskouingsbeginsel	223
6.2. 7 Die beginsel van induksie	223
6.2. 8 Die analitiese beginsel	223
6.2. 9 Die ontwikkelingsbeginsel	224
6.2.10 Die vryheidsbeginsel	224
6.2.11 Die utoriteitsbeginsel	225
6.2.12 Die sosialiteitsbeginsel	225
6.2.13 Die beginsel van sisteem, beplanning en ordeelikheid	226
6.2.14 Bemeesterig	226
6.2.15 Die evalueringsbeginsel	227
6.2.16 Die diagnostiserende en remediërende beginsel	227
6.3 Besondere metodes, tegnieke en hulpmiddele in die verpleegstersonsopleiding	228
6.3.1 Metodes by die verpleegstersonsopleiding	229
6.3.2 Tegnieke by die verpleegstersonsopleiding	239
6.3.3 Hulpmiddele by die verpleegstersonsopleiding	246
6.4 Die vraagstukke van gesag, dissipline, vryheid en verantwoordelikheid in die verpleegstersonsopleiding	251
6.5 Evaluering en meting	260
6.5.1 Doeltreffende norme vir evalueringsvorme	262

6.5.2	Evalueringsvorme	264
6.5.3	Faktore wat tot die doeltreffendheid van die eksamen as meetinstrument bydra	267
6.5.4	'n Evalueringsprogram by die verpleegstersopleiding	270
6.6	Samevatting	271
HOOFTUK VII		273
ASPEKTE VAN DEE ORGANISATORIESE EN ADMINISTRATIEWE AARD VIR DIE VERPLEEGSTERSOPLEIDING		273
7.1	Inleiding	273
7.2	Die hiérargiese personeelsamestelling	273
7.3	Die dosent wat met die direkte verpleegstersopleiding gemoeid is	277
7.4	Enkele aspekte van die keuring van studente in 'n poging om die moontlike beroepsposensiaal te bepaal	280
7.5	Professionele norme ten opsigte van die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding	284
7.5.1	Die norm van positiewe gesindheid en noue samewerking met die mediese beroep ten opsigte van die professie	284
7.5.2	Die norm van organisasie van die verpleegstersopleiding	284
7.5.3	Die norm van noodwendigheid van opleiding	285
7.5.4	Die norm van reg van die individu tot opleiding	285
7.5.5	Die norm van selfstandigheid en beroepsverantwoordelikheid	286
7.5.6	Die norm wat die gemeenskap aan die verpleegstersopleiding en die professie stel	287
7.5.7	Die norm wat die gesin aan die professie en die verpleegstersopleiding stel	289
7.5.8	Die norm wat die plaaslike gemeenskap aan die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding stel	290

7.5.9	Die kerk se norm aan die professie en aan die organisasie van die verpleegstersopleiding	292
7.5.10	Die norm wat die staat aan die professie en die verpleegstersopleiding stel	293
7.5.11	Die norm wat deur die ekonomiese groepe aan die organisasie van die verpleegstersopleiding en die professie gestel word	294
7.5.12	Die norm wat die skool aan die professie en verpleegstersopleiding stel	296
7.5.13	Die norm van die kultuurgroepe aan die organisasie van die verpleegstersopleiding en professie	296
7.5.14	Die norm wat die personeel van die Departement van Hospitaaldienste aan die verpleegstersopleiding en professie stel	297
7.5.15	Die norm wat die personeel van opleidingsentrum aan die verpleegstersopleiding en professie stel	298
7.5.16	Die norm wat die doserende personeel aan die professie en die verpleegstersopleiding stel	298
7.5.17	Leerstoforganisasie as norm van die professie	298
7.5.18	Die norm van gesag, dissipline, vryheid en verantwoordelikheid wat aan die professie en verpleegstersopleiding gestel word	300
7.5.19	Die norm van leer deur ervaring aan die professie	305
7.5.20	Die norm van spesialisasie vir die professie en die verpleegstersopleiding	306
7.6	<i>Samevatting</i>	307
HOOFTUK VIII		308
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN SLOTBESKOUING		308
8.1	Inleiding	308
8.2	Samevattende beeld en navorsing	308
8.3	Die positiewe (voortreflike) en negatiewe (leemtes) bevindings	315

8.3.1	Positiewe bevindings en aanbevelings	315
8.3.2	Negatieve bevindings en leemtes	323
8.4	Slotgedagte	326
SUMMARY, CONCLUSION AND ULTIMATE POINT OF VIEW		327
LITERATUURLYS		346

HOOFSTUK

1.1 INLEIDING

Die noodsaaklikheid vir 'n doeltreffende verpleegstersopleiding verg in die huidige eeu 'n uiters goed beplande organisasie en administrasie om aan die behoeftes van die struktuur van Verpleegkunde met sy dissiplines te voldoen.

In so 'n gesonde atmosfeer met alle fasiliteite beskikbaar, kan hierdie opleiding sekerlik die beste gedy vanuit 'n innerlike aanleg, liefde en motivering by die aspirant-verpleegsters. 'n Skrywer stel die aard, taak, gees en omvang van die verpleegstersberoep na analogie van 'n loflied wat hy sy Skepper toesing met: '*I sing the praise of the Unknown Teacher . . . He keeps the watch along the borders of darkness . . .*'¹⁾ deur siekte, lyding, ongeval en nood gebring. Hy vra nie na vergoeding en streef nie na wins nie. Hy stel die voorbeeld van diens as die Stille Werker tot genesing en redding.

By die keuse van 'n beroep, en veral by die verpleegstersberoep stel die selfde skrywer die norm: '*You dare not enter it unless you love it.*'²⁾

1. Van Dyke. (In Heidgerken, Loretta E. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.5).

2. Ibid.

Die belangrikheid van verpleegstersonderwys in die huidige eeu gryp in talle levens- en kultuurterreine van die mens in. Die omvang van die verpleegstersberoep het sy wortels in die gesin, dis vervleg met die gemeenskap en het uiteindelik 'n wesenlike aandeel in die bepaling van 'n fisiese en psigiese kern. Dit moet 'n gesonde volk dien, terwyl laasgenoemde weer 'n voorwaarde en versekering is vir 'n vooruitstrewendé nasie. Dit impliseer die eerste belangrike rede waarom daar in hierdie proefskrif gepoog gaan word om sekere aspekte van die verpleegstersopleiding na te vors en te bestudeer.

Al die sosiale en ekonomiese magte, die wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang van die huidige eeu, die toenemende gebruik van ingewikkeldé apparaat, die oorskakeling van 'n vaseerlingtipe-opleiding tot 'n wetenskaplike opleiding, het 'n verreikende invloed op verpleging/Verpleegkunde en die eeu van verandering sal voortgaan om die beroep te beïnvloed. Hierdie is 'n tweede faktor wat 'n pedagogiese ondersoek noodsaaklik maak.

Die verpleegster moet tred hou, te midde van 'n snelle ontwikkeling in die mediese wetenskap, met die voorsiening in al die gesondheidsbehoeftes van die gemeenskap en die dinamiese aard van verpleging. Om aan die verpleegster die nodige opleiding te gee sodat sy aan al die hoë eise van hierdie wetenskap in al sy fasette kan voldoen met die nodige verantwoordelikheid en vir hierdie jong wetenskap om nog uit te bou, moet daar derdens veral besondere aandag aan die verpleegstersopleiding geskenk word.

Die verpleegstersopleiding is die kern van alle vooruitgang van die uitbou van die beroep en stabilitet van die professionele status. Nog 'n essensiële aspek is dat daar in hierdie proefskrif gepoog sal word om sommige van die boustene van die verpleegstersopleiding te beskryf en te evalueer.

1.2 Die keuse van die onderwerp, naamlik: Aspekte van die verpleegstersopleiding aan die universiteit

Die vrae: waarom beroepsopleiding aan 'n universiteit en waarom professionele opleiding deur middel van 'n graadkursus?, word onder andere duidelik uit die navorsing. Een van die kenmerkende eienskappe van 'n universiteit is dat dit met die ontwikkeling van die adolescent tot volwassenheid gemoeid is, om onder meer ook die studenteverpleegster te ontwikkel tot onafhanklikheid en om verantwoordelike en bekwaame verpleegsters vir die gemeenskap te lewer. Hangartner stel dit so: 'As a matter of fact, the tradition of higher education has been to claim for itself a special competence to provide for the experiences which will most effectively develop the personal qualities which are extremely necessary in the most demanding tasks of our society.'¹⁾

Die titel van die proefskrif: Aspekte van die verpleegstersopleiding aan die universiteit, dui onder meer op die verpleegstersopleiding aan die universiteit, veral die ontwikkeling van die vermoë tot wetenskaplike denke en toepassing van die wetenskaplike metodes van navorsing, wat moet bydra tot haar lewens- en beroepstoerusting. Hangartner gaan

1. Hangartner. The responsibilities of universities and colleges for the educational preparation of professional nurses. (In Excellence in nursing. Georgetown University, Washington, 1964, p.17-18.)

voort en beantwoord die vraag, waarom universiteitsopleiding? so: 'I would submit that the therapeutic role played by the professional nurse involves not only knowledge, but so many of the highest qualities of the human spirit that it demands not only a trained person, but a person whose total personal resources have been developed and integrated in such a way that she exercises through her inter-personal relationship as well as through her technical competency and mastery of appropriate information a direct therapeutic role which can make an important difference in the health of the individual patient and of the community at large . . .

'This responsibility involves not only knowledge and technical competency, but a high degree of insight, empathy and effective interpersonal relationships.'¹⁾

Om Hangartner se ideaal te verwesenlik blyk die universiteit dan huis die ideale instansie vir dié bepaalde opleiding te wees.

Verder beskik die professie oor eienskappe afgkomstig van die doel wat dit moet dien. So is een van die doelstellinge om die gemeenskap van bekwaame en vaardige dienste te voorsien wat belangrike behoeftes en node van die lede van die gemeenskap kan bevredig, te wete gesondheidsbehoeftes.²⁾ 'n Tweede doelstelling gaan om die uitbreidings en vermeerdering van kennis. Alle professies, ook verpleging/Verpleegkunde, is gedurig besig om dienste te verbeter en om die sosiale bruikbaarheid tot die maksimum uit te bou.³⁾ Dit kan alleenlik verwesenlik word deur die verpleegsterstersopleiding en studentevorming op hoë vlak te ontwikkel

1. Hangartner. The responsibilities of universities and colleges for the educational preparation of professional nurses. (In Excellence in nursing. Georgetown University, Washington. 1964, p.17-18.)
2. McGlothlin. The professional schools, p.6.
3. Ibid., p.8.

en deur wetenskaplike navorsing. Die verpleegstersopleiding aan die universiteit vorm dus die kern waarom die werkstuk sentreer.

1. 3. Die doel en terrein van die ondersoek

Die doel van die proefskrif is hoofsaaklik gebaseer op relevante en kontemporêre aspekte van die verpleegstersopleiding. Brown meld by voorbeeld in die volgende beskrywing 'n hele aantal relevante faktore wat die motief en doel van die werkstuk uitbeeld. 'The professional nurse will be one who recognizes and understands the fundamental (health) needs of a person, sick or well, and who knows how these needs can best be met. She will possess a body of scientific nursing knowledge which is based upon and keeps pace with general scientific advancement, and she will be able to apply this knowledge in meeting the nursing needs of a person and a community. She must possess that kind of discriminative judgement which will enable her to recognize those activities which fall within the area of professional or non-professional groups.'¹⁾ Om aan die vereistes van Brown te voldoen verg dat die studenteverpleegster in haar totaliteit opgelei moet word - 'n aspek wat veral in die proefskrif beklemtoon sal word.

Verder blyk dit belangrik en logies te wees om ten eerste die wese van die wetenskap te ontleed, met inagneming van sy historiese agtergrond, want 'de geschiedenis der opvoeding is in hooge mate de geschiedenis van het opvoeding- en vormingsideaal.'²⁾; tweedens, om vas te stel

1. Brown. *Nursing for the future*, p.73; Lambertson. *Education for nursing leadership*, p.80.
2. De Hovre. *Paedagogische wijsbegeerte; een studie in de moderne levensbeschouwingen en opvoedingstheorieën*, p.XIII.

wat Verpleegkunde en verpleging is; derdens, om deur middel van wetenskaplike denke en metodes vas te stel wat Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie behels; vierdens, om doeleindes vir die verpleegstersberoep te bepaal en dit te verifieer; vyfden sal daar gepoog word om norme vir die opstel van 'n algemene curriculum vir die verpleegstersopleiding te formuleer, die rangskikking van leerstof te stel, verskeie curricula te beskryf, 'n moontlike gebalanseerde curriculum saam te stel, om die leerstof aan die norme vir die gestelde curricula te toets, en die voorgestelde moontlike gebalanseerde curriculum aan voorgestelde kriteria vir die rangskikking van die leerstof te toets; in die sesde plek sal getrag word om die aksent op metodes en tegnieke van onderrig, dissipline en evaluering te plaas; in die sewende plek word 'n poging aangewend om aspekte van die organisatoriese en administratiewe aard van die verpleegstersopleiding te omskryf; en laastens word 'n samevatting van al die hoofstukke van hierdie proefskeif gegee.

Die stof word volgens die voorgenoemde doelstelling in die volgende hoofstukke ingedeel:

Hoofstuk 2 handel oor die historiese ontwikkeling van die verpleegstersberoep.

Hoofstuk 3 handel oor die ontleding van Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie.

Hoofstuk 4 handel oor die doeleindes vir die basiese verpleegstersopleiding.

Hoofstuk 5 handel oor 'n analyse van bepaalde aspekte van die inhoud van die verpleegstersopleiding.

Hoofstuk 6 handel oor die metodes, dissipline en evaluering van die verpleegstersopleiding.

Hoofstuk 7 handel oor die organisatoriese en administratiewe aspek van die verpleegstersopleiding.

Hoofstuk 8 bevat 'n samevatting, 'n eie evaluering, aanbevelinge en temas vir verdere navorsing.

1.4 Die metode van ondersoek en benadering van die probleem

Die navorsingsprojek is tot 'n mate prinsipieel-teoreties georiënteer waarin empiriese, vergelykende en statistiese gegevens verskaf word waar dit van toepassing is. Verder word gebruik gemaak van eie en andere se ondervinding en kennis wat gedurende verskeie oorsese besoeke aan universiteite en hospitale wat met die verpleegstersopleiding besig is, verwierf is. Afgesien hiervan is hoofsaaklik gebruik gemaak van literatuurstudie en onderhoudboering met oorsese departementshoofde van verpleegkundige departemente en fakulteite. Die doel met die voorgaande is om kennis te versamel, deur sintese tot 'n eenheidsbeeld saam te voeg in 'n kompilasie wat die geheel van die proefskrif daarstel.

1.5 Analise en omskrywing van terme of begrippe

Dit is nodig dat sekere terme en begrippe wat veelvuldig in die proefskrif gebruik word te ontleed en te omskryf.

1.5.1 Verpleegkunde

Gunter skryf in verband met Opvoedkunde, wat eweneens op Verpleegkunde

toegepas kan word, soos volg: 'Die opvoedkunde kan dus kortweg om-skrywe word as die wetenskaplike besinning oor opvoedingsvraagstukke. Dit is 'n leer, beskouing of teorie oor die opvoeding as praktyk en sy probleme. Opvoedkunde (pedagogiek) beteken dus opvoedingsleer; dit is 'n wetenskap . . .'¹⁾ Die woord 'kunde', in Middelnederlands 'cunde', beteken kennis,²⁾ terwyl Elfeers en Viljoen 'kunde' as kennis en wetenskap beskryf.³⁾ Schoonees e.a. is die mening toegedaan dat 'kunde' in verband met deeglike kennis staan⁴⁾ en Webster meen dat dit 'the branches of learning included in academic study'⁵⁾ is. 'Wetenskap self is . . . veel eerder 'n metode van studie waarvolgens kennis en insig verkry word.'⁶⁾ Die doel van die beoefening van die wetenskap is dus in die eerste instansie om geldige en betroubare kennis te verkry⁷⁾, en Whitehead meen dat 'education is the acquisition of the art of the utilisation of knowledge.'⁸⁾

Die woord 'Verpleegkunde' met die 'kunde'-gedeelte wat na aanleiding van bogenoemde stellinge 'kennis' en 'wetenskap' beteken, het dus met kennis en die oordra van kennis te doen. Verpleegkunde kan beskryf word as die wetenskap wat die resultaat is van die besinning oor, en die ondersoek van verpleging en sy probleme.⁹⁾ Iemand wat hom of haar met die studie van die verpleging en sy vraagstukke, dit is met die Verpleegkunde, besig hou, is 'n verpleegkundige, terwyl 'n beoefenaar

1. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.18.
2. Van Wijk. Franck's etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal, p.357
3. Elfeers & Viljoen. Beknopt Nederlands woordeboek voor Zuid-Afrika, p.523
4. Schoonees e.a. Hat: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p.488.
5. Webster. Webster's comprehensive reference dictionary and encyclopedia, p.41.
6. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.18.
7. Pearson. The grammar of science, p.11.
8. Whitehead. The aims of education and other essays, p.4.
9. Kyk hoofstuk 3.

van die verpleging as praktyk 'n verpleegster/verpleer is.¹⁾ Verpleegkunde het dus met die wetenskaplike, die kennis of akademiese aspek van die beroep te make.

1.5.2 Verpleging

Die woord 'pleeg' beteken doen of verrig.²⁾ In Nederlands bestaan die woord 'plegen', in Middelnederlands 'pleghen' en 'n nog ouer woord 'plien' wat versorg beteken.³⁾ In Duits kom die woord 'pflege',⁴⁾ in Nieu-Hoogduits 'pflegen' en in Oud-Hoogduits 'pflēgan' voor, wat onderskeidelik verpleging, verpleeg en beoefen en versorg beteken.⁵⁾ Die woord in Oud-Saksies 'plēgan', Oud-Fries 'plegia', Angel-Saksies 'pleon' en Laat-Oud-Noors 'plēga' sowel as 'plaga' het onder andere die betekenis van versorg.⁶⁾ In Afrikaans beteken die woord 'verpleeg' om die sieke op te pas of te versorg,⁷⁾ en in Engels beteken 'nursing' 'to take care of as in illness or infirmity.'⁸⁾

Die gemeenskaplike wat uit die verskillende betekenis van die begrip 'verpleging' afgelei kan word is: (a) in Nederlands 'versorg', (b) in Duits 'beoefen', 'verpleeg' of 'versorg', (c) in Oud-Saksies, Oud-Fries, Angel-Saksies, Laat-Oud-Noors 'versorg', (d) in Afrikaans 'om op te pas' en 'versorg', (e) in Engels 'to take care of as in illness.'

1. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.18; Skrywer is bewus dat die woord 'verpleeg-kundiges' in die praktyk gebruik word, maar in die beskrywing daarvan gaan dit om die wetenskaplike ontleding van die twee woorde.
2. Boshoff & Nienaber. Afrikaanse etimologieë, p. 505.
3. Van Wijk. Franck's etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal, p.507.
4. Boshoff & Nienaber. Afrikaanse etimologieë, p.505; Steyn e.a. Wörterbuch. Deutsch-Afrikaans, Afrikaans-Deutsch, p.236.
5. Van Wijk. Franck's etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal, p.507.
6. Ibid.
7. Schoonees e.a. Hat: 'Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p.973.
8. Funk & Wagnalls. Standard dictionary of the English language, p.869; Findlater. Chambers's etymological dictionary of the English language, p.342.

Met bogenoemde as agtergrond is dit duidelik dat die woord 'verpleging' met die toepassing van kennis in die praktiese situasie te doen het. Uit die betekenisse kan die begrip 'verpleging' omskryf word as 'n bepaalde handeling, dit is om iets te doen of te beoefen, om hulp te verleen, om ook die gesonde mens te versorg en/of te verpleeg tydens siekte - dit gaan dus om die voorsiening in die gesondheidsbehoeftes.

Hierdie versorging, wanneer mensiek is, wat in wese die roeping en taak van elke mens ten opsigte van sy eie siel en liggaam is, was altyd daar,¹¹ maar deur die eeuw heen en veral gedurende oorloë het dié behoeftes al sterker op die voorgrond getree, en die noodsaklikheid daarvan is al meer op die gemeenskap afgedwing, totdat die beroep (verpleging) hieruit voortgespruit het. Omdat dié soort versorging van die siel en liggaam van die mens juis deur die woord 'verpleging' presies omskryf word, is dit dan ook die woord wat ten opsigte van die naam van die beroep gebruik word. Terwyl Verpleegkunde nou betrekking het op die wetenskaplike onderbou, het verpleging te doen met die praktiese toepassing van die wetenskaplike kennis - met ander woorde die behandeling van die pasiënt en die voorkoming van siektetoestande.

1.5.3 Dissiplines van Verpleegkunde

Hierdie wetenskap wat as Verpleegkunde bekend staan, is 'n breë en

1. Kyk hoofstuk 2 as geheel.

omvattende vakgebied wat uit verskillende dissiplines met verskeie aspekte saamgestel is, en hierdie onderverdeling word deur die aard van die opleidingsfenomeen self bepaal. In die wetenskap van die Verpleegkunde (in die basiese verpleegstersopleiding) kan 'n drietal dissiplines onderskei word, naamlik:

- (a) 'n algemene dissipline - wat die omvangrykste studierrein van die drie het (met die fisiese, biologiese, mediese en maatskaplike dimensie);
- (b) 'n verloskundige dissipline (met die voortplantingsdimensie) en
- (c) 'n psigiatriese dissipline (met die geestelike dimensie).

Analoog met die indelingsmotief van die dissiplines van die Opvoedkunde het elke dissipline van Verpleegkunde ook op sy beurt 'n historiese, teoretiese, empiriese en praktiese aspek. Die geïntegreerde kursusse soos byvoorbeeld B.Art et Scien. (Verpleegkunde), B.Cur. en andere sluit die drie groot afdelings in, met afsonderlike registrasie by die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad. Dit is die algemene voorkoms, die uitsondering is die graad- of diplomakursus wat net die algemene en verloskundige dissipline insluit.

✓ 1.5.4 Verpleegstersopleiding

Daar verpleging 'n professie is, word die term 'verpleegstersopleiding' by voorkeur gebruik, en daarom word hier dan ook 'n analise van die term gegee.

Onder die term 'opleiding' word meer spesifiek verstaan beroepsonderwys in een of ander vorm: die voorbereiding deur onderrig, praktiese

oefening en afrigting van studenteverpleegsters en ook grootmense vir 'n spesifieke beroep, professie of taak. So word daar gepraat van die opleiding van ambagslui, soldate, instrukteurs, onderwysers, geneeshere, ingenieurs, ensovoorts.¹⁾ De Vreese en Boekenoogen stel dit so: 'Inzonderheid met die aanwijsing van het ambt of beroep waartoe men wordt opgebracht, waarvoor men onderricht en voorbereid wordt.'²⁾ 'Opleiding beteken bybring van kennis, insig en bedrevenhede ('skills'). Opleiding is 'n onderdeel van die opvoedkunde, dit het te doen met die verstand (intellect) en vaardigheid.'³⁾ Opleiding gaan om die 'discipline and instruction directed to the development of powers or formation of character; education, rearing, bringing up; systematic instruction and exercises in some art, profession or occupation, with a view to proficiency in it.'⁴⁾ Landman stel dit so: 'Beroepsopleiding of -oriëntering impliseer dat steun verleen word aan die onvolwasse jeugdige tot selfstandige taakaanvaarding in sy toekomstige beroepslewe.'⁵⁾ 'n Analitiese beskouing van bogenoemde uiteensettinge dui daarop dat die term 'opleiding' verband hou met beroepsonderwys in een of ander vorm, byvoorbeeld ten opsigte van dié professie. So kan daar met reg ook van die opleiding van studenteverpleegsters gepraat word. Die studenteverpleegster in haar adolesente jare meld haarself vir die verpleegstersberoep aan. Die hele proses van 'n beroepsonvolwassene tot 'n beroepsvolwassene gaan om verantwoordbare hulpverlening en steun-

1. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.17.
2. De Vreese & Boekenoogen. Woordenboek der Nederlandsche taal, p.989; De Vries e.a. Woordenboek der Nederlandsche taal, p.1438.
3. Rautenbach. Die uitdaging van verandering, die opvoeding van die verpleegster. S.A. verplegingstydskrif, 33(12):19, Desember 1966.
4. The philological Society. The Oxford English dictionary, p.239.
5. Landman. 'n Antropologies-pedagogiese beskouing van beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologies-etiese, p.3; Joubert. Beroepskeuse as verantwoordelike en verantwoordbare keuse - 'n studie in beroepsoriëntering, p.v en ibid., p.1; Langeveld. Some considerations on the ethics of guidance. (In The year book of education London, Evans, 1955, p.31-2.)

gewing aan die steunbehoewende studenteverpleegster, totdat sy op grond van noukeurige selfbeoordeling sodanig insig en kennis verwerf het dat sy haar beroepsituasie as verantwoordelike beroepsvolwassene kan aanvaar.¹⁾

Aangesien daar nog nie 'n algemene aanvaarbare terminologie bestaan om bogenoemde proses te beskryf nie, is dit skrywer se oorwoë mening dat die term 'verpleegstersopleiding' die beste woord vir dié proses van beroepsvoorbereiding is.

1.5.5 Studentevorming

Studentevorming is 'n integrale deel van die verpleegstersopleiding wat, soos aangedui sal word, vorming van die geestelik-sedelike persoonlikheid impliseer. 'Waar opleiding geskied, is dit onvermydelik dat opvoeding of mensvorming ook plaasvind,'²⁾ en daarom dan, aan die hand van 'n aantal opvattinge van opvoedkundiges, die ontleding van die woord 'vorming'. 'Die terminologie dui aan die hele proses van ontwikkeling van die mens, sy deurgang van 'n staat van onrypheid, onmondigheid, afhanklikheid na 'n staat van rypheid, mondigheid, onafhanklikheid, die proses waardeur hy hom geleidelik aanpas op allerlei maniere aan sy fisiese, geestelike en sosiale omgewing.'³⁾

'Vorming van die student is die kultivering en motivering van sy totale menswees, om uit 'n geankerheid in die Christelike lewens- en wêreldebekouwing sy lewenstaak op verskillende terreine van die samelewing te

1. Landman. 'n Antropologies-pedagogiese beskouing van beroepsorientering met spesiale verwysing na die personologies-etiese, p.4.
2. Rautenbach. Die uitdaging van verandering, die opvoeding van die verpleegster. S.A. verplegingstydskrif, 33(12):19, Desember 1966.
3. Coetzee. Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, p.20-21; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.82-85.

aanvaar as geïntegreerde persoonlikheid, toegepas met insig in die waarheid en werklikheid van sy vakgebied en die ander lewensterreine . . . Die vorming moet hom verder ontsluit vir God, sy naaste, sy wetenskap, sy beroep, sy wêreld en sy roeping.¹⁾

'Onder vorming moet verstaan word die vormende invloed wat die hele omgewing op die mens uitoeft en die verandering wat hy as gevolg daarvan ondergaan. Dit is die totale in- en uitwerking op die mens van sy omgewing in sy totaliteit.'²⁾ 'Deur sy onderrig- en navorsings- en toepassingsfunksie vorm die universiteit sy studente in verskeie opsigte.'³⁾ Raymont stel dit so: ' . . . education means that process of development in which consists the passage of a human being from infancy to maturity, the process whereby he gradually adapts himself in various ways to his physical and spiritual environment . . .'⁴⁾

Uit bogenoemde omskrywinge blyk dit dat die term 'n vorming tot kennis en die toepassing van kennis is, en verder tot 'spesialisasie en 'n totaalvisie; vryheid en verantwoordelikheid; individualiteit en gemeenskap; waarheid en werklikheid' en vorming van die geestelik-kulturele.⁵⁾

Deur die onderrigs-, navorsings- en die praktiese toepassingsaktiwiteit en later deur selfontplooiing word die studenteverpleegster in verskeie opsigte gevorm. Die dosent, die vakke wat aangebied word, die departement in sy geheel, die hospitaal personeel, die gemeenskap, die gesondheidspersoneel; trouens, die totale akademies-beroepsomgewing waarin die studenteverpleegster haar bevind, bied tegelyk vorming van psige en

1. De Klerk. Die student onder die soeklig. (In Duvenage, S.C.W. red.
Die atoomreeu - 'in U lig', p.290.)
2. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.11.
3. Du Plessis. Die struktuur van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die eeufeesverrigtinge van die P.U. vir C.H.O., Mei 1969.
4. Raymont. The principles of education, p.4-5; vgl. ook Horne. The philosophy of education, p.5-6; Oberholzer. Inleiding in die principiele opvoedkunde, p.29-31.
5. Vgl. De Klerk. Die student onder die soeklig, p.290.

intellek, van persoonlikheid en vermoëns, van kultuur en lewens- en wereldbeskouing: wetenskaplike vorming is tegelyk beroeps- en geestelik-kulturele vorming. Die woord het dus as betekenis die ontwikkeling van die studenteverpleegster in haar totaliteit tot, in die geval van verpleging, 'n beroepsvolwassene - 'n terminologie wat dus met verpleegstersopleiding saamval en wat paslik in die verplegingsituasie is. Saam met Gunter kan gesê word: 'hierdie proses van vorming van buite-af kan bewus of onbewus, opsetlik of onopsetlik, doelgerig of nie doelgerig, georganiseerd of ongeorganiseerd wees; dit word bewerkstellig deur die totale omgewing . . . en duur voort die hele lewe lank. Want die mens is nooit voltooid nie; trouens, hy is nie voltooibaar nie.'¹⁾

1.5.6 Opvoeding

Die pedagogiese probleem moet vanuit religieuse, dit wil sê vanuit die verbondshouding aangevoor word;²⁾ dit impliseer die opvoeder wat 'n Christelike lewens- en wereldbeskouing het. Die opvoedingsverskynsel in 'n meer besondere sin van die woord openbaar hom dan as 'n gebeurtenis wat in die geval tussen gelowige mense plaasvind, en tussen mense alleen. Coetzee stel dit so: '(dus nie diere, dinge, natuur en kultuur nie).'³⁾ Vir die ontstaan vir die opvoedingsverskynsel is omgang tussen mense en wel tussen volwassenes enersyds (dosent) en onvolwassenes (studenteverpleegsters) andersyds 'n noodsaaklike vereiste. Hierdie omgang

1. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.3-4

2. Waterink. Theorie der opvoeding, p.21.

3. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.83

wat vir die ontstaan van die opvoedingsverskynsel 'n voorvereiste is, word eers opvoeding wanneer daar in die omgang doelbewus deur die dosent invloed op die studenteverpleegster uitgeoefen word.¹⁾

Die omgangsituasie moet 'n opvoedingsituasie word en hierdie situasieverandering word bewerkstellig deur die dosent as opvoeder en nie deur die studenteverpleegster nie.²⁾ Dit doen die dosent, omdat sy verstandelik- en sedelik volwasse en selfstandig is, haar as 't ware tot die studenteverpleegster as die hulpbehoewende aangetrokke voel, belangstel in die studenteverpleegster en haar verantwoordelikheid teenoor haar besef. Die motivering lê by die dosent en die inisiatief gaan van haar uit. Dit is sy wat 'n ontmoeting met die studenteverpleegster bewerkstellig; dit is sy wat haar met die studenteverpleegster bemoei en in haar belang ingryp; dit is sy wat doelbewus die studenteverpleegster benader met 'n besef van wat behoort te gebeur en wat haar daarin wil help en lei.³⁾ Wanneer die studenteverpleegster nou positief op die bemoeienis van die dosent reageer, met ander woorde as sy deur eie keuse die hulp, bystand, wenke, voorstelle, raad, bevele, leerstellinge en lerin van die dosten aanneem, haar eie maak en tot eie voordeel aanwend, dan het so 'n ontmoeting geslaag.

Die opvoedingsverskynsel sluit ook 'n gesagsverhouding in, omdat daar 'n wesenlike samehang tussen opvoeding en gesag bestaan. Die dosent is die geestelike volwassene, intellektuele en selfstandige, en die studente-

1. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.4.

2. Oberholzer. Inleiding tot die prinsipiële opvoedkunde, p.8.

3. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.5.

verpleegster as die onvolwassene en onselfstandige is van ongelyke status. Die relasie tussen die dosente as die volwassene en selfstandige en die studenteverpleegster as die onvolwassene en onselfstandige is wesenlik 'n gesagsverhouding - die dosent die gesagsdraer en die studenteverpleegster die gesagsvolgeling. Gesag is 'n onvermydelike en besliste voorwaarde vir die opvoeding; daarsonder is opvoeding nie moontlik nie.¹⁾

Die opvoedingsproses sluit ook 'n doel en handeling in. Waterink stel dit so: 'Opvallend is de poging van Christen-paedagogen om bij de omschrijving van het doel van de opvoeding zich aan te sluiten bij de uitspraken van de Heilige Schrift . . .',²⁾ dat die studenteverpleegster so moet ontwikkel, 'sodat die mens van God volkome kan wees vir elke goeie werk volkome toegerus.'³⁾ Opvoeding is dus 'n opheffing van die opgroeiende studenteverpleegster in die rigting van bepaalde doeleindes waaraan voorkeur gegee word. Met ander woorde, die alles-omvattende doel is om die studenteverpleegster te help en te lei tot geestelike volwassenheid en lewensbekwaamheid. Anders gestel: Opvoeding is 'n hulpverlening aan die studenteverpleegster deur die dosent om haar te bekwaam vir die selfstandige vervulling van haar lewenstaak in ooreenstemming met die eise van behoorlikheid.⁴⁾

Opvoeding behels dus die liggaamlike, verstandelike, sedelike, estetiese en godsdienstige ontwikkeling van die studenteverpleegster. Die twee

1. Gunter. *Opvoedingsfilosofiee*; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.6.

2. Waterink. *Theorie der opvoeding*, p.117.

3. 2 Timótheüs 3:17.

4. Vgl. Hoogveld. *Keur uit de werken*, p.17 en *ibid.*, p.24-26.

belangrikste middels waardeur opvoeding geskied, is: {a} onderwys, wat spesifiek ten doel het die oordra van kennis op die studente-verpleegster, die aankweek van vaardigheid en die ontwikkeling van haar vermoë tot selfstandige denke; {b} die persoonlike invloed van die dosent; haar lewe en voorbeeld het 'n magtige uitwerking en is 'n geweldige opvoedingsmiddel.¹⁾ Uitwendig beskou is opvoeding dus 'n tweepolige proses of aangeleentheid.²⁾

1. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.9.
2. Adams. The evolution of educational theory, p.18; Ross. Ground-work of educational theory, p.19-20.

twee

#00757UK

DIE HISTORIESE ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE VERPLEEGSTERSBEROEP EERS AS PROFESSIONE EN LATER AS WETENSKAP

2.1 Inleiding

Nadat aandag in hoofstuk 1 gegee is aan die redes waarom daar in die proefskrif gepoog gaan word om sekere aspekte van die verpleegstersopleiding te bestudeer, die keuse van die onderwerp omskryf is, die doel en terrein afgebaken is, die metode van ondersoek bepaal is, die terminologie wat in die proefskrif figureer beskryf is, sal vervolgens die historiese ontwikkelingsgang van verpleging en Verpleegkunde ontleed word.

Dit is noodsaaklik dat die verpleegster onder meer ook die historiese boustene van haar beroep en professie moet ken, verstaan en kan interpreteer om 'n waardering vir die verwesenliking van ideale op hierdie gebied te verwerf, asook 'n kennis wat verder moet dien as inspirasie en 'n stimulus vir eie prestasie en vorming ten opsigte van Verpleegkunde. In die vroeë ontwikkelingsgeskiedenis was daar weinig of slegs

sprake van verpleging as 'n natuurlike reaksie by verskillende beskawings en kulture; en omdat medisyne en farmakologie met die latere wesentlike aard en omvang van verpleging en Verpleegkunde in die moderne era verband hou, is dit nodig en ook logies dat dié komponente deurgaans in hooflynne aandag geniet.¹⁾

Verpleging as menslike aktiwiteit is so oud soos die mensdom self. Dit is 'n reaksie van die menslike denke en gevoel op 'n verskeidenheid van sosiologiese, psigologiese en patologiese verskynsels en is daarop gerig om lyding deur behandeling te versag en met die nodige kennis van voorkomende en genesende medisyne asook rehabilitasie gesondheid te probeer behou of te herstel.

Sonder om in besonderhede te tree sal die kennis, kundig- en vaardighede van hierdie menslike aktiwiteit as versorgingsfunksie deur die eeu heen, in brel trekke nagegaan word om aan te dui hoe dit uiteindelik gekulmineer het in die ontstaan en verdere groei van 'n selfstandige en uiters dinamiese wetenskap in die huidige eeu, naamlik Verpleegkunde. In hierdie raamwerk word vervolgens aandag aan die volgende tydvakke gegee: (1) die primitiewe kultuur; (2) die antieke kulture; (3) die Christelike kultuur; (4) die Middeleeuse kultuur; (5) die Renaissance en die Hervormingstydperk wat deurloop tot die grondlegging van die Verpleegkunde in die agtende eeu; (6) die moderne tydperk wat uitgeloop het op die totstandkoming van die moderne Verpleegkunde in die negentiende eeu, en die verdere ont-

1. Vgl. Shryock. The history of nursing, p.v.

plooiing in die twintigste eeu met die universiteitsopleiding in Verpleegkunde.

2.2. Verpleging by die primitiewe mens

'De geschiedenis van een volk, een land, begin, zodra wij over dat volk, dat land geschreven berichten hebben.'¹⁾ Aldus begin die huidige Verpleegkunde se geschiedenis alreeds by die primitieve mens. Daar bestaan wel geen geskrewe begrippe oor Verpleegkunde in die vroegste eue nie, maar siektes en reaksies ten opsigte van die drang na voortbestaan en selfbehoud (laasgenoemde is 'n inherente eienskap van alle mense), kan tot die antieke tydperk en die primitieve mens teruggevoer word. Die mens is 'n psigies-fisiese en sosiale wese wat onder andere beskik oor 'n verplegingsinstink waarop hy hom in die verlede verlaat het en wat hy aangewend het om patologiese toestande of trauma te probeer genees. Dit is aan hierdie beginsel van naaste-liefde en die soek na kennis in verband met 'n patologiese verskynsel te danke dat die verplegingsinstink tot Verpleegkunde ontwikkel het. Die instinktiewe drang by die moeder om haar kind te beskerm en te versorg is die duidelikste openbaring van hierdie instink, en daaroor was die voortbestaan van die ras verseker.²⁾

Die primitieve mens was 'n redelik-sedelike wese, gebonde aan eie lewenswette, lewensgewoontes en -gebruiken, wat onder meer met sy hande uit klip mediese instrumente vervaardig het, waarmee hy later trepanasies

1. Pik. Beknopte leerboek der algemene geschiedenis, p.1.

2. Castiglioni. A history of medicine, p.17.

en talle ander primitiewe operasies uitgevoer het. Hoewel bonatuurlike magte 'n groot rol in hierdie mens se lewe gespeel het, kon hy tog die oorsake van sommige siektes maklik bepaal en die siektes selfs behandel, byvoorbeeld in gevalle van trauma, oppervlakkige letsels en parasitiese velinfeksies - dit kan as empiriese versorging of dan wel as empiriese verpleging bestempel word. Proefondervindelik het die mens geleer om 'n sekere tipe terapie vir 'n bepaalde toestand toe te pas. Hy het ook terapeutiese behandelinge by die dier oorgeneem, byvoorbeeld die massering van 'n pynlike plek of streek.¹⁾ Die primitiewe mens was dus in staat om eksterne siektetoestande te diagnoseer en daarvoor, hoe primitief ookal, 'n behandeling te vind. Die magiese element in die versorging het 'n bepaalde plek gehad, en dit het tot die feit bygedra dat die voorloper van die moderne geneesheer 'n toordokter of 'n 'shaman' genoem was. Hierdie toordokter het hoofsaaklik van psigoterapeutiese maneuvres gebruik gemaak om die bose geeste uit die liggaam te verdryf, maar ook chemoterapie en snykundige ingrepe.

Vir eeue na die primitiewe kultuur kan verpleging met reg as bloot 'n instink bestempel word of as 'n manier om die drang na voortbestaan te bevredig. Samevattend kan gesê word dat die instinktiewe, empiriese en magiese medisyne en verpleging op hulle beurt aanleiding gegee het tot die priesterlike medisyne, wat weer duidelik deur die antieke kulture weerspieël word.

1. Dolan. History of nursing, p.2.

2.3 Verpleging in die antieke kulture

2.3.1 Verpleging by die beskawing van Mesopotamië

Mesopotamië, vandag bekend as Irak, wat tussen Arabië en Iran geleë is, vorm deel van die groot Sahara-, Nubiese en Arabiese wwestynkompleks. Onder hierdie wwestynsand het die kleitablette waarop met spykerskrif, of ook bekend as wigskrif, geskryf is, vir duisende jare bewaar gebly. Met die ontdekking van hierdie kleitablette is die hele wese en struktuur van die mediese praktyk en die primitiewe versorging van die Mesopotamiese tydperk openbaar.¹⁾ Op een van hierdie tablette is die kode van Hammurabi ingeskryf.¹⁾

Die mediese onderwerpe wat op die kleitablette voorkom, behels 'n enorme aantal aspekte ten opsigte van siektetoestande, simptomatologie²⁾ en drogery.³⁾ Met behulp van die gevonde spykerskrif is ook die Persiese, Assiriese, Babiloniese en Sumeriese spykerskrifte ontleed en verstaan.⁴⁾ Volgens Dolan is die oudste mediese voorskrifte op die kleitablette van Sumerië opgeteken.⁵⁾ Dit blyk verder dat die Sumeriërs 'n verbasende sin vir higiëne gehad het, omdat hulle groot stede en paleise gebou het wat van rioolstelsels voorsien was.⁶⁾

Dit is duidelik dat, nadat die begrip van animisme aanneembaar geword het, die mens probeer het om met die bose geeste en gode versoen te raak deur hulle te aanbid. Uit hierdie ideologie volg nou die oprigting van tempels vir die gode en die ontstaan van die priester-geneesheer wat in die tempels gewerk het. Mesopotamiese geskrifte openbaar

1. Major. A history of medicine, p.25-6, 2 dele (1).

2. Castiglioni. A history of medicine, p.39.

3. Major. A history of medicine, p.25, 2 dele (1).

4. Van Jaarsveld. Nuwe geillustreerde geschiedenis, p. 28.

5. Dolan. History of nursing, p.12.

6. Major. A history of medicine, p.20, 2 dele (1).

'n volksmedisyne gegrond op die towerkuns maar wat ook 'n agtergrond van 'n priesterlike kultus het. Die priester het veral astrologie beoefen. Dit was sy taak om die hemelliggame te bestudeer, siektes deur middel van die sterre te diagnoseer en om die prognose te bepaal.

Die Sumeriërs het onder ander ook 'n afgod van die lewer gemaak, omdat die orgaan ryk aan bloed is en, volgens hulle, die setel van alle lewensbelangrike funksies is. Dit het selfs in die lewe van konings 'n belangrike rol gespeel.¹⁾

Die Eufraatrivier het gedurende die derde millennium sy loop verander, met die gevolg dat Babilon toe aan die rivierbedding geleë was.²⁾ Dit is in die stad waar Hammurabi, wat sowat 2 000 jaar v.C. geleef het, die belangrike koning was. Hy het beroemdheid verwerf met die opstel van 'n fyn uitgewerkte kodifikasie van die wet, insluitende wette ten opsigte van praktiserende chirurge.³⁾

In die Kode van Hammurabi kom die woord 'Asu' voor, wat geneesheer of heler beteken. Die geneesheer se geldtarief vir behandelinge is volgens die status van die pasiënt bepaal; in die Kode is die tarief en ook die straf vir die chirurg se mislukkings opgeteken. Die embleem 'Rx' wat die geneesheer vandag by die aanhef van sy voorskrif gebruik, was oorspronklik die simbool vir die god Marduk.⁴⁾

Die Kode beskerm die geneesheer maar ook die pasiënt, want die geneesheer word vir sy werk vergoed, maar terselfdertyd word die pasiënt deur

1. Eségiël 21:21.

2. Major. A history of medicine, p.22, 2 dele (1).

3. Easton. The western heritage, p.37-8

4. Major. A history of medicine, p.27, 2 dele (1).

'n strafbepaling van moontlike onverantwoordelike optrede aan die kant van die geneesheer gevrywaar. Die Kode gee aanduidings dat operasies uitgevoer is, en dit is aanneembaar dat na-operatiewe sorg ook moes bestaan het, al was dit deur die familie of 'n persoon uit die gemeenskap gedoen. Dit bevat ook die eerste instelling van 'n wetlike maatstaf vir die beskerming van die pasiënt. Dit gee verder 'n idee van die patologiese toestande van die tyd, en daar skemer ook 'n geringe mate van farmaceutiese kennis deur. Alhoewel bygeloof en die towerkuns nog die ereplek ingeneem het, het die priester-geneesheer sy inslag begin vind. Hierdie Kode is van groot historiese waarde vir die geneesheer en verpleegster, veral in verband met die konsep van die reg van die pasiënt, sy reg tot goeie sorg en beskerming teen nalatigheid.

2.3.2 Verpleging by die Egiptenare

In hierdie gebied is onder die woestynsand papirusse gevind wat die volledigste voorbeeld van antieke mediese literatuur bevat.¹⁾ Een van die oudste boeke is 'n mediese boek, die Ebers-papyrus, 'n rol van oor die 65 voet lank, wat talle mediese geskrifte bevat. Homerus (11102 v.C.) sê in die Odyssee dat die Egiptenare meer as enige ander menslike geslag bekwaam was in die medisyne.²⁾ In die geskrifte op die papyrus word die moderne idee van spesialisasie alreeds sigbaar, omrede die priester-geneesheer hom slegs by een siektetoestand moes bepaal het. Altesaam is daar agt mediese papirusse gevind waarvan die belangrikste die Edwin Smith en die Ebers-papyrus blyk te wees.

1. Seymer. A general history of nursing, p.1.
2. Major. A history of medicine, p.33, 2 dele (1).

Die Edwin Smith-chirurgiese papirus is hoofsaaklik 'n chirurgiese verhandeling, terwyl die Ebers-papirus meer medies van aard is.

Die terapeutiese behandeling wat deur die Egiptenare toegepas is, sluit middele in wat vandag nog bekend is. Onder die middele is daar vye-, knoffel-, uie-, olie-, suurdeeg-, heuning-, opium-, en loodpreparate.¹⁾

Die Egiptiese mummies is van besondere waarde ten opsigte van patologiese toestande, soos byvoorbeeld die teenwoordigheid van arteriosklerose, die ova van bilharzia in die niere, vertebrale tuberkulose en frakture.²⁾

Die antieke Egiptenare het, alhoewel elementêr, 'n hoë peil op die gebied van higiëne en sanitasie bereik ten opsigte van hulle verblyf, lewensgewoontes en die gebruik van voorkomende medisyne. Baie aandag is ook aan die pasgeborene geskenk; sy versorging is op 'n gesonde toekomstige volkslewe gerig.³⁾

Samevattend kan beweer word dat die hoë standaard vir die tydperk ten opsigte van higiëne, sanitasie, afsondering en terminale ontsmetting, in die Egiptenare se besef van aansteeklikheid en die oordraagbaarheid van siektes weerspieël word. Uit 'n verplegingsoogpunt kan dit as die voorloper van die huidige vak Publieke Gesondheid beskou word. Hulle het ook die waarde van oefening vir 'n gesonde liggaam besef en toegepas. Al die handelinge en verrigtinge toon duidelik dat die priester-genesheer iemand moes gehad het wat hom kon bystaan.

1. Dolan. History of nursing, p.25.

2. Castiglioni, A history of medicine, p.47-8.

3. Dietz. History and modern nursing, p9-10.

2.3.3 Verpleging by die Sjinese

Die grootste bevolkingsmassa word langs die groot riviere van Sjina gevind. Deur die eeue heen oorstroming die 2 400 myl lange Geelrivier¹⁾ jaarliks sy walle en saai verwoesting wat dood, ellende, siektes en hongersnood meebring.²⁾

In die antieke tyd was genesing geheel en al in die hande van die priesters en towenaars, wat waarskery en toordery beoefen en magiese kruie as geneesmiddelle aangewend het. Magie was 'n belangrike aspek van Taoïsme, terwyl geloofsgenesing, hypnotisme en autosuggestie dominant in Boedhisme was.³⁾ Confucianisme het die bestaande leerstelling om voorgangers te aanbid so oordryf dat dit wetenskaplike navorsing benadeel het. Lyk-skouings is in die proses verbied met die resultaat dat geen vooruitgang ten opsigte van die kennis van anatomie, fisiologie, patologie en chirurgie gemaak is nie.⁴⁾

Nieteenstaande geloofsritueel en ceremonies wat degenerasie in die hand gewerk het, het verskeie Sjinese geneeshere egter waardevolle bydraes tot die gebied van chirurgie, interne geneeskunde en farmakologie gelewer. Ten opsigte van laasgenoemde is die flora van die land sowel as die van die see in voorskrifte benut, byvoorbeeld seegras ryk aan jodium, opium as pynstillende en kalmeermiddel, kalmoelgralie vir melaatsheid en talle ander. Selfs die tegniek van inenting en 'n middel teen pokke was aan hulle bekend voordat Edward Jenner dit in 1789 vrygestel het.⁵⁾ Hoewel die Sjinese tot sanitasie en publieke gesondheid bygedra het, was hulle

1. Zebel & Schwartz. *Past to present; a world history*, p.55-6.

2. Du Toit e.a. *Senior aardrykskunde*, p.464.

3. Major. *A history of medicine*, p.85, 2 dele (1).

4. Wong & Wu. *History of Chinese medicine*, p.185.

5. Dietz. *History an modern nursing*, p.12-3.

merkwaardigste bydrae 'n antieke mediese boek, waarin talle mediese feite vasgelê is en wat vandag nog bestudeer word, naamlik die Nei Ching (boek van medisyne).¹⁾

In geeneen van die talle werke oor die geskiedenis van Sjina word van 'n verpleegster as sodanig melding gemaak nie. Daarenteen word die Sjinese as die grondleggers van die kennis van geneesmiddelle en die daarstel van menige bruikbare middel beskou. Tog as die veelvuldige aard van alle behandelinge in ag geneem word, moes daar iemand gewees het wat die geneesheer bygestaan en die sieke in sy afwesigheid versorg het - hierdie persoon (wie dit ookal mag gewees het) het verpleeg.

2.3.4 Verpleging by die Israeliete

Israel, die historiese twiste van die Jode en die Heilige Land van die Christendom, is op die eertydse roete tussen die antieke beskawings van Egipte en Mesopotamië geleë.²⁾

Die huidige kennis van die Hebreeuse medisyne en volkgesondheid berus hoofsaaklik op die heilige boeke van die Ou Testament en die Talmoeid. Die Talmoeid bevat onder andere regulasies in verband met persoonlike en sosiale higiëne, asook verskeie besonderhede van die antieke Hebreeuse medisyne. Die menslike anatomie word in detail beskryf, en daar word verwys na bloedlating, die gebruik van spalke en verbande. Volgens die geskrifte in die Talmoeid was hulle huishoudelike medisyne van 'n baie hoë gehalte.³⁾

1. Castiglioni. A history of medicine, p. 99-100.

2. Pickles. Europe and Asia, p.56.

3. Guthrie. A history of medicine, p.31-2

Die Hebreeuse lewe het om die godsdienstige en sedelike ideaal gesentreer met die maatskaplik-nasionale daarnaas. Die jeug is dan ook in die besef van 'n eie nasionalisme opgevoed. Die Wet van die Here maak nie net melding van die verhouding van die Israeliete tot hulle God nie maar ook van die onderlinge verhouding van mens tot mens, en almal kon op diéselfde behandeling aanspraak maak.¹⁾ Gasvryheid was een van die deugde van die Hebreërs, mensliewendheid was 'n inherente eienskap, en om hulp te verleen aan die sieke en hom te besoek was 'n aangename taak. Die gesin het die verpleging gedoen. Nutting en Dock gee 'n baie mooi voorbeeld van hierdie leerstelling in hulle boek.²⁾ Hierdie leerstelling, met sy wortels in die antieke Egipties/Hebreeuse beskawing, word vandag nog deur die hele mediese en verplegingswereld onderhou. Daar moet egter getrek word dat Moses onder die streng higiëniese reëls van die Egiptenare groot geword het en dat hy hierdie volksgesondheidskennis ongetwyfeld op sy nomadiese volk oorgedra het.³⁾

Die lewenswyse van die Israeliete is deur talle reëls en regulasies vir sosiale en religieuse gewoontes sowel as vir gesondheid en sanitasie bepaal.⁴⁾ Die Mosaïese Wet bevat onder meer verskeie bepalinge wat op die gesondheid betrekking het en sluit in voorkomende medisyne, reëls vir persoonlike higiëne, die beoefening van openbare gesondheid in die seleksie van slagdiere vir voedsel, en wanneer dit geëet moet word, voorkomende maatreëls deur afsondering van aansteeklike siektes soos melaatsheid en, nadat genesing ingetree het, die terminale ontsmetting.⁵⁾

1. Coetzee. 'n Inleiding tot die historiese opvoedkunde, p.26-7
2. Nutting & Dock. A history of nursing, p.64.
3. Exodus 2: 10-11.
4. Dolan. History of nursing, p.30.
5. Levitikus 7:16-17; 19:5-6; 13:1-9 en 15: 23:12-13.

Nieteenstaande die hoë peil op die gebied van volksgesondheid en higiëne was hier nog geen sprake van 'n hospitaal nie, behalwe dat die voorloper van 'n hospitaal bespeur kan word. Die antieke Israeliet het vir reisigers en behoeftiges voorsiening gemaak deur die oprigting van wat bestempel is as 'n 'pandok'.¹⁾ Hierdie 'pandok' kan moontlik vergelyk word met wat vandag bekend staan as 'n motel. 'n Deel van die gebou (gewoonlik is 'n ekstra gedeelte aangebou) het die siekehuis gevorm waarin die siektes behandel, versorg en van medisyne voorsien is. Hieruit blyk dit dat daar tog moontlik sprake van verpleging kon gewees het. Daar heers teenstrydigheide oor die bestaan van die geneesheer in antieke Israel, tog het die Hebreeuse woord 'rogshēr' op die professionele geneesheer betrekking, wat beteken dat die geneesheer 'n chirurg, internis, tandarts en oftalmoloog, met ander woorde 'n algemene praktisyn was.²⁾

Aansluitend hierby word 'n redelike groot aantal siektes in die Ou Testament vermeld, sommige waarvan nog bekend is, terwyl ander baie vaag is. Deur te let op die tekens, simptome en moontlike predisponerende omstandighede van siektes kon afleidings gemaak word wat die diagnostering van die moontlike siektetoestande kon bepaal.³⁾

Die geneesmiddelle wat deur die Israeliete gebruik is, is moontlik soortgelyk aan die van die Egipotenare, byvoorbeeld die wat 'n plante-afkoms gehad het soos vloeistowwe, salwe en pleisters. Heuning was baie populêr en het die basis van menige medikament gevorm.⁴⁾

1. Dietz. History and modern nursing, p.10.
2. Major. A history of medicine, p.56-8, 2 dele (1).
3. Bennet. The diseases of the Bible, p.105.
4. Major. A history of medicine, p.62, 2 dele (1).

Obstretrie en chirurgiese prosedure is beoefen, en uit die prosedure skemer verpleging, alhoewel primitief, tog deur. In die Ou Testament word herhaaldelik na vroedvroue, hulle etiese kodes en sosiale pligte verwys.¹⁾ Die vroedvroue het die geboortes behartig, en dit is aanneemlik dat hier post-partumversorging plaasgevind het. Hier kan weer eens van empiriese verpleging gepraat word, want op dié stadium was daar slegs van die oordra van praktiese verworwe kennis van persoon tot persoon sprake.

Die algemeenste operasie was die besnydenis,²⁾ en alhoewel geen melding van nasorg gemaak is nie, is dit aanneemlik dat dit wel plaasgevind het. Die voorskrifte in die hele boek Levitikus³⁾ kan, in die lig van die moderne gesondheidsmaatreëls en vanuit 'n higiëniese oogpunt gesien, in komponente van suiver water, beheer van menslike ekskreta, suiver lug en voedsel, 'n rein liggaaam en higiëniese woonplekke opgesom word.

Samevattend kan gesê word dat, alhoewel die Israeliete nie oor besondere geneeshere beskik het nie, hulle 'n bydrae gelewer het deur die fondament vir volksgesondheid en persoonlike higiëne te lê. Deur die Mosaiiese Wet is die grondslag, onder meer, vir voorkomende medisyne gevind. Verder kan die handeling van siekebesoek van die tyd moontlik met vandag se distriksvverpleging vergelyk word. Ook die vroedvrouberoep kan as empiriese verpleging bestempel word, terwyl die verplegingsprosedure 'n eie stempel gekry het. Selfs die ontstaan van die siekehuis as anneks van die 'pandok' kan as die voorloper van die latere hospitaal beskou word.

1. Exodus 1: 15-21; Genesis 35: 17 en 38:28.

2. Exodus 4: 25-6; Genesis 17:10-14.

3. Levitikus as geheel.

2.3.5. Verpleging by die Perse

Die Perse het geglo dat daar 'n onophoudelike stryd tussen die goeie en die kwade bestaan.. Naas die gode van die goeie en die kwade was daar ook nog die gode van genesing, Mihra die god van lig, en ander. In die antieke mitologie het Mihra 'n vername rol gespeel en is dikwels vereer.¹⁾

Die Perse het nie net die kultuur van die Jodedom geabsorbeer nie maar ook die van die ander verowerde volke. Hulle hetveral idees en begrippe van Egiptiese medisyne en chirurgie oorgeneem. Darius I het dieselfde ou skool in die Nyldelta, waar priester-geneeshere opgelei is, herstel. Hy het die gebou opgeknap, chirurgiese instrumente en selfs studente aan hierdie skool voorsien, omdat hy die waarde van dié diens besef het. Hierdie mediese sentrum word ook beskou as die eerste staatsgefundeerde inrigting.²⁾

Van hierdie beskawing en mediese kultuur is weinig nagelaat, gevoglik kan ook min aangelei word wat as 'n bydrae tot die ontwikkeling van die verpleging en later Verpleegkunde kan geld.

2.3.6. Verpleging by die Indiërs

In die antieke tydperk van Indië gaan dit hoofsaaklik oor die Hindoes en hulle prestasies op mediese en ander gebiede. Geskiedkundig word die Indiese medisyne in drie periodes verdeel, naamlik:

1. die Vediese periode wat met die inval van die Hindoes in die

1. Castiglioni. A history of medicine, p.82

2. Shryock. The history of nursing, p.32.

Pandjab (1500-80 v.C.) begin;

2. die Brahmaanse periode (vanaf 800 v.C.) waarin die twee groot Hindoegeneeshere geleef het: Susruta, met sy chirurgiese geskrifte Susruta-Samhita en Charaka met sy mediese manuskrip Charaka-Samhita, asook Vaghbata met die werk Astranga Samgraha, ongeveer 1 000 n.C. en
3. Die Mongoolse periode beginnende ongeveer 1 000 n.C.¹⁾

Die mees insiggewende bronre van mediese kennis lê opgesluit in die Vedas, waarvan sommige sover terug as 1 200 v.C. dateer.²⁾ Daar is onder meer vier belangrike Vedas, en in die tydperk van die vroegste Sanskrit-dokumente, naamlik die Rig-Veda, het die behandeling van siektetoestande hoofsaaklik deur middel van towerformules en beswerings plaasgevind.³⁾ In die Brahmaanse periode het die Hindoemedisyne 'n hoogtepunt van ontwikkeling bereik. Die werk van Susruta sluit 'n verskeidenheid onderwerpe in, byvoorbeeld dat malaria deur 'n muskiet veroorsaak word; hy skryf oor pes; oor tering ('n toestand wat hemoptises, hoes en 'n temperatuur openbaar) en oor pokke. Hindoe-drogerie was baie algemeen, en Susruta maak van 'n honderd-en-sestig mediese plante melding. Salwe, baddens, medisynes wat die niesrefleksies geprikkel het en inhilasies is dikwels as eksterne aanwendings gebruik.⁴⁾

In beide die Susruta-Samhitus en die Charaka-Samhitus word van die geneesheer melding gemaak. In die Charaka-Samhitus word vir die eerste keer direkte melding gemaak van die verpleer, verder ook van die pasiënt en geneesmiddelle. Dit is veral op die gebied van die chirurgie, en selfs in verband met plastiese chirurgie van die neus, waar die Hindoës

1. Major. A history of medicine, p.65-82, 2 dele (1).

2. Dietz. History and modern nursing, p.13.

3. Guthrie. A history of medicine, p.32.

4. Ibid., p.32-3.

gepresteer het. Nutting en Dock gee in hulle boek 'n weergawe van lesing IX van die Charaka-Samhitus. In die lesing word 'n beskrywing gegee van die spanbegrip, wat uit 'n geneesheer, geneesmiddele, verpleers en pasiënt bestaan het. Verder word die besondere eienskappe van elke spanlid beskryf, byvoorbeeld dat die verpleer oor verstandelike vermoëns moet beskik, toegewyheid teenoor die pasiënt aan die dag moet lê en rein van liggaam en gees moet wees.¹⁾

Drie eue voor die ontstaan van die Christendom vaardig koning Asoka 'n bevel uit dat hospitale deur die hele Indië opgerig moet word.²⁾ Hierdie hospitale was merkwaardig omdat hulle sover bekend die eerstes was, en niks soortgelyks weer voorgekom het tot in die Middeleeue nie. Nog 'n betekenisvolle prestasie was die vordering in volksgesondheid en die aarmeldbaarheid van gevaaarlike siektes.³⁾

Samevattend kan gesê word dat die higiëne en chirurgie van die Hindoes meer empiries van aard en moontlik meer suksesvol as hulle interne geneeskunde was. Die verskeie mediese aspekte en die spanbegrip van geneesheer, verpleer, geneesmiddele, hospitale en pasiënt vorm 'n pragtige voorloper en deurbraak van wat later in die moderne tyd sou plaasvind. Hulle is ook die eerste om oor hierdie spanbegrip as grondslag te filosofeer.

2.3.7 Verpleging by die Griekse

Meer as 2000 jaar gelede het die Griekse oor die mees gevorderde kultuur ter wêreld beskik. Hulle het bestaan uit 'n samestelling van die

1. Nutting & Dock. A history of nursing, p.32-3.

2. Dietz. History and modern nursing, p.15.

3. Vgl. Shryock. The history of nursing, p.34-5.

Helleensprekende invallers en die Egeïese inwoners, 'n samestelling wat tot gevolg gehad het dat teen die vyfde eeu die mees briljante kultuur en wetenskap van die oostelike Mediterreense gebied ontwikkel het. Die wortels van feitlik alle wetenskappe lê in die Griekse filosofie en beskawing ingebed; en dis veral op die gebied van die medisyne waar Hippokrates, die grootste medikus van die antieke tyd, uitgeblink het.¹⁾

Die naam Hippokrates is sinoniem met die Goue Eeu van die Griekse medisyne. Hippokrates (480 v.C.) is die grondlegger van die Mediese Wetenskap en rasionele medisyne.²⁾ Een van Hippokrates se grootste bydraes is die beklemtoning dat magie en filosofie geen plek in die medisyne het nie.³⁾ In 'Airs, waters en places' skryf Hippokrates dat alle siektetoestande elk 'n eie aard en eie natuurlike oorsaak het, en sonder natuurlike oorsake sal geen siekte ontstaan nie. Die natuur is die hoofbron van genesing, en Hippokrates stel voor dat die genesende kragte daarvan benut moet word.

Wanneer die geskrifte van Hippokrates bestudeer word, is die hoë mediese standaard, sy bydraes tot die mediese etiek, sy aandrang op 'n prognose, sy akkuraatheid met observasie, die klem wat geval het op observasie eerder as op oorsaak, en die duidelike beskrywing van gevallen-studies, merkwaardig.⁵⁾

Die wêreld beskik oor die Hippokrates-versameling of Corpus Hippocraticum; dit is 'n volledige uiteensetting van sy teoretiese en praktiese bydraes tot die medisyne.⁶⁾ Sy diagnose, voorskrifte en behandelinge

1. Van Jaarsveld. Nuwe geïllustreerde geskiedenis. p.35-40.

2. Major. A history of medicine, p.115, 2 dele (1).

3. Dietz. History and modern nursing, p.16.

4. Major. A history of medicine, p.121-2, 2 dele (1).

5. Guthrie. A history of medicine, p.172.

6. Ibid, p.52; Hierdie versameling is deur hom en sy volgelinge geskryf.

vir die versorging van die sieke is pasiëntgesentreerd; en hy het wetenskaplike metodes aangewend om die pasiënte se probleme die hoof te bied.¹⁾ Hippokrates se medisyne is hoofsaaklik gebaseer op 'n omvattende natuurwetenskaplike kennis met 'n diepgaande praktiese inslag, 'n helder en logiese redeneervermoë omtrent die verwantskap tussen oorsaak en effek en 'n verhewe etiese opvatting. Dit is betekenisvol dat hy die versameling data ook beperk het indien dit nie deur die fundamentele vakke Anatomie en Fisiologie gerugsteun word nie.²⁾ Die besef van die belangrikheid van konstante en bekwaame behandeling van pasiënte het die weg vir professionele verpleging gebaan. Die waarde van kliniese onderrig en audiovisuele leer is ook aangetoon. Hippokrates maak in sy geskrifte nie melding van verpleegsters nie, hoewel dit duidelik is dat hier praktiese toepassing is en dat hier van 'n korrelasie tussen die teorie en praktika is. Daar is ook sprake dat 'n persoon by 'n sieke moet waak en alle abnormaliteite moet rapporteer.

Alle leerlinge van Hippokrates was verplig om 'n gelofte af te lê, naamlik die Hippokrates-eed, wat vandag nog by die moderne geneesheer welbekend is. Hier het die Nightingale-beloof vir verpleegsters sy grondslag gevind. Laasgenoemde belofte word vandag selde aan opleidingsentums in die wêreld gebruik. Die Suid-Afrikaanse verpleegsters beskik oor hulle eie gelofte.³⁾

1. Dolan. History of nursing, p.51.

2. Castiglioni. A history of medicine, p.174-5.

3. Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging. Diensgelofte vir verpleegsters.

2.3.8 Verpleging by die Romeine

Italië is hoofsaaklik in drie natuurstrekke verdeel, naamlik die Alpe,¹⁾ die noordelike vlaktes en derdens die suidelike skiereiland en eilande.¹⁾ Die Romeine wat die Italiaanse skiereiland bewoon het, het Rome, aan die mond van die Tiberrivier, as hoofstad gehad.

Terwyl Griekeland met sy kuns en geleerdheid die aandag van die wêreld getrek het, het sy buurstaat, Italië, geleidelik gegroei en ontplooi. Die Romeine het waardering vir die beraamde Griekse kultuur gehad. Toe die Hellenen teen 146 v.C. deur die Romeine onderwerp is, het die Griekse geleerde slawe van die Romeine geword en hulle kennis is op die wyse vorgedra.²⁾

Die Romeine het aan praktiese deugde geglo. Die Romeinse kind se vorming is toegespits op 'n aktiewe en praktiese optrede in die lewe; sy strewe moes wees:- oorwinnaar in oorlog, skranderheid in die politiek, eerbied teenoor die gode en trou aan die medemens. Hy moes sedelik hoogstaande en sosiaal bruikbaar wees. Hulle was basies 'n gesonde volk en kon uitstekend organiseer en administreeer.³⁾ Faktore wat hiertoe kon bygedra het, was die volgende: 'n suiwerwatersisteem wat deur middel van akwadukte na die stad aangebring is, die handhawing van goeie persoonlike higiëne, gereelde liggaamlike oefeninge naas goed georganiseerde en ondersteunde atletiek.

Later is mediese skole waarin staatsaanvaarde en besoldigde professore as leermeesters opgetree het, geopen. Die graduandi het 'n titel

1. Pickles. Europe and Asia, p.137.

2. Jamieson a.o Trends in nursing history; their social, international, and ethical relationships, p.46-7.

3. Coetzee. Inleiding tot die historiese opvoedkunde, p.63-4

ontvang, en hulle alleen kon wetlik as geneeshere in Rome praktiseer. So het die Romeinse medisyne onder meer 'n hoë vlak van spesialisering bereik met uroloë, ginekoloë, oor- en oogspesialiteite en tandartse, wat in 'n publieke hospitaal mediese dienste vir behoeftiges aangebied het.¹⁾

Gemeet in terme van diagnoses en behandeling van siektetoestande is die Romeinse bydrae gering, maar as 'n wyer opname gemaak word en volksgesondheid ingesluit word, is Rome 'n uitmuntende voorbeeld vir die wêreld.²⁾ In die Romeinse geskiedenis tree publieke gesondheid en higiëne dan ook op die voorgrond.³⁾ In so 'n digbevolkte stad soos Rome was publieke gesondheid lewensbelangrik. Lang akwadukte het dus vir 'n suiwerwatervoorraad gesorg, en enorme rioleringstelsels het die laagliggende gebiede gedreineer en die afval van die stad verwyder.⁴⁾

Die Romeine, wat voortdurend in oorloë gewikkeld was, het baie vir die vooruitgang van militêre medisyne gedoen. As gevolg van die praktiese ondervinding het eerstehulp en veldambulansdienste verbeter, en hospitale vir gewonde soldate is opgerig. Die werklike noemenswaardige hospitale vir die tyd het dus met militarisme verband gehou.⁵⁾ Afgesien van hierdie militêre hospitale is ook privaat hospitale deur geneeshere opgerig, waarin verskillende reëls nagekom moes word soos gehoorzaamheid, reinheid, en die bywoning of beoefening van godsdienstige seremonies op gesette tye.⁶⁾ Hierdie hospitale is die voorlopers van die Middeleeuse publieke hospitale.⁷⁾

1. Dietz. History and modern nursing, p.17.
2. Guthrie. A history of medicine, p.7.
3. Jamieson a.o. Trends in nursing history; their social, international, and ethical relationships, p.49.
4. Zebel & Schwartz. Past to present; a world history, p.105.
5. Dietz. History and modern nursing, p.17.
6. Whitteridge. The Royal Hospital of Saint Bartholomew; a short history,
7. Dietz. History and modern nursing, p.17.

Die Romeine het dit waaroer in die verlede gefilosofeer is, praktiese realiteit gemaak. Griekse geneeshere het die hospitale beheer terwyl slawe die funksie van die verpleegsters verrig het. Hierdie verpleging was nog steeds empiries van aard.

2.4 Verpleging en die Christelike kultuur

Die Israeliete het in die beskawingsgeschiedenis van die hele wêreld 'n belangrike rol gespeel, want die aanvaarde lewe en leer van Christus het alle fasette van die lewe beïnvloed en tot die kern van die daaropvolgende beskawings deurgedring en hulle verander. Dit het onder meer 'n determinerende invloed op die ontwikkeling van die medisyne uitgeoefen en terselfdertyd 'n ander, hoër waarde aan die menslike lewe gegee. Die gelowige het in Christus die Geneesheer van beide siel en liggaaam gesien.¹⁾ Hierdie nuwe geloof met sy verreikende gevolge het verbasend vinnig versprei. Aanvanklik was die Christelike leer hoofsaaklik vir die armes aanneemlik, maar geleidelik het dit ook tot die gegoedes deurgedring. Tydens die viering van sy laaste pasga het Christus 'n finale bevel aan sy dissipels gegee. Aan hulle het Hy 'n gebod gegee, naamlik 'dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê,'²⁾ want 'groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.'³⁾

Met die aanvang van die Christendom het die verplegingsgeschiedenis vir die eerste keer 'n kontinuïteit gekry, omdat die pre-Christelike literatuur fragmentaries van aard is.⁴⁾ Met die komst van Christus is die

1. Dietz. History and modern nursing, p.17.

2. Johannes 13:34; 15:12.

3. Johannes 15:13.

4. Seymer. A general history of nursing, p.22.

menslike lewe tot 'n gawe van God verhef, en terselfdertyd het dit die versorging van die siekes op 'n hoër vlak gebring. Die verpleging van siekes wat voorheen aan slawe oorgelaat is of wat beskou is as 'n noodsaaklikheid in enige huishouding, het nou 'n heilige roeping geword. Die implikasies van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan bevestig hierdie naasteliefde en diens.¹⁾ Vanaf hierdie tyd is die plig van alle Christene, manne en vroue, om uit te gaan buite die huislike kring om die siekes en die wat in nood en ellende is, by te staan en te versorg. Besoekende verpleging, die voorloper van publieke gesondheid, of miskien meer korrek, distriksverpleging, het sy grondslag gedurende die eerste eeu van die bestaan van die Christelike Kerk gevind. Die eerste georganiseerde instansies om siekes te besoek was die Orde van die Diakonesse.²⁾ Hulle was kerklike werksters wat veral met die verpleging van die siekes en die versorging van die armes en behoeftiges gemoeid was. In hierdie verband is die eerste gekerstende vrou en terselfdertyd die eerste besoekende verpleegster wat diakones genoem is, Fébèle, voorgestel as dienares van die gemeente Kenchréë:³⁾ 'Ek beveel julle aan ons suster Fébèle . . . , dat julle haar ontvang in die Here, soos dit die heiliges betaam, en haar bystaan in elke saak waarin sy julle mag nodig hê. Want sy was vir baie 'n beskermster en ook vir my.'⁴⁾

Nog 'n groep vroue wat hulle op die gebied van verpleging onderskei het, is die adellike Romeinse matrones; vir die tyd was dit 'n ongehoorde situasie vir gegoede vrouens om in diens van hulle medemens te staan.

1. Seymer. A general history of nursing, p.22.

2. Lukas 10:33-4.

3. Seymer. A general history of nursing, p.22.

4. Dolan. History of nursing, p.71.

5. Romeine 16:1-2.

In dieselfde periode het daar 'n broeder-organisasie ontstaan waarvan die lede bekend gestaan het as 'parabolani',¹⁾ wat te midde van uiters haglike toestande die siekes versorg, hulle na hospitale vervoer en gehelp het om hulle dooies te begrawe.²⁾

Die bekendste geneesheer van dié tyd was Lukas, die evangelis van die Bybel, wat baie gereis het en moontlik ook as skeepsgeneesheer opgetree het. Dit is bekend dat daar nog ander geneeshere was wat in die medisyne en farmasie gespesialiseer het.³⁾

'n Verdere ontwikkeling het gevolg na aanleiding van Christus se woorde: 'Ek was 'n vreemdeling en julle het my herberg gegee.'⁴⁾ In gehoorzaamheid aan hierdie leer is kamers in die Christene se huise vir die herberg en versorging van die siekes ingerig. Hierdie kamers het as die Christen-kamers of as 'diakonia',⁵⁾ bekend gestaan en het moontlik met die aktiwiteite van die diakonesse verband gehou. Aansluitend hierby is ook beskutting vir siek en arm pelgrims opgerig, die sogenoemde 'Xenodochia', terwyl die 'nosocomia' geassosieer is met 'n hospitaal wat uitsluitlik vir die siekes opgerig en gebruik is.

Die oprigting van Christenhospitale dateer vanaf hierdie periode. Die eerste hospitaal is te Konstantinopel opgerig. 'n Ander te Edessa het later die kliniese afdeling van 'n mediese skool geword. Die beroemdste hospitaal uit hierdie tydvak is die Basilius te Caesarea,⁶⁾ waar daar onder meer, in moderne terme, 'n arbeidsterapie-afdeling vir die gestremdes was om 'n ambag te leer om weer bruikbaar by die gemeenskap aan te

1. Dolan. History of nursing, p.74.

2. Austin. History of nursing source book, p.62.

3. Kolossense 4:14.

4. Matthēus 25:35

5. Jamieson a.o. Trends in nursing history: their social, international and ethical relationships, p.63.

6. Dolan. History of nursing, p.76.

pas.¹⁾ Moontlik die eerste tydelike militêre tenthosptaal naby 'n slagveld is dié wat gedurende die Kruistogte teen die More opgerig is, en hierdie hospitale is van alle moontlike bevoegde personeel en geneeshere, aptekers, chirurge en assistente voorsien. Na afloop van die Kruistogte en oorloë is talle permanente hospitale in die hele Spanje opgerig.²⁾

Samevattend kan die volgende ten opsigte van die verpleging in hierdie tydvak aangeleid word: Die Christelike leer het 'n determinerende invloed op die ontwikkeling van verpleging uitgeoefen. Die hoogste doelstelling van verpleging was nog 'n lewe van diens aan God en medemens. Verpleging is toe vir die eerste keer doelgerig en op georganiseerde wyse deur die diakonesse, Romeinse matrones en 'parabolani' verrig. Verpleging is nie net deur die besoekende verpleegsters nie maar ook in hospitale toegepas, en dit kan as die beginpunt vir die opleiding van verpleegsters beskou word.

2.5. Verpleging in die Middeleeue

Die Middeleeue is 'n tydperk van ongeveer 1 000 jaar tussen die vyfde en vyftiende eeu n.C.³⁾ Waar die vroeë Middeleeue die donker tydperk genoem word, veral na die dood van Karel die Grote (742-814) en dieerval van die magtige Romeinse Ryk, is die negende en tiende eeu deur 'n tydperk van verwarring en anargie gekenmerk.⁴⁾

Die latere Middeleeue word gekenmerk deur verskeie faktore wat bygedra

1. Walsh. *The history of nursing*, p.14-18.

2. Dietz. *History and modern nursing*, p.26-7.

3. Van Jaarsveld. *Nuwe geïllustreerde geskiedenis*, p.83-4.

4. Coetzee. *Inleiding tot die historiese opvoedkunde*, p.130.

het tot die beskawingsherstel na die sogenaamde donker tydperk, onder ander die volgende: Die Sarasene het die Griekse geleerdheid geabsorbeer en verwerk tot 'n hoogstaande kultuur, wat hulle na Spanje vorgedra het. Avicenna het in die medisyne bekendheid verwerf. Vervolgens het die Skolastiek 'n bydrae gelewer.¹⁾ Van besondere belang was die opkoms van groot stede veral in Italië, die ontwikkeling van die handel en nywerheid en die ontstaan van beheerrade in die vorm van gildes. Hierby moet ook genoem word die feodale stelsel met die riddersstand en die Kruistogte wat onderneem is om die Christendom van die Mohammedanisme te bevry.

Die belangrikste bydrae het aan die begin van die twaalfde eeu met die ontstaan van universiteite in die stede gekom. Die universiteite het toe al in die rigting van spesialisasie beweeg, byvoorbeeld in die Teologie, Wet en Medisyne. Uit hierdie spesialisatiebeginsel het die sogenaanme 'moeder'-universiteite te Parys vir Teologie, te Bologna vir Wet en te Salerno vir Medisyne ontstaan.²⁾ By die oordrag van kennis is sekere handboeke as handleiding gebruik, byvoorbeeld vir Medisyne die werke van Hippokrates en Galanus.

Met die veertiende en vyftiende eeu het die Middeleeue ten einde geloop en die val van Konstantinopel (1453) is terselfdertyd die begin van die moderne tyd. In hierdie tyd het baie geleerde uit Konstantinopel met waardevolle manuskripte na Westerse lande gevlug. Laasgenoemde het 'n reusebydrae tot die opkoms van die Renaissance gelewer.³⁾

1. Duggan. Students' textbook in the history of education, p.77.

2. Coetzee. Inleiding tot die historiese opvoedkunde, p.132-9

3. Van Jaarsveld. Nuwe geïllustreerde geskiedenis, p.100.

2.5.1 Verpleging by die Arabiere

In teenstelling met die Westerse vroue vir wie daar in die Kloosterwese (of monastisisme) geleentheid geskep is om 'n eie loopbaan te volg, is die Arabiese vrou uitgesluit uit die sosiale lewe asook van die verpleging - sy het 'n geïsoleerde lewe geleid.¹⁾ Gevolglik het die Arabiere nie veel bydrae tot verpleging gelewer nie.²⁾ Maar hulle het tog kinders en vroue versorg - verder was die verpleging, veral ten opsigte van die man, aan slawe oorgelaat. Nieteenstaande genoemde feit word daar wel van verpleegsters soos volg melding gemaak, 'At the time of the Prophet Mohammed in 622 A.D. Ku'aybeh Bint Saad El Aslamieh of Yathreh, Rafidah El Aslamieh and Shifa Bint Abdallah cared for the sick in the Holy City of Mecca. They were the first Arab nurses.'³⁾ Wel het hulle op die gebied van die medisyne hulle deel bygedra. In dié stadium is die diakonesse en matrones ook deur monnike en nonne vir die versorging van siekes vervang.

Nietemin het die Mohammedane van Arabië die Romeinse beskawing hul eie gemaak en veral daarin geslaag om die Grieks-Romeinse wetenskap te behou, en om dit later in Europa, toe dit daar omtrent verdwyn het, oor te dra.⁴⁾ Castiglioni beweer dat die Arabiere oor al die mediese kennis van die verlede beskik het, en daarby was hulle die getroue beskermhere van die antieke medisyne, sodat hulle vandag nog in die geskiedenis van die beskawing en die van die medisyne hoog aangeskrewe staan.⁵⁾

Die vernaamste bydraes van die Goue Eeu van Arabiese medisyne is die

1. Dolan. History of nursing, p.88-97.
2. Thomas. Nursing in Lebanon. International nursing review, 5(22): 139, 1975.
3. Dolan. History of nursing, p.88-97.
4. Shryock. The history of nursing, p.87.
5. Castiglioni. A history of medicine, p.261.

samestelling van geneesmiddelle; die vooruitgang van mediese kennis deur diagnoses; beskrywing en die behandeling van siektetoestande; die vereiste van 'n deeglike wetenskaplike opleiding vir geneeshere en aptekers voordat hulle tot die mediese praktyk toegelaat is; die daarstel van leiers op die mediese gebied; die oprigting en administrasie van moderne hospitale¹⁾ en die vertaling van die werke van Hippokrates wat vir vyf eeuwe begrawe gelê het.²⁾ Ook is mediese sentrums te Kairo, Alexandrië, Damaskus en Bagdad opgerig, terwyl hospitale deel van hierdie sentrums uitgemaak het.³⁾

2.5.2 Verpleging onder die feodale stelsel

Onder die feodale stelsel het 'n menigte pligte op die skouers van die vrou gerus. Behalwe haar pligte as vrou moes sy oor 'n uitgebreide kennis van huishoudelike geneesmiddelle beskik het; dit was haar plig om haar gesin, familie, vriende of enige lid van die gemeenskap te verpleeg. Eerstehulpbehandeling en die versorging van traumatische wondes het binne die bestek van haar daaglikse taak gevall.⁴⁾

2.5.3 Verpleging tydens die Kruistogte en die rol van die Ridderordes

Gedurende die Kruistogte, waarvan daar sewe was,⁵⁾ het die ridders 'n belangrike rol in die verpleging van siekes gespeel. As gevolg van die togte is daar in 1048 'n hospitaal vir siek pelgrims opgerig,⁶⁾ en later het meer hospitale en beskuttings tot stand gekom. Die bestaanende hospitale kon nie in al die behoeftes van die Kruistogte voorsien nie.

1. Dolan. A history of nursing, p.95.

2. Dietz. History and modern nursing, p.33.

3. Dolan. A history of nursing, p.96.

4. Jamieson a.o. Trends in nursing history; their social, international and ethical relationships, p.83-5.

5. Van Jaarsveld. Nuwe geïllustreerde geskiedenis, p.93-4.

6. Dietz. History and modern nursing, p.35.

Dit het die oprigting van meer hospitale tot gevolg gehad, die stigting van militêre verplegingsordes, onder meer die Hospitaalridders, die Tempelridders, die Duitse Ridderorde en die Sint Lazarus-Ridderorde. Die eersgenoemde drie ordes, met 'n militêre grondslag, het in baie opsigte 'n sterk invloed op verpleging gehad. Voorbeelde hiervan is die uniform wat hulle gedra het en die streng dissipipline.

Opsommend kan die volgende van verplegingsontwikkeling in hierdie tydperk gesê word: Die Kruistogte het die gulde geleentheid vir kultuurwisseling daargestel. Die kontak met die Arabiese medisyne was veral waardevol ten opsigte van pasiëntetersorging, hospitaalbeplanning en in die ontwikkeling van die mediese opleiding. Die militêre verplegingsordes het met kennis van militêre wetenskap en die algemene wetenskap vooruitgang gebring. Die diagnostiek en behandeling het nog op spekulasie berus, maar die basis van wetenskaplike medisyne is deur disseksies van die menslike anatomie gelê.¹⁾

2.5.4 Verpleging in die ontwikkelende stede en gilde-organisasies
Na die Kruistogte het 'n toename in die groei van dorpe en die ontwikkeling van stede plaasgevind, en hulle toenemende welvaart was aan die enorme handelsontwikkeling te danke. Die vrug hiervan was die ontstaan van 'n verskeidenheid bedrywe wat van dorp tot dorp verskil maar wat in gildes met 'n gemeenskaplike doelwit georganiseer was, naamlik dat ambagsmanne 'n gildebrief moet besit alvorens hulle tot

1. Van Jaarsveld. Nuwe gevallustreerde geskiedenis, p.94

'n bepaalde ambag toegelaat word.¹⁾

Die dorp en stad het 'n nuwe sosiale struktuur meegebring wat nie sonder nadale en probleme was nie. Onhigiëniese toestande het menige siekte-toestande in die hand gewerk. Die wêreldbevolking was bekommerd oor die toenemende voorkoms van siektetoestande en die hoë sterftesyfer; tog was hulle onkundig omtrent die mees elementêre beginsels van higiene. Die tydperk was egter nie heeltemal sonder ligpunte nie in die sin dat 'n hele aantal hospitale opgerig is waarin religieuse ordes, maar ook sekulêre verplegingsordes tot stand gekom het. Laasgenoemde het groepe gevorm wat hulle nie deur die kloostergelofte laat bind het nie.²⁾

2.5.5 Hospitalisasie en verpleging

Die digbewoonde dorpe en stede se onhigiëniese toestande het 'n vinnige verspreiding van siektes veroorsaak en al meer hospitale vereis om in die toenemende aanvraag vir hospitalisasie te voorsien. Van die oudste hospitale wat dateer uit die vroeë Middeleeue is die Hôtel Dieu te Lyons (152 n.C.); Die Hôtel Dieu te Parys (650 n.C.) en die Santo Spirito-hospitaal te Rome. Hierdie hospitale bestaan vandag nog. Latere Middeleeuse hospitale wat gevolg het, is die Sint Bartholomeüs-hospitaal (1123 n.C.) en die Sint Thomas-hospitaal (1213 n.C.) te London. Hierdie twee hospitale word vandag nog gebruik, en die Sint Thomas-hospitaal is deur Florence Nightingale vir kliniese onderrig gebruik. Verder is daar Sint Bethlehem-hospitaal (1377 n.C.), die eerste hospitaal vir

1. Robinson & Shotwell. An introduction to the history of Western Europe, p.237

2. Dietz. History and modern nursing, p.39-41.

kranksinniges; die hospitaal van Santa Maria della Scala, die hospitaal waar Sint Catherine van Siena die builepesslagoffers verpleeg het, die Sint Johns-hospitaal te Brugge in België en 'n paar ander.¹⁾

2.5.6 Verpleging en die Middeleeuse universiteit

'n Besondere tipe gilde was die universiteit, bestaande uit leermeesters en studente, met die doel om akademiese kennis en bekwaamheid te verwef en oor te dra. In 1110 het die Universiteit van Parys begin, daar na Bologna (1158), Oxford (1167), Montpellier (1181) en nog ander, maar van besondere belang is die Universiteit van Salerno.²⁾

Hier het 'n groep lekegeneeshere, met kennis gebaseer op die empiriese en nie op die antieke geskrifte nie, gepraktiseer. Hulle het die waarde van die praktiese ondervinding deur ondervraging en waarneming van die pasiënt besef en in opposisie met die boekgeleerde geestelike praktisyne gekom. Die empiriese geneeshere het baie van die boekgeleerde geleer, maar hulle het hulle vryheid om te praktiseer en kennis deur ondervinding op te doen, behou.

Die skool het in noue voeling met die Benediktyne klooster te Monte Cassino gebly maar het hom geleidelik van die kerklike beheer vrygemaak. Hierdie praktiese mediese skool het die klem hoofsaaklik op die sieke laat val. Hierdeur het die skool sy aansien, gebaseer op praktiese kennis, besprekinge en ondervinding by die siekbed van die pasiënt, opgebou.³⁾ Hulle het dus alreeds die korrelasie tussen die teorie en praktyk, 'n essensiële faktor in verpleging, waardeer.

1. Dolan. History of nursing, p. 93 en 117-121.

2. Jamieson e.a. Trends in nursing history; their social, international and ethical relationships, p.116.

3. Major. A history of medicine, p.271-3, 2 dele(1).

Nieteenstaande oorloë en siektetoestande het die wêreld en ook die verplegingswêreld gedurende die Middeleeue aansienlik deur die invloed van die Christendom gebaat. 'n Mens kan tot die gevolgtrekking kom dat die verplegingsprofessie se grondslag deur die militêre verplegingsordes, die Kruistogte, die gildes en die toestande wat voortgespruit het uit die groei van stede en dorpe gelyk is. Maar die blywende en verreikende prestasie is die geboorte van die universiteit waarheen die latere Verpleegkunde deur die eeu heen sy weg gebaan het.

2.6 Verpleging en die Renaissance

Teen die einde van die Middeleeue was die Rooms-Katolieke Kerk nie langer in staat om sy voogdy oor die hele lewe onder die klem van die kerklike kultuur en hiërargie te hou en die spanning binne eie geledere te verberg nie, en het 'n proses van ontvoogding ontstaan wat eers baie later (in die agtiende eeu)¹⁾ deur die Franse Rewolusie voltrek was, toe daar onder ander 'n einde aan die feodale stelsel in Frankryk gemaak is. Oor die algemeen was die Westerse beskawing tot in sy kern deur deformasie en sekularisasie aangetas. Verskeie faktore en magte onder meer die opbloei van die handel, tegnologie, ekonomie, industrieë en skeepvaart het ontwikkeling en vooruitgang beteken maar ook probleme meegebring. Onbegrenste perspektiewe is egter geopen wat tot 'n nuwe wêreldleer, die Humanisme, gelei het.

Die Renaissance was die voorloper van die Humanisme, terwyl die Kontra-Reformasie opnuut 'n verset van die Rooms-Katolieke Kerk teen die Hervor-

1. Hayes a.o. History of western civilization, p.529-544.

mers soos Ulrich Zwingli, Wicclf, Maarten Luther, Johannes Calvyn en andere was.¹⁾

Die Humanisme, met sy individualisme en rasionalisme en sy ideaal van 'n outonome persoonlikheid wat die natuur beheers, het op verskeie terreine die ontwikkeling van die wetenskap bevorder, soos byvoorbeeld die betekenisvolle vooruitgang op die gebied van die medisyne. Aan die Italiaanse universiteit, Padau, is Biologie bestudeer. Op die gebied van die vakke Anatomie en Fisiologie is vooruitgang gemaak deur die analise van die menslike liggaam.²⁾ Anatomiese strukture is ook uitgebeeld in die skilderkuns, nie net die eksterne anatomie nie, maar ook die van gedissekteerde lyke, soos 'Die Anatomie des Dr. Deyman' en 'Die Anatomie des Dr. Tulp,' van Rembrandt.³⁾ Vooruitgang is ook ten opsigte van Chirurgie gemaak; die menslike bloedsirkulasie is in 1628 deur Harvey ontdek; Jansen het die mikroskoop in 1590 uitgevind waarmee kieme en mikrobe gelokaliseer word, terwyl Van Leeuwenhoek dit verbeter het om tot die studie van Bakteriologie by te dra. Verder dra Sydenham by deur die klem te laat val op die verkryging van die totaalbeeld van elke pasiënt se patologiese toestand.⁴⁾ Daar is ook vooruitgang met die studie van oordraagbare siektes, Verloskunde, Oftalmologie en Farmakologie gemaak.⁵⁾ In dié periode word egter nie van verpleegsters of verpleging melding gemaak nie. Maar die logika wat uit bogenoemde voortspruit is dat dit onvermydelik ook 'n invloed op verpleging gehad het.

1. Du Toit. Handleiding vir die studie van die kerkgeskiedenis, p.71-102; Vgl. Grant. Outlines of European history, p.280-292.
2. Van Jaarsveld. Nuwe geïllustreerde geskiedenis, p.111-5.
3. Vollmer. Rembrandt, p.12-5.
4. Dolan. History of nursing, p.130-6.
5. Dietz. History and modern nursing, p.45.

2. 7 Verpleging en die Hervorming

Die Hervorming verskil van die Renaissance deurdat die egosentriese lewenshouding en die skoonheidsverheerliking van die Renaissanciste vir die Hervormers vreemd gebly het. Vir laasgenoemdes het God, en nie die mens nie, die middelpunt gevorm, en hulle geluk en heil is in die Hiernamaals gesetel. Die Humanistiese en die Reformatoriese geestestrominge staan dus teenoor mekaar, die een antroposentries en die ander teosentries.¹⁾

Maar om verskeie redes het die Hervorming 'n tydelike negatiewe uitwerking onder andere op verpleging gehad. Dit het gedurende die tydperk 1500-1860 n.C.²⁾ tot 'n stagnasie, pandemonium en degenerasie van verpleging en die vernietiging van baie hospitale geleei soos byvoorbeeld in Engeland. Die resultaat was dat ellende en haglike, onhygiëniese toestande veral onder die armes, die oues van dae, die siekes, die wese en minderbevoorregtes geheers het. Die rede hiervoor was dat die Hervormingsbeweging die organisasies van die monastisme uitgewis het sonder dat daar momenteel met die vervanging van sodanige organisasies tred gehou is.³⁾ Verder is Europa nog met epidemies soos builepes en tifuskoors geteister, wat die mens se lewensorstandighede te midde van 'n tekort aan hospitalisasie en verpleging nog hagliker gemaak het.⁴⁾

Gedurende die Hervorming is die mediese skole uit die kloosters onttrek en na universiteite oorgeplaas. Dit het die Mediese Wetenskap se vooruitgang verseker; maar aan die ander kant het die praktiese sy

1. Bigot & Van Hees. Pedagogiek verleden en heden, p.68; vgl. Fisher. History of Europe, p.498-503.
2. Jamieson a.o. Trends in nursing history; their social, international and ethical relationships, p. 147.
3. Dock & Stewart. A short history of nursing; from the earliest times to present day, p.95.
4. Dolan. History of nursing, p.138-9.

van die wetenskap 'n laagtepunt bereik, daar slegs 'n paar geneeshere die waarde van beter verpleging besef en ander onverskillig daarteenoor gestaan het. Ook is hospitaalwerk gedurende hierdie tyd veral deur vroue van die laagste sosiale status verrig.¹⁾ Die agteruitgang het dus tot 'n betreurenswaardige status vir verpleging geleei.²⁾ Daar moet egter bygevoeg word dat die gemeenskap as geheel 'n laagtepunt op sosiale vlak bereik het en dat die geneeshere gefaal het in hulle taak omdat hulle armes en siekies so laag waardeer het dat hulle net genoemde tipe werkers getrek het. Burgerlikes wat beheer oor gemeenskap uitgeoefen het, het sorgbehoewendes op laagste vlak gestel.

Tog het daar te midde van sosiale verval 'n sterk drang tot ekonomiese en terselfdertyd sosiale hervorming ontstaan. Kapitalisme het 'n bydrae gelewer om liefdadigheid geleidelik in materialisme te omskep. Dit het beteken dat verpleegsters onder andere nou as werknekmers beskou is en dat hulle besoldiging ontvang het. In Engeland byvoorbeeld, is die geld vir die doel deur die pasiënte gelewer,³⁾ en in Duitsland is dorpe, volgens die Würtenbergse Mediese Ordonnansie van 1755, tot belastingbetaling verplig om sodoende besoldigde verpleërs aan te stel.⁴⁾ Later het reorganisasie van stedelike hospitale deur die hele Engeland en in ander stedelike hospitale van Protestantse lande plaasgevind. Kleiner kontinentale hospitale vir melaatses in Denemarke en Swede het behoue gebly en is later in peshuise omskep, terwyl die Franciskaanse monnikenkloosters in Denemarke dikwels in hospitale omskep is. In sommige

1. Jamieson a.o. Trends in nursing history; their social, international and ethical relationships, p.148.

2. Dietz. History and modern nursing, p.49.

3. Shryock. The history of nursing, p.160.

4. Seidler. Die Krankenflegeschulen des Franz Anton Mai in Mannheim und Heidelberg. Deutsche Schwestern Zeitung, 16(7): 224, 10 Juni 1963.

Duitse stede is daar vir die verlies van die religieuse huise deur die oprigting van munisipale siekehuise gekompenseer. In laasgenoemde was werkers wat die siekes versorg het.

In die Skandinawiese lande en in dele van Duitsland is verpleegsters aangestel. Die Lutheraanse Staatskerk het hospitale ondersteun, en ordes van die Lutheraanse Susters was in hierdie instellinge werkzaam.¹⁾ Daar is aanduidings dat verpleging in Duitsland as 'n belangrike en essensiële sosiale diens beskou is en dat die latere Verpleegkunde, soos aangedui word, moontlik sy grondslag in Duitsland gevind het. In die sogenaaende mediese 'Aufklärungsliteratur' wat veral met die lewensgewoontes en die behoeftes van die siek individu te doen gehad het, is daar talle geskrifte wat die pligte van die verpleegster/verpleer beklemtoon, byvoorbeeld die belangrikheid om die geneeshere se bevele te volg, dit uit te voer en die noodsaklikheid om, indien nodig, tydelik in die plek van die geneesheer op te tree en om die sieke te verpleeg. Die eeu van die 'Aufklärung' erken opnuut dat dit die heilige plig van die natuurwetenskappe is om die gemeenskap oor siekesorg in te lig. In 1746 verskyn van Johann Storch die werk 'Instruktion' wat handel oor bevele aan verpleërs. In die laaste kwart van die agtende eeu het die vraag na die wese van die verplegingsberoep en sy plek teenoor die mediese beroep en die gemeenskap al ter sprake gekom.²⁾

Talle vroulike ordes het ook tot stand gekom, sommige nie so merkwaardig nie, terwyl andere blyvende betekenis ingehou het. Een van die

1. Shryock. *The history of nursing*, p.161.

2. Seidler. *Die Krankenpflegeschulen des Franz Anton Mai in Mannheim und Heidelberg*. Deutsche Schwestern Zeitung 16 (7):223, 10 Juni 1963.

belangrike ordes is die liefdadigheidsorganisasie van die 'Dames de Charité,' met die doelstelling om die siekes by hul huise te besoek, hulle te verpleeg en religieuse bystand te verleen. Dit kan as 'n begin van distriksvopleiding beskou word. Verder is die 'Filles de Charité' georganiseer onder leiding van mej. Le Gras. Daar is gevind dat hierdie 'Filles', dit is jong meisies, se dienste essensieel is en dat hulle vir hulle beroep voorberei moet word. 'n Reeks lesings omtrent verplegingsideale en eenvoudige regulasies is gegee. Na so 'n opleiding is hulle dikwels deur die 'Dames de Charité' in diens geneem en weer as besoekende verpleegsters uitgestuur. Hiermee is besef dat genoemde vroulike orde waardevolle dienste in hospitale kan lewer.

Die Hôtel Dieu is die eerste hospitaal waar hulle hulp verleen het, en tussen 1645-1660 het hulle die verpleging van die een hospitaal na die ander oorgeneem.¹⁾ Ander noemenswaardige organisasies van die sesstiende en sewentiende eeu is die van Sint Francis de Sales, wat aan 'n groep vroue wat vrywillig die siekes verpleeg en die armes besoek het, leiding gegee het. Die orde van die Hospitaalbroers van Sint Johannes van God het geneeshere, tandartse, aptekers en verpleërs ingesluit en baie is gedoen vir die lydendes.²⁾

In die sewentiende eeu is daar reeds 'n deurskemering van die latere verpleegstersopleiding en Verpleegkunde waarneembaar, hoewel hier nog geen sprake van die oordrag van georganiseerde kennis of 'n opleidingsentrum is nie.

1. Shryock. History of nursing, p.161-8.
2. Dolan. History of nursing, p.145-50.

2.8 Verpleging tydens die agtiende eeu

Die agtiende eeu bring 'n nuwe insig in moraliteit, 'n delf in die wetenskap en navorsing om oplossings vir groot lewensprobleme te vind. In die veelheid van denkbeelde kan veral twee rigtings onderskei word, naamlik die empiriese wat deur die ervaring verkry word, en die rasionalisme waar die verstand of rede leiding neem.¹⁾

Die eerste verpleegstersopleidingskool en 'n mate van kliniese onderrig dateer vanaf 30 Junie 1781, toe professor Franz Anton Mai (1742-1814) goedkeuring verkry het om so 'n skool te Mannheim te open.²⁾ Die eerste belangrike verplegingshervorming in die Protestantse lande het in Duitsland begin, waar Mai baanbrekerswerk op die gebied van volksgesondheid verrig het en waar 'n groot deel van sy omvangryke mediese werkzaamhede gegaan het om die uitbouing van verpleging. Franz Mai het in sy mediese praktyk opgemerk dat 'n tekort aan goeie en ervare verpleging 'n stremming op genesing plaas en 'n hoë mortaliteit veroorsaak. Om hierdie ewel so goed moontlik opgehef te kry het die gedagte aan 'n openbare verpleegstersopleidingskool by hom 'n realiteit geword, toe nie net die skool hiervoor begin is nie (1782) maar ook sy boek '*Unterricht für Krankenwärter*' met 'n hersiene en verbeterde uitgawe wat in 1784 verskyn het.³⁾ In die boek gee hy konstruktiewe gedagtes omtrent die verpleer se rol, status en plek in die samelewing.

Die voorgestelde leerplan het 'n opleiding van drie maande behels, met die hersienig van die leerstof aan die einde van elke week.⁴⁾ 'n Openbare

1. Bigot & Van Hees. *Pedagogiek verleden en hede*, p.128-9.
2. Vgl. Seidler. *Die Krankenpflegeschulen des Franz Anton Mai in Mannheim und Heidelberg*. Deutsche Schwestern Zeitung, 16(7):224, 10 Juni 1963.
3. Sticker. *Die Entstehung der neuzeitlichen Krankenpflege*, p.20.
4. Seidler. *Die Krankenpflegeschulen des Franz Anton Mai in Mannheim und Heidelberg*. Deutsche Schwestern Zeitung, 16(7):224, 10 Juni 1963.

eksamen het gevolg, en die eksaminatore het bestaan uit 'n regeringslid, verskillende geneeshere, die direkteur van Anatomie, die militêre geneeshere en distriksgeneeshere. Elkeen van genoemdes het die geleentheid gehad om vrae aan die leerlinge te stel. Die uitstaande studente is dan in die Paltse koerant bekendgestel. Hierna het 'n voorlesing van ses punt uit die boek 'Unterricht für Krankenwärter zum Gebrauch öffentlicher Vorlesungen, Mannheim 1782' gevolg. Die punte sluit die fisiese versorging van die sieke in maar ook die psigiese, met die leuse: 'Jy moet jou naaste liefhe soos jouself.' Ten slotte is 'n eed afgeneem waartydens die studente beloof het om hulle beroep pligsgetrou na te streef.¹⁾

'Professor' Mai het baie modern opgetree wat die oordrag van die teoretiese kennis aan die student betref, maar het terselfdertyd die waarde van die praktika besef. Daar is veral van audiovisuele metodes van onderrig gebruik gemaak. Hy het dit as 'n kuns beskou om waarnemings noukeurig aan die geneesheer oor te dra. Hy het die noodsaklikheid van persoonlike gesondheid by sy studente huisgebring en verder dat elke verpleêr/verpleegster 'n vrome, liefdevolle en getrouwe vriend van die sieke, aan hom/haar toevertrou, moet wees en dat geen onderskeid op grond van geloof of stand gemaak moet word nie.

Mai het dit egter beleef dat sy so goedbedoelde onderneming deur sy eie kollegas met afguns bejeën is. Te midde van die afguns in eie kring het Mai sy verpleegstersopleiding voortgesit, totdat hy sy beroep as professor aan die Verloskundeskool finaal moes neerlê vir 'n soortgelyke betrekking

1. Sticker. Die Entstehung der neuzeitlichen Krankenpflege, p.63-6.

aan die naburige Universiteit van Heidelberg.¹⁾

Ook hier het Franz Mai dikwels selfstandige lesings gelewer en uit die tyd dagteken die akademiese voorlesings oor verpleging in die geskiedenis van universiteite. In 1801, amper twintig jaar na die Mannheim-onderneming, stig Mai, in samewerking met die Heidelbergse Universiteit, 'n skool vir jong meisies vir gesondheids- en verpleegstersopleiding, waaruit die beste skoliere vir die verpleegstersberoep getrek kon word.²⁾

Sy metode van eksaminering was egter 'n bron van moeilikheid. Die resultaat was dat die eksamen later nie meer in die akademiese gebou nie maar slegs voor medici sou plaasvind.³⁾

Samevattend kan beweer word dat, volgens die geskiedenis, professor Mai se wetenskaplike boeke en sy verpleegstersopleidingskole in hoofstrekke as die voorlopers van die Verpleegkunde van die twintigste eeu beskou kan word. Niks soortgelyks aan hierdie verpleegstersonderrig kan gedurende die tydperk 1782-1815 in Frankryk, Brittanje of die Verenigde state van Amerika gevind word nie. Hy het verpleging in die tydperk al 'n wetenskaplike basis gegee en dit goed genoeg geag om in 'n universiteit aan te bied. Alhoewel nie aan 'n universiteit aangebied nie, kan melding van dr. Wehr se opleidingskool vir verpleegsters in Verloskunde gemaak word. Hy is die stigter van die eerste sodanige verpleegstersopleidingskool in Suid-Afrika.⁴⁾

1. Seidler. Die Krankenpflegeschulen des Franz Anton Mai in Mannheim und Heidelberg. Deutsche Schwestern Zeitung, 16(7):224-6, 10 Juni 1963.
2. Sticker. Die Entstehung der Neuzeitlichen Krankenpflege, p.20.
3. Seidler. Die Krankenpflegeschulen des Franz Anton Mai in Mannheim und Heidelberg. Deutsche Schwestern Zeitung, 16(7):226-227, 10 Juni 1963.
4. Searle. The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960: a socio-historical survey, p.66.

2.9. Verpleging tydens die negentiende eeu

Die negentiende eeu het op die hoekstene van die agtiende eeu voortgebou. Wetenskaplike ontwikkeling het met behulp van tegniese uitvindinge en 'n skeppingsdrang in elke aspek van die menslike lewe en kultuur uitgekris-talliseer.

In die vroeë negentiende eeu het die Industriële Rewolusie armoede, oorbe-huising, siektetoestande en 'n menigte ander sosiale probleme meegebring, maar op die gebied van die mediese wetenskap is verbasende vooruitgang gemaak, en dit bereik sy hoogtepunt in die laat negentiende eeu.¹⁾

In die algemeen het verpleging 'n tydelike stagnasie ondervind, maar in verskeie lande het organisasies en individue tot die verdere ontwikke-ling van verpleging begin bydra. Een van die belangrikste organisasies in hierdie herlewing is die Diakones-instituut te Kaiserwerth wat deur pastoor Fliedner (1800-1864) gestig is.²⁾ In die vroeë agtiende eeu het hierdie Lutheraanse pastoor met 'n belangrike projek begin wat nie net aan die Protestantse 'n sosiale plaasvervanger vir die verlore monas-tisisme gegee het nie, maar dit sou die verplegingsbegrip ingrypend ver buite die grense van Duitsland verander.³⁾ Uit die pogings van pastoor Fliedner het die latere bekende Kaiserwerth-instituut gegroeи wat onder andere 'n hospitaal met 'n honderd beddens⁴⁾ en 'n opleidingskool vir die diakonesse bevat het.⁵⁾

Die diakonesse het 'n drie- tot vyfjarige kursus deurloop, en hulle was vry om te enigertyd die opleiding te staak. Verder moet hulle aan ouer-

1. Dolan. History of nursing, p.191-7.

2. Seymer. A general history of nursing, p.67.

3. Jamieson a.o. Trends in nursing history; their social, international and ethical relationships, p.184.

4. Woodham-Smith. Florence Nightingale, p.71.

5. Seymer. A general history of Nursing, p.68.

domsbeperkinge voldoen het en onderrig in verpleging sowel as in die onderwys ontvang het.¹⁾ Sticker stel dit dat die leerlingverpleegsters 'n verpligte proef- en onderrigstydperk van drie tot ses maande moet voltooi het. Na die periode is hulle vir vyf jaar betrek om onderrig te ontvang.²⁾ Die pligte van die Kaisertwerthdiakonesse is verder effens anders as die van die gewone verpleegster in die sin dat dit verpleging, onderrig, huishoudelike verantwoordelikhede, pediatrie en rehabilitasie ingesluit het. In 1865 is 'n voorbereidingskool vir leerlingverpleegsters geopen.³⁾

Formele lesings is in laasgenoemde skool deur 'n geneesheer gegee en die aksent het veral op Farmakologie gevval. Mev. Fliedner het die verplegings-instruksies self behartig en het haar lesings self opgestel. Laasgenoemde bundel kan as een van die eerste handboeke in verpleging beskou word. Die leerlingverpleegsters is vir praktikum op die mans-, kinder- en vroueafdelings sowel as die washuis, linnekamer en ander afdelings waar hulle huishoudelike werk kon leer, toege wys. Periodiek het 'n omruiling van werkzaamhede plaasgevind, sodat die ondervinding dieselfde vir elke verpleegster was. As byvoeging tot hulle hospitaalondervinding het die verpleegsters distrikverpleging verrig. Hulle het geen salaris ontvang nie maar lewenslange versorging in die sogenoemde 'Motherhouse'-sisteem. Ook is geen eed na voltooiing afgел nie, maar hulle het beloof om vir God te werk.⁴⁾

Die diakonesse van Kaiserwerth het 'n wêreldinslag gevind. In 1861

1. Pollard. Florence Nightingale, p.35-6.
2. Sticker. Die Entstehung der neuzeitlichen Krankenpflege, p.197-8.
3. Singer. A short history of medicine, p.297.
4. Dolan. History of nursing, p.20; vgl. Dietz. History and modern nursing, p.58-9.

was daar in Kaiserwerth 415 diakonesse, en met die eeu fees 1900, terwyl die totaal 35 000 in die wereld was.¹⁾

Die laat negentiende eeu het met die ontwikkeling van die mikroskopiese wetenskap begin. Alhoewel dit Semelweis en Holmes was wat die aanvoerwerk begin het, was dit Louis Pasteur (1822-1895), Joseph Lister (1827-1912), Robert Koch (1843-1910) en Edwin Klebs (1834-1895) wat groot bydraes tot die studie en bestryding van mikrobe gelewer het. Verder het Wilhelm Conrad Röntgen (1845-1923) die X-sstraal in 1895 ontdek, terwyl Pierre en Marie Skłodowska Curie se ontdekking van radium in 1898 bekend gestel is.²⁾ Hierdie twee uitvindinge was en bly nog van enorme betekenis en waarde vir die mediese wereld. Terwyl röntgenografie fluoroskopie en radio-isotoopsondersoek 'n enorme bydrae tot die diagnostiek lewer, is die maksimum waarde van radioterapie, veral ten opsigte van miligne neoplasma, nog nie ten volle bekend nie.

Dit is aanneembaar dat hierdie eeu wat soveel groot wetenskaplike in die mediese wetenskap opgelewer het, ook die hergeboorte van verpleging sou beleef. Verpleging is essensieel vir die verdere mediese en chirurgiese ontwikkeling, en die volgende voorwaartse stap in die opsig het vanuit Engeland gekom. Florence Nightingale (1820-1910) is een van daardie begaafdes wat met haar leerstellinge en denke met reg as die grondlegger van die moderne Verpleegkunde beskou kan word.

Daar bestaan uiteenlopende menings oor die vraag of Florence Nightingale enige verpleegstersopleiding te Kaiserwerth ontvang het al dan nie.

1. Seymer. A general history of nursing, p.69.

2. Dolan. History of nursing, p.217-8.

Abel-Smith,¹⁾ Woodham-Smith²⁾ en Seymer³⁾ bespreek onder ander van die meer negatiewe sienswyses. Tenoor hierdie negatiewe stellinge stel Jamieson,⁴⁾ Singer,⁵⁾ Major,⁶⁾ Pollard⁷⁾ en Sticker⁸⁾ die positiewe. Tydens haar besoeke aan Kaiserwerth het sy egter 'n basiese gees van toewyding, orde en eenheid in doelstelling in die inrigting gevind. Verder het die kennis wat sy hier opgedoen het as basis vir die latere verplegingsprofessie gedien, waarin sy so 'n belangrike rol gespeel het.

Dit is egter duidelik dat daar 'n konsensus van opinie en opvatting tussen die onderrigsisteme van professor Franz Mai, pastoor Theodor Fliedner en die van mej. Florence Nightingale bestaan het. In 1859 is planne beraam om 'n verpleegskool volgens die model van die Kaiserwerth-skool op te rig.⁹⁾ Op 9 Julie 1860¹⁰⁾ is die Florence Nightingale-skool geopen, wat 'n eenjarige opleiding aangebied het, en daarna is die verpleegsters tot die hospitaalpersoneel oorgeplaas om 'n verdere twee jaar praktiese ondervinding op te doen. Die Sint Thomas-hospitaal het die fasiliteite vir die praktikum verskaf. Die salarisse is uit die Nightingale-fonds betaal.¹¹⁾ Na voltooiing van die kursus is die name van suksesvolle verpleegsters (longetroud en weduwees) op die hospitaalregister vir opgeleides geplaas, in welke hospitaal hulle dan verdere praktiese ondervinding opgedoen het. Die seleksie van aspirant-verpleegsters is uit die boonste sosiale stratum en die boonste stratum van die werkende klasse gemaak. Die gegoede

1. Abel-Smith. *A history of the nursing profession*, p.18.
2. Woodham-Smith, *Florence Nightingale*, p.72-3.
3. Seymer. *A general history of nursing*, p.80.
4. Jamieson e.a. *Trends in nursing history; their social international and ethical relationships*, p.195.
5. Singer. *A short history of medicine*, p.298
6. Major. *A history of medicine*, p.867, 2 dele (II).
7. Pollard. *Florence Nightingale*, p.43-9.
8. Sticker. *Die Entstehung der neuzeitlichen Krankenpflege*, p.44.
9. Dietz. *History and modern nursing*, p.63.
10. Woodham-Smith. *Florence Nightingale*, p.267; vgl. Anon. *The Nightingale Training School St. Thomas Hospital 1860-1960*, p.4.
11. Seymer. *A general history of modern nursing*, p.94.

studente het vir hulle opleiding betaal. Die ouerdomme het tussen 25-37 jaar gevareer.¹⁾

Mej. Nightingale het die positiewe benadruk. Sy het beweer dat verpleging 'n kuns is en om 'n kuns te beoefen word wetenskaplike en georganiseerde praktiese opleiding benodig.²⁾ Dit is 'n ultra-moderne stelling, maar dit is 'n stelling wat eers in die twintigste eeu werklik tot sy reg gekom het. Die daaglikse roetine by haar opleidingskool was uitgebreider as die by Kaiserwerth. Daar is van hulle in opleiding verwag om notas af te neem en om hulle notaboekie te eniger tyd ter insae te toon. Hulle het beide skriftelike en mondelinge eksamens afgelê. Hulle het praktiese onderrig deur die geneeshere en opgeleide personeel ontvang.³⁾ Mej. Nightingale se boek 'Notes on Nursing' is as handboek vir die verpleegsters gebruik.⁴⁾ Metodologies is die opleiding wat mej. Nightingale voorsien het basies nog dieselfde as die van professor Mai, maar met dié belangrike verskil dat die opleiding net oor verpleegkundige aangeleenthede gegaan het. Lesings is deur 'n geneesheer in die vakke Anatomie, Fisiologie en Ginekologie gegee, terwyl Verbandleer deur die tehuissuster behartig is.

Sedert die totstandkoming van die Florence Nightingale-skool het dit die wetenskaplike wêreld aangegryp, en opleidingskole, sommige van moderne formaat, het ontwikkel. Nieteenstaande haar invloed is die Nightingale-sisteem tog nie universeel aanvaar nie. Daar het vier sisteme ontstaan: die Nightingale-sisteem en drie ander gewysigde

1. Pollard. Florence Nightingale, p.154-9.

2. Dolan. History of nursing, p.228.

3. Woodham-Smith, Florence Nightingale, p.267-8.

4. Dolan. History of nursing, p.231.

Nightingale-sisteme, naamlik die Amerikaanse, die 'Motherhouse'- en die Kontinentale sisteem. Die opleidingskole en -stelsels in die Republiek van Suid-Afrika is op die lees van die Nightingale-sisteem geskoei en hou die volgende grondbeginsels in:- Die leerlingverpleegster word gedurende haar opleiding in 'n verpleegsterstehuis wat aan 'n hospitaal geleë is, gehuisves. Die student ontvang teoretiese lesings wat onderrig in die basiese wetenskappe insluit. Die afdelingsuster, onder toesig van die matrone, is verantwoordelik vir die praktiese opleiding.¹⁾ Hierdie prinsipe, alhoewel gewysig, is in hierdie eeu basies nog dieselfde. Inlyn hiermee het ook Verpleegkunde 'n erkende plek in die universiteitsopleiding vir verpleegsters gekry.²⁾

2.10 Verpleegkunde en verpleging in die Republiek van Suid-Afrika
In die Republiek van Suid-Afrika het daar slegs enkele verpleegstersopleidingskole voor die einde van die negentiende eeu bestaan. Die baanbrekerswerk op die gebied van die opleiding is deur Henriëtta Stockdale van die 'Order of St. Michael and All Angels' gedoen. Sy het die eerste algemene verpleegstersopleidingskool in Februarie 1877 aan die Carnarvon-hospitaal in Kimberley begin.³⁾ Hierdie eerste opleidingskursus het een jaar geduur. Die praktikum het in die hospitaalafdelings plaasgevind. Daar is van professionele literatuur gebruik gemaak en lesings is deur Suster Henriëtta, die interne geneesheer en dr. Mackenzie, gegee.⁴⁾ 'n Eksamen is aan die einde van die jaar afgelê, en indien 'n studenteverpleegster suksesvol was, was sy verplig om nog 'n

1. Seymer. A general history of nursing, p.123-5.

2. Kyk hoofstuk 5, punt 5,5 en 5,6.

3. Seymer. A general history of nursing, p.132.

4. Burrows. A history of medicine in South Africa, p.264.

jaar as 'n opgeleide verpleegster aan te bly alvorens sy erkenning as opgeleide ontvang het.¹⁾ Ander hospitale met geaffilieerde opleidingskole wat gedurende die negentiende eeu ontwikkel het, is onder andere die Somerset-hospitaal in 1886, die Albany Algemene Hospitaal van Grahamstad, die Provinciale Hospitaal van Port Elizabeth, die Grey-hospitaal van Pietermaritzburg en die Johannesburgse Hospitaal in 1888.²⁾

In 1880 is 'n volgende opleidingskool by Kimberley-hospitaal gestig, weer eens onder Henriëtta Stockdale se bekwame leiding. Die opleidingsperiode is nou tot drie jaar verleng. Hierdie verpleegstersopleiding het volwaardige leerthane, nasionale eksamens en later voortgesette onderwys ingesluit. In 1891 volg die belangrike staatsregistrasie vir verpleegsters, ook deur mej. Stockdale verwesenlik - die eerste in die wêreld. Vanaf hierdie datum (1891) dateer vrywillige staatsregistrasie vir verpleegsters. In 1944 het die vrywillige registrasie tot verpligte registrasies vir alle verpleegsters oorgegaan. Mej. Stockdale se visie om Verpleegkunde onder die beheer van die Onderwysdepartement te plaas, het eers in 1945 'n realiteit geword. Teen die einde van genoemde jaar is die eerste kolleges vir verpleegstersopleiding met die nodige personeel en eksaminatrices, gestig. Alhoewel hierdie kolleges nie onder die Onderwysdepartement resorteer nie maar onder die Provinciale Administrasie geniet hulle dieselfde status en kan hierdie kolleges met die onderwyskolleges vergelyk word. In 1917 is die eerste voorlopige opleiding vir verpleegsters ingestel. Dit het beteken dat die klem in die lesings op die aanvankskennis geval het. In hierdie drie maande het die studente-

1. Searle. *The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960: a socio-historical survey*, p.140.

2. Seymer. *A general history of nursing*, p.132.

verpleegster geen opleidingstoelae ontvang nie en dit is as 'n addisionele tydperk by die bestaande driejarige opleiding beskou, terwyl studenteverpleegsters by ander opleidingsentrum vir opleiding moes betaal. Die skool verbond aan die Johannesburgse Algemene Hospitaal word op 24 Oktober 1921 geopen waar mej. M.E.C. Milne as die eerste gekwalifiseerde dosentesuster in Suid-Afrika aangestel is.¹⁾ In die stadium is die behoefté vir universiteitsopleiding alreeds ingesien.

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat in die Suid-Afrikaanse Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, Wet nr. 13 van 1928, voorsiening gemaak word vir twee verteenwoordigers uit die verplegingsberoep om op die Mediese Raad te dien, en vir 'n advieskomitee om hierdie persone by te staan in die verpleegstersonderwys. Dit sou groot vooruitgang vir die beroep beteken, omdat die verpleegster nou in die verpleegstersopleiding seggenskap het. In Junie 1943 het mej. E.P.M. Pike, matrone van die Groote Schuur-hospitaal die blokstelsel volledig in die opleiding betrek. Dit maak ook voorsiening vir 'n primêre opleiding van twee tot ses maande, wat deur afwisselende teoretiese en praktiese periodes opgevolg is.²⁾

Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad het in November 1944 die beroepsbelange van Verpleegkunde van die Suid-Afrikaanse Mediese Raad oorgeneem. Deur die statutêre magtiging gerugsteun om die verpleegingsopleiding te reguleer, het die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad besonder

1. Searle. Oorsig oor verpleegkundige opvoeding in Suid-Afrika 1914-1964, p.3-6; Id. The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960; a socio-historical survey, p.102 -7 en ibid., p. 165-9; onderhoude gevoer met prof. Searle.
2. Ibid; Oorsig oor verpleegkundige opvoeding in Suid-Afrika 1914-1964, p.7-9.

veel vermag. In Maart 1945 is aanbeveel dat departemente van Verpleegkunde onder die vier Provinciale Administrasies of onder die Unieregering moet ressorteer, dat na instelling van sodanige departemente, kolleges vir opleiding van verpleegsters met 'n gelykuwardige status as die van die onderwyskolleges in elke provinsie georganiseer moet word. Verder is aanbeveel dat na-basiese opleiding vir dosente in Verpleegkunde aan universiteite moet geskied; 'n professoraat is in die vooruitsig gestel asook dat 'n direktrise van verplegingsdienste in elke provinsie aangestel sal word.

Al die Provinciale Administrasies het gunstig gereageer, en in 1945 is die eerste Verpleegstersopleidingskollege, naamlik die B.G. Alexander-kollege in Johannesburg, geopen. Op 1 April 1947 is die eerste direktrise van verplegingsdienste in die persoon van mev. C. Searle in die Transvaal aangestel. Die kolleges word sedertdien deur die provinsie gefinansieer, bied drie-, drie-en-'n-half- en vierjarige diplomakursusse aan en geniet dieselfde status as die onderwyskolleges. Die idee van sentralisasie van onderwyssentrumms is toegepas deur die Verpleegstersopleidingskolleges in die omgewing van groot hospitale te vestig; kleiner hospitale word met die bovenoemde kolleges geaffilieer. In 1969 was daar elf van hierdie goed funksioneerende kolleges, wat sedertdien die tuiste van die driejarige basiese diplomakursus vir algemene verpleegsters vorm. Die leerplan sluit kennis van die basiese wetenskappe in en maak vir al die teoretiese en praktiese fasette in Verpleegkunde voorsiening. Daar word 'n balans tussen die sosiale en natuurweten-

skappe gehandhaaf.¹⁾

2. 11 Verpleegkunde en die universiteit

Die natuurwetenskappe en die fenomenale ontwikkeling daarvan, met die gepaardgaande tegnologiese uitvindinge, open vir die mensdom 'n oneindige skat van perspektiewe op alle terreine en vir elke faset van die lewe op aarde en in die kosmiese ruimte. Ook die fenomenale en sensacionele vooruitgang op die gebied van die mediese wetenskap het 'n vlak bereik wat die mens soms stom van verbassing laat. Die moderne tegnologie is besig om grensloos te ontwikkel, met so 'n vinnige tempo dat daar geen tyd vir besinning gelaat word nie. So byvoorbeeld het hartoorplantings op Saterdag 2 Desember 1968 'n aktualiteit geword.²⁾

Saam met die ontwikkeling van die mediese wetenskap groei ook Verpleegkunde wat nou wêreldwyd as vakwetenskap aan universiteite gedoseer word. In 1907, na die voltooiing van 'n eenjarige na-basiese kursus in Hospitaal-ekonomie, is mej. Adelaide Nutting as professor aan die Columbiese Universiteit aangestel; sy is die eerste verpleegster ter wêreld om 'n leerstoel aan 'n universiteit te beklee.³⁾ In 1910 het die Universiteit van Minnesota met 'n vyfjarige Verpleegkundekursus vir die Baccalaureus-Artium-graad begin. Ook die Yale Universiteit het in 1926 met Baccalaureus-Artium en Magistergrade in Verpleegkunde begin.⁴⁾ Vandag bestaan daar aan Universiteite van die Verenigde State van Amerika en Kanada departemente van Verpleegkunde met hoofde en tale studente wat

1. Searle. Oorsig oor verpleegkundige opvoeding in Suid-Afrika 1914-1964, p.9-11.

2. Barnard & Pepper. Christiaan Barnard - een lewe, p.328-64.

3. Dietz. History and modern nursing, p.108.

4. Dolan. History of nursing, p.313-4.

al as doktor gepromoveer het. Die volgende Universiteite kan as voorbeelde genoem word: die Universiteit van Toronto, McGill-Universiteit, die Universiteit van Brits-Columbia (1919), Ottawa en ander in Kanada en die Universiteit van Pennsylvania, die Sint Louis-Universiteit, die Georgetown-Universiteit, die Katolieke Universiteit van Amerika, die Wayne State-Universiteit en ander in die Verenigde State van Amerika.¹⁾

In die Republiek van Suid-Afrika is die eerste universiteitsopleiding vir 'n diploma in Verpleegkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1935 ingestel.²⁾ Kaapstad begin in 1937. Pretoria-Universiteit het bogenoemde in 1949 gevolg.³⁾ Vandag word na-basiese diplomas in bykans al die universiteite van die land aangebied. In die twintigste eeu is die ideaal om graadkursusse in Verpleegkunde aan universiteite erken te kry ook in Suid-Afrika verwesenlik. Feitlik twee eeue na die eerste poging van professor Franz Mai, is die eerste graadkursus in die Republiek van Suid-Afrika ingestel. In 1956 is met opleiding vir die B.A.-Verpleegkundegraad aan die Universiteit van Pretoria begin, en terselfdertyd met 'n B.Sc.-graad in Verpleegkunde. Hierdie twee grade is in 1970 vervang met net een graad, naamlik die B.Cur. Hierna het die Universiteit van Stellenbosch met 'n B.-Verpleegkundegraad in 1965 begin. Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. stel in 1966 'n B.A.-Verpleegkunde graad in wat nou as die B.Art. et. Scien.(Verpleegkunde) bekend staan. Hierna het die Universiteit van die Oranje-Vrystaat met 'n B. Sos. Sc.-Verpleegkunde in die jaar 1967 gevolg. Die Universiteit

1. Mussalem. Nursing education in Canada, p.75.

2. Searle. Goue Jubileum; getuenis van vyftig jaar van diens, p.32.

3. Kennis waaroor skrywer beskik.

van Natal begin met 'n B.Sc.-Verpleegkundegraad in 1968. Die Universiteit van die Witwatersrand volg met 'n B.Sc.-Verpleegkundegraad in 1969, terwyl die Randse Afrikaanse Universiteit met 'n B.Cur.-graad in 1975 begin en terselfdertyd (1975) word 'n graadkursus aan die Universiteit van Port Elizabeth ingestel.

'n Sub-departement in Verpleegkunde word in 1945 aan die Witwatersrandse Universiteit ingestel. Die eerste selfstandige Departement Verpleegkunde is in 1966 aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. ingestel, terwyl die eerste professoraat in die Republiek van Suid-Afrika aan mev. C. Searle aan die Universiteit van Pretoria in 1967 toegeken is. Dit is in 1969 gevolg deur 'n professoraat aan mej. I. Loots aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. In 1971 volg mej. N.K. Lamond met 'n professoraat aan die Universiteit van Natal. Hierna volg 'n professoraat aan mev. E. Coertse aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en dr. I.M. Hofmeyer in 1972, terwyl 'n professoraat in 1974 aan mej. M.C. van Huysteens aan die Randse Afrikaanse Universiteit toegeken word.¹⁾ In 1975 volg 'n verdere professoraat aan die Universiteit van Port Elizabeth aan mej. J.M. Mellish.²⁾ In 1975 word professorate toegeken aan mej. J.P. Samson (Universiteit van die Noorde), Mej. A.M. Venter (Universiteit van Wes-Kaapland), mev. M.J. Prinsloo (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)³⁾ en mev. W.J. Kotze (Universiteit van Pretoria).

Met die verloop van jare en saam met 'n opleiding aan universiteite, het daar 'n Suid-Afrikaanse verplegingscredo ontstaan. Hierdie innige oor-

1. Kennis waaroor skrywer beskik.

2. S.A. verplegingstydskrif. Around and about, XIII(7):12, Julie 1975; vgl. ook 42(8):16, Augustus 1975 en 42(10):30, Oktober 1975.

3. Kennis waaroor skrywer beskik.

tuiging het geleidelik sy beslag in 'n verplegingsfilosofie gekry en wat in die huidige eeu kortlik in die volgende begrippe saamgevat kan word, naamlik:

- dat die meerderheid van verpleegsters in Suid-Afrika erken dat die verplegingsfilosofie die Christelike inslag het;
- dat die verpleegster geen nasionaliteit, ras, geloof, kleur of ekonomiese status in verpleging ken nie;
- dat die verpleegster die vertroue het dat sy altyd die krag, wysheid, moed en bereidwilligheid sal hé om dit te doen wat van haar in haar professie verwag word;
- dat die verpleegster-pasientverhouding tot 'n mens-tot-mensverhouding omvorm sal word;
- dat die verpleegster Verpleegkunde as wetenskap tot groot hoogtes sal ontwikkel en uitbou tot die behoud van menselewens;
- dat die verpleegster altyd sal streef na en op hoogte van nuwe kennis sal bly en sal weet hoe om die nuwe te waardeer en te omwerk tot voordeel van die mens en haar beroep;
- dat die kennis wat deur die Verpleegkunde bekom en verwerk word 'n bydrae tot die groei van die geneeskunde sal beteken;
- dat Verpleegkunde/verpleging wat 'n medies-sosiale wetenskap is sy aan-deel in die gemeenskap sal hé en die mens as 'n fisies-psigiese en sosiale wese sal aanvaar en as sodanige sal versorg;
- dat die Suid-Afrikaanse verpleegster bereid sal wees om haar verpleging-

filosofie buite haar eie landsgrense beskikbaar sal stel;
dat die verpleegster moet tred hou met 'n fenomenale tegnologiese
ontwikkeling op verplegings- en mediese gebied, en dat sy dit haar eie
sal maak;
dat sy nie haar Christelike lewens- en wêreldbekouing sal onderwerp
aan vreemde waardestelsels nie, byvoorbeeld materialisme, humanisme en
andere;
dat die verpleegster gebruik sal maak van die beroep se historiese grond-
slag om die probleme van die hede te begryp en op te los;
dat dosente opgelei moet word wat nie net oor die kennis beskik om goeie
wetenskaplikes vir die beroep te lever nie maar ook persone wat die mens
as voelende, willende en denkende sosiale wese in al sy fisies-psigiese
probleme tot die beste van haar vermoë sal kan versorg;
dat die verpleegster sover moontlik haar opleiding aan 'n universiteit
moet ontvang waar sy die beste wetenskaplik onderlê kan word.¹⁾

2.12 Samevatting en eie siening

Die behoefté om te verpleeg is intensief deur die primitiewe mens open-
baar. Die antieke kulture het 'n bepaalde bydrae tot verpleging gelewer.
Die Kode van Hammoeerabi word veral met die Mesopotamiese beskawings ge-
assosieer. Die Egiptenare se higiëne, sanitasie, afsonderingsidee en
terminale ontsmetting om die verspreiding van siektes te bekamp, dui
op 'n hoogstaande gehalte. Die Sjinese het veel bygedra tot Farmakologie

1. Searle. 'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo, die hele publikasie;
skrywer is bewus van ander geloofsvorme.

en menige geneesmiddel is deur hulle tot die mens se beskikking gestel. Deur die Mosaiëse Wet is die fondament van volksgesondheid, persoonlike higiëne en voorkomende medisyne gele. Indië, weer, het die aandag op die geneesheer-verpleegster-pasiëntverhouding gevestig, 'n verhouding wat gesond moet wees en wat essensieel is vir die bevordering van geseling. Die Christendom het aan verpleging die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en deugde gegee, wat die wese van die wetenskap bepaal en die verplegingstaak doelgerig maak. Die Middeleeue het tot die vooruitgang in hospitaalbeplanning en pasiëntversorging bygedra en die geboorte van universiteite het Verpleegkunde nader aan die latere noodsakklike universitêre opleiding gebring. Die tydperk tot aan die einde van die Middeleeue het wel hospitale, georganiseerde verplegingsgroepe en individue wat hulle vir die verplegingsberoep beywer, opgelewer, maar nog het die oordrag van kennis voorwetenskaplik van aard gebly en was daar nie van Verpleegkunde sprake nie.

Dir is duidelik dat verpleging tot aan die einde van die Middeleeue in sy wese voorwetenskaplik van aard gebly het. Die Renaissance en die Humanisme het die era van Verpleegkunde ingelei. Die eerste deurskemering het in die sewentiende eeu begin deur 'n reeks eenvoudige lesings aan die 'Dames de Charité.' Die volgende merkwaardige vooruitgang is in die agtiende eeu deur professor Franz Mai gemaak, wat nie net die grondslag vir professionele verpleging help lê het nie maar wat ook betekenisvolle bydraes tot die verdere ontwikkeling van die Verpleeg-

kunde gelewer het, in die sin dat hy al in die agtiende eeu geredeneer het dat verpleging wetenskaplik genoeg is om in 'n universiteit tuis te hoor. In die vroeë negentiende eeu het pastoor Fliedner met sy opvoedkundige werk die wetenskaplike basis verder verstewig. Maar dit is Florence Nightingale wat Verpleegkunde as vak daargestel en gehandhaaf het.

Sedertdien en veral gedurende die twintigste eeu bereik Verpleegkunde sy fenomenale ontwikkeling op wetenskaplike gebied en verpleging ontploo in 'n toegepaste wetenskap, met sy historiese, teoretiese en praktiese aspekte. Dit is verder uit die vroegste eue al duidelik dat verpleging in sy wese teoretiese sowel as praktiese aspekte insluit. Dit is dus logies dat die teorie en praktyk nie losstaande van mekaar kan funksioneer nie maar dat daar 'n noue korrelasie tussen die twee onderdele gehandhaaf moet word.

Verpleegkunde as jong wetenskap is uiters dinamies van aard en in sy ontwikkelingsproses sal daar nog talle veranderinge en aanpassings in sy wese plaasvind. Die versorging van die mens as fisies-psigiese en sosiale wese verg nie net pasiëntgesentreerde verpleging nie, maar veel meer. In die verlede is waardevolle materiaal blootgelê waarop voortgebou kan word. Kennis van die verlede help om die probleme van vandag op te klaar, maar dit is met hierdie vinnige wetenskaplike ontwikkeling en verandering in eie kring en op mediese gebied waarmee die wetenskaplike verpleegsters van vandag en môre sal moet tred hou.

drie

HOOFSTUK

VERPLEEGKUNDE AS WETENSKAP EN VERPLEGING AS PROFESSIE OF BEROEP

3.1 Inleiding

Verpleging as professie wat empiries van aard is en in die verlede geïsoleerd van die wetenskap in sy breedte en diepte aangebied is, het 'n historiese ontwikkeling van eeu.¹⁾ Dit is eers in die huidige eeu dat dit tot 'n vakwetenskap (Verpleegkunde) ontwikkel het. Dit impliseer dat Verpleegkunde sedert die tyd van inskakeling by universiteite nie net wetenskaplik gefundeer is nie, maar dat hierdie verwantskap tussen die wetenskaplike en professionele strominge selfs nou nog soms 'n vaagheid laat ontstaan oor wat presies die wese van die professie is.

Verpleging is vandag een van die professies wat deur middel van die gemeenskap aan die universiteit 'n eis stel om verpleegsters op te lei, 'n opleiding wat beslis om die wetenskap gaan maar ook om met sodanige opleiding 'n professie (verpleging) te beoefen. Dit is dus 'n professie wat nie net bloot afrigting met die oog op praktiese vaardigheid is nie maar 'n beroepsrigting met wetenskaplike fundering op universitêre vlak - die

1. Kyk hoofstuk 2 as geheel.

sogenaamde geïntegreerde graad waarin die akademiese en beroepsbehoeftes opgeneem word.¹⁾

By die professionele opleiding is wetenskaplike kennis 'n noodsaaklike onderbou. Om 'n grens te trek tussen wetenskap en praktyk in die professie, is besonder moeilik, en die vraag of hier 'n duidelike saak uitgemaak kan word van waar die grens lê waar die wetenskaplike onderbou onnodig of nie meer noodsaaklik is nie, kan moeilik beantwoord word. Die hoofdoel van die beroepsopleiding aan 'n universiteit is om die opleiding tot die verhewe vlak van alle akademiese werk te verhef, wetenskaplike gesindheid en metode te ontwikkel en om al die essensiële hulp-wetenskappe by te bring tot versterking van die wetenskaplike basis; om die geestesgawes van die studenteverpleegster te ontwikkel en daardie hoedanighede vas te lê wat haar as 'n wetenskaplike laat ontwikkel, onder ander met liefde vir die waarheid, 'n drang tot navorsing, die vermoë om nie onmiddellik te oordeel nie, volharding, noukeurige waarnemingsvermoë, geduldigheid, objektiewe oordeel, onpartydigheid, 'n kritiese houding, noukeurigheid, versigtigheid, oordeelkundigheid, en onemosionele optrede. Word sodanig gevormde en ontwikkelde persoon in die beroep geplaas, dra sy al hierdie vermoëns oor in die toepassing daarvan.²⁾

Maar om duidelik te bepaal watter fenomene tot dié besondere gebied behoort en om die regte perspektief daarvan te kry moet onder meer vasgestel word (1) aan watter vereistes en elemente van 'n wetenskap Verpleegkunde moet voldoen, en (2) aan watter norme verpleging moet voldoen om as 'n professie te kan kwalifiseer.

1. Vgl. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Referaat gelewer by geleenheid van die jaarlikse interfakultêre lesings aan die P.U. vir C.H.O., 4 Maart 1970.

2. Ibid.

Ten einde genoemde stellinge te staaf en aan laasgenoemde uitvoering te gee, word ten eerste gebruik gemaak van definisies en algemene omskrywinge, 'n ontleiding, klassifikasies en samevatting van Verpleegkunde en verpleging, en ten tweede word, teen onder ander die gevolgtrekking as agtergrond, Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie omskryf.

3.2 Definisies en algemene omskrywinge van Verpleegkunde en verpleging

'It follows that the curriculum must be rich in learning experiences, both theoretical and practical, that will provide a foundation for the practice of nursing in a rapidly changing world. Fundamental to this goal is the inclusion of a liberal education, not only for its value to the individual but also as an aid in approaching patients, their families and communities with increased understanding and in enabling the nurse to communicate more confidently with other professionals.'¹¹

'In a broad sense nursing care is derived from what has been called the unique function of the nurse . . . to assist the individual, sick or well, in the performance of those activities contributing to health or its recovery (or to peaceful death) that he would perform unaided if he had the necessary strength, will or knowledge. And to do this in such a way as to help him gain independence as rapidly as possible.'

'Nursing . . . involves the whole patient: body, mind and spirit; promotes his spiritual, mental and physical health by teaching and by example; stresses health education and health preservation as well as

1. World Health Organization. Expert committee on nursing. Fifth report, Geneva 1966. Provision of quality and quantity in nursing service. World health organization technical reports series, 347:18.
2. Harmer & Henderson. Textbook of the principles and practice of nursing, p. 4-5; vgl. ook Henderson. The nature of nursing, p.84.

ministration to the sick; involves the care of the patient's environment, social and spiritual as well as physical; and gives health service to the family and community as well as to the individual.¹⁾

'Nursing is a service profession which carries with it all the implications of a social and scientific advancement in the prevention of illness, the actual care of the sick, and rehabilitation.²⁾

'The future nurse will clearly require a much more prolonged and intensive period of academic study, uninterrupted by clinical work in the hospital. In addition, new subjects will have to be included in the curriculum, such as immunology, biostatistics, genetics and some instruction in computers and electronics will certainly be required. In this way the future nurse will be able to understand the biological significance of disease and its treatment, and will easily fill her role as an important member of a team concerned with these problems.'³⁾

'Nursing as a profession embraces more than an art and a science, it is a blending of three factors; art, science and the spirit of unselfish devotion to a cause primarily concerned with helping those who are physically, mentally and spiritually ill. Nursing then, may be defined as a service to the individual which helps him to regain, or to keep, a normal state of body and mind; when it cannot accomplish this, it helps him to gain relief from physical pain, mental anxiety or spiritual discomfort.'⁴⁾

Verpleegkunde sluit in die 'bevordering van goeie gesondheid en die

1. Girard. A full partner in the health team. Suid-Afrikaanse verplegingstydskrif, 33 (12): 21, Desember 1966.
2. Dietz. History and modern nursing, preface.
3. Du Plessis. The challenge to the nursing profession. Suid-Afrikaanse verplegingstydskrif, 33(12): 31, Desember 1966.
4. Price. The art, science and spirit of nursing, p.2.

voorkoming van siekte, observasie en versorging van siekes, beseerdes, swakkes en gebrekkiges, toesig hou en opleiding gee aan personeel wat met die versorging van siekes te doen het en toediening van behandeling en medikasie soos voorgeskryf deur 'n mediese praktisyn of tandarts, gerigstreef onder die Mediese, Tand- en Aptekerswet van 1928.¹⁾

'In general, the philosophy of the School of Nursing is based upon the conviction that (1) nursing is a personal service, a unique form of social assistance, which prepares to assist Man in Need to obtain effective personal daily living during life periods complicated by demands for health care which are extraordinary to the individual; and that (2) education results in personal development which requires action from both student and teacher.²⁾

'The purpose of the Department of Nursing is to assist the student to become a professional person who is committed to the improvement of patient care, the development of the profession, and the betterment of the world community. Specific objectives are (1) to muster the knowledge and skills needed to give professional nursing service to persons in the home, hospital and community. (2) To share in the increasing social responsibility for health and welfare of individuals and groups in an expanding community. (3) To develop beginning administrative skills through directing nursing personnel in planning, giving, and evaluating nursing care. (4) To accept the commitment

1. Hierdie definisies is deur professor Searle in 1967 aan die studente vir die Diploma in Administrasie gegee.
2. The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies 1969-70. School of nursing, 55(2):163, 28th February 1969.

for personal and professional development.¹⁾

'To utilize the nursing process, incorporating scientific knowledge and humanistic concepts in the care of the individual, families and groups in a variety of settings . . . nursing deals dynamically with human needs.'²⁾

'It is concerned with promoting health as well as caring for sick and disabled people. . . It is difficult to define nursing because its scope is so wide and its activities so often determined by the situation. . . Working in this human content of interpersonal relationship means that nursing is dependent upon the total personality of the nurse . . .'³⁾

'Nursing is an interpersonal process whereby the professional nurse practitioner assists an individual or family to prevent, or cope with, the experience of illness and suffering and, if necessary, assists the individual or family to find meaning in these experiences.'⁴⁾

'Verpleegkunde kan omskryf word as 'n histories-empiries-teoreties-praktiese wetenskap, wat aan die mens van God, in sy totaliteit as liggaam-sielwese volgens sy geskape aard, doel, taak, roeping en bestemming, gesondheidsversorging verleen en in al sy gesondheidsbehoeftes voorsien. Om volwaardig aan die hoë eise van die twintigste eeu te voldoen en om tred te hou met die dinamiese moderne Mediese Wetenskap, benodig Verpleegkunde die hulp van ander vakke uit die geestes- of sosiale en natuurwetenskappe.'⁵⁾

1. Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. The programs of studies, 65(9):80, 1 May 1969.
2. Wayne State University, Detroit. Bulletin, 1969. Undergraduate program, 47(3):39, 15th March 1969.
3. McGill University, Montreal. Nursing at McGill, University education and the nurse, p.5.
4. Travelbee. Interpersonal aspects of nursing, p.5-6.
5. 'n Definisie wat deur professor J.P. van der Walt, hoof van die Departement Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O. geformuleer is. Hierdie departement het al etlike jare te doen met die sosiologiese aspek van verpleegstersopleiding.

Die boek 'Geschiedenis van de Brugse Verpleegsterschool' spreek duidelik, in die gees van Christelike naasteliefde, van die verskaffing van wetenskaplike kennis, karaktervorming en 'n relasie tussen die teorie en praktyk. Hierdie skoling van die studenteverpleegster word gedoen om aan die mens se gesondheidsbehoeftes te voorsien, as individu of in sy groepsverband.¹⁾

3.2.1 Analise en klassifikasie van definisies en omskrywinge
Uit die voorafgaande en ander definisies en omskrywinge wat algemeen oor die wese van die werksituasie aanvaar word, is implisiet en eksplisiet die volgende gemeenskaplike momente opgesluit: In bykans alle definisies en omskrywinge word veral drie sake onderstreep: (1) Verpleegkunde as 'n wetenskap en 'n proses met as onderdeel (2) 'n intensiewe verpleegstersopleiding en (3) verpleging wat die werksaamheid, beroep of professie is.

Die kenmerke hiervan is in breë trekke die volgende:

Uit bykans alle definisies en omskrywinge kan afgelei word dat Verpleegkunde veel meer as net die sentraal geplaaste, pasiëntgesentreerde kern behels. Primer, en soos die naam verpleging aandui, is dit 'n fisies-psigiese en sosiale reaksie teenoor die mens in nood maar met 'n ontwikkelingsgang van eeuw waarin die empiriese verpleging tot 'n vakwetenskap uitgegroei het wat alle fasette van die Verpleegkunde insluit en op hierdie wetenskaplike ondergrond word weer met vrug in die verpleging gebou.

Die veranderde menslike behoeftes, in 'n bepaalde werksituasie met werksverhoudinge, het verder aan Verpleegkunde heel ander waardes gegee. Dit

1. Van den Bon. *Geschiedenis van de Brugse Verpleegsterschool*, p.46-7.

is weliswaar so dat sodra patologiese toestande en hospitalisasie intree, die genesende faktor sterk op die voorgrond tree, maar vandag vorm dit slegs een faset van Verpleegkunde.

In die twintigste eeu kring Verpleegkunde se grense heelwat verder om sy pasiëntgesentreerde kern uit. Dit is 'n kunde en wetenskap wat nie alleen die mens in nood, in sy totaliteit as fisies-psigiese en sosiale wese insluit nie maar ook voorkomende geneeskunde. Om hierdie kerngebied is daar dan konsentriese sirkels. Die eerste hiervan is voorkomende geneeskunde en gesondheidsbevordering, met gesondheidsdienste en -voorligting aan die individu, die gesin en gemeenskap. Hierdie faset het veral in die huidige eeu in lande soos Amerika en Kanada veld gewen. In die Republiek van Suid-Afrika is dit 'n faset wat nog op veel meer ontwikkelinge wag. Nog 'n sirkel sluit rehabilitasie en nasorg in wat die mens weer tot produktiewe burgerskap help. Hieromheen sirkel die verpleegstersopleiding en -vorming om aan al die vereistes te voldoen.

Die basiese gedagte van verpleging is dus om siektes te voorkom, om gesondheid te bevorder, om met genesing te help deur die versorging van die sieke, sy rehabilitasie en nasorg; met ander woorde professionele verplegingsdienste word aan die individu maar ook aan die groepsverband voorsien.

Om aan die vereistes van so 'n omvangryke studieveld te voldoen word hoe eise aan Verpleegkunde en verpleging gestel wat onder meer 'n uitgebreide en deeglike teoretiese kennis maar ook hoogstaande vaardigheid

op tegnologiese gebied insluit. Dit is dus die primere taak van die verpleegstersopleiding en vorming om die studenteverpleegster tot die optimum van haar vermoë te ontwikkel om aan hierdie gespesialiseerde vereistes te voldoen. Verder sluit die Verpleegkunde die mens in sy totaliteit in, en om aan al hierdie gesondheidsbehoeftes van die mens te kan beantwoord kan hierdie wetenskap nie alleen funksioneer nie maar is dit op talle hulpwetenskappe uit die geestes- of sosiale en natuurwetenskappe aangewys.

Samevattend kan die volgende gestel word: Verpleegkunde is 'n vakwetenskap wat hom besig hou met die mens in sy totaliteit as fisies-psigiese en sosiale wese, 'n vakwetenskap wat gesondheidsversorging dien en in die mens se gesondheidsbehoeftes voorsien, en wat in die praktyk in hospitale, in die gemeenskap en in die gesinsmilieu deur goed toegeruste en geskoold akademies-tegnologiese beoefenaars, met verantwoordelikheds- en normbesef van hulle roeping, verrig word. Verpleegkunde vorm verder die wetenskaplike basis vir die verpleging as beroep en vir die verpleegstersopleiding. Hieruit volg nou die verdere behandeling: Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie.

3.3 Verpleegkunde as wetenskap

Daar bestaan meningsverskil oor die vraag of Verpleegkunde 'n wetenskap is - of dit voldoen aan die eise wat aan 'n wetenskap gestel word. By die verpleegsterswetenskaplike navorsing is wel ter sprake (a) die metode

1. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.18.

dit wil se 'n reeks logiese stappe wat deur die navorsing uitgevoer word, (b) die verifikasiësie,¹⁾ naamlik die toetsing van bevindings aan die aange-wese gronde en (c) gesistematiseerde kennis wat soos volg beskryf word: '... 'n teoretiese samestelling van 'n gegewe samehang. Met die vorming van die wetenskap wil die mens opsetlik (o.a.) begryp, beskryf, verklaar, verstaan en beoordeel, m.a.w. samehang (verband) ontdek, insien en teoreties weergee, d.w.s. sisteemvormend ken resp. gesistematiseerde kennis vorm.'²⁾ Maar om die wetenskaplikeheid te bevestig sal verpleegkundige navorsing aan die beginsels wat vir wetenskaplike denke voorgeskryf word, getoets word. In hierdie proses sal van die volgende stappe gebruik gemaak word, naamlik (1) 'n oorsig van bestaande definisies en norme van wetenskaplike metode, (2) analise van eersgenoemde en (3) toetsing van Verpleegkunde hieraan.

Aangesien die begrip kriterium of norm dikwels in beide die volgende afdelinge 'Verpleegkunde as wetenskap' en 'verpleging as professie' gebruik word, is 'n verduidelikking van die term hier paslik.

Die begrip kriterium of norm impliseer (a) 'n standaard waarvolgens 'n juiste beoordeling gemaak kan word,³⁾ (b) 'n beginsel of kenmerk om te onderskei,⁴⁾ (c) 'n beslissende kenmerk, maatstaf of rigsnoer,⁵⁾ (d) die ontstaan van bepaalde opvattingen wat dan as maatstawe of norme gebruik word vir seleksie, toetsing ensovoorts,⁶⁾ (e) 'elke positiewe regel die een bepaalde wijze van gedrag of handelen voorschrijft of verbiedt';

1. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.135.
2. Ibid.
3. Funk & Wagnalls. Standard dictionary of the English language, p.307
4. Schoonees e.a. Hat: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p.482; vgl. ook Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.29-36.
5. Van Wijk. Frank's etymologisch woordeboek der Nederlandsche taal, p. 203 en 717.
6. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.167 en vgl. ook ibid., p.166-72.

(f) Van Dijk stel dit verder so: 'de norm is juist die uiteindelike toespitsing op die concrete situatie hier en nu.'¹⁾ Deur middel van waarneming word fenomene blootgelê en die verklaring van die waarneming beteken weer die vorming van 'n sekere grondprinsiep.²⁾ So word daar met die tyd heen kernnorme op baie gebiede geformuleer wat dan dien as maatskappe om, byvoorbeeld, te kontroleer of 'n beroep oor professionele hedaanighede beskik al dan nie. Williams skryf: 'Social norms are rules for conduct. The norms are the standards by reference to which behavior is judged and approved or disapproved.'³⁾ In die verplegingsopleiding, byvoorbeeld, sal die Christelike beskouing die eerste stel finale norme daarstel; tweedens volg die norme volgens die nasionale lewens- en wêreldebekouing, en derdens die algemene grondslag van norme waarmee die verpleegstersopleiding tot 'n volwaardige beroep gerig en ontwikkel gaan word. Davis skryf in verband met sosiale norme dat in die menslike gemeenskap daar altyd elemente bestaan wat as dubbele realiteit beskou kan word. Aan die een kant is die normatiewe sisteem van wat behoort te wees en aan die ander kant die feitlike orde van wat is. Die normatiewe tree determinerend vir die feitlike op en word deur die verworwe kulturele patronen bygestaan. Die normatiewe element het 'n sterk instag op die verworwe kulturele patronen. Die norme is dikwels in konflik met die biologiese neiging - 'n norm tree as kontrole op. Teenoorgesteld hiervan oefen die feitlike orde weer invloed op die normatiewe sisteem uit, omdat die norme altyd tot die werklikheid moet terugkeer en die feitlike situasie in ag

1. Van Dijk. Mens en medemens; een inleiding tot die algemene socio-ologie, p.63.
2. Waterink. Theorie der opvoeding, p.45-6.
3. Williams. Norms. International encyclopedia of the social sciences, 12:204, 1968; vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.31.
4. Skrywer is bewus van ander godsdienstige geloofsvorme, maar hierdie werkstuk word vanuit 'n Christelike standpunt benader.

neem.¹⁾

3.3.1 Aanvaarde definisies van en norme vir 'n wetenskaplike metode

Wetenskap is volgens Cilliers geen konkrete verskynsel nie maar meer 'n metode van studie waarmee kennis en insig verkry word. Dit is meer 'n ondersoekmetode en bepaalde norme vir die toetsing van kennis, en met die toets van wetenskaplikeheid is die vraag derhalwe of kennis en insig volgens die studiewyse verkry kan word al dan nie.²⁾ Kemeny stel dit so: 'Om deze redenen zal ik het woord wetenschap gebruiken voor alle kennis die met behulp van de wetenschappelijke methode wordt vergaard... Daarom verwerp ik de definitie volgens de gangbare woordbetekenis en ga ik uit van de definitie op grond van de methode.'³⁾ 'The unity of all science consists alone in its method, not in its material. The man who classifies facts of any kind whatever, who sees their mutual relation and describes their sequences, is applying the scientific method and is a man of science.'⁴⁾ Aan die hand hiervan word vervolgens eers 'n aantal definisies en norme vir wetenskaplike metode gestel, waaraan die wetenskaplikeheid van die studie van verpleegkundige fenomene getoets sal word.

1. 'Wetenskap self is egter geen konkrete verskynsel of geformuleerde bewindings nie, maar veel eerder 'n metode van studie waarvolgens kennis en insig verkry word. Wetenskap behels dus eintlik 'n bepaalde studie- of ondersoek metode en sekere kriteria vir die toetsing van kennis volgens daardie metode van studie verkry word. Hierdie kriteria vereis essen-

1. Davis. Human society, p.52-7.

2. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.18 en ibid., p.26.

3. Kemeny. Een wijsgerige visie op de wetenschap, p.159.

4. Pearson. The grammar of science, p.16.

sieel dat die kennis van so 'n aard sal wees dat die geldigheid daarvan uitgetoets kan word en dat dit gebruik sal kan word om die onbekende te verklaar of te begryp en aldus te beheer. Essensieel behels hierdie kenwyse of metode van studie - genoem die wetenskaplike metode - 'n reeks logiese stappe wat deur die navorsing uitgevoer moet word en wat bestaan uit definisie, waarneming, verifikasie, analise en interpretasie. Saam vorm hierdie stappe die navorsingsproses.¹⁾

2. 'Geheel van die menslike kennis, kennis van feite, verskynsels en wette, verkry en bewys deur waarneming, eksperiment en logiese redenering, 'n studieveld, kennisafdeling bestaande uit sistematiese gerangskikte feite wat op algemene beginsels berus.'²⁾
3. 'In die lig van genoemde vyf norme vir wetenskaplikheid, naamlik die hoe, die waarom, die wat, die metode en die sisteem kan die begrip 'wetenskaplik' miskien op sy eenvoudigste soos volg geformuleer word: dit is daardie soort kennis wat langs sistematiese weg van 'n bepaalde objek in sy verskyningsvorme . . . verkry is deur daardie objek in sy verskyningsvorme met sy gronde te probeer verbind en tot 'n sisteem uit te bou wat op algemeenheid en noodwendigheid aanspraak maak.'³⁾
4. 'Wetenschap is niet anders dan het doordachte systeem, dat het alge-
meen-menschelijk denken zich vormt aangaande het wereldeheel. Daarom houdt de wetenschap zich besig met de vraag naar de wording en den samenhang van den kosmos - In verband hiermede kunnen we wetenschap in enge-
ren en wetenschap in ruimeren zin onderscheiden. De wetenschap in engere

1. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.18; vgl. ook ibid., p.25.

2. Schoonees¹ e.a. Hat: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p.1053.

3. Oberholzer. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p.94.

zin heeft tot object de verschijnselen der wereld en de vaste, empirisch na te speuren wetten, welke deze verschijnselen beheerschen . . . de wetenschap in ruimeren zin daarentegen daalt af naar de diepte. Wanneer het algemeen-menschelijk denken zich klaarlijk bezonnen heeft op de grondproblemen en wanneer dat denken voorts gegrepen heeft den feitlijken en wetmatigen samehang in de wereld der verschijnselen, dan kunnen wij spreken van wetenschap en dan heeft de wetenschap een algemeen dwingend gezag.¹⁾

5. 'Ik meen dat het definiëren van de wetenschap aan de hand van haar methode de enige vorm van definitie is die aan deze voorwaarden voldoet . . . Om deze redenen zal ik het woord wetenschap gebruiken voor alle kennis die met behulp van de wetenschappelijke methode wordt vergaard . . . De wetenschappelijke methode definieerden we als een cyclisch proces van inductie, deductie en verificatie, en als een eeuwig zoeken naar verbetering van theorieën die we slechts voorlopig aanhangen . . . Voor alles is de man van wetenschap een waarnemer. Vervolgens probeert hij volledig en algemeen te beschrijven wat hij zag en wat hij in de toekomst verwacht te zien. Daarna doet hij voorspellingen op grond van zijn theorieën, die hij weer aan de hand van feiten controleert . . . Die eerste stap voert ons van die oorspronkelijke waarnemingen naar de theorieën. We kennen dit als „inductie“ of theorievorming op grond van feitekennis . . . Elk eindig aantal van deze feiten kunnen we toetsen. De onderzoeker moet dus uit zijn algemene wetten een voorspelling zien te krijgen over wat

1. De Hartog. Religie en wetenschap, p.3-4.

er in feite, . . . zal gebeuren. Deze stap doet voor ons de „deductie“ of afleiding, die logische analyse van wat de algemene wet zegt over een bijzondere gebeurtenis . . . Dan is hij klaar om terug te gaan naar de feiten om te zien of hij gelijk had met zijn voorspelling. Deze derde en laatste stap, die bestaat uit proeven of waarnemingen, is de „verificatie“ van de theorie.¹⁾

6. Wetenskap, as algemeen aanvaarbare omskrywing, 'is tegnies-metodies soveel moontlik geverifieerde en tegnies-metodies soveel moontlik gesistematiseerde kennis.'²⁾

7. 'Maar waarneming van feiten vormt nog geen wetenschap, zij is slechts middel om tot wetenschap te komen. Deze bestaat in het constateren van verband tussen de feiten, op grond waargenomen regelmatigheid. Het geconstateerde algemene, regelmatige verband, de geconstateerde wetmatigheid, vormt de wetenschap.'³⁾

8. 'Deze taak is dezelfde als die van alle wetenschap. Dus in de eerste plaats de kennis en vastlegging der feiten; in de tweede plaats de ontdekking der regelmatigheden, alias wetten, in die feiten; in de derde en laatste plaats: de verklaring der bijzondere feiten.'⁴⁾

9. 'In een empirische wetenschap tracht men . . . kennis te verwerven omtrent een bepaalde, door de wetenschap in kwestie bestreken, sector van die werkelijkheid of van de wereld. Proberen wij dit „verwerven van kennis“ nader te omschrijven op een zodanige wijze dat alle wetenschappelijke activiteiten erin worden omvat, dan kan dit misschien het beste geschieden door de volgende reeks begrippen. De wetenschapsbeoefenaar

1. Kemeny. Een wijsgerige visie op de wetenschap, p.83-6 en ibid., 159.
2. Stoker. Beginsels en methodes in die wetenskap, p.137.
3. Bierens de Haan. Sociologie, ontwikkeling en methode, p.36.
4. Steinmetz & Kruijt. Inleiding tot de sociologie, p.66.

tracht in zijn sector die verschijnselen die zich door ervaringsprocessen aan hem voordoen, systematisch te beschrijven, te orden, te registreren, te begrijpen, te verklaren; daarbij is hij er in het bijzonder op gericht nieuwe verschijnselen te kunnen voorspellen, om tenslotte via die voor-spelbaarheid de sector in kwestie te kunnen beheersen, c.q. de verschijn-selen te kunnen beïnvloeden.¹⁾

10. '... wetenschap wordt beheerst door haar probleemstelling, maar die probleemstelling bepaalt tevens wat het object van wetenschap is ... Alle wetenschapsbeoefening berust op abstractie.'²⁾

11. Van Melsen skets ook nog die volgende algemene eienskappe vir alle wetenskappe. Die wetenskap moet metadies strewe na 'n logiese samehang, met ander woorde daar moet metode in die ondersoek en resultaat wees. Die wetenskap moet onbaatsugtig wees. Dit moet aan die norme voldoen deur in die onbaatsugtige diens van die waarheid te staan, met ander woorde dit moet ook vir die praktyk geldig wees. Dit moet 'n algemeenheids-karakter hê, wat van wêreldomvang of lokaal kan wees, byvoorbeeld 'n algemene invloed op kultuur. Wetenskap behoort objektief te wees, dit wil sê deur die objek geleei. Die wetenskap moet verifieerbaar wees, met ander woorde die verklaringshipotese moet getoets kan word. Dit moet kommunikeerbaar wees deur 'n eie wetenskaplike taal en terminologie. Dit moet oor progressiwiteit beskik, met ander woorde 'n wetenskaplike antwoord moet weer nuwe vrae en nuwe probleme oproep. Progressiwiteit beteken nie net die wetenskaplike vooruitgang nie, maar geen wetenskap-

1. De Groot. Methodologie, p.19.

2. Van Dijk. Mens en medemens; een inleiding tot de algemene sociologie, p.9.

like teorie is definitief nie, dit bly vatbaar vir kritiese beskouing in die sin van nuwe gegewens. Die wetenskap moet bruikbaar wees, wat 'n gevolg van die algemene vervlewing van die teorie en praktyk is. In 'n sekere sin is die eis van bruikbaarheid ook 'n verruumde vorm van die eis van eksperimentele verifikasiëring.¹⁾

12. Om die wetenskaplikheidsproses te bepaal moet die volgende punte in ag geneem word: 'die afbakening van die terrein van ondersoek en hiermee samehangende die noodsaaklikheid van noukeurige feitbeskrywing, probleemformulerung, hipotesevorming, verifikasiëring en interpretasie.'²⁾

13. Universitêre metode is wetenskaplike metode, en die student moet sodanig gevorm word dat sy haar beroep kan ontleed en bevruug vanuit die wetenskap wat sy met die oog daarop bestudeer het. Wetenskaplike gesindheid is die oordraagbare element, en dit is die gesindheid wat die student as metode moet aankweek.³⁾ Volgens Coetze bestaan hierdie wetenskaplike metode uit ses trappe: (1) die ontstaan van 'n moeilikhedsbesef, (2) 'n probleemstelling, (3) 'n hipotese, (4) 'n verklaring of oplossing, (5) verifiëring en (6) beoordeling of interpretasie.⁴⁾

3.3.2 Analise van definisies van en norme vir 'n wetenskaplike metode

In die lig van die voorafgaande definisies en omskrywinge blyk dit dat wetenskap as sodanig geen meetbare konkrete verskynsel is nie maar 'n bepaalde studie- of ondersoekmetode met sekere norme vir die toetsing van kennis wat deur die studiemetode verkry word, met ander woorde kennis wat met behulp van 'n wetenskaplike metode vergader word. Die wetenskaplike

1. Van Melsen. Wetenschap en verantwoordelikheid, p.87-9.

2. Oberholzer. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p.96.

3. Vgl. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die jaarlikse interfakultêre lesings aan die P.U. vir C.H.O., 4 Maart 1970; Van Zyl e.a. Universiteit en onderrig, p.31-1

4. Coetze. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.20-1.

metode word weer beskou as 'n reeks logiese stappe, die navorsingsproses. Van Melsen stel dit so: Die eerste eis is dat die wetenskap 'methodisch moet streven naar een logisch samehangend geheel. Dit betekent systeem in het onderzoek (methode) en systeem in het resultaat (logische opbouw).¹⁾

Die gemeenskaplike waarheidsmomente wat in die voorgaande definisies en omskrywinge opgesluit lê, is dat die wetenskap aan die volgende vereistes van norme moet voldoen, en dit is tegelyk sowel die verloop as die vrug van die navorsingsproses:

1. Die afbakening van die terrein van ondersoek en probleemformulering.
2. Waarneming en insameling van feitekennis.
3. Hipotese- en teorievorming.
4. Verifikasie.
5. Metode en logiese opbou.
6. Onbaatsugtigheid.
7. Algemeenheidskarakter.
8. Objektiwiteit.
9. Kommunikeerbaarheid.
10. Progressiwiteit en kritiese beschouing.
11. Bruikbaarheid.

3.3.3 Verpleegkunde en die toepassing van genoemde norme in die wetenskaplike metode

1. Afbakening van terrein van ondersoek en probleemformulering

In hierdie omskrywing gaan dit om die formulering van 'n probleemstelling

1. Van Melsen. Wetenschap en verantwoordelikheid, p.87.

en metode vir 'n navorsingsprojek binne die studiegebied van Verpleegkunde. Robert Merton e.a. onderskei drie komponente in die progresieve formulering van 'n probleem, naamlik die aanleidende vraag, die rasionale of rede waarom die vraagstuk opgelos of beantwoord moet word en die spesifikasie of moontlike antwoorde op die aanleidende vraag om die rede te bevredig.¹¹ Met ander woorde hier moet 'n duidelike probleem in die vorm van 'n vraag wees wat deur navorsing beantwoord moet word. Verder is dit meestal nodig om die navorsingsgebied volgens bepaalde norme af te baken wat na die doel en aard van die probleem aangewend word.

Verpleegkunde as wetenskap bied tale navorsingsmoontlikhede en dus probleemstellinge, en sonder navorsing sal selfs die mees primitiewe lewensbehoeftes ten opsigte van die gesondheid onbevredigend aangebied word. Hierdie probleemstellinge kan wees leemtes, ontbrekende skakels, diskontinuiteteite, teësprake met ander feite of die algemene verwagting, hoekom sekere komponente so saamhang, waarom uit waargenome komponente nie alleen rekenskap van gehele gegee kan word nie; die probleemstellinge kan ook van administratiewe aard wees, ensovoorts. In al bovennoemdes word die navorsing met probleme op teoretiese en praktiese gebied gekonfronteer. In Verpleegkunde ontbreek dit dan nie aan probleemstellinge nie en tale navorsingsprojekte kan en word aangepak.

2. Waarneming en die insameling van feitekennis

Die wetenskaplike metode as navorsingsproses sluit die element van waar-

1. Merton a.o. Sociology today; problems and prospects, p.xiii.

neming in, met ander woorde dit is alleen op verskynsels wat op direkte of indirekte waarneming berus, toegespits.¹⁾ Cilliers verklaar voorts dat wetenskaplike navorsing derhalwe gedefinieer kan word 'as die doelbewuste en noukeurige soektog na nuwe kennis of na die herinterpretasie van reeds bestaande kennis . . .'.²⁾ Wanneer Pearson die funksie van die wetenskap opsom as 'the classification of facts, the recognition of their sequence and relative significance is the function of science' dan het dit betrekking op die empiries verifieerbare stellinge,³⁾ terwyl De Groot in die aanhaling van punt 9 dit pertinent stel dat dit in die empiriese wetenskap oor die werklikheid gaan.⁴⁾

So word daar noukeurige feitekennis van die studiegebied verkry. Verpleegkunde leen hom veral goed vir die versameling van feitekennis in die wereld waar die waarneming onder natuurlike en noukeurig beplande, praktiese omstandighede die kersmiddel is. Verpleegkunde versamel en vorm hoofsaaklik kennis met die oog op toepassing, en dan gaan dit om die metode waarmee kennis wetenskaplik toegepas kan word.

3. Hipotese- en teorievorming

Nadat die afbakening van die navorsingsgebied, die probleemstelling, die waarneming en insameling van feitekennis voltooi is, volg die formulering van hipotese en teorieë. 'Iedere wetenskap heeft haar eigen middelen van observatie en experiment, haar eigen type van hypotheses en theorieën.'⁵⁾ In werklikheid is die formulering van hypotheses die finale stadium van die proses van probleemstelling.⁶⁾

1. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.21; vgl ook Oberholzer. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p.97.
2. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.25.
3. Pearson. The grammar of science, p.11.
4. De Groot. Methodologie, p.19.
5. Van Melsen. Wetenschap en verantwoordelikheid, p.17.
6. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.38.

Van die onverklaarde feitekennis moet rekenskap gegee word en dit geskied deur middel van verklaringshipoteses.¹⁾ Stoker stel dit dat op grond van die reëlmataigheid wat gevind word, 'n hipotese opgestel word wat 'n voorlopige en moontlike verklaring van die gestelde probleem is.²⁾ In verklarende wetenskaplike navorsing neem hipotese gewoonlik die vorm van 'n teoretiese vraagstuk aan wat, indien dit deur navorsing bevestig word, die status van wetenskaplike stellinge of wette kry. Kemeny om-skryf dit so: 'Ik noem zo 'n oordeel een hypothese zolang het nog sterk in twijfel wordt getrokken en een theorie als we het hebben aanvaard.'³⁾ Hy skryf ook dat vanaf die oorspronklike waarneming daar na die teorie beweeg word. 'We kennen dit als „inductie“ of theorievorming op grond van feitekennis.'⁴⁾

Soos reeds gemeld is, beskik Verpleegkunde nog oor 'n enorme wetenskapsterrein wat op navorsing wag, en as daar 'n navorsingsgebied afgabaken kan word, is dit logies dat die ander stappe in die navorsingsmetode kan volg. Die Verpleegkunde is dan ook ten opsigte van hierdie faset wetenskaplik georiënteerd.

4. Verifikasié of toetsing

Die logiese wat op die hipotese en teorievorming volg, is die verifikasié van feite. Deur middel van induksie vorm die navorsing 'n teorie om die waargenome feite te verklaar. Wanneer die oordeel nog sterk betwyfel word, word dit as 'n moontlike teorie of hipotese beskou, maar sodra die oordeel aanvaar word, is 'n teorie ter sprake.⁵⁾ Deur die

1. Oberholzer. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p.98.

2. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.92.

3. Kemeny. Een wijsgerige visie op de wetenschap, p.89.

4. Ibid., p.84.

5. Ibid., p.89.

teorieë word die algemene reël bepaal en die besondere konkrete dinge daaronder georden. Omdat slegs afsonderlike feite waargeneem kan word, moet afsonderlike gevolge van 'n teorie geverifieer word en nie die algemene teorie nie. Die deduktiewe stap is daarop gerig om 'n paar afsonderlike waargenome feite uit die algemene teorie af te lei en dit deur regstreekse waarneming te kontroleer.¹⁾

By die kontrole van die teorie moet die gevolg daarvan afgelei word en deur waarneming geverifieer word. Die verifikasieproses berus op die kontrole van voorspellinge deur waarneming en op die toekennung van 'n groter of geringer geloofwaardigheid aan die teoriebesit op grond van die resultaat. Indien die geloofwaardigheid hoog is, word so 'n teorie aanvaar, of as dit laag is, verworp. Die moontlike teorie of hipotese behou sy geldigheid net solank dit deur die feite bevestig word.²⁾

Om die verifikasieproses te illustreer kan dit aan die hand van 'n voorbeeld uit die Verplegingswetenskap self gedoen word. Ingesamelde feite toon dat studente met universiteitsvrystelling maar wat handels-, tegniese en huishoudkundevakke in hul skooleindjaar geneem het, Verpleegkunde moeiliker vind en dat hierdie vaksamestelling 'n groter verlies van verpleegsters meebring as by studente met 'n meer natuurwetenskaplike vakkeuse soos Wiskunde, Wetenskap, Biologie, ensovoorts. Uit hierdie feite word nou deur middel van die induktiewe metode 'n teorie geformuleer om die feite te verklaar. Die navorsing maak deduktief uit die algemene wette 'n voorspelling dat studente met meer natuurweten-

1. Kemeny. Een wijsgerige visie op de wetenschap, p.92.

2. Ibid., p.94-5.

skaplike vakke in hul skooleindjaar beter in Verpleegkunde sal vaar en dat dit onder andere die tekort aan verpleegsters sal help verlig. Om die geldigheid van hierdie voorspelling te kontroleer moet die navorsing teruggaan na die feite van die teorie om dit deur proewe en waarnemings te verifieer.¹⁾ Weens die praktiese aard van die studierende van die Verpleegkunde kan verifikasiëring met groot vrug toegepas word.

5. Metode

Na aanleiding van bovenoemde voorbeeld gaan die Verpleegkunde soos enige ander wetenskap metodies te werk. As toegepaste wetenskap vorm Verpleegkunde 'n voedingsbron vir feitemateriaal, en die verpleegkundige navorsing begin met die noukeurige waarneming en versameling van feitekennis. Deur middel van die induktiewe metode volg die teorie en deur die deduktiewe metode word 'n voorspelling geformuleer. Om die geldigheid van die voorspelling te staaf gaan die ondervinder terug na die feitekennis van die teorie, en met behulp van proewe en waarnemings word die teorie geverifieer.²⁾

6. Onbaatsugtigheid

Verpleegkunde voldoen aan hierdie norm deurdat dit ook vir die praktyk geldig is.

7. Algemeenheidskarakter

Ook aan hierdie vereiste voldoen Verpleegkunde, omdat dit van wêreldomvang is, maar ook lokale invloede het.

1. Vgl. Kemeny. Een wijsgerige visie op de wetenschap, p.92.

2. Vgl. Van Melsen. Wetenschap en verantwoordelikheid, p.87; Kemeny. Een wijsgerige visie op de wetenschap, p.84; De Groot. Methodologie, p.19.

8. Objektief en verifieerbaar

Wetenskaplike kennis verskil van ander kennis in soverre dit objektief en georden is. Objektiwiteit wat 'n vereiste vir wetenskaplikheid is, impliseer dat die navorsing se subjektiwiteit nie sy waarneming en ordening van kennis sal beïnvloed nie. So word Verpleegkunde deur 'n eie objek geleei wat verifieerbaar en objektief is.¹⁾

9. Kommunikeerbaar

Soortgelyk aan die Mediese Wetenskap beskik Verpleegkunde oor 'n eie wetenskaplike taal en terminologie.

10. Progressiwiteit en kritiese bekouing

Verpleegkunde voldoen aan beide vereistes deurdat die wetenskap dinamies van aard is. As gevolg hiervan word nuwe vrae en nuwe probleme voortdurend opgeroep, wat wetenskaplike vooruitgang maar ook kritiese bekouing oor nuwe gegewens beteken.

11. Bruikbaarheid

Die vervleugeling van die praktyk en teorie maak van Verpleegkunde by uitstek 'n sosiaal bruikbare wetenskap.

3.4 Enkele trekke van die wese van Verpleegkunde as toegepaste medies-sosiale wetenskap

Verpleging word omskryf as 'n praktyk wat diens aan die mens in sy

1. Vgl. Cilliers. Maatskaplike navorsing, p.24.

totaliteit as psigies-fisiese en sosiale wese in gesondheidsnood behels. Om aan dié doel te beantwoord word ten eerste geredeneer dat die Verplegingswetenskap net soveel natuurwetenskaplik as sosiaal-wetenskaplik is, omdat daar, tereg ook, 'n balans tussen die psigies-fisiese en die sosiale gehandhaaf moet word. 'n Tweede mening is dat die wetenskap oorwegend natuurwetenskaplik is, omdat daar van soveel moontlike natuurwetenskaplike kennis gebruik gemaak word tot bereiking van die doelstelling. Nog 'n derde mening gaan van die standpunt uit dat dit 'n wetenskap in diens van die mens is met die verplegingsdaad en versorging van die mens as kerngedagte. Die standpunt is dus dat die persoonlikheid van die mens as sosiale wese al sy psigiese vermoëns, dit wil sê die verstand, gevoel, wil, denke, geheue en die strewings-lewe sowel as sy fisiese vermoëns insluit.

Die natuurwetenskaplike kennis word aangewend om die fisiese gebreke te herstel en dit gesond te hou, maar 'n gesonde liggaaam huisves 'n gesonde gees, en dis hierdie geestelike vermoëns wat die kern van die menslike wese is. Dit is so dat 'n beskadiging van die breinsubstansie die mens onbewus van sy bestaan maak, en dan is dit bloot 'n fisiese behandeling wat benodig word. Verder is dit van aktuele belang dat die mens in die laaste fase van lewe, wanneer geen fisiese hulp meer sal baat nie, nog geestelike versorging benodig. Dit is ook waar dat wanneer die mens ernstig siek is, hy kwaai pyne moet verduur of tydens 'n

langdurige siektetoestand tydelik psigies wangebalanseerd raak. Verder is dit bekend dat 'n psigiese toestand, veroorsaak deur 'n langdurige bekommernis, die fisiese kan affekteer - dink aan duodenale ulsera - maar die teenoorgestelde is net so bekend, naamlik dat fisiese ongesteldheid die psige kan versteur. Hierdie voorbeeld toon die belangrikheid van die balans tussen die psigiese en die fisiese in die menslike lewe. Maar dit is veral die psigiese aspek van die pasiënt waarmee die verpleegster in relasie is, terwyl die fisiese behandeling van korte duur of met tussenposes kan wees. Die hele pasiënt-verpleegsterverhouding is uiteraard sosiaal in wese, en verpleging brei vanaf die individu na die gesin, die familie, die gemeenskap en die volk uit. Verpleging het dus nie net met die herstel van die fisiese te doen nie, maar dit sluit ook voorkomende geneeskunde vir die breë publiek in, asook rehabilitasie en nasorg; hierdie groot aspekte is beslis sosiaal georiënteerd.

Op grond van die voorafgaande uiteensetting is navorsing van oortuiging dat verpleging as diensbetoon aan die individu maar ook aan die groep in sy doelstelling effens meer 'n sosiale wetenskap as 'n natuurwetenskap is. Dit behels die gesondheidsversorgingswetenskap van die mens in sy totaliteit as individu en in sy groepsverband. Dit is juis die woord 'versorging' wat die bepalende faktor word. Die versorgingsaspek vorm ook die verskil tussen die Mediese en die Verplegingswetenskap. Die Mediese Wetenskap kan as 'n natuurwetenskap beskryf word, omdat die doelstelling en die hele wetenskaplike navorsing die regte medikament, die

elektrolietbalans, die regte operasie, ensovoorts, beklemtoon. Selfs oor die vraag of Geneeskunde 'n suiver toegepaste natuurwetenskap is, begin twyfel ontstaan. Na 'n bespreking van die mens in 'n siektetoestand (as 'n psigies-sosiale wese) stel Myburgh die vraag: 'Is die Geneeskunde dan nog onomstootlik, bo alle twyfel, definitief, suiver toegepaste natuurwetenskap, wat die toevallige versteuring op mikrobiogeneiese en fisiologiese vlak van 'n definitiewe orgaan, met 'n bepaalde funksie as studieveld het?'¹⁾ Die verpleegster pas die behandeling toe; laasgenoemde kan wel natuurwetenskaplike van aard wees, byvoorbeeld die toets van urine, die behandeling van 'n wond ensovoorts, maar die meer duursame verhouding is nog die patiënt-verpleegsterverhouding in 'n psigies-sosiale verband. Die slotsom waartoe gekom word, is dus dat Verpleegkunde 'n toegepaste medies-sosiale wetenskap is. Daarom dan ook die naam B.Art. et Scien. (Verpleegkunde), P.U. vir C.H.O., wat duidelik aantoon dat Verpleegkunde se studiemateriaal uit beide die sosiale- en natuurwetenskappe getrek word.

3.4.1 Die objek, uitgangspunt en kompleksiteit van Verpleegkunde

Die Verpleegkunde neem doelbewus die nood en behoeftes van die praktyk as sy uitgangspunt.²⁾ Dit rig hom op die wetenskaplike studie van die verskynsel van die voorkoming van siektes, genesing daarvan, rehabilitasie en nasorg en gebruik daarby alle wetenskappe wat by sy probleemoplossing van waarde is. Verpleegkunde het ook die karakter van 'n normatiewe wetenskap deurdat dit nie net die feitlike van die genoemde

1. Myburgh. Wat is geneeskunde? Geneeskunde, 10(3):57, Maart 1968.
2. Vgl. Bierens de Haan. Sociologie, ontwikkeling en methode, p.10.

aspekte ondersoek nie maar van hoe dit behoort te wees in die lig van die vereistes van die natuurlike godsdienstnorm van die mens.

Verder maak Verpleegkunde aanspraak op eenheid en eiesoortigheid in die ondersoek van 'n gebied van die ervaringsverskynsel, naamlik verpleging. Dit is moeilik om 'n presiese gebiedsafbakening vir die Verpleegkunde te maak, omdat dit die mens in sy totaliteit as fisies-psigiese en sosiale wese ten opsigte van gesondheid betrek. Maar tog word getrag om gedeeltes van daardie gebiede af te baken waarop die verplegingsfenomeen selfs wys dat hulle met verplegingsvraagstukke verband hou. Dus val die terreine van die hulpwetenskappe van die Verpleegkunde buite hierdie gebied en word slegs betrek vir sover hulle verband hou en van waarde kan wees.

3.4.2 Die verhouding en verband tussen Verpleegkunde en sy hulpwetenskappe in breë trekke

Die belangrikste en die nouste verwantskap bestaan tussen die Mediese Wetenskap en die Verpleegkunde, omdat hulle belangstelling en problematiek in dieselfde studierrein geanker is maar met slegs 'n aksentverskuiwing. Die chirurg doen byvoorbeeld die operasie, die internis diagnoseer die siektetoestand, beide skryf behandeling voor, maar dit is die verpleegster wat oorneem om die voorgeskrewe behandeling ten uitvoer te bring. Die Verpleegkunde kan op verskeie terreine nie sonder die geneesheer funksioneer nie, maar andersyds is die geneesheer op die Verpleegkunde aangewys - dink aan die administrasie, organisasie en behandeling in groot hospitale. Slegs 'n harmonie tussen die twee wetenskappe

kan die beste versorging van die pasiënt verseker. Die verpleegster moet in noue voeling met die geneesheer bly, en met haar uitnemende vorming en opleiding aan universiteite en kolleges en met die sterk korrelasie tussen die teorie en praktyk in Suid-Afrika beskik sy oor al die potensialiteite om as 'venoot' van die geneesheer op te tree.

Daar mag nie 'nwig tussen geneesheer en verpleegster, by name deur die geneesheer-assistent en tegnikus, ingedryf word nie. 'Die Verpleegstersvereniging het reeds 'n beleidsverklaring hieroor uitgereik waarin hulle dit duidelik stel dat dit nie geduld sal word as 'n ander kategorie gesondheidswerker tussen die dokter, die verpleegster en die pasiënt staan nie.'¹⁾ Die toegeruste en geskoold verpleegster, met haar kennis van die sieke, is en bly die aangewese persoon om ook die kliniese gedeelte ten volle te behartig. As professionele en vakwetenskaplik opgeleide kan die verpleegster ook nie van die onprofessionele assistent en tegnikus bevele neem nie. 'The nurses of South Africa stand by the policy statement . . . that registered professional nurses only work with registered medical practitioners.'²⁾ Dit is trouens logies dat 'n opgeleide verpleegster die aangewese persoon is om ook hierdie kliniese gebied te behartig, eerder as die leek met geen mediese agtergrond nie. 'The nursing profession looks to the medical profession to keep a second-grade of doctor or physicians' assistant out of this country, for both medicine and nursing will suffer irreparable damage from such a step and the one who will pay the greatest price in the end will be John Citizen.'³⁾

1. Anon. Nee dankie vir tweederangse geneeshere! Dagbreek en Landstem, 23(8): 2 kol.(5), 5 April 1970.
2. Searle. No need for physicians' assistants in South Africa. S.A. Verplegingstydskrif, 37(3): 24, Maart 1970.
3. Ibid.

Om te verhoed dat die assistent en tegnikus tussen geneesheer en verpleegster inskuif, moet die Verpleegkunde die studenteverpleegster ook in hierdie gedeelte, wat die bestaan van genoemdes nodig maak, deeglik skool en die leerstof in die curriculum inkorporeer. Hier word onder andere gedink aan: intraveneuse vloeistofterapie, hantering van masjiene en ander apparaat onder ander die Birdrespirator, die monitor, apparaat en masjiene vir die toediening van suurstof en so meer, die hegting van sekere wondtipes, die neem van bloedmonsters, die doen van episiotomies en ander.¹⁾

Die logiese oplossing is om hierdie ontbrekende gedeelte tussen die geneesheer en verpleegster, in noue voeling met die behoeftes van die geneesheer, aan te vul. Dit kan in die basiese opleiding 'n aanvang neem en later voortgesit word op intensiewevlak in die magistersgraad, waar daar werklike spesialisasie op kliniese gebied onder ander in die intensiewe verpleging, plaasvind. Om die Mediese Wetenskap dus tot volle produktiwiteit aan te vul, moet die Verpleegkunde van die mediese kennis gebruik maak om dit weer tot voordeel van die verplegingsverskynsel te verwerk.²⁾

Farmakologie is die tweede verwante hulpwetenskap, en vorm saam met Verpleegkunde en die Mediese Wetenskap 'n belangrike drie-eenheid op die gesondheidsterrein. Die Farmakologie verskaf die geneesmiddele, maar die verpleegster moet dit toedien, die positiewe en negatiewe reaksies waarneem en daarop, indien nodig, reageer - dus moet die ver-

1. Tydens 'n bespreking met lede van die S.A. Verpleegstersraad, naamlik professor C. Searle, mej. A.S. Latsky en mnr. W. van Schalkwyk (registereur) op die 14de April 1970, is die goedkeuring vir die uitvoering van onder ander bogenoemde prosedure deur die Raad bevestig; vgl. ook Myles. A textbook for midwives, p.596.
2. Kyk hoofstuk 2. Let op die noue verwantskap tussen Geneeskunde en Verpleegkunde in hulle ontwikkeling deur die eue heen.

pleegster oor 'n sekere farmakologiese kennis beskik. Sy moet ten eerste weet watter medikament gegee moet word, wanneer om dit te gee en hoe om dit toe te dien. Vervolgens moet sy die gebruikte ken, toksiese simptome of die resultaat wat verwag word herken, en enige ongewenste simptome en tekens onverwyld rapporteer.¹⁾

Die Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk verskaf kennis van die gedrag en verhoudinge van die mens in sy sosiale verband, en dit behoor te lei tot beter hantering en versorging van die sieke. Genoemde sosiale wetenskappe het die samelewingsaspekte en -probleemstellinge as studegebied. Hierdie sosiale wetenskappe bied kennis wat produktief deur die Verpleegkunde in die uitvoering van sy taak gebruik word. Sosiologie is 'de wetenschap der sameleving,'²⁾ wat onder meer die sosiaal-pathologiese verskynsels³⁾ en ook die normale gemeenskap, die groepe, die sosiale interaksies, handelinge en gebeurtenisse tussen mense, sosiale organisasies, en so meer, bestudeer, en dit vorm 'n onderdeel van die algemene verpleegstersopleiding. Maar, Sosiologie moet op die daagliks werk en kontakte van die geneesheer en die verpleegster betrekking hê, anders is dit waardeloos.⁴⁾ Net soos die maatskaplike werker met die mens as psigosomatiese maar ook as siek wese kontak maak, net so kom die verpleegster met die maatskaplike probleme wat hulle invloed op die

1. Falconer a.o. *The drug, the nurse and the patient*, p.65-70; Wilson & Schild. *Clarks' applied pharmacology*, p.1-35; *The Catholic University of America. Washington. Undergraduate studies*, 1969-70. *School of nursing; philosophy and aims*, 55(2):163, 28th February 1969.
2. Bierens de Haan. *Sociologie, ontwikkeling en methode*, p.1; Steinmetz & Kruijt. *Inleiding tot de Sociologie*, p.1-26.
3. Vgl. onder meer Loedolff en Louw. *Dwelmiddels: wat, hoe en waarom?* p.1-108.
4. Sellew. *Sociology and its use in nursing service*, p.1-2 en ibid., p. 1-200; Banning. *Moderne maatschappij - problemen!*, p.20-7; Du Toit e.a. *Afwykende gedrag; 'n studie van enkele maatskaplike probleme*, p.3; Ellwood. *Sociology; principles and problems*, p.20-7; Bogardus. *Sociology*, p.3-32; Lennon. *Sociology and social problems in nursing*, p.22-30; Van der Walt. *Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. O gepubliseerde M.Ed.-verhandeling*, Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 196 hoofstuk 3.

mens se welsyn en herstel het, in aanraking. Daarom sal kennis van Maatskaplike werk werklike waarde vir Verpleegkunde inhoud.¹⁾ Die mens as voelende, denkende en willende wese kom na die hospitaal in 'n minder of meerder mate van gespannendheid en met al sy/haar probleme, en dis hierdie mens wat aan die verpleegster toevertrou word. Verder is dit logies dat, veral wanneer hy ernstigiek is, die mens in 'n mate psigies ongebalanseerd is. 'n Verpleegster met kennis van Psigologie en van psigopatologiese afwykings kan aan die psigiese behoeftes van die pasiënt aandag gee, iets wat sy/hy in dié tyd veral nodig het. 'Die doel van die Sielkunde is dan om die menslike natuur te bestudeer en dit beter te verstaan.'²⁾ In die Verpleegkunde gaan dit dikwels oor die funksionele siekte in teenstelling tot die organiese, sekere vorms van kranksinnigheid en sekere sensieiektes waar die probleem in die emosionele lewe lê en die behandeling sielkundig van aard is.³⁾ Vir die verpleegster beteken Sielkunde die studie van die menslike natuur in gesondheid en in siekte.⁴⁾ Verder vorm Sielkunde en veral psigopatologie 'n goeie fondament waarop psigiatriese verpleging met vrug uitgebou kan word.⁵⁾

Die Regswetenskap word bestudeer om hierdie kennis in die toepaslike juridiese aspekte van Verpleegkunde te gebruik.⁶⁾

1. Theron & Muller. Maatskaplike aspekte van siekte en gesondheid, p.9-10.
2. Jansen van Rensburg. Sielkunde, p.3.
3. Ibid.; Skipper & Leonard. Social interaction and patient care, p.3-15; Shaffer. The psychology of adjustment; an objective approach to mental hygiene, p.435-47.
4. Cruze. Psychology in nursing, p.1.
5. Seager. Psychiatry for nurses, social workers and occupational therapists, p.23-46; vgl. Lemert. Social pathology, p.19-25; Barnes. Psychosocial nursing, p.29-72; Hamer. Zielzorg en psychiatrie, hoofstukke 10-15; Gillis. Human behavior in illness; psychology and interpersonal relationships, p.13-21.
6. Rykheer. Handleiding vir algemene verpleegsters, p.11; vgl. Strauss & Strydom. Die Suid-Afrikaanse geneeskundige reg.

wees en geen wetenskap nie. Die band tussen Opvoedkunde en Verpleegkunde bestaan daarin dat 'n universiteit tot algemene taak die opvoeding en versorging van die totale persoonlikheid van elke studenteverpleegster het, en dat die verpleegstersopleiding 'n gerigte opvoedingshandeling is wat in hierdie algemene opvoeding en vorming gewortel is.¹⁾

Wat Anatomie, Fisiologie en Histologie betref, gaan dit primêr vir die verpleegster om die anatomiese struktuur, die synere bou van die strukture en die funksies van die liggaam te ken en te verstaan. Dit is aspekte wat in die bestek van die verpleegster se daaglikse plig val: by voorbeeld 'n intra-muskulêre inspuiting vereis anatomiese kennis om te weet waar om dit toe te dien sonder om skade aan die liggaam te berokken. As sy die abnormale funksionering van organe kan waarneem, het dit onder andere diagnostiese waarde, 'n aspek waarin sy waardevolle hulp aan die geneesheer kan verleen.³⁾

Mikrobiologie is die wetenskap waarin organismes met die hulp van 'n mikroskoop bestudeer word.⁴⁾ Parasitologie weer bestudeer die parasiet wat klein in vergelyking met sy gasheer is en sy skade langsaam verrig. Alhoewel hulle nie mikroskopies van aard is nie, is hulle infektiewe stadia gewoonlik mikroskopies.⁵⁾ Die verpleegster moet oor 'n goeie kennis van Mikrobiologie en Parasitologie beskik om te weet watter mikrobe en parasiete spesifieke patologiese toestande veroorsaak; en weer eens dra hierdie kennis tot 'n beter verplegingsresultaat by.⁶⁾

1. Kyk hoofstuk 4 as geheel.
2. Kimber & Gray. Textbook of anatomy and physiology, p.2-15; vgl. Jacob & Francone. Structure and functions of man, p.124; Taylor & McPhedran. Basic physiology and anatomy, p.18-24.
3. Jacob & Francone. Structure and function in man, p.434-51.
4. Brookes. Basic facts of medical microbiology, p.1-2.
5. Mönnig. Parasiete en parasitiese siektes van die mens, p.11.
6. Bocock & Armstrong. Aids to bacteriology for nurses, p.1-3; Clark. Bacteriology and pathology for nurses, p.56-81.

Dit is essensieel om oor kennis van die chemiese reaksies wat in die liggaaam plaasvind te beskik. Die vog- en elektrioletbalans in die liggaaam is van lewensbelang, en dit is noodsaklik dat die verpleegster byvoorbeeld dehidrasie se kliniese beeld sal kan herken, of die geneesheer intelligent sal kan blystaan om so 'n wanbalans te herstel of om dit self te herstel in die afwesigheid van die geneesheer.¹⁾ Die vraag wat dikwels gestel word, is: waarom Fisika en Chemie vir verpleging? Met die geweldige toename in die gekompliseerdheid van verpleegkundige kennis en met die toenemende gebruik van natuurkundige behandelinge en toerusting, kan die studenteverpleegster nie met 'n beperkte kennis van Fisika en Chemie bevredigend funksioneer nie. Dus is kennis van Kliniese Biofisika en Biochemie 'n belangrike aspek van die opleiding.²⁾

Op die gesondheidsgebied bestaan daar gebreksiektes soos kwashiorkor, pellagra en ander as gevolg van wanvoeding en wangebalanceerde diëte. Van die abnormale maar ook van die normale en spesiale diëte vir siektetoestande, soos byvoorbeeld van diabetes, moet die verpleegster kennis dra.³⁾

Geskiedkundige kennis van Verpleegkunde is, net soos vir enige ander wetenskap, 'n basiese noodsaklikheid en dit is verder ook 'n basiese vereiste om die hede deur die verlede te bestudeer en te verstaan.⁴⁾

1. Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-69. School of nursing, p.31; Jacob & Francone. Structure and function in man, p.454-67; Basmajian. Primary anatomy, p.1; Wilkinson. Body fluids in surgery, hoofstuk 1 en 2; Le Quesne. Fluid balance in surgical practice, p.1-3.
2. Jensen. Introduction to medical physics, p.ix; Nordmark & Rohweder. Scientific foundations of nursing, p.85-107; Járos & Meyer. Elementaire mediese biofisika; Brown & Járos. Elementaire mediese biochemie.
3. Spies. Rehabilitation through better nutrition, p.1-8; McLester. Nutrition and diet in health and disease, p.1-34 enibid., hoofstuk 14. Turner. Handbook of diet therapy, p.vii-viii en ibid., p.127-35.
4. Kyk hoofstuk 2

Alhoewel die ekonomie nie algemeen as 'n hulpwetenskap van Verpleegkunde gebruik word nie, is dit ook 'n wetenskap wat met die mens, in sy ekonomies-sosiale bedrywighede en behoeftes te doen het.¹⁾ Met kennis van die ekonomie kan die verpleegster dus waardevolle bydraes tot die gemeenskap, publieke gesondheid en selfs tot die verpleegstersgemeenskap lewer. In die program van die geassosieerde B.Sc. (Ekonomie)-graad en Verpleegkunde (London Universiteit) word die volgende in verband met die ekonomie-verplegingsverhouding geskryf: '... they all aim to develop the student's critical, descriptive and analytical techniques in the context of an economic-based social science framework.'²⁾

Ten opsigte van (a) die pasiënt-gemeenskapsverhouding, (b) navorsingswerk en (c) gebruik van en bydrae tot vakwetenskaplike literatuur, is kennis van die landstaal of -tale vir die verpleegster essensieel, terwyl kennis van enige ander taal altyd 'n bate vir haar kan wees.³⁾ Taal is 'n sosiale medium om die inhoud van byvoorbeeld 'n pasiënt se denke, gevoel en handelinge te verstaan.

Teologiese kennis is belangrik en 'n spesiale kursus vir geestelik-kulturele vorming word aan talle universiteite as uitgangspunt gestel. Die doel van sodanige kursusse is die vorming van die studenteverpleegster deur die begronding in die Christelike lewens- en wereldbeskouing in konfrontasie met ander en die toepassing daarvan in die lewenswerklikheid,⁴⁾ (dink aan die waarde hiervan vir die verpleegster self maar

1. Banning. Machten en mensen; bijdrage tot een bezinning op mogelijkheden en gevaren van menselike leven in de technische maatschappij, p.49-62; Cronjé. Mens tot medemens; 'n algemene inleiding tot die maatskaplike sorg, p.40-2.
2. City University of London. Skedule van die leergang en leerplan vir die geassosieerde B.Sc.(Ekonomie)-graad en Verpleegkunde, pamphlet, p.3
3. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. Jaarboek, 1969. Verkorte uitgawe, p.336-40; Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. The program of studies, 65(9):80, 1 May 1969; Georgetown University, Washington. Bulletin, 1969. School of nursing, p.28.
4. De Klerk. Die student onder die soeklig, p.290.

ook in die verhouding verpleegster-pasiënt), om professionele verantwoordelikheid met bekwaamheid in ooreenstemming met Christelik-sosiale principie uit te voer,¹⁾ en om by studente daardie eienskap te kweek om dienste aan hulle kerk, land, volk en medemens, deur geloof in God te lewer.²⁾

Statistiek en Wiskunde is twee wetenskappe wat in dié beroepsituasie 'n aktuele plek inneem³⁾ en deur talle universiteite as aparte kursusse aangebied word, terwyl anderewy dit met die oog op Verpleegkunde by onder ander Sielkunde en Verpleegkunde insluit.⁴⁾

Mediese Geografie het as studiegebied die wêreldverspreiding van siektetoestande⁵⁾ in verwantskap met die omgewing. 'Medical geography is the study of the relationship between . . . - the pathological factors, which we propose to call 'geogens' . . .'⁶⁾

Die patologiese faktor (patogen) hou verband met die omgewingsfaktor (geogen). Die geogene sluit fisiese, menslike en biologiese geografiese faktore in, en siektetoestande word in verband met die geogene bestudeer.⁷⁾

Die geogene se verwantskap tot die patogeniese toestande word soos volg bestudeer:

(1) Klimaat:

Klimaat word in verband gebring met onder andere die invloed van

1. The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. The College of arts and sciences, 55(2)33, 28th February 1969.
2. Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. Purposes and aims, 65(9):30, 1 May 1969.
3. Roslier. Nursing mathematics, p.39-158.
4. Kyk hoofstuk 5. (Curricula).
5. Stamp. Some aspects of medical geography, p.1-25.
6. May. Medical geography; its methods and objectives. The geographical review, XL(1):9-40, January 1950; Id. The ecology of human disease, p. x-xx.
7. May. Medical geography; its methods and objectives. The geographical review, XL(1):10, January 1950.

atmosferiese toestande op die menslike gesondheid, verspreiding van sekere tropiese siektes soos byvoorbeeld malaria, bilharzia, geelkoors en ander.¹⁾

(2) Grond:

Grond word onder andere in verband gebring met die gevare van besmetting van die grond (fekale gevhaar in Sjina), kanker in die chemiese aard van die grond, parasiete in grond, ensovoorts.²⁾

(3) Water:

Water kan geassosieer word met onder andere schistosomiasis, cholera chemiese bestanddele van water en die fluoor as oorsaak van dentale fluorose, kalsium (rachitis, osteomalacia en Kashin-Beck se siekte) jodium (kropgeswel) ensovoorts.³⁾

(4) Voedingstouwe:

Voedingstouwe⁴⁾ met al die verskillende siektes as gevolg van voedselbesmetting, byvoorbeeld proteïentekort (kwashiorkor) vis en krewe (D. latum en P. westermani, wormbesmetting onderskeidelik), wanvoeding, gebreksiektes en ander.⁵⁾

(5) Eetgewoontes, geloof en lewenstandaarde in verband met kultuur⁶⁾

Uit die kort oorsig is dit duidelik dat die Mediese Geografie lig wêp op die wie, wat, waar en waarom⁷⁾ van die siekte, en daarom is die waarde daarvan as hulpwetenskap vir Verpleegkunde baie duidelik

1. May. Studies in disease ecology, p.161-327; Kimble. Tropical Africa (vol.2), p.157-192; Cluver. Public health in South Africa, p.280-295; Stewart. An introduction to public health.
2. May. Medical geography; its methods and objectives. The geographical review, XL(1):21-2, January 1950.
3. Ibid., p.20-1.
4. Id. The ecology of malnutrition in the Far and Near East, p.5.
5. Id. The ecology of malnutrition in Middle Africa, p.28, 66, 118-20.
6. Id. Medical geography; its methods and objectives. The geographical review, XL(1):22-4, January 1950.
7. Stamp. The geography of life and death, p.20.

3.5. Verpleging as professie

Verpleging, gewortel in die wetenskap, is die praktiese sy van Verpleegkunde en dit dra die karakter van vakkundigheid, wat 'n professionele kenmerk is.¹⁾ Nelson beskryf die wetenskaplike onderbou van die mediese professie (wat ook vir die verplegingsprofessie kan geld), en wys daarop hoe daar op sodanige wetenskaplike grondslag nou in die praktyk gebou en voortgebou kan word. *'With this background the student is now ready for the problems of illness, . . . The careful, organized, guided, and directed learning of the first two years is, in the last two, replaced by a series of clinical experiences in which he has an opportunity to utilize that which has gone before.'*²⁾ Vakkundigheid sluit in daardie besondere kennis, vakvaardigheid en bedrewendheid wat deur intensiewe onderrig, opleiding en 'n bepaalde opleiding in 'n bepaalde opleidingsstydperk bekom word, en wat die studenteverpleegster in staat stel om 'n bepaalde werk so planmatig en doeltreffend moontlik deur middel van die regte procedure te verrig.³⁾ Professionele verpleging het egter nie net met kennis te doen nie, maar dit word ook gekenmerk deur gevormdheid, die opgevoedheid van die studenteverpleegster as hele mens na liggaam, gevoel, wil en verstand tot 'n roepingsbewuste, gebalanseerde en gelowige mens wat haar professie tot voordeel van die naaste en tot eer van God boeoefen. Verpleging word, net soos byvoorbeeld die mediese, regs- en ander professies, reeds lank as sodanig erken. McGlothlin beweer dat verpleging

1. Cronjé. Mens tot medemens; 'n algemene inleiding tot die maatskaplike sorg, p.128.
2. Nelson. Education for the professions, p.106.
3. Cronjé. Mens tot medemens; 'n algemene inleiding tot die maatskaplike sorg, p.128.

'n professie is, omdat dit met toestande van groot dringendheid en betekenis te doen het en stel dit so: 'Medicine and nursing preside over birth and death and much in between.'¹⁾ McGarth skakel weer verpleging in onder die agt opvoedkundige uitkomste wat as professies volgens Flexne se ses kriteria of norme vir 'n professie beoordeel is.²⁾

In 1891 is professionele status aan opgeleide verpleegsters deur die Kaap se Wetgewende Raad en die mediese professie vergun. Die begrippe wat basies aan alle professies is, is almal teen die einde van die negentiende eeu in die verplegingsprofessie verskans.³⁾ Maar om die werklike professionele aard daarvan te staaf, moet soos volg te werk gegaan word deur te wys op: (1) die algemene hoedanighede vir 'n professie, (2) 'n analise van gemelde norme, en (3) die toetsing van verpleging aan hierdie norme. Tevore is reeds bepaal wat 'n norm is, en die begripsanalise daarvan kan ook hier aanvaar en van toepassing gemaak word.

3.5.1 Algemene eienskappe en norme van 'n professie

McGlothlin skryf dat professies eienskappe het wat uit die doel wat hulle moet dien, voortspruit. Hieronder ressorteer die volgende:

1. Bevrediging van die behoeftes Verpleging is primêr uit die oorlogs-nood gebore, en later is hierdie dienste tot groter bevolkings uitgebrei. Eers was dit individuele sorg, maar toe die verpleegster haar dienste na die hospitaal oorgeplaas het, kon sy in verhouding baie meer pasiënte versorg as die paar wat sy by huise kon behartig. En deur die pasiënte in hospitale te groepeer het sy haar sosiale bruikbaarheid verbeter. Vi

1. McGlothlin. The professional schools, p.4.
2. McGarth. Liberal education in the professions, p.26.
3. Searle. The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960; a socio-historical survey, p.181.

'n professie bly dit beslissend dat sy aktiwiteite wat sosiaal bruikbaar is, uitgebrei moet word.

2. Uitbreiding van kennis Alle professies strewe voortdurend na beter en effektiewer metodes, en om dit te vind moet kennis deur waarneming en navorsing uitgebrei word.

3. Beskerming van beoefenaars en die praktyk Elke professie het 'n afgebakte praktyksgebied waarvan hy die monopolie besit, en ten alle koste word hierdie unieke status beskerm en behou. Maar terselfdertyd moet die beoefenaars hul professie waardig bly deur die onderwerping aan 'n etiese beroepskode.

Abraham Flexner lê die volgende norme vir 'n professie neer:¹⁾

1. Professies is intellektueel, akademies, teoreties en prakties, geskoold in beroep met navorsingsdoelstellinge.
2. Die ru-materiaal moet verwyder en met studie aangevul word.
3. 'n Professie beskik oor tegnieke wat deur hoër onderwys en gespecialiseerde opleiding verkry word.
4. Die gesuiwerde kennis word in die praktyk toegepas.
5. Professies word in eie organisasies verenig en het hulle eie doelstellings, groepsaktiwiteite, verantwoordelikhede en affiliasies.
6. Professies het 'n sterk altruïstiese motief en word daardeur geleei.

McGlothlin voeg hier nog 'n sewende kriterium by, naamlik professies handel met toestande van groot dringendheid en betekenis.²⁾

1. Flexner. 'Is social work a profession?' School and society, 1(26): 904, June 1915.

2. McGlothlin. The professional schools, p.4.

Parsons onderskei drie norme binne die meer algemene kategorie van die beroep.¹⁾

1. Professies moet oor 'n formele tegniese opleiding beskik, gepaard met 'n wyse en metode om die toereikendheid van die opleiding en die bevoegdheid van die opgeleide beoefenaars te meet en te toets.
2. Die kulturele tradisie moet nie alleen bemeester en verstaan word nie, maar die praktiese vaardigheid moet ontwikkel word.
3. 'n Volwaardige professie moet hierdie bevoegdheid sosiaal bruikbaar maak, en die mees algemene gebruik is om dit in die sfeer van praktiese aangeleenthede te doen, byvoorbeeld die verpleging van siekes met die oog op hulle genesing, ensovoorts.

In aansluiting by Parsons se kriteria stel Carr-Saunders en Wilson dit so: 'It is this characteristic, the possession of an intellectual technique acquired by special training, which can be applied to some sphere of everyday life, that forms the distinguishing mark of a profession.'²⁾

Cronje stel die vereiste hoedanighede van 'n professie soos volg:³⁾
'i. 'n Professie het 'n onderskeie werkgebied wat die verrigting van bepaalde wetenskaplik gefundeerde werksaamhede verg, met die oog waarop die persoon wat daardie besondere werksaamhede wil behartig, 'n spesifieke wetenskaplike vorming nodig het en bepaalde wetenskaplike kennis moet verwerf, en buitendien sy wetenskaplike beroepstoerusting gedurig moet uitbrei of aanvul of vernuwe of deur eie navorsing en ervaring en

1. Parsons. Professions. International encyclopaedia of the social sciences, 12:536-547, 1968.
2. Carr-Saunders & Wilson. Professions. International encyclopaedia of the social sciences, 12:480, 1968.
3. Cronjé. Mens tot medemens, 'n algemene inleiding tot die maatskaplike sorg, p.131; Theron & Stulting. Maatskaplike dienste in Suid-Afrika, hoofstuk VII.

besinning of deur die bestudering van gepubliseerde wetenskaplike literatuur op die bepaalde gebied.

'ii. 'n Professie vereis 'n spesifieke bedrewendheid wat deur middel van 'n bepaalde gespesialiseerde pedagogiese ordening oorgedra en bygebring word.

'iii. 'n Professie is nie bloot akademies en teoreties van aard nie, maar het definitiewe praktiese doelstellings.

'iv. Die pligte en werkzaamhede wat deur die beoefening van 'n professie meegebring word, hou die beoefenaar daarvan voltyds besig.

'v. Die beoefening van 'n professie gaan gepaard met 'n hoë mate van persoonlike verantwoordelikheid wat in 'n bepaalde beroepskode vasgelt is.

'vi. By die beoefenaars van 'n professie word 'n bepaalde groepsbewustheid aangetref wat in 'n eie beroepsorganisasie vorm aanneem.

'vii. Aan die hand van hul beroepskode en langs die weg van hul beroepsorganisasie is die beoefenaars van 'n professie in groter mate ingestel op die bevordering van gemeenskapsbelange as afsonderlike, ongeorganiseerde persone.'

3.5.2 Samevatting van norme vir 'n professie

1. 'n Professie is gewortel in en vereis wetenskaplike vorming en 'n gespesialiseerde formele opleiding om bepaalde kennis, kundig- en vaardighede te bemester en te verskaf.

2. 'n Verdere vereiste is dat professionele of beroepstoerusting kennis en metode moet bevat wat uitgebrei, aangevul of vernuwe moet word deur waarneming, ervaring, besinning of deur navorsing en die bestudering van gepubliseerde wetenskaplike literatuur op die bepaalde gebied.
3. 'n Professie vereis 'n spesifieke bedrewendheid en tegnieke wat deur 'n bepaalde gespesialiseerde pedagogiese ordening oorgedra word.
4. 'n Professie is 'n intellektuele, akademiese, teoretiese werksaamheid met definitiewe praktiese doelstellinge. Dit moet die praktiese vaardigheid ontwikkel en die sosiale bruikbaarheid daarvan uitbrei.
5. Die professionele beoefening daarvan hou die beoefenaars voltyds besig.
6. 'n Professie moet handel met toestande van groot dringendheid en betekenis, en dit moet met 'n hoë mate van persoonlike verantwoordelikheid, wat in 'n bepaalde beroepskode vasgelê is, gepaard gaan.
7. Binne 'n professie word 'n bepaalde groepsbeurustheid vereis wat in eie beroepsorganisasies gestalte vind.
8. Die beoefenaars van 'n professie moet 'n sterk altruïstiese motief en inslag vertoon, wat in ooreenstemming met die eise van hul beroepsorganisasies ingestel is op die bevordering van die gemeenskapsbelange.
9. 'n Professie moet oor 'n eie afgebakende beroepsgebied beskik waarvan hy die monopolie besit. Die unieke status word beskerm en moet behou word, maar terselfdertyd moet die beoefenaars hul professie altyd waar-

dig wees.

10. 'n Professie moet oor die nodige middele beskik om toereikende opleiding aan sy toekomstige beoefenaars te verskaf en om die bevoegdheid van die beoefenaars te toets en te meet.

3.5.3 Verpleging getoets aan die norme vir 'n professie

1. Verpleging voldoen aan die norme ten opsigte van die monopolie oor 'n eie werkgebied, naamlik die gesondheidsversorging van die individue en groepe, en aan die eis betreffende die beoefening van voorkomende geneeskunde, bevordering van gemeenskapsgesondheid, versorging van die sieke, rehabilitasie en nasorg. Dit voldoen ook aan die vereistes ten opsigte van wetenskaplik gefundeerde beroepsopleiding en beroepsverpleging. Verpleging is dinamies van aard en daarom voldoen dit aan die vereistes dat daar wel met aanvulling en vernuwing van wetenskaplike beroepstoerusting tred gehou word, deur die klem te plaas op navorsing, empiriese ondersoek, besinning en deur die beskikbaarstelling van wetenskaplike literatuur, bevindinge en beskouinge.

2. Verpleging voldoen aan die vereistes dat 'n beroep oor 'n eie benaderingswyse, 'n eie metodologie en 'n eie vaardigheid moet beskik. Daar bestaan alreeds omvangryke literatuur met 'n sterk wetenskaplike inslag oor die beroepsmetodiek van verpleging.

3. Die verpleegstersprofessie voldoen aan die vereistes betreffende 'n sterk akademiese en teoretiese opleiding, vorming en opvoeding, en met die versorging van die sieke en die beoefening van die gemeenskaps-

hulpbetoon as beroepsgebied het dit sterk prakties georiënteerde doelstellings. In die verplegingsberoep kan die praktikum en die teorie nie los van mekaar funksioneer nie, en 'n noue korrelasie word tussen die twee fasette gehandhaaf.

4. Die verantwoordelikhede, pligte en aktiwiteite van hierdie professie voldoen aan die vereiste dat dit 'n voltydse bedryf moet wees.
5. Die verpleging voldoen aan die hoë eise van 'n roeping, omdat die verpleegster 'n deeglike besef het van haar invloed op die lewe van die mens, omdat sy met die menslike lewe handel, en daarom aanvaar sy onmiddellik in 'n hoë mate die eise van beroeps- en persoonlike verantwoordelikhed, wat in die kode van die Internasionale Raad van Verpleegsters en die Suid-Afrikaanse verpleegingskode, vasgел is.¹¹
6. Die verplegingsberoep voldoen verder aan die vereistes van 'n sterk groepsbewusstheid en 'n samehorigheidsgevoel wat uit die gemeenskaplikeheid van belang en doelstellinge gebore is. In Suid-Afrika het 'n eie beroepsorganisasie in die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging en Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad uitgemond. Op 6 Junie 1944 is die Wet op Verpleging nr. 45 van 1944 uitgevaardig, wat voorsiening maak vir die instelling van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad wat die verantwoordelikhed vir die opvoekundige opleiding en die beheer van die bero aanvaar. Hierdie Wet maak ook voorsiening vir verpligte registrasie van praktiserende verpleegsters en vir die statutêre instelling van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging. Verder voldoen die Suid-Afri-

1. Rykheer. Handleiding vir algemene verpleegsters, p.7.

kaanse Verpleegstersvereniging ook vanaf 22 Mei 1922 aan die vereistes vir lidmaatskap van die Internasionale Raad van Verpleegsters.¹⁾ Maar in 1974 het die Verpleegstersvereniging hom van die organisasie onttrek.²⁾

7. Die professie voldoen aan die vereistes ten opsigte van basiese doelstelling vanweë die oogmerk van verpleging van alle mense, en volgens sy eie beroepskode voldoen die beoefenaars van hierdie professie op voorstreflike wyse aan die eis betreffende bevordering van gemeenskapsbelange met 'n sterk altruïstiese motief as inslag.

8. Die verplegingsberoep voldoen aan die vereistes van in staat te wees om die toereikendheid van sy opleiding en die bevoegdheid van sy beoefenaars te meet, te toets en te evalueer deur teoretiese en praktiese eksamens.

3.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die aandag daarop gevestig en toegespits om sekere onduidelikhede ten opsigte van wat die beroep beteken en inhoud, en om vaaghede ten opsigte van Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie uit die weg te ruim, deur definisies en omskrywings op te stel, dit te analyseer en deur Verpleegkunde en verpleging teen die bestaande norme vir 'n wetenskap en professie respektiewelik op te weeg en te toets. Hiermee is aangetoon dat Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie aan die gestelde norme voldoen.

1. Searle. Getuienis van vyftig jaar diens. Goue jubileum, p.29 en ibid., p. 42-5.

2. Hierdie organisasie geld nog vir ander oorsese lande.

HOOFSTUK

DOELEINDES VAN DIE BASIESE VERPLEEGSTERSOPLEIDING

4.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is op die empiriese en universele aard van die verplegingsverskynsel en die ontwikkeling daarvan tot 'n wetenskap gewys. In hoofstuk 3 is aangetoon dat Verpleegkunde aan die vereistes vir wetenskaplike voldoen en dat die verpleegstersprofessie sy opkoms en fenomenale ontwikkeling aan die wetenskaplike fundering daarvan te danke het.

In aansluiting by hoofstuk 2 en 3 moet nou die algemene doel van die verpleegstersopleiding blootgely word. Die verpleegstersopleiding en -vorming word bepaal en gerig deur doeleinades gefundeer in 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Na analogie van talle opvoedkundiges¹⁾ wat poneer dat 'n lewens- en wêreldbeskouing sy neerslag in 'n opvoedingsbeskouing het en dit bepaal,²⁾ word dit ook ten opsigte van die verpleegstersopleiding aanvaar. Geen opleiding en formulering van doel is sonder 'n rigtinggewende lewensbeskouing denkbaar nie. Alle opleidingsvrae en -probleemstellinge word op grond van die bepaalde lewens- en wêreldbeskouing

1. Keyter. Opvoeding en onderwys ; 'n prinsipiële waardering, p.133-65; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, hoofstuk 2.
2. De Hovre. Paedagogische wijsbegeerte; een studie in de moderne levensbeschouwingen en opvoedingstheorieën, p.vii.

beantwoord, laasgenoemde bepaal die dosent se opvatting van die wese en doel van die opleiding en dit bepaal weer haar beskouing oor die opvoedingsmiddelle en -metodes om die doel te bereik.¹⁾

Doeleindes vir dié opleiding en studentevorming is essensieel, en die opleidings- en beroepstaak van die universiteit, naamlik die algemene opleiding en vorming van die totaliteit van die persoonlikheid van elke studenteverpleegster is ook die basis vir die verpleegstersopleiding en hang ten nouste saam met die siening wat oor die funksies van die universiteit gehuldig word. Om effektiewe doeleindes vir die verpleegstersopleiding te kan formuleer is dit derhalwe nodig om as eerste stap oor die funksies (doel) van die universiteit te besin, tweedens 'n algemene beskouing oor die doel van die verpleegstersopleiding te gee, derdens die vereistes van 'n doel te skets, vierdens indelingsmotiewe van dié doel aan te toon en ten slotte die synere besonderhede van die doelein des vir die verpleegstersopleiding, volgens 'n bepaalde indelingsmotief uit te beeld.

4.2 Die funksies van die universiteit

Om na analogie van die funksies en doel van die universiteit doeleindes vir die verpleegstersopleiding te kan formuleer is dit nodig om eers 'n analyse van die funksies te maak. Die doel van die universiteit hang ten nouste saam met die funksies daarvan en die twee kan nie onafhanklik van mekaar funksioneer nie.²⁾

1. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.20; Skrywer is bewus van ander geloofsvorme, maar hierdie proefskrif word op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gefundeer.
2. Vgl. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Koers, 37(5):337, April 1970.

4.2.1 Opleidingsmotiewe en funksies

Vervolgens dus eers 'n aantal opleidingsmotiewe en funksies soos verskeie opvoedkundiges en instansies dit ten opsigte van die universiteit sien:

(a) Die taak van die universiteit is veral om studente op professionele, wetenskaplike en geestelik-kulturele terreine te vorm.¹⁾ (b) Die funksie van 'n universiteit sluit in die sistematisering van die wetenskaplike kennis en die oordrag daarvan; die uitbouing van die wetenskap deur navorsing; die ontwikkeling en vorming van onder andere die studenteverpleegster in die laaste fase van die adolesensie; vorming op professionele gebied en die beoefening en oordrag van kuns en kultuur.²⁾ (c) Volgens Rautenbach het die universiteit drie take: Eerstens, opleiding of onderrig; kennis word oorgedra en verower. Vervolgens onderzoek of navorsing: nuwe kennis word gesoek, kennis word uitgebrei. Verdens opvoeding of mensvorming, vorming van die geestelik-sedelike persoonlikheid.³⁾ (d) Du Plessis vestig die aandag op die uniekheid van die universiteit uit hoofde van sy navorsingsfunksie, en dat navorsing reeds in die kiem by alle egte hoër onderwys aangewys is.⁴⁾ (e) Van Riessen beskryf 'n universiteit as 'n gerigte gemeenskap met sy gerigtheid in 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gegrond, terwyl die doelstellinge soos volg om-skryf word: 'investigation and research should be introduced to support and serve this training, the inner purpose of the training of the student' mind is the building of a wise man of culture who masters the tools of science,' en 'the external purpose should be the training for general

1. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. Die nuwe Pukkie; 'n handleiding vir nuwe studente van die P.U. vir C.H.O., p.7; Mussalem. Nursing education in Canada, p.80.
2. Vgl. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Koers, 37(5):334-6, April 1970; Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. Purposes and aims, 65(9):30-1, 1st May 1969.
3. Rautenbach. Die uitdaging van verandering, die opvoeding van die verpleegster. S.A. verplegingstydskrif, 33(12):19, Desember 1966.
4. Du Plessis. Die struktuur van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die eeufeesvieringe van die P.U. vir C.H.O., 1969.

leadership in society combined with training for a profession.'¹⁾

4.2.2 Analise van dié funksies

'n Ontleding van die voorgaande toon dat die universiteit bepaalde funksies het. In kort kan aangevoer word dat die universiteit 'n instelling vir wetenskapsbeoefening is wat op tweërlei doelstellinge gerig is, naamlik die vorming en toerusting van wetenskaplikes en professionele persone.²⁾ Die analise duï voorts op: Opleiding en onderrig - die aanbieding en be-magtiging van vakwetenskaplike kennis deur dosente en studente. Navorsing - die soek na nuwe kennis, uitbreiding en verdere ontginnings van kennis. Vorming en ontwikkeling van die studenteverpleegster - dit behels die intellektuele en professionele toerusting, ontwikkeling en vorming van die studenteverpleegster as religieuse, intellektuele, filosofiese, etiese ensovoorts, wese - met ander woorde 'n professionele mens met 'n gebalanseerde persoonlikheid in diens van God en mens. Beroepsvoorbereiding sluit ook die doel om wetenskaplike gesindheid en metode te ontwikkel in.³⁾ Ontwikkeling van staatkundige denke - die universiteit is die brandpunt van staatkundige denke en die plek waar sodanige denke gekonsolideer en die nasionale stelsel prinsipiell suiwer gehou kan word. Nasionale funksie - die universiteit moet die nasionale karakter en kultuur beskerm en uitbou. Aanbieding van kuns - die universiteit moet die norme neerlaai waarvolgens die estetiese getoets kan word.⁴⁾ In 'n artikel wat in 'Die Volksblad' verskyn, word die funksies van die universiteit kortliksoos volg opgesom: 'Die universiteit se roeping is om karakters te

1. Van Riessen. The university and its basis, p.20-1; The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. School of nursing; philosophy and aims, 55(2):163, 28th February 1969. Wayne State University, Detroit. Bulletin, 1969-70. History and philosophy of the college, 47(3):8, 15th March 1969.
2. Vgl. Preller. Die wese en funksies van die universiteit en van die P.U. vir C.H.O. in die besonder, pamphlet.
3. Vgl. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Koers, 37(5):337-40, April 1970.
4. Preller. Die wese en funksies van die universiteit en van die P.U. vir C.H.O. in die besonder, pamphlet.

bou, persoonlikhede te vorm en om lewensbeskouinge in te skerp benewens sy taak om kennis mee te deel. Daarom is die universiteit altyd volk- en tradisie verbonde.¹¹

4.3 Algemene beskouing van die verpleegstersopleiding

Soos uit die funksies van die universiteit blyk, moet die universitêre verpleegstersopleiding op die algemene vorming, ontwikkeling en groei van die studenteverpleegster tot 'n akademies gevormde mens, gerig wees. Dit impliseer die algemene opleiding, vorming en ontwikkeling van die totaliteit van die persoonlikheid van elke studenteverpleegster tot 'n gebalansseerde mens, met ander woorde daar moet professionele maar ook persoonlike ontwikkeling wees.

Die studenteverpleegster moet verder in besonder van kennis van 'n bepaalde faset of fasette van die ensiklopedie van die wetenskap voorsien word. Sy moet met daardie kualiteite en moontlikhede wat van haar 'n volwaardige denkende en intelligente mens kan maak, toegerus word.

Haar denke moet so ontwikkel word dat sy probleme kan oplos en nuwe metodes kan formuleer. Dit blyk voorts dat, soos reeds gemeld is, die studenteverpleegster ook toegerus moet word in die beoefening van die verpleegstersberoep.

Om aan die voorafgaande te voldoen is dus nodig die gebalanserde biologiese, anatomies-fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, politiese, logiese, estetiese, etiese, filosofiese en religieuse vorming. Die studiemateriaal moet ook so gekies en aangebied word dat dit 'n tydelike

1. Spesiale verteenwoordiger. 'Christen-onderwys al nodiger in S.A.' Die Volksblad, 66: 8 kol., 14, 23 Oktober 1970.

maar ook 'n permanente bydrae tot haar vorming kan lewer.¹⁾ Verder moet die studenteverpleegster so gevorm word dat sy die verantwoordelikheid waarmee God haar toebedeel het, wil en kan dra, met ander woorde dat sy haar beroep as roeping aanvaar.²⁾

4.4 Vereistes in verband met doeleindes

Indien geldige doeleindes van die verpleegstersopleiding geformuleer moet word, moet sodanige doeleindes aan bepaalde eise voldoen. Sodanige eise is dat opleidingsdoeleindes op 'n vaste en duidelike lewens- en wêreldbeskouing en op 'n vasstaande, finaal en onveranderlike einddoel gefundeer moet word. Verder word daar in verhouding tot die einddoel verwyderde en onmiddellike doeleindes onderskei. Laasgenoemde moet ook op 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing gegrond wees. Hulle is egter nie finaal, absoluut en onveranderlik nie en moet oor die volgende beskik: 'n mate van rekbaarheid en tentatiwiteit ten einde tred te hou met die eise van veranderde omstandighede en kennis; aanpasbaarheid aan lewens- en tydsomstandighede, en die vermoëns, aanleg, aard en behoeftes van die studenteverpleegster; hulle moet die keuse van leerstof en metodes van opleiding kan rig, en hulle moet prakties uitvoerbaar wees.³⁾

In aansluiting by bovenoemde moet ook die volgende vereistes ten opsigte van 'n doel in gedagte gehou word. Dit moet 'n ordelike bewuste voorafbeplande en vooruitgesiene beëindiging van 'n handeling beteken;⁴⁾ dit moet bruikbaar en logies wees; dit moet van een stap tot 'n volgende lei en tot die bereiking van die einddoel bydra.⁵⁾ Verder impliseer 'n

1. Vgl. Lloyd & Biglow. The teaching of biology in the secondary school, p.88-9.
2. Waterink. Theorie der opvoeding, p.125-6.
3. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.267-71; Preller. Die doel van tersiere opvoeding, pamphlet.
4. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.267-71.
5. Heis a.o. Modern science teaching; a revision of modern methods and materials for teaching science, p.21-37.

doel 'n reëlmataige en geordende aktiviteit waarin die orde in die progressiewe afhandeling van 'n proses bestaan. 'n Doel word bepaal deur 'n vooruitsien wat rigting aan die handeling gee, en die stappe wat geneem moet word om die einde te bereik word deur die doel beïnvloed: dit behels noukeurige waarneming van die heersende toestand; dit dui die regte orde in die gebruik van opleidingsmiddele aan, en dit stel 'n keuse van alternatiewe moontlikhede.¹⁾

4.5 Indelingsmotiewe ten opsigte van doeleinades

Die indelingsmotief ten opsigte van doeleinades soos deur Coetze neergeleg, wat met die van verskillende ander opvoekundiges ooreenstem,²⁾ word ook ten opsigte van Verpleegkunde toegepas, naamlik die onmiddellike of nabysyne, die verwyderde en die uiteindelike doeleinades. Volgens die beskouing van Coetze vorm die biologiese, anatomies-fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, politiese en logiese opvoedingsideale die nabysyn-de doele van die opvoeding; die estetiese, etiese en die filosofiese vorm die verwyderde, en die religieuse vorm die uiteindelike doel van alle opvoeding. Preller se indelingsmotief verskil effens van die van Coetze in die sin dat die onmiddellike doel alleenlik betrekking het op die onderwys in 'n bepaalde lesing of praktikum wat tydens 'n bepaalde periode

1. Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p.104-5.
2. Langeveld. Beknopte theoretische pedagogiek, p.69-71; Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoekunde; met spesiale verwysing na die skool, p.70-1; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.130-3; The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. School of nursing; philosophy and aims, 55(2):163, 28th February 1969; Searle. The teaching of science in post-primary schools, p.110; Hitchcock e.a. Die metodiek van natuurstudie op die laerskool; elementêre natuurwetenskap, p.7-26; Noll. The teaching of science in elementary and secondary schools, p.14; Richardson & Cahoon. Methods and materials for teaching general and physical science, p.3-4; World Health Organization. Expert committee on nursing. Fifth report, Geneva, 1966. Context in which nursing must be considered for the future. World health organization technical report series, 374:7, May 1966; Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet.

bereik moet word, terwyl die verwyderde doeleteindes beide die onmiddel-likes en verwyderdes, soos deur Coetzee geformuleer is, insluit. By die formulering van doeleteindes vir die Verpleegkunde sal van hierdie indelingsmotief gebruik gemaak word.¹⁾

Na aanleiding van die voorafgaande is dit duidelik dat ook die studenteverpleegster in haar totaliteit (professioneel en persoonlik) gevorm en ontwikkel moet word. Om dit te kan doen moet al bogenoemde doeleteindes vir die toerusting en vorming van die studenteverpleegster in ag geneem word. Genoemde stelling word beaam deur aanhalinge soos: 'The purpose . . . is to develop a liberally educated and self-directing individual . . .'²⁾

'The professional preparation of a nurse who can make decisions which involve some understanding of the basic principles of economics, religion, sociology, political and biological sciences, etc.'³⁾ 'The aims . . . are to promote personal and professional development of the student.'⁴⁾

'The general objectives of all its education efforts is the harmonious development of the whole man, material and spiritual, natural and supernatural.'⁵⁾ Verder verklaar Keyter dat, alhoewel dit nog nie die finale antwoord op die vraag na die doel is nie, is dit die ontwikkeling van die volwaardige mens,⁶⁾ terwyl Waterink die doel in die 'vorming van deze geïntegreerde en gereguleerde persoonlijkheid' sien.⁷⁾ Alhoewel elke

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.268-9; Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet.
2. University of Pennsylvania, Philadelphia, Bulletin, 1969-70. School of nursing; purpose of curriculum, LXIX(11): 143, March 1969.
3. Mussallem. Nursing education in Canada, p.80.
4. The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. School of nursing; philosophy and aims, 55(2):163, 28th February 1969.
5. Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. Purposes and aims, 65(9):31, 1st May 1969.
6. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.139.
7. Waterink. Theorie der opvoeding, p.122-3.

vak, dosent, departement en instelling sy eie fokuspunt in die vorming het, is wetenskaplike vorming tegelyk bereops- en geestelik-kulturele vorming. Rautenbach se waar daar opleiding geskied, is daar terselfdertyd ook mensvorming.¹⁾

4.6 Besondere doeleinades vir die verpleegstersopleiding

Na aanleiding van bogenoemde, soos deur bestaande universiteitsfunksies aangedui is en analog met verskillende opvoedkundiges, byvoorbeeld Coetzee,²⁾ Langeveld,³⁾ Gunter,⁴⁾ Keyter,⁵⁾ Hitchcock,⁶⁾ Searle⁷⁾ en andere, kan die volgende hoofindelingsmotief en subverdelinge, nl. die nabysynde of onmiddellike, die verwijderde en die uiteindelike doeleinades ook vir die verpleegstersopleiding gestel word. Besondere doeleinades vir die verpleegstersopleiding word vervolgens na aanleiding van bestaande doel einades en eie mening geformuleer.

4.6.1 Die onmiddellike doel⁸⁾

Dit is daardie doel wat met die aanbieding van 'n bepaalde lesing of praktikum in vooruitsig gestel word. Dit het betrekking op die leerstof wat gedurende 'n periode van 'n teoretiese of praktiese lesing behandel word, met ander woorde die doel is gerig op die bepaalde kennis of vaardigheid, wat deur die dosente aan die studenteverpleegster oorgedra word.

1. Rautenbach. Die uitdaging van verandering, die opvoeding van die verpleegster. *S.A. verplegingstydskrif*, 22(12):19, Desember 1966.
2. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.268-9.
3. Langeveld. Beknopte theoretische pedagogiek, p.69-71.
4. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.70-1.
5. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.130-3.
6. Hitchcock e.a. Die metodiek van natuurstudie op die laerskool; elementêre natuurwetenskap, p.7-26.
7. Searle. The teaching of science in post-primary schools, p.10.
8. Vgl. Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet.

Die taak van die dosent ten opsigte van die onmiddellike doeleinde

Die eerste taak van die dosent is om vir elke lesingperiode 'n heldere doel te stel. So kan die doel byvoorbeeld 'n lesing wees om die studenteverpleegster met kennis van die hartstruktuur te konfronteer of om kennis van 'n praktiese prosedure onder ander, die aseptiese behandeling van 'n wond aan 'n studenteverpleegster oor te dra. Nadat die doel dus presies bepaal en afgebaken is, kan die dosent voortgaan om die toepaslike leerstof, die gesikte metodel(s), tegnieke en hulpmiddelle te selekteer, waarmee die betrokke doel op die mees effektiewe wyse bereik kan word. Die tweede verantwoordelikheid van die dosent is om hierdie doel baie duidelik aan die studenteverpleegsters te stel, sodat hulle presies weet wat die voorgenome doel impliseer en waarheen gemik word.

Die verwantskap van die onderskeie doeleinde

Die onmiddellike doel moet verder 'n integrale deel van die verwyderde doeleinde en die einddoel vorm. Daarom moet die onmiddellike doel harmonieer met en gegrond wees op 'n eie lewensbeskouing (filosofiese doel), en dit moet aanvullend, bevorderend en bepalend vir sekere van die verwyderde doeleinde en die einddoel wees.

4.6.2 Die verwyderde doeleinde

By die verpleegstersopleiding moet die verwyderde doeleinde voor alle moontlike kennis, kundig- en vaardighede van alle fasette van die Verpleegkunde en verpleging (teoreties en prakties) beskik. Dit sluit die totale struktuur en persoonlikheid van die mens in, hetsoy in 'n

gesonde of patologiese toestand. Met ander woorde hierdie doel-eindes het met die biologiese, anatomies-fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, politiese, logiese, filosofiese, etiese en estetiese as-pekte te doen.¹⁾

Dit blyk logies te wees dat al hierdie doeleindeste nie in 'n enkel bepaal-de lesingperiode of selfs deur die opleiding vanuit die Verpleegkunde alleen effektiief bevorder kan word nie. Die curriculum van Verpleegkun-sluit derhalwe 'n verskeidenheid van hulpwetenskaplike kennis en ander aktiwiteite in, en waar die een vak of aktiwiteit te kort skiet, moet dit deur 'n volgende aangevul en vergoed word. Dit moet trouens die strewe van elke dosent wees om in haar onderrig die grootste moontlike aantal doeleindeste, op die mees gebalanseerde wyse, in te skakel en te bevorder.

4.6.2.1 Die biologiese doeleinende

Die prinsipiële uitgangspunt en aanpassingsvereistes

Die prinsipiële uitgangspunt is dat die deur God geskape mens 'n eenheid van siel en liggaam is, en die versorging van die liggaam, as deel van die eenheid, is aan die mensheid opgedra. Met ander woorde, die vorming van die totale studenteverpleegster soos sy na Gods orde behoort te wees. Verder is die mens in 'n bepaalde fisiese en biologiese omgewing geplaas met die opdrag om dit na te vors en daaroor te heers. Daarom het die biologiese doeleinende as norm die welsyn van die studenteverpleegster se fisiese sowel as omgewingsaanpassing. In dié opleiding eis die biologie doeleinende die aanpassing van die studenteverpleegster, net soos vir die

1. Vgl. Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.267-71.
2. Vgl. Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet.
3. Vgl. Waterink. Theorie der opvoeding, p.563-70.

mens in die algemeen, by die lewe, sodat haar voortbestaan verseker kan word. Die fisiese aanpassing deur die fisiese versorging is net so essensiell as die grondvereiste van aanpassing by die omgewing.¹⁾

Wetenskaplike en beroepskennis ten opsigte van die biologiese doeleinde Die doeleinde eis dat die verpleegstersopleiding die studenteverpleegster fisies versorg, asook om haar as gebalanceerde mens toe te rus om by verskeie omgewingsfasette in en aan te pas, eerstens as studenteverpleegster, tweedens as lid van die gemeenskap, en derdens in haar werksgewing. Verder moet sy toegerus word met kennis en vaardigheid vir 'n beroep ter voorsiening in die eie daaglikse behoeftes en 'n lewensbestaan.

Om voort te bestaan, om te onderwerp en om te heers verg wetenskaplike kennis, vaardigheid, ontwikkelde denke, toerusting vir 'n beroep, 'n besondere siening van 'n beroep as roeping, 'Maar dit verg ook 'n gesindheid van verantwoordelike ontginnings van die natuur sodat dit tot eer van God en tot voordeel van medemens . . . sal strek.'²⁾

Beroepsoriëntering en beroepsvoorbereiding

In die verpleegstersopleiding tree die dosent ook as beroepsoriënteur op, omdat die studenteverpleegster in haar volledige eksistensie in die beroepsituasie betrokke is. Landman stel die volgende moontlike norme wat in die beroepsoriënteringsituasie aangewend kan word om onder andere ook die studenteverpleegster ten volle te oriënteer ten opsigte van die beroepswerklikheid waarmee sy gekonfronteer word: norme van psigosomatisiese en sosiale aard, sinvolheid van bestaan, kennende bewussyn, selfbeoor-

1. Vgl. Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet.

2. Ibid.,

deling en selfbegrip, menswaardigheid, sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling, vryheid en verantwoordelikheid, positiewe arbeidsgesindheid, identifikasie, gefundeerde arbeidsopvatting en roepingsbewusheid.¹⁾ Daar moet egter op gewys word dat verpleging 'n beroep is en dit is nie verkeerd nie om met die oog op 'n bepaalde beroep na 'n universiteit te gaan mits dit van die universiteit verwag word om aan die student verpleegster 'n beroepsvoorbereiding in plaas van 'n tegniese of toegepas beroepsopleiding te gee. Beroepsvoorbereiding is die wetenskaplike ondabou van 'n beroep.²⁾ Die beroepsvereistes moet onder geen omstandighede bepalend vir die universitêre curriculums wees nie, maar die wetenskaplike struktuur moet vir die curriculêre inhoud bepalend wees en die beroep moet weer daardeur bepaal en geleei word.³⁾

Omdat die studenteverpleegster nou ten volle in die beroepsituasie betrok is, is die doeleinde op die oriëntering van die studenteverpleegster ten opsigte van die beroepswerklikheid gerig.

4.6.2.2 Die anatomies-fisiologiese doeleinde

Anatomies-fisiologiese kennis van die liggaam

Hierdie doeleinde sluit kennis van die liggaamstruktuur, liggaamsfunksie, fisiologiese abnormalitete en patologiese anatomie, persoonlike higiëne, gesonde fisiese ontspanning en die instandhouding van die gesonde liggaam in. Die gesonde individu impliseer 'n gesonde gesin en laasgenoemde wee 'n gesonde volk.

1. Landman. 'n Antropologies-pedagogiese beskouing van beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologies-eteise, p.118-29.
2. Du Plessis. Die struktuur van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die eeu feesverrigtinge van die P.U. vir C.H.O., 1969.
3. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die jaarlikse interfakultêre lesings aan die P.U. vir C.H.O., 4 Maart 1970.

Instandhouding van die liggaam in sy totaliteit

Verpleegkunde leen homself baie goed daartoe om die studenteverpleegster toe te rus met anatomiese en fisiologiese kennis van die liggaam en sy behoeftes met die oog op eventuele selfstandige versorging, instandhouding en gebruik van die liggaam. Dit is dus die plig van elke dosent as 'n geroepene om by te dra tot die bevordering van die groei, vorming en ontwikkeling van die liggaam.¹⁾ Liggaamlike opvoeding is altyd op-leiding en vorming van die hele persoonlikheid en dit is 'n noodsaklikheid vir die studenteverpleegster. 'Lichamelijke opvoeding is gericht op de ontplooiing van het leven voor de gehele persoonlijkheid. Maar dit betekent, dat deze lichamelijke opvoeding gericht moet zijn op het grote doel: de ontplooiing van de mens als schepsel Gods.'²⁾

4.6.2.3 Psigologiese doeleinde

Die studenteverpleegster as psigies-fisiese wese

Die mens is 'n psigies-fisiese wese. Die psigosomatiese is bepalend, en daar is geen volledige fisiese ontplooiing moontlik sonder dat dit in samehang met 'n psigiese motiliteit geskied nie. Die siel openbaar hom as totaliteit in die gevoel, wil en verstand. Dit impliseer dat die dosent noukeurige aandag aan die gevoels-, strewens- en kenlewe van die studenteverpleegster moet gee. Die siel moet dus deur middel van die opleiding ontwikkel, gevoed en gevorm word, sodat die studenteverpleegster in 'n geestelik ryk ontwikkelde persoon kan ontplooii.³⁾

1. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoekunde, p.272-3; Preller. Die doel van tersiere opvoeding, pamphlet.
2. Waterink. Theorie der opvoeding, p.568; vgl. ook Bavinck. Paedagogische beginselen, p.172.
3. Waterink. Theorie der opvoeding, 565; Preller. Die doel van die tersiere opvoeding, pamphlet; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoekunde, p.273; Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. Purposes and aims, 65(9):30-1, 1st May 1969.

Psigologiese vorming en ontwikkeling

Die studenteverpleegster is gedurende haar opleiding nog meestal in die middel of laat adolessentefase, 'n lewensfase waar psigiese vorming en leiding nog baie nodig is. Die hele proses van psigiese ontwikkeling, die vorming van psigiese vermoëns, logiese denke, geheueontwikkeling, objektiwiteit, waarderingsin, die ontwikkeling van die gevoels-, ken- en strewingslewe, altruïsme en wetenskaplike denke, is in die doeleinde inbegrepe. Psigologiese vorming en ontwikkeling is 'n aktuele en belangrike faset van die verpleegstersopleiding wat die volgende verg: dat elke individuele studenteverpleegster tot volle ontwikkeling van haar potensiaal as 'n intellektuele, sosiale wese moet kom;¹⁾ die harmonieuze ontwikkeling van die hele studenteverpleegster - fisies, geestelik en psigies;²⁾ en dit verg nie net 'n hoë intellektuele en kulturele ontwikkeling nie maar ook karaktervorming, fisiese en morele gesondheid, korrekte denk- en redeneervermoë, vorming tot en toepassing van kennis, spesialisasie, en 'n totaalvisie, vryheid en verantwoordelikheid, individualiteit en gemeenskap, waarheid en werklikheid.³⁾

4.6.2.4 Die sosiologiese doeleinde

Sosiale potensialiteite en sosiale bruikbaarheid

Die sosiale vorming en ontwikkeling word deur tale skrywers beklemtoon. Die doeleinde is op die sosiale potensialiteite en sosiale bruikbaarheid van die studenteverpleegster gefokus. Die studenteverpleegster moet gevorm en ontwikkel word totdat sy haar eie plek selfstandig in die sosiale

1. Wayne State University, Detroit. Bulletin, 1969-70. History and the philosophy of the college, 47(3): 8, 15th March 1969.
2. Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. Purposes and aims, 65(9):30-1. 1st May 1969.
3. Vgl. De Klerk. Die student onder die soeklig, p.290.

orde kan inneem.¹⁾ 'n Belangrike doeleinde is die opleiding en ontwikkeling van die biologiese en persoonlik-sosiale aspek. Die studenteverpleegster moet oor 'n uitnemende aanpassingsvermoë beskik om met die pasiënte uit alle sosiale vlakke te assosieer en om aan te pas by haar besondere omgewing. Die volgende is ook in die verpleegstersberoep van toepassing: 'While mind and personality require a physical base (a body, a brain, and a nervous system), the kinds of personal and social traits that develop depend primarily upon what the child learns and upon the kinds of interaction he has with people around him - what he experiences, in short, from social interaction.'²⁾ Verder is dit noodsaklik dat die doeleinde by die heersende omstandighede moet aanpas en dat dit, as gevolg van die dinamiese aard van verpleging, tentatiwiteit moet besit.

Die verpleegster as leier en as sosiale wese

Die doeleinde is, soos reeds gemeld, op die ontwikkeling van die studenteverpleegster se sosiale potensialiteite gefokus, sodat sy byvoorbeeld leierskap³⁾ in eie kring maar ook in die gemeenskap, veral op administratiewe en gesondheidsgebied, kan aanvaar. Die mens is altyd mens in die gemeenskap. Die studenteverpleegster leef tussen mense en staan in 'n verhouding van afhanklikheid tot en verbondenheid aan mense. Dit is dus nodig dat die ontwikkeling van so 'n aard sal wees dat die verpleegster in breër sin by die gemeenskap en volk sal kan aanpas en onder andere 'n volwaardige burgeres wees; maar in 'n besondere sin moet sy by haar beroepsomgewing kan aanpas. 'To acquire further knowledge of the dynamics of human behavior and a sensitivity to individual and group relationships,

1. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.273-4.

2. Vgl. Havighurst & Neugarten. Society and education, p.70.

3. Vgl. Van Riessen. The university and its basis, p.20-1; Mussallem.

Nursing education in Canada, p.80; Searle. Oorsig oor verpleegkundige opvoeding in Suid-Afrika, pamphlet.

including communication skills.¹⁾

Vryetydsbesteding en die sosiologiese doeleinde

Vryetydsbesteding vorm 'n belangrike faset van sosiale toerusting, ontwikkeling en vorming. In die verpleegstersberoep, met soveel somberheid, is gesonde en geordende afleiding wat die verpleegster van haar werksomstandighede wegneem, belangrik. Die vorming moet dus so wees dat die studenteverpleegster die waarde van gesonde vryetydsbesteding vir die ontwikkeling en vorming van 'n fisies-psigiese gesonde studenteverpleegster kan waardeer en dat sy, wanneer self in 'n gesagsposisie, die leiding by die beplanning van ontspanningsfasiliteite sal kan aanvaar en gee.²⁾

Die menslike verhoudingsaspek ten opsigte van die doeleinde

Aandag aan die menslike verhoudingsaspek in die verpleegstersopleiding is essensieel, veral omdat daar bykans 'n konstante pasiënt-verpleegste verhouding bestaan en vanweë die oorbeklemtoning van die tegnologie soms ten koste van die mens as persoon. Die studenteverpleegster se werksituasie is van so 'n aard dat sy voortdurend in kontak met nie net mede-kollegas, geneeshere en pasiënte is nie maar ook met die paramedie dietekundige, administratiewe en ander personeel - voorwaar 'n beroep waar gesonde menslike verhoudinge essensieel is. Dit is dus derhalwe 'n belangrike oogmerk van die dosent om die sosiale deugde van verdraag saamheid, hulpvaardigheid ensovoorts by die studenteverpleegster tuis te bring deur onderrig en eie voorbeeld.³⁾

1. State University of New York at Buffalo, Buffalo. Bulletin, 1968-69. The baccalaureate program, p.17.
2. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.61-3.
3. Vgl. Schoeman. Handleiding by die studie van menslike verhoudings vir verpleegsters, p.39-61; Lyman. Basic nursing education programme a guide to their planning, p.43-6.

Die verpleegster se verhouding tot die gemeenskap

Die opleidingsentrum staan tussen die studenteverpleegster se huis/gesin en die gemeenskap - in die geval 'n siek en gesonde gemeenskap. Daar is dus 'n daaglikse funksionele verhouding tussen die studenteverpleegster, haar medemens, kollegas, die pasiënte en die gemeenskap. Leighton maak die volgende stelling wat op sowel die skool as die verpleegstersopleiding van toepassing is: 'The school is the great instrument between the family point of view and the larger social outlook which makes the individual as worthy members of the community and the state. The function of the school is to enlarge the social point of view in the family life by widening its sphere of application and enlightening the individual's insight into social relations, social rights and duties.'¹⁾ Die spesifieke gemeenskap waarin God die mens geplaas het, is 'n deel van die mens se bestaan. Die mens behoort tot die gemeenskap, word enersyds deur die gemeenskap gevorm en andersyds help die mens om die gemeenskap te vorm.²⁾ Die studenteverpleegster, sosiaal in wese, moet dus haar plek in die samelewing met waardigheid en eer beklee en haar spesifieke funksies met lus, geesdrif en bekwaamheid vervul; daarom moet die opleiding in sy wese en doel sosiale vorming en ontwikkeling insluit.

Kennis van die inhoud van die Internasionale Verpleegsterskode

Die verpleegster moet aan die hoë eise van 'n roeping voldoen, sy moet haar invloed op die lewe van haar medemens verstaan, sy moet besef dat

1. Leighton. The individual and the social order, p.531.

2. Waterink. Theorie der opvoeding, p.530.

sy met die menslike lewe handel, en sy moet die hoë eise van beroeps- en persoonlike verantwoordelikheid begryp. Die fundamentele verantwoordelikheid om die lewe te bewaar, om lyding te verlig en om gesondheid te bevorder moet dus by die studenteverpleegster huisgebring word. Om bogenoemde te beoefen en te verstaan word dié essensiële vereistes aan die opleiding gestel dat die studenteverpleegster tot kennis van die Internasionale Verpleegstersraadkode en die Suid-Afrikaanse verplegingskode geleei moet word.¹⁾

Positiewe gesindheid en noue samewerking met die mediese beroep

Die plek en professionele status van die verpleegster moet behou en stevig gekonsolideer word. Dit beteken dat die verpleegstersopleiding vas so 'n aard moet wees dat sy nie deur 'n geneesheer-assistent of enige ander kategorie van werkers vervang kan word nie.²⁾ Omdat beide wetenskappe (Medies en Verpleegkunde) hulle probleemstellinge in die gesondheidsfenomeen vind, het hulle noodwendig talle raak- en oorvleuelingsfasette. Die opleiding moet gevvolglik daarop gerig wees om by die toekomstige verpleegster die ideaal te wek om haar te beywer vir die behou van die status en konsolidasie van haar beroep en tot die bevordering van 'n positiewe gesindheid van noue samewerking met die mediese beroep. Die verpleegster-genesheerverhouding moet sodanig wees dat die verpleegster as die genesheer se 'vennoot' kan optree, terwyl elke wetenskap tog sy eie identiteit behou, in plaas van 'n verwydering tussen die twee kernwetenskappe van die gesondheidspan.³⁾

1. Rykheer. Handleiding vir algemene verpleegsters, p.7-8; S.A. Verpleegstersvereniging. Diensgeloof vir verpleegsters, Pretoria. s.j.; Di Internasionale Verpleegstersraadkode beskik oor besliste waarheidsmomente waarvan die verpleegster kennis behoort te neem.
2. Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging. Verslag oor verpleegstersdienste in die Republiek van Suid-Afrika, p.16; Searle. No need for physicians' assistants in South Africa. S.A. verpleegsterstydskrif, 37(3) 24, Maart 1970.
3. Nahm. The registered nurse and baccalaureate education. Nursing forum 6(1):35, 1967.

Vermindering in plaas van vermeerdering van die beroepsgroepe in die gesondheidspan

Daar was 'n tydperk toe die verpleegster, tandarts en geneesheer in noue voeling met mekaar as dié gesondheidspan gefunksioneer het. 'Vandag egter is daar fisioterapeute, arbeidsterapeute, radiograwe, dieetkundiges, mediese tegnoloë, mediese maatskaplike werkers, kliniese sielkundiges, rehabilitasiebeamptes, tegnoloë, 'n wye verskeidenheid van tegnici, saalbestuurders, saalhuishoudsters, saalklerke, saalraadgewers, administratiewe koördineerders en 'n magdom ander.'¹⁾ Hierdie groepe moet hulle almal self bewys om as 'n professie te bestaan, en dit word ten koste van die verpleegstersberoep gedoen. Dit is dan ook al 'n realiteit in sekere oorsese lande, byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika en in 'n mate ook Kanada.²⁾

'n Beroepsgroep, die gesondheidspan, wat die siekeversorging in tale fragmente opbreek, is besig om te ontwikkel. Dit lei daartoe dat benewens die pasiënt-verpleegster-of pasiënt-geneesheerverhouding, die sieke ook in relasie met tale ander beroepsgroepe staan wat 'n stremmende uitwerking op die pasiënt se herstel kan hê. Margaret Shetland skryf: 'I am concerned about the number of separate occupational groups and workers with which a patient must cope. As the number of occupations contributing to health care increases, so does the difficulty in horizontal communication concerning the patient, who becomes the helpless recipient of a series of unrelated tasks, which, together, may fail to meet his

1. Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging. Verslag oor verplegingsdienste in die Republiek van Suid-Afrika, p.16.
2. Kennis wat deur waarneming en besprekinge met fakulteitshoofde en hospitaal personeel gedurende 'n studietoer deur Amerika en Kanada in 1969 bekom is.

most important human needs. Fragmentation of care must be decreased rather than increased.¹⁾

Die doeleinde is derhalwe dan: dat die verpleegster so opgelei, ontwikkel en gevorm moet word dat sy oor die nodige kennis en vaardigheid beskik om die ontwikkeling van verdere groepe in die gesondheidspan te beperk en om selfs die bestaandes deur die uitskakeling van groepe, onder ander die geneesheer-assistent, te verminder.

Vorming tot burgerskap as doeleinde

Die mens behoort aan 'n vaste politieke orde, en sosiale bruikbaarheid beteken goeie burgerskap in 'n geordende gemeenskap. Die studenteverpleegster is in 'n politiese sin burgeres van 'n bepaalde staat, en ook haar staatkundige verband moet sy leer ken en eerbiedig. Sy moet haar onderwerp aan staatseise maar ook in belang van die staatseenheid optree. Sy moet in 'n algemene sin tot kennis van die betekenis van overheid en onderdaan gebring word en geleer word hoe om in harmonie met die staat a wetsgetroue burgeres te leef.²⁾ In 'n besondere sin is sekere staatswette, byvoorbeeld die gesondheidswet, die kinderwet, nywerheidswet en andere vir haar van besondere belang en wat deur die verpleegstersopleiding by haar tuisgebring moet word. Verder is kennis van 'Geregtelike Verpleegkunde'³⁾ en 'Geregtelike Geneeskunde'⁴⁾ essensieel.

Die doeleinde is dus op die toerusting en vorming van die studenteverpleegster vir toetrede tot en deelname aan 'n aktiewe staatkundige lewe gerig.

1. Shetland. The responsibility of the professional school for preparing nurses for ethical, moral, and humanistic practice. Nursing forum 8(1):26, 1969.
2. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.274-5; Preller. Die doel van die tersiäre opvoeding, pamphlet.
3. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. Jaarboek, 197 Regulasies vir die geïntegreerde graad Baccalaureus Artium et Scientiae (Verpleegkunde), p. 107 en errata.
4. Strauss & Strydom. Die Suid-Afrikaanse geneeskundige reg, hoofstukke 1-31.

maar ook op staatkundige kennis wat vir haar in die beroepsituasie van belang is.

4.6.2.5 Die logiese doeleinde

Die ontwikkeling van die logiese vermoë en die toerusting van kennis is hier noodsaaklik.

Die mens as skepsel van God is toebedeel met verstand: met die vermoë om te dink, te verstaan en te ken; hy is begaaf met rede; hy kan logies funksioneer; kan oordele vorm; die mens kan dit wat hy ken, bewaar en by die bewaarde kennis byvoeg. Deur die verpleegstersopleiding word aan die studenteverpleegster kennis besorg, maar sy moet ook tot self-verwerfde aktiewe ware kennis gestimuleer word. Ware kennis wat aktief-denkend bekom word deur middel van die kenverskynsels, wat saam die denke vorm, naamlik gewaarwording, waarneming, voorstelling, assosiasievorming, reproduksie, appersepsie, geheue, begripsvorming, oordele, besluite, redenering en insig; kennis wat funksioneel is by die oplos van probleme waarmee die verpleegster daaglik s gekonfronteer word.¹¹

Die ontwikkeling van die logiese vermoë van die studenteverpleegster houd dus die verwerving van kennis in, die oordraging daarvan en die ontwikkeling van die denk- en redeneervermoë. Verder sluit dit die metodologie, professionele ontwikkeling, navorsing en die universiteite, kolleges en hospitale as die tuiste van die verpleegstersopleiding in, asook die stimulering tot wetenskaplike denke, logiese redenering, probleemoplossing, om deur waarneming tot die voorstelling te kom en deur voorstelling tot die

1. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.68-76; Waterink. Theorie de opvoeding, p.166; Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamflet; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.275-6.

begrip.¹⁾ Die doeleinde is dus om kennis van elke aspek van die Verpleegkunde en verpleging en van die totaliteit en sin daarvan aan die studentverpleegster te besorg of om dit te laat verwerf. Maar kennis is ook nodig vir die beoefening van 'n beroep sodat die studenteverpleegster selfstandig kan wees en sy haar biologies kan handhaaf, sy nasionaal en internasionaal kan aanpas en bruikbaar wees sodat sy die goeie kan leer ken.

Verpleegkunde en universiteitsonderrig

Elke universiteit of tersiêre onderwysinstelling huldig 'n eie beleid. Hierdie beleid word in die geval van die universiteit deur 'n fakulteit, departement, skool of kollege wat binne die struktuur van 'n universiteit funksioneer, vertolk; met ander woorde 'n besondere standpunt sal die opleiding en vorming van die studenteverpleegster kleur.²⁾ Verder is dit die taak van die universiteit om studentverpleegsters veral op wetenskaplike, professionele en geestelik-kulturele terreine te vorm; met ander woorde die funksies van 'n universiteit sluit in die sistematisering van wetenskaplike kennis en die oordrag daarvan; die uitbouing van die wetenskap deur navorsing; die ontwikkeling en vorming van onder andere die studenteverpleegster; vorming op professionele gebied en die beoefening en oordrag van kuns en kultuur.³⁾

Bingle stel dit so: Die hoofdoel van universiteitsonderrig is om be-

1. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.27! Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p. 102-3; Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.78.
2. Wayne State University, Detroit. Bulletin, 1969-70. Philosophy, 47(8, 15th March 1969; Van Riessen. The university and its basis, p.20- De Klerk. Die student onder die soeklig, p.290.
3. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. Die nuwe Puk! 'n handleiding vir nuwe studente van die P.U. vir C.H.O., p.7; Rautebach. Die uitdaging van verandering, die opvoeding van die verpleeg S.A. Verpleegkundystydskrif, 33(12):19, Desember 1966; Du Plessis. Die struktuur van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van d eeufeesverrigtinge van die P.U. vir C.H.O., 1969.

roepsopleiding tot die verhewe vlak van alle akademiese werk te verhef; 'om die opleiding te laat deel in al die doelstellinge van die universiteit sodat die beroepsman 'n opgevoede kultuurmens sal wees, wetenskaplik by uitnemendheid, navorser met die onontbeerlike toerusting daartoe; roepingsbewuste beroepsman; mens van God vir elke goeie werk volkome toegerus.'¹⁾

Met die geweldige vinnige ontwikkeling en uitbreiding in die mediese wêreld word daar 'n besondere eis aan die verpleegstersopleiding, studentevorming en ontwikkeling gestel. Daar word van haar verwag dat sy intelligent saam met die geneesheer sal werk; dat sy die pasiënt se maatskaplike maar ook geestelike probleme sal kan verstaan, en waar moontlik raad en hulp moet kan verleen; dat sy bedagsaam sal wees; dat sy op 'nvlak sal beweeg waar sy simpatie, geduld en liefde beoefen; dat sy hoflikheid sal toon; dat sy eerbied sal afdwing en ook toon; dat sy nederig van gees sal wees; dat sy stiptelik en betroubaar sal wees; dat sy 'n beslistheid van karakter sal hê; dat sy taktvol en intelligent sal handel; dat sy haar emosies sal kan beheer; dat sy in 'n geval van probleme eerbaar uit die stryd sal tree en dat sy haarself sal kan aanpas by elke laag van die gemeenskap.²⁾ Verder dat sy deur middel van die opleiding tot 'n bevoegde professionele mens met 'n professionele verantwoordelikhedsin moet ontplooи, wat alle vak-kundige kennis en vaardigheid aan die praktyk kan oordra, en laasgenoemdes positief in die praktyk kan gebruik en toepas.³⁾

1. Bingle. Die beroepstaak van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die jaarlikse interfakultêre lesings aan die P.U. vir C.H.O., 4 Maart 1970.
2. Coertse. Verpleging. Slingervel, 7(96): 6 en 18, Augustus 1966.
3. Vgl. Kergin. Nursing as a profession. (In Innis. Nursing education in a changing society, p.48-50.)

Gedifferensieerde universiteitsonderrig vir verpleegsters

By die instelling van die graad B.A.-Verpleegkunde (1966) aan die P.U. vir C.H.O. is die hoop uitgespreek dat alle verpleegstersopleiding eventueel aan universiteite moet plaasvind. Hierdie stelling is deur professor W.N. Coetzee dieselfde jaar tydens 'n diplomaplegtigheid aan die Kollege van Verpleging te Klerksdorp herhaal.¹⁾ In 1967 neem die Universiteit van die Oranje-Vrystaat die voortou met die aanbieding van die driejarige Diploma in Verpleegkunde aan die universiteit.²⁾

Die doeleinde is dus dat die opleiding gedifferensieer moet wees en dat graad- en diplomakursusse parallel aan mekaar binne die struktuur van die universiteit aangebied moet word, terwyl die assistent-verpleegstersopleiding daar buite moet geskied. Met ander woorde daar moet drie opleidingsvlakke wees. In die Verenigde State van Amerika het die verpleegstersberoep die beginsel aanvaar dat alle basiese verplegingsprogramme deur middel van of 'n tweejarige kollegekursus of 'n universiteitsbaccalaureusgraad aangebied moet word.³⁾

Hulpwetenskaplike kennis ten opsigte van die verpleegstersopleiding

Die verpleegstersberoep verg van die opleiding dat van al die hulpwetenskaplike kennis⁴⁾ uit ander departemente gebruik gemaak moet word, byvoorbeeld psigologie, om sodoende aan die omvangryke studiegebied reg te laat geskied, in plaas van dat daar getrag word om alle opleidingsfasette binne eie kring te probeer behartig. By die beoefening van

1. Toespraak gelewer deur professor W.N. Coetzee, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die P.U. vir C.H.O., 1966.
2. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein. Jaarboek, 1970. Diploma in Verpleegkunde, p.246-7.
3. Heidgerken. This I believe . . . about a philosophy of education. Nursing outlook, 17(14):42, April 1969.
4. Kyk hoofstuk 3 van hierdie proefskrif, punt 3.4.2.

Verpleegkunde en verpleging word dus vakkennis vereis maar ook hulp-wetenskaplike kennis wat Verpleegkunde onderskraag en waarop praktiese vaardigheid gebou kan word.¹⁾

Primêre kennis van navorsing in die voorgraadse studie

'n Essensiële nagraadse verpligting van die Verpleegkunde is navorsing. Dit is noodsaklik vir 'n dinamiese uitbouing, ontwikkeling, om op hoogte met die nuutste data te bly en om tred te hou met verandering in eie kring en met dié wat in vakgebiede van die ander lede van die gesondheidspan plaasvind. Navorsing word deur verskeie skrywers beklemtoon. Lambertsen skryf in die blaadjie 'Summer '69' dat een van die belangrike ontwikkelings van die huidige eeu die besef is dat navorsing verpligtend is.²⁾ Die primêre doelstelling van die Universiteit van Toronto, waar daar ook 'n Fakulteit van Verpleegkunde is, is onderwys, navorsing en publikasies.³⁾ Dit word ook deur Searle beklemtoon,⁴⁾ terwyl Du Plessis die aandag vestig op die uniekheid van die universiteit uit hoofde van sy navorsingsfunksie, en dat navorsing reeds in die kiem by alle egte hoër onderwys aanwesig is. 'Om sy onderrigsfunksie na behore uit te voer, moet dit steeds genaelstring wees aan die navorsingsfunksie.'⁵⁾

Alhoewel dosent en nagraadse studente moet navors, is dit nogtans noodsaaklik dat die studenteverpleegster gedurende die voorgraadse opleiding ook met primêre kennis van navorsing toegerus moet word. Sodanige aanvoerwerk is essensieel sodat die studenteverpleegster die beginsel van navorsingsprojekte verstaan en om haar alreeds in die vroeë stadium van

1. McGill University, Montreal. Nursing at McGill, University education and the nurse, p.5; Girard. A full partner in the health team. S.A verpleegstydskrif, (33)(12):21, Desember 1966.
2. Lambertsen. Nursing must emphasize research. Summer 69, 8(6):4 kol.1-4, July 1969.
3. University of Toronto, Toronto. Staff Bulletin, 1967. Research, p.21.
4. Searle. Oorsig oor verpleegkundige opvoeding in Suid-Afrika 1914-1964, pamphlet.
5. Du Plessis. Die struktuur van die universiteit. Referaat gelewer by geleentheid van die eeu feesverrigtinge van die P.U. vir C.H.O., 1969.

ontwikkeling tot latere navorsing en publikasie te stimuleer.

Stimulerings tot voortgesette studie

Die verpleegstersberoep eis dat die studenteverpleegster die aktualiteit en waarde van voortgesette studie moet besef en waardeer, en daarom moet die voorgraadse opleiding so wees dat gevorderde studie, wat die rigting van spesialisasie ookal mag wees, met vrug daarop kan voortbou.

Die opgeleide se plig teenoor die opleiding

'n Belangrike doeleinde is om die besef by die toekomstige opgeleide verpleegster huis te bring dat sy, op watter sport van die verpleegstershiërargie sy haar later ookal mag bevind, altyd deel moet hê aan die opleiding van die studenteverpleegster en dat sy aktief haar bydrae daartoe moet lewer.

Balans tussen teorie en praktyk

'n Deeglike balans tussen en integrasie van teorie en praktyk is essensieel. Nou val dit op¹⁾ dat die aksent in sekere lande meer op die teorie as die praktyk val. Die gevolg is dat die teorie aldaar in 'n mate 'los' van die praktyk staan, en die resultaat is dat akademies goed gekwalifiseerde maar prakties minder effektief opgeleide verpleegsters weg van die hospitaal beweeg in plaas van daarheen. In die verband skryf Shetland soos volg: 'The growth and diversity of knowledge, the varieties in goals and values, all make clear that the university must accept as its responsibility the application of knowledge to the service of man.'

1. Waarneming en bespreking met fakulteitshoofde en hospitaal personeel aan verskillende inrigtings in Kanada en die V.S.A.

Sy beweer dat 'the gap between knowledge, developed at significant public and private expense, and its application to human health is spectacular . . . A persistent and nagging problem encountered has been, and is, between the knowledge and beliefs of the faculty, on the one hand and, on the other, the quality of the service. In most instances, the educational institutions hold no authority for maintenance of a quality of care which reflects even a moderately exemplary level of practice. In situations in which the school controls the practice by assuming responsibility for several units, students frequently are exploited to meet service needs so that quality of care and student learning both suffer.' Heidgerken beweer dat 'there is little correlation between the student's theory courses and her clinical learning practices.'¹⁾

Verpleegkunde verskaf die wetenskaplike fondament vir voorbereiding en waar daar 'n doeltreffende wetenskaplike onderleg is, kan die professionele deel makliker daarop voortbou. Die metodologie vir die verpleegstersopleiding behoort dus so te wees, en dit is dan ook die doeleinde dat 'n direkte korrelasie tussen die teorie en praktyk gehandhaaf kan en moet word.

Die aanbieding van die drie kerndissiplines van Verpleegkunde

Dit word algemeen aanvaar dat die algemene, verloskundige en psigiatriese dissiplines die kernstruktuur van Verpleegkunde en verpleging vorm.²⁾ Die doeleinde is dan om of 'n volledige geïntegreerde Verpleegkundegraad of -diploma van bogenoemde dissiplines aan te bied,³⁾ of om die algemene

1. Shetland. The responsibility of the professional school for preparing nurses for ethical, moral and humanistic practice. Nursing forum, 8(1): 19-21, 1969; Heidgerken. This I believe . . . about a philosophy of education. Nursing outlook, 17(4):43, April 1969; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.269.
2. Kyk hoofstuk 5 van hierdie proefskrif.
3. Vgl. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. Jaarboek, 1975. Leerplanne, p.107-8.en errata.

en verloskundige of psigiatriese gedeeltes te integreer, met slegs 'n inleiding tot die psigiatriese of verloskundige Verpleegkunde, of om slegs die algemene gedeelte volledig te gee, met inleidende kennis ten opsigte van verloskundige en psigiatriese Verpleegkunde.¹⁾ Laasgenoemde twee word dan later deur middel van diplomas aangevul. Die drie word dus volledig of daar word gedeeltes volledig en ander dele gedeeltelik geïnkorporeer maar kennis van al drie dissiplines moet voorgraads aangebied word.

Balans tussen die natuur- en sosiale wetenskappe

Aangesien Verpleegkunde as 'n medies-sosiale wetenskap met 'n sterk natuurwetenskaplike inslag gesien word, en die mens 'n psigies-fisiese wese is, is die doeleinde op 'n balans tussen die natuur- en sosiale wetenskappe gerig.

4.6.2.6 Die etiese doeleinde²⁾

Etiese toerusting is die hoeksteen waarop ware opleiding en vorming gebou kan word. Sedelike of karaktervorming het as norm die vorming van 'n deugsame mens met onder andere eienskappe van die kennis en liefde tot die goeie, respek vir die waarheid, eerlikheid en altruïsme.

Sedelike waardes bestaan buite die mens, maar hy is bewus van hulle bestaan deur direkte of onmiddellike ervaring daarvan. Slegs in die vertolking en toepassing daarvan in die daaglikse lewe het die mens 'n aan-deel daaraan en dit word openbaar volgens 'n besondere aard, lewensmilieu en nasionale begrip. Volgens die Christelike beskouing kulmineer die

1. Vgl. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. Jaarboek, 1969.
Inhoud van die kursus in verpleegkunde, p.338-40.
2. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.276
Hitchcock e.a. Die metodiek van natuurstudie op die laerskool; elementêre natuurwetenskap, p.24-5; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.189-200; Preller. Die doel van die tersiëre opvoeding, pamphlet.

sedelike in die liefde soos geopenbaar in en vereis word deur die Woord. Die mens het 'n inherente behoefté aan hierdie lewenswaardes en die aangebore vermoë om hulle te begryp, te waardeer en na hulle verwesenliking te strewe. Maar hierdie behoeftes en vermoë moet deur die opleidingsproses ontwikkel word om die karaktereenheid en bestendigheid teweeg te bring. Dit verg dus kennis van God en sy Wet, van goed en kwaad, die vermoë om te dink en te oordeel, vorming van goeie gewoontes en die wil om die goeie te doen. Dit moet dus die strewe van elke dosent wees om die etiese versorging, vorming en ontwikkeling na te streef deur onderrig gerig op die denke en insig, dissipline, en veral deur die dosent (wat die beliggaming van kennis en deug is) se eie inspanning en voorbeeld om die studenteverpleegster te oefen, vorm en ontwikkel tot 'n sedelike deugsame wese.

4.6.2.7 Die estetiese doeleinde

God is die Skepper en Bron van die skone; Hy het aan elke mens die aanleg tot die belewing van die estetiese gegee, en daarom moet die mens in sy lewenaanpassing en ontwikkelingsproses tot die besef van die liefde en waardering vir die skone in die skepping geleid word.

Die studenteverpleegster kan alleenlik volkome toegerus wees vir haar lewenstaak as sy geleer het om die skone te ken en te soek. Die estetiese vorming en toerusting stel daarom hoë eise aan die dosent: sy moet self 'n waarlik estetiese gevormde wese, sy moet die skone met die ware en die goeie kan integreer, en sy moet die studenteverpleegster

deur voorligting, vorming, ontwikkeling en eie voorbeeld motiveer tot waardering van en insig in die skone. So is die dosent dan ook geroep om te sorg vir gesonde estetiese vorming en ontwikkeling van die studente verpleegster.¹⁾

4.6.2.8 Die filosofiese doeleinde

Elke mens is 'n metafisikus, en elke mens moet tot 'n goed geformuleerde en wetenskaplike geordende lewens- en wêreldbeskouing geleid word. 'n Lewens- en wêreldbeskouing is nie net 'n beschouwing van die lewe en die wêreld nie, dit sluit ook geloof in God, of 'n superwese of 'n rigtende krag wat in die plek van God gestel word in. Dit bied antwoorde op prinsipiële vrae aangaande die mens self. Dit bied antwoorde oor die wêreld en die plek van die mens in die wêreld, en laastens bied dit antwoorde op die prinsipiële vrae oor God en die skepping.²⁾

Verskeie lewens- en wêreldbeskouinge

Net soos dit die geval is by die opleiding vir enige ander beroep, is die verpleegstersopleiding in die vorming van die totale wese gegrond in 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing, byvoorbeeld die Christelike,³⁾ idea-

1. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p. 278-9; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.63-7; Waterink. Theorie der opvoeding, p.514-20.
2. Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.113; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.280.
3. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.281-5; The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. School of nursing; philosophy and aims, 55(2):163, 28th February 1969; Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. Purposes and aims, 65(9):30-1, 1st May 1969.

listiese,¹⁾ naturalistiese,²⁾ pragmatistiese,³⁾ eksistensialistiese,⁴⁾ ensovoorts. So 'n duidelik geformuleerde lewens- en wêreldbeskouing en die daarby aansluitende en die daarop gekonsentreerde opleidingsdoel word op die verskillende terreine van die lewenswerklikheid toegepas. Daar bestaan dus 'n verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouinge; maar nie teenstaande die groot variasie kan dit in 'n tweetal hooffringe ingedeel en beskryf word, naamlik die teïstiese en die humanistiese rigtings.⁵⁾

Die humanistiese lewensbeskouing plaas die mens in die middelpunt, die mens is die waarom alles draai, terwyl begrippe soos God, die Absolute en Transendentie op die agtergrond verdring of doelbewus uitgeskafel word.⁶⁾ In teenstelling met die teïsties-georiënteerde lewens- en wêreldbeskouing is ook die scientisties-georiënteerde almal antroposentries.⁷⁾ Brillenburg Wurth skryf: 'Over heel de linie staan wij in onze dagen midden in de grote worsteling tusschen humanisme en Christendom, een worsteling, waarbij het van zoo groot belang is, daarin op de juiste manier onze positie te bepalen.'⁸⁾ Om humanistiese filantropie en Christelike barmhartigheid in die weegskaal te plaas is dus nie oorbodig nie, en Wurth maak 'n onderskeiding tussen genoemde fasette deur op die volgende te wys: Diens aan die medemens is die kerngedagte, terwyl diens

1. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.107-13.

2. Ibid., p.35-48.

3. Ibid., P.164-9; Batey. The two normative worlds of the university nursing faculty. *Nursing forum*, 8(1):5-6, 1969.

4. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.235-81.

5. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.32; Van der Walt. Historiese-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die opvoedkundige sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool, p.74.

6. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.23.

7. Oberholzer. Inleiding tot die prinsipiële opvoedkunde, p.230.

8. Brillenburg Wurth. De antithese in dezen tijd, p.40.

teenoor God gedeeltelik of heeltemal verval. Die motief is op die mens gerig, wat dan ook die humanistiese terrein bepaal. Die sielsnood word deur die stoflike en die maatskaplike behoeftes en node van die mens verdring, terwyl die persoonlike verhouding van liefde deur werkersbonde, instellinge en organisasies vervang word.¹⁾

Die Christelike lewensbeskouing staan lynreg teenoor die twintigste-eeuse sekularistiese denkwiese en strewe van die humaniste, wat al in die agtien-²⁾de eeu 'n aanvang geneem het.²⁾ Oral is die 'ek' die mens wat geen gesag bo hom erken nie en homself volkome outonom ag - die nominalisme.³⁾ Volgens die Christelike lewensbeskouing is die mens nie outonom nie maar altyd en oral gebonde en onderworpe aan die wette en ordinansies van God.⁴⁾ So is ook die Christelike norme, volgens Bybelse beginsels, die ideale aan die mens toevertrou, en dit vorm die grondslag van alle instellinge. Dit is nie net die fondament van ons denke en kennis nie maar ook in die lewe en is die autoriteit en reguleerder van die hele menslike lewe. Die Goddelike gedagte en wette is die fondament en norme vir alle mense.⁵⁾

Verpleegkunde en 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing het ook in die Verpleegkunde sy neerslag, en wel op merkwaardige wyse volgens die Calvinistiese beskouing.⁶⁾ Die kerngedagte in die wese van die wetenskap is naasteliefde,

1. Brillenburg Wurth. De antithese in dezen tijd, p.40.
2. Hans. Comparative education; a study of education factors and traditions, p.175-94.
3. Bavinck. Christelijke wereldbeschouwing, p.100-20.
4. Viviers. Wernher von Braun maak staat op die Skepper se wette. Die huisgenoot, XLII(2486):107, 21 November 1969.
5. Bavinck. Christelijke wereldbeschouwing, p.102.
6. Vgl. Taljaard. Kursus in lewens- en wêreldbeskouingsleer en menslike samelewingsverbande, p.34-5.

wat weer 'n uitvloeisel van liefde tot God is.¹⁾ So word 'n genadedood byvoorbeeld nooit oorweeg nie, omdat dit strydig met die Bybelse beginsel is dat die mens nie 'n lewe mag beëindig nie.²⁾

Verpleegkunde is derhalve in sy aard en wese meer in harmonie met die Christelike as die humanistiese filosofieë. Die humanistiese lewens- en wêrldbeskouing het onder ander wel op Verpleegkunde in sekere lande invloed uitgeoefen. So is daar byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika onmiskenbare spore van die pragmatisme.³⁾ In hierdie proefskerif sal die doeleindes op 'n Skrifgefundeerde lewensbeskouing gegrond word: dit impliseer dat sodanige beskouing die logiese, rigtinggewende en bepalende basis vir die uitbou en ontwikkeling van die Verpleegkunde vorm.⁴⁾ Die opleidings- en beroepstaak van die universiteit, naamlik die algemene opleiding en vorming van die totaliteit van die persoonlikheid van elke studenteverpleegster tot wetenskaplik gefundeerde roepingsvervulling, is ook die basis vir die universitaire verpleegstersopleiding. Maar waar Verpleegkunde ook nog met die gesondheidsversorging van die mens in sy totaliteit as individu en in sy gemeenskapsverband te doen het, en waar die mens tot op die laaste moment nog op versorging aanspraak maak, is dit logies dat Verpleegkunde gebaseer moet wees op 'n lewensbeskouing wat die lewe as gawe van God en die mens as skepsel van God sien. By 'n Verpleegkunde sonder 'n Christelike agtergrond en 'n religieuse perspektief ontbreek daar iets essensiels, en daarom dan

1. Dietz. History and modern nursing, p.22; Johannes 13:43 en 15:12; Matteüs 25:35-6; Lukas 10:33-5; Seymer. A general history of nursing, p.71.
2. Vgl. Exodus 20:13.
3. Batey. The two normative worlds of the university nursing faculty. *Nursing forum*, 8(1):6, 1969.
4. Vgl. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.85-104.

die doeleinde van 'n Christelike Verpleegkunde.¹⁾ Die dosent met 'n Christelike lewensbeskouing sal dan ook die verpleegkundige leerstof in die lig van die geloof soek.²⁾ 'n Beskouing wat van die standpunt uitgaan dat alles uit, deur en tot God is, 'dat de waarheid op wetenskaplike gebied alleen dan te vinden is, wanneer men uitgaat van die belydenis, dat Christus de weg, die waarheid en het leven is . . .'.³⁾

Filosofiese vorming, toerusting en ontwikkeling

Die dosent van 'n instelling waar opleiding en studentevorming plaasvind, is verantwoordelik vir 'n gesonde filosofiese vorming, toerusting en ontwikkeling. Een van die verwyderde doeleindes moet wees om die studenteverpleegster tot die vorming van 'n eie lewensfilosofie te lei. In sekere instellinge word 'n spesiale kursus vir die geestelik-kulturele en wetenskaplike vorming aangebied. So bied die P.U. vir C.H.O. die verpligte kursus in Interfakultêre Wysbegeerte aan met die doel om die vorming in 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te begrond, dit in konfrontasie met ander vormingsfilosofieë te bring en dit toe te pas in verskillende situasies en terreine van die lewenswerklikheid.⁴⁾ Deur die voorbeeld, waarneming, deurdenking, voorligting en onderrig van die dosent moet die studenteverpleegster dus daartoe gevoer word om dinge in die lig van Sy openbaring te benader, en om die studenteverpleegster te vorm en ontwikkel tot 'n filosofiese mens.⁵⁾

1. Vgl. Brillenburg Wurth. Zedelijke opvoeding; grondlijnen van een ethische paedagogiek, p.166-7.
2. Vgl. Norwood. The English tradition of education, p.56-7.
3. Bavinck. Christelike wetenschap, p.212- vgl. Strauss. Christelike wetenskap; roeping en stryd, p.14-25.
4. De Klerk. Die student onder die soeklig, p.290.
5. Vgl. Preller. Die doel van die tersiêre opvoeding, pamphlet.

4.6.3 Die einddoel

Dit word vereis dat die doeleindes op 'n eie lewens- en wêreldbeskouing gefundeer moet wees. Uit die bestaande doeleindes spreek dit dat alle opleiding en vorming in 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing geanker is. Omdat daar 'n verskil in lewens- en wêreldbeskouinge bestaan, is daar ook verskillende opleidings- en vormingsfilosofieë. Dit is in die verpleegstersopleiding ook geldig, en in die professie word dan ook verskeie lewens- en wêreldbeskouinge gehuldig. Maar soos reeds uitgewys is,¹⁾ blyk dit dat verpleging fundamenteel hoofsaaklik nog op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing rus. Vir die Christen-filosof is die voorbereiding van 'n suksesvolle lewe op aarde nie voldoende nie, vir hom is die mens ten eerste 'n religieuse wese, en dus sal die einddoel alleenlik in die Goddelike 'n bestemming vind. Dit is duidelik dat die verpleegstersopleiding 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing en 'n bepaalde einddoel nastreef met nabysynde en verwyderde doeleindes wat na 'n einddoel heenlei. In talle opleidingsentrumms word 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gehuldig. Met ander woorde die verpleegstersopleiding en studentevorming word besiel met en gemeet aan 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die einddoel van die verpleegstersopleiding word die beste verwesenlik deur die gesonde persoon - gesond in alle fasette van sy persoonstruktuur - om sy medemens en homself tot eer van God te kan dien,

1. Kyk hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.

want die mens is na God se beeld en met 'n ewigheidsbestemming geskape. Al die voorafgaande doeleteindes kulmineer in die einddoel - die religieuse doel wat die uiteindelike en alomvattende doel van die lewe en opleiding is, te wete die volkome toerusting van die mens van God vir volkome toewyding aan mens en God. Om die studenteverpleegster nou volkome toe te rus vir haar lewenstaak en om haar tot die hoogstegraad van volkommenheid te voer, vereis die voorbeeld, onderrig en tug van 'n gelowige dosent - maar dit verg ook 'n ewewigtige nastrewe van al die doeleteindes.¹¹

4.7. Samevatting

Die hoofstuk is hoofsaaklik op die algemene beskouing van die verpleegstersopleiding en die besondere doeleteindes vir die opleiding gerig, doel eindes wat teen die agtergrond van die doel en funksies van die universiteit en eie mening geformuleer is. Aangesien die besondere doeleteindes uitgangspunte vir die hele opleiding vorm, en weens die noodsaaklikheid vir die beroep dat daar sodanige doeleteindes moet wees, is die hoofstuk van groot belang.

Daar is op die doel en funksie van die universiteit gewys, die algemene beskouing van die verpleegstersopleiding is beklemtoon, daar is op die eise waaraan 'n doeleteinde moet beantwoord gelet, en 'n indelingsmotief vir die besondere doeleteindes is bepaal. Vervolgens is alle moontlike doeleteindes vir die verpleegstersopleiding opgestel onder die indelingsmotief van : onmiddellike, verwijderde met subverdelinge van die biologiese, anatomies-fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, politiese, logiese, estetiese, etiese, filosofiese en die uiteindelike doeleteindes.

1. Vgl. Coetzee: Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.282-5; Gunter. Opvoedingsfilosofie; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.306-38.

wyf

HOOFSTUK

ASPEKTE VAN DIE inhoud VAN DIE VERPLEEGSTERSOPLEIDING

5.1 Inleiding

Waar die doel van die verpleegstersopleiding nou aangedui is, moet daar vervolgens besin word oor die inhoud van die leerstof wat aangewend moet word om die gestelde doeleindes te bereik.

In hierdie hoofstuk word vervolgens enkele terme wat veelvuldig gebruik gaan word vooraf omskryf; norme vir die keuse van leerstof by die opstel van 'n curriculum vir die verpleegstersopleiding geformuleer; die rangskikking van leerstof vir 'n voorgestelde curriculum word gestel; curricula wat deur verskeie universiteite in die Republiek van Suid-Afrika en 'n aantal ander oorsese lande aangebied word, word omskryf; 'n voorstel vir 'n moontlike gebalanseerde curriculum word gegee, en hierna word die leerstof aan die norme vir die algemene curricula en die voorgestelde moontlike curriculum aan die voorgestelde kriteria en die rangskikking van leerstof, getoets.

5.2 Omskrywing van terme

Die inhoud van die opleiding dui op die leerstof, wat alles insluit waarmee die studenteverpleegster fisies en psigies besig is, met ander woorde al die vakke en aktiwiteite waarmee sy gedurende die opleidingsproses gesteun, gevorm en ontwikkel word.¹⁾

Die curriculum omvat al die georganiseerde leerstof soos vervat in die verskillende leervakke en -aktiwiteite wat onder andere deur 'n universiteit vir 'n besondere groep studente voorgeskryf word, om 'n bepaalde stadium van ontwikkeling te bereik. So vorm al die besondere leervakke en -aktiwiteite wat onder andere vir die graad in Verpleegkunde voorgeskryf word die curriculum vir die graad.²⁾

'n Leervak (studievak) is 'n bepaalde deel van die curriculum bevattende besondere leerstof wat 'n georganiseerde geheel vorm en wat in die reël uit 'n vakwetenskap, byvoorbeeld Fisiologie, bestaan of 'n gedeelte van 'n vakwetenskap byvoorbeeld Patologiese Fisiologie of 'n samevoeging van verwante vakwetenskappe byvoorbeeld Voedingsleer en dieetterapie.³⁾

Die woord sillabus dui die leerstof in 'n bepaalde leervak vir 'n sekere jaar of jare aan, so byvoorbeeld sal die vak Verpleegkunde 'n sillabus (kursus) vir elk van die eerste, tweede en derde studiejare hê.⁴⁾ Kursus is sinoniem met sillabus, byvoorbeeld Psigologie 1 is die leerstof

1. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.3; Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.102-3.
2. Vgl. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.22; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.316; Boyd. Towards a new education, p.202; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.10-11; Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.102-3.
3. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.102-3; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.316.
4. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.316.

van die leervak Psigologie wat in die eerste jaar aangebied word.¹⁾

'n Norm is in die algemeen 'n maatstaf, 'n waardemeter waardeur goeie gedrag of handeling beoordeel kan word.²⁾

5.3 Norme vir die keuse van leerstof by die opstel van 'n algemene curriculum vir die verpleegstersopleiding

In hoofstuk vier is die standpunt gehandhaaf dat die verpleegstersopleiding die studenteverpleegster in haar totaliteit moet vorm en ontwikkel, met ander woorde 'n gebalanseerde ontwikkeling van die hele mens is bepleit. Hierdie beskouing spreek uit die doeleindes vir die verpleegstersopleiding, wat bepalend is by die keuse van die inhoud.³⁾ Die keuse van die leerstof is in die verlede beïnvloed deur die neiging om die opleiding alleenlik vanuit 'n empiriese of praktiese oogpunt te beskou. Die gevolg hiervan is dat die inhoud feitlik uitsluitlik op grond van die onmiddellike, funksionele, praktiese gebruiks- en beroepswaarde gekies is, en dat die verwijderde en uiteindelike opleidingsdoel-eindes agterweë gelaat is.⁴⁾ Vandag egter, is die verpleegstersopleiding meer ewewig, omdat die studenteverpleegster in 'n breet sin as 'n fisies-psigiese individu maar ook as sosiale en religieuse wese gesien word. As gevolg hiervan is die opleidingsprogram tans ook by baie opleidingsentrum op die verwijderde en uiteindelike doeleindes gerig.⁵⁾

Teen hierdie agtergrond, en met inagneming van die norme vir die keuse

1. Vgl. Schoonees e.a. H A T: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal, p.489.
2. Van Dijk. Mens en medemens: een inleiding tot de sociologie, p.63.
3. Kyk hoofstuk 4 van hierdie proefskrif, punt 4.6.1-4.6.3.
4. Vgl. Seymer. A general history of nursing, p.166-92.
5. Vgl. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.268-75.

van leerstof soos deur verskeie opvoedkundiges geformuleer,¹⁾ sal gepoog word om norme vir die keuse van inhoud vir die verpleegstersopleiding te stel, dit wil sê vereistes waaraan leerstof moet voldoen om die gestelde doeleindes ten opsigte van die verpleegstersopleiding te kan bereik en te verwesenlik.

5.3.1 Die filosofies-religieuse norm

5.3.1.1 Leerstof moet in ooreenstemming met 'n eie lewens- en wêreldebekouing gekies word

Die lewens- en wêreldebekouing bepaal die opleidingsfilosofie en druk sy stempel af op die aard en keuse van die leerstof.²⁾ Die betroubaarheid van hierdie stelling word deur die geskiedenis van die praktyk van die Verpleegkunde bewys. Die dosent met 'n Christelike lewens- en wêreldebekouing sal die leerstof in die lig van die Woord soek, want 'the great hope of the world lies in an education which is based on religion . . .'³⁾, en dit is van beslissende betekenis vir die inhoud en keuse van leerstof vir Verpleegkunde. In hierdie verband moet daarop

1. Vgl. Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.189-96; Gopsill. The teaching of geography, p.246-52; Preller. Die Transvaalse biologieleergang; 'n sosiologiese, psigologiese, pedagogiese studie. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. 1958, ongepubliseerde proefskrif, p.57-80; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.166-78; Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p.3-4; Coetze. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.319-22; Gwynn. Curriculum principles and social trends, p.51-2; Smith a.o. Fundamentals of curriculum development, p.107-23; Lloyd and Biglow. The teaching of biology in the secondary school, p.87-98; Heis a.o. 'Modern science teaching; a revision of modern methods and materials for teaching science, p.16 en hoofstuk 2; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.300.
2. Vgl. Pistorius. Kaart en kompas van die opvoeding, p.97-120.
3. Norwood. The English tradition of education, p.56-7.

gelet word dat die pragmatis,¹⁾ sosialis,²⁾ naturalis³⁾ en elke aan-hanger van 'n bepaalde filosofiese stroming besondere betekenis aan sy lewens- en wêreldbeskouing heg, wat ook geld vir die sogenaamde neutrale standpunt van die fenomenoloog.⁴⁾ Die waarheidsmoment hiervan, en van ander, kan en sal ook benut word. So, byvoorbeeld, sal die beklemtoning deur die pragmatis van die prakties-nuttige, die funksionele in ag geneem word saam met ander waardes, sodat nie net die praktiese ter wille daarvan alleen van kardinale belang by die oorweging van inhoud sal wees nie.

5.3.1.2 Leerstof moet korreleer met ander wetenskaplike kennis

Verpleegkunde vorm 'n integrale deel van 'n omvattende curriculum; dit is 'n vakwetenskap wat, alhoewel outonom, nie 'n losstaande of onafhanklike studierrein vorm nie maar in noue relasie met talte ander hulpwetenskappe staan. Die curriculum moet so saamgestel word dat die korrelasie tussen die betrokke wetenskappe 'n duidelike geheel vorm wat elkeen op 'n eie manier bydra tot die bereiking van 'n gesamentlike doel.⁵⁾ Hierdie noue relasie en 'n mate van oorvleueling of wisselwerking tussen die natuur-, sosiale en opvoedkundige wetenskappe, is essensieel vir die ontwikkeling van dié besondere natuur- en sosiale wetenskap.⁶⁾ Die korrelasie-beginsel is 'n baie belangrike eis by die keuse van die leerstof en die samestelling van die sillabusse.⁷⁾

1. Horne. The democratic philosophy of education, p.3.
2. Hans. Comparative education; A study of educational factors and traditions, p.210.
3. De Hovre. Paedagogische wijsbegeerte; een studie in de moderne levensbeschouwing- en opvoedingstheorieën, p.16-17; Pistorius. Kaart en kompas van die opvoeding, p.97-120.
4. Van Peursen. Fenomenologie en werklikheid, Hoofstuk 2.
5. Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.193-4; Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p.11-13. Gopsall. The teaching of geography, p.247-8.
6. Kyk hoofstuk 3 punt 3.4.2.
7. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.321-2; Lloyd and Biglow. The teaching of biology in the secondary school, p.93-4; Broad. Scientific thought, p.11-25.

5.3.1.3 Leerstof moet so wees dat dit uniformiteit van curricula in die hand werk

Curricula vir die verpleegstersopleiding het deur die eeuwe heen as integrale deel van die ontwikkeling daarvan aanpassingsperiodes beleef en in die twintigste eeu 'n ongekende metamorfose ondergaan.

Erkende verpleegkudiges en vakwetenskaplikes onder beheer van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad, die Provinciale Administrasie en Hospitaal dienste, kolleges van verpleging en universiteite in die Republiek van Suid-Afrika en ander soortgelyke organisasies in die buiteland, was en is voortdurend besig met curriculumhersiening en die toetsing daarvan aan die vereistes en behoeftes van die praktyk. Die resultate hiervan is van belang by die inhoudskeuse, die opstel van nuwe curricula en die beoordeling van bestaandes.

Dit is noodsaaklik om 'n curriculum op te stel wat 'n balans tussen die natuur-, sosiale en opvoedkundige wetenskappe (met teoretiese en praktiese kennis) handhaaf en wat in voeling met ander lande en curricula bly.¹⁾ 'Broadly speaking, the components of knowledge needed in nursing . . . are: (1) applied science knowledge as well as knowledge distinctive to nursing: and (2) technologies.'²⁾

5.3.2 Die pedagogiese norm

5.3.2.1 Die leerstof moet sodanig gekies word dat dit die bereiking van die doeleindes moontlik maak

Volgens die vereistes van die doelstellinge moet die inhoud van die

1. Kelly. The student voice in curriculum planning - threat or promise? Nursing outlook, 17 (4): p.59-61, April 1969.
2. Heidgerken. This I believe . . . about a philosophy of education: Nursing outlook, 17(4):43, April 1969.

leerstof in die Verpleegkunde so gekies word dat dit die vorming en opleiding van die studenteverpleegster met die nodige kennis van die patologiese toestande maar ook van die gesonde mens (fisiës, psigies en sosiaal) voorsien om die mens in sy totaliteit te versorg en om siektetoe-stande te voorkom. Om die studenteverpleegster dus volkome toe te rus vir elke besondere werk wat die Verpleegkunde vereis in die versorging van die pasiënt, verg dit behalwe logiese kennis ook 'n gesonde en volwaardige studenteverpleegster om as liggaam-sielwese haar daaglikse taak en roeping in verantwoordelikheid te verrig. Travelbee stel dit so: 'Nurses are always concerned with illness and with health since both these concepts are pivotal ones in nursing practice.'¹⁾

Om die opleiding en studentevorming dus suksesvol te maak moet leerstof so gekies word dat dit in al die leerstofvereistes geïmpliseer deur die nabysynde, verwyderde en uiteindelike doelstellinge soos reeds in die vorige hoofstuk behandel is, kan voorsien.²⁾

5.3.2.2 Leerstof moet die gebruik van voldoende en toepaslike wetenskaplike literatuur en oudiovisuele apparaat bevorder

Die leerstof moet so gekies word dat die studenteverpleegster van die regte, beste en nuutste uitgawes van boeke maar ook van alle oudiovisuele of ander leshulp gebruik kan maak.³⁾ Verder moet alle hospitale, kolleges van verpleging en universiteite sorg dra dat hulle oor biblioteke beskik en dat dit toeganklik is vir hulle personeel maar ook vir die studenteverpleegster. Verpleging verg dat daar met verskeie ver-

1. Travelbee. *Interpersonal aspects of nursing*, p.7.

2. Kyk hoofstuk 4, punt 4.6.1 - 4.6.3.

3. Vgl. Greyling, *Godsdiensonderwys - in die skool*, p.195.

wante dissiplines en met kolleges van ander opleidingsentrums kontak gemaak moet word; dit behoort die beleid van enige opleidingsentrum te wees om in noue voeling met die verplegingsaktiwiteite (curriculum en alle apparaat) van die wêreld te bly en om kennis uit te ruil. Literatuur is dikwels die enigste manier om dit te kan doen. Die volgende aanhaling staaf die vorige stellinge: 'One of the basic beliefs in associate degree nursing education is that nursing students should have the opportunity to meet, work, and study with other college students. The library is an excellent means to this end. Also, nursing students must use references in physical, biological and social sciences for their nursing courses, and these are usually part of a college collection. The hospital where the associate degree students receive their clinical experience should maintain a reference library for its personnel, and students should be allowed to use it.'¹⁾

5.3.3 Die sosiologiese norm

5.3.3.1 Leerstof moet voldoen aan die vereistes wat deur die gemeenskap en professie gestel word

Die leerstof moet so gekies word dat die verpleegstersopleiding kan voldoen aan al die vereistes wat deur die professie self gestel word. Die verpleegster moet verantwoordelikheid en leierskap aanvaar en hoogstaande dienste lever aan die sosiale groepe waarmee sy in relasie staan, na lik die pasiënt uit die gesin en familie, die gemeenskap en die volk.²⁾ Travelbee stel dit so: 'Nursing is an 'Interpersonal process', because

1. Dolton. What happens to the libraries of nursing schools in transition? Nursing outlook, 17(4):41, April 1969.
2. World Health Organization. Expert committee on nursing. Fifth report Geneva, 1966. Provision of quality and quantity in nursing service. World health organization technical report series, 347:13.

it is always concerned with people either directly or indirectly, and . . . include, patients, their families, visitors, personnel and members of the allied disciplines.¹⁾ Die leerstof moet dus aan genoemde vereistes en behoeftes reg laat geskied. Wetenskaplike feite, beginsels en konsepte alleen is veral in hierdie beroep ondoeltreffend, maar die leerstof moet ook gekies word op grond van kennis van die huidige gemeenskap met sy eie probleme, kenmerke en vereistes,²⁾ want 'the scope of professional nursing extends to community, national, and international programs.'³⁾ Nadere ontleding van die voorgaande duï daarop dat die leerstof gekies moet word op grond van die nut daarvan, noodsaklikheid vir beroeps- en sosiale oriëntering, die noodsaklikheid van kultivering en van bevordering van oordeelkundige vryetydsbesteding.

5.3.3.2 Leerstof moet vir die individu en die gemeenskap nuttig wees
Leerstof moet so gekies word dat dit die studenteverpleegster se potensiaal ten volle kan ontwikkel sodat dit haar vir alle lewensfasette en veral vir haar beoefening van die verpleegstersberoep as roeping kan toerus. Die opleiding en vorming moet egter van so 'n aard wees dat die kennis, kundigheid en vaardigheid weer produktief in diens van die gemeenskap aangewend kan word.⁴⁾

1. Travelbee. *Interpersonal aspects of nursing*, p.6.
2. Coetzee. *Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde*, p.319-20; Dewey. *Democracy and education; an introduction to the philosophy of education*, p.211-18; Brubacher. *Modern philosophies of education*, p.3; Smith a.o. *Fundamentals of curriculum development*, p.96-7 en 625; Lodge. *Philosophy of education*, p.309.
3. Boston University, Boston. Bulletin, 1968-70. *Graduate study*, LVIII (3): 31, 29th March 1968.
4. Vgl. Smith a.o. *Fundamentals of curriculum development*, p.279; Nelson. *Education for the professions*, p.103-39; Kilpatrick. *Philosophy of education*, p.26; Hitchcock e.a. *Die metodiek van natuurstudie op laerskool; elementêre natuurwetenskap*, p.21-2; Dewey. *Democracy and education; an introduction to the philosophy of education*, p.285-90; Searle. *Teaching science in post-primary schools*, p.88-9.

5.3.3.3 Leerstof moet van so 'n aard wees dat dit beroeps- en sosiale oriëntering bevorder

Wanneer 'n studenteverpleegster met haar opleiding begin, het sy reeds 'n beroepskeuse gemaak, maar is sy nog betreklik onkundig oor wat die beroep werklik beteken en wat dit insluit. In haar opleidingskursus moet sy gekonfronteer word met die aard en die eise wat haar beroep aan haar persoonlik gaan stel, daarom is beroepsoriëntering nodig. Sy moet besef dat die uitoefening van haar beroep eise aan die liggaam en psige stel¹⁾ en dat dit nie net om intelligensie en vaardigheid gaan nie maar ook om karakterologiese affiniteit.²⁾ Die studenteverpleegster moet nie net by die beroep inpas nie, maar die beroepsbeoefening moet as 'n sinvolle aangeleentheid³⁾ maar ook as 'n Godegewe roeping aanvaar en beleef word.

Aangesien die beroepsbeoefening nie net 'n individuele aangeleentheid is nie, maar vir en in die gemeenskap aangebied word, stel dit ook sosiale eise⁴⁾ en daarom moet die inhoud ook sodanig wees dat dit die leerling ten opsigte van die gemeenskap wat sy moet dien, oriënteer.

5.3.3.4 Die leerstofkeuse moet voorsiening maak vir kultivering en voorbereiding van die studenteverpleegster sowel as viroordeelkundige vryetydsbesteding.

Vir die volledige toerusting, vorming en ewewigtige ontwikkeling van die studenteverpleegster is nodig 'n omvangryke curriculum bestaande

1. Joubert. Beroepskeuse as verantwoordelike en verantwoordbare keuse 'n studie in beroepsoriëntering, p.16.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.; Landman. 'n Antropologies-pedagogiese beskouing van beroepsoriëntering met spesiale verwysing na die personologies-etiese, p.1; Taute. Opvoedende onderwys; 'n handleiding vir studente in die algemene methodiek van die onderwys, p.3117-20

uit wetenskaplike kennis, tegnieke en ook aktiwiteite van 'n meer algemene aard met die oog op oefening van die liggaaam en sosiale inpassing. Hierdie aktiwiteite sluit in deelname aan professionele en vakverenigings, studenteverenigings, gimnastiek, sportaktiwiteite en sodanige aktiwiteite moet 'n integrale deel van die curriculum van die studenteverpleegster vorm. Maar die universiteit is by uitstek die kweekplek van die wetenskaplike onderleg en gekultiveerde mense.¹⁾ Daarom moet die inhoud ook gekies word met die oog op die algemene kultivering van die studenteverpleegster, want '*culture is the continually changing patterns of learned behaviour and the products of learned behaviour (including attitudes, values, knowledge and material objects) which are shared by and transmitted among the members of society.*'²⁾

Elke sosiale groep het onder meer 'n eiesoortige gedragspatroon wat ten dele ook ooreenstem met eienskappe van ander groepe. Kultuur is dus die doen- en denkwyse (in die verlede en heden) van 'n sosiale groep.³⁾ Sosiale groepe word egter van mekaar onderskei deur die verskil in hulle kultuurpatrone en -waardes, kultuurpatroon is die wyse van doen en glo wat eie is aan 'n sekere groep mense; 'n kultuurkompleks is 'n kombinasie van kultuurpatrone wat logies bymekaar hoort, onder andere die verpleegkundige sisteem. 'n Kultuurstreek is 'n area waarin 'n spesifieke kultuurpatroon of -kompleks bestaan. Maar alle kultuurpatrone pas weer in 'n universele verskeidenheid van kultuurpatrone in. Alle mense het byvoorbeeld 'n gesinskring, 'n taal, geloof in 'n Hoër Mag,

1. Vgl. van Riessen. *The university and its basis*, p.8.

2. Cuber. *Sociology; a synopsis of principles*, p.56-65.

3. Bogardus. *Sociology*. p.35.

'n opvoedingspatroon en 'n fisiese lewensisteem.¹⁾

Leerstof moet dus die universele kultuurpatroon beklemtoon en ontwikkel, maar met die wetenskaplike ontwikkeling tree die sosiale kultuurkompleks met sy eie kultuurwaardes en gevare sterk op die voorgrond. Waterink stel dit so: 'Maar wel kunnen wij er op wijzen, dat de laaste vier eeuwen hoe langer hoe meer deze culturele vorming zich richtte naar de specialisatie op een bepaald gebied van kennis. De jaren, waarin culturele vorming als doel had het geven van een inzicht in de totaliteit van het menselijk kennen, liggen reeds ver achter ons.'²⁾ Die wetenskaplike van die twintigste eeu word al meer 'n spesialis op eie gebied en die wereld wat hy betree al kleiner en meer geïsoleer binne die raam van sy eie wetenskaplike omgewing. Die verstaanbaarheid van wetenskaplike kennis bly geïsoleer binne 'n studiegebied van 'n bepaalde groep met sy eie wetenskaplike en professionele taalgebruik. So word ook die mens binne die grense van so 'n gebied al meer geïsoleer en hy vind dit moeilik om met 'n ander wetenskaplike op 'n ander terrein kontak te hou.³⁾ Dit is waar van die Mediese Wetenskap maar ook van Verpleegkunde, en dit is 'n situasie wat kultuurvernietigend kan wees en waarteen gewaak moet word. Daarom moet die studenteverpleegster in gelei word in 'n verskeidenheid van gedragspatrone, kultuurpatrone, en dit kan die beste geskied deur haar met beoefenaars van ander wetenskappe en professies in interaksie te bring.

1. Bogardus. Sociology, p.36-8; Sellew. Sociology and its use in nursing service, p.20-1; Ellwood. Methods in Sociology; a critical study, p.119; Brillenburg Wurth. De antithese in dezen tijd, p.25.
2. Waterink. Theorie der opvoeding, p.330.
3. Ibid., p.331-3.

Vir die studenteverpleegster met 'n veeleisende beroep, vol spanninge en morbiditeit, is ontspanning en vrye tyd ook essensieel. Ontspanning behels bedrywighede van sosiale, verstandelike en geestelike aard of enige kombinasie daarvan.¹⁾ Vrye tyd en ontspanning het vandag die eiendom van elke lid van die samelewing geword, en veral vir die studenteverpleegster is dit noodsaaklik dat sy leiding kry om haar vrye tyd op die regte manier te gebruik, dat vryetydsbesteding op 'n georganiseerde basis geplaas word en dat hospitale, kolleges en universiteite die nodige fasiliteite beskikbaar stel,²⁾ en moet toesien dat dit onder meer ook deur die verpleegkundestudente benut word, en wel op so 'n wyse dat dit vir haar die weg aandui waarvolgens sy in haar latere lewe haar vrye tyd oordeelkundig kan bestee.

5.3.4 Die psigologiese norm

5.3.4.1 Leerstof moet so gekies word dat dit sekere noodsaaklike karaktereienskappe by die verpleegster verder ontwikkel en inskerp

Die leerstof moet van so 'n aard wees dat die verpleegster fisies en psigies in die totaliteit van haar persoonlikheidstruktuur as 'n roepingbewuste, eerlike, betroubare, pligsgetroue, bedagsame, hoflike, simpatieke, stiptelike, hulpvaardige, en besliste persoon ontwikkel,³⁾ want '... each unit of course should contribute to the continued development of the total individual - mentally, physically, emotionally.'⁴⁾ Maar by die leerstofkeuse moet ook die belangstelling, behoeftes en vermoë van die studenteverpleegster in ag geneem word.

1. Opperman. Ontspanning, sport en vryetyd. (In Duvenage, S.C.W. Die atoom-eeu - 'In U lig.' p.379-90.)
2. Kyk hoofstuk 4 van hierdie proefskrif, punt 4.6.2.4.
3. Ibid., punt 4.6.2.3.
4. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.300.

5.3.4.2 Leerstof moet differensiasie toelaat

Die verpleegstersopleiding omvat 'n groot verskeidenheid van professionele studierigtings en daar kan en moet voorsiening gemaak word vir die volle ontplooiing van elke student se akademiese en professionele potensiaal deur die aanbieding van 'n graad- en diplomakursus in Verpleegkunde. Die leerstof moet dus gedifferensieerd gekies word, sodat die intellektuele vermoë, aanleg en belangstelling van die studenteverpleegster in ag geneem word.¹⁾ Die twintigste eeu, met sy fenomenale vooruitgang op wetenskaplike gebiede, verg van die Verpleegkunde dat die leerstofkeuse so sal wees dat dit by die talte vereistes van die professie moet aanpas - met ander woorde 'n universiteitsopleiding op 'n graad- en diplomavlak, waar die beste opleidings- en vormingsmoontlikhede bestaan. Die instelling van 'n geïntegreerde diploma aan universiteite is aktueel en word reeds aangetref.

Die universiteit van die Oranje-Vrystaat het met sodanige diploma begin,²⁾ en by die P.U. vir C.H.O. het die Universiteitsdiploma in Verpleegkunde (U.D.V.) vanaf die begin 1973 'n aanvang geneem.³⁾ Aangesien hierdie navorsing egter slegs oor die graadkursus handel, sal daar nie nou aan die diplomakursus aandag gegee word nie.

1. Davis. The nursing profession, p.11-15; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.320; Smith a.o. Fundamentals of curriculum development, p.279-81.
2. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein. Jaarboek, 1973. Leerplanne, p.234-5.
3. Onderhandeling tussen die universiteit en die Provinciale Administrasie van Transvaal het reeds op die 24ste Maart 'n aanvang geneem en is aan die einde van 1972 gefinaliseer; Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. Universiteitsdiploma in Verpleegkunde (Algemeen en Verloskunde), pamphlet, p.1-4.

5.3.5 Die logiese norm

5.3.5.1 Leerstof moet gebalanceerd gekies word

Die curriculum moet so saamgestel word dat die een doelstelling of enkele doelstellinge nie te sterk ten koste van ander beklemtoon word nie. Dit moet onthou word dat die hele mens met sy fisiese, psigiese en geestelike, maatskaplike en ekonomiese behoeftes tot ontwikkeling moet kom.¹⁾ Nakoming van hierdie eis in die verplegingsberoep het eers in die huidige eeu tot sy reg begin kom soos daaruit blyk dat toenemende klem op die ewewig tussen natuur- en die sosiaalwetenskaplike leerstof in die algemeen, maar ook ten opsigte van die inhoud van elke vak geplaas is.²⁾

5.3.5.2 Leerstof moet feite en metodes wat kan bydra tot probleemoplossing en selfstudie insluit

Elke wetenskap word deur sy eie probleemstelling beheer, en die probleemstelling bepaal weer die objek van die wetenskap.³⁾ Smith e.a. poeneer voorts: 'From the fact that problem-solving is at the heart of the teaching-learning process it follows that subject matter is studied as a means of solving problems . . .'⁴⁾

Die studenteverpleegster moet deur die gekose leerstof gestimuleer word tot wetenskaplike sistematiese en logiese denke, navorsing, selfstudie en probleemoplossing. Die belangrikheid van hierdie stelling impliseer onder meer die volgende: 'Educational psychology is a pioneer among the fields of education in the use of objective tools and devices, and

1. Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.194-5.
2. Vgl. Brubacher. Modern philosophies of education, p.326.
3. Van Dijk. Mens en medemens; een inleiding tot de algemene socio-ologie, p.9.
4. Smith a.o. Fundamentals of curriculum development, p.279; Richardson & Cahoon. Methods and materials for teaching general and physical science, hoofstuk I; Van der Stoep e.a. Algemene aspekte van geprogrammeerde onderrig, p.78-80.

experimental methods of research have been the chief means by which problems in this field have been studied.¹⁾

Heiss en andere verklaar dat opleiding in die vaardigheid van probleem-oplossing al meer belangrik word, omdat talte situasies in die moderne eeu in die vorm van probleme na vore tree,²⁾ terwyl Kaufmann so skryf: 'The more a science expands and the broader its scope becomes, the more it strives towards autonomy in the settling of its problems.'³⁾

5.3.5.3 Leerstof moet so aangebied word dat wetenskaplike soewereiniteit in eie kring, wetenskaplike denke en samewerking behoue bly

Volgens die norm moet die leerstofkeuse van so 'n aard en samestelling wees dat dit 'n logiese eenheid vorm en aan die vereiste van die besondere wetenskap voldoen.⁴⁾ Daar moet dus ook op leerstof wat verband hou met Verpleegkunde as vakwetenskap gekonsentreer word, met ander woorde leerstof van al daardie vakwetenskappe wat tot die outonomie en eenheid van Verpleegkunde bydra.⁵⁾

Die enigste wetenskap wat 'n moontlike gevaaar vir die outonomie van Verpleegkunde kon inhoud, is die Mediese Wetenskap - 'n stelling wat in die twintigste eeu ongegrond is, omdat Verpleegkunde as wetenskap en as professie alreeds 'n fase bereik het waar dit hoë agting en erkenning afdwing en die plek, funksie, hoë status en sleutelposisie van Verpleegkunde in die gesondheidsdiens van 'n volk beslis vas staan. Met die mediese en verpleegkundige gespesialiseerde toekoms voor die deur moet hierdie

1. Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p.5; vgl. ook ibid., p.6.
2. Heis a.o. Modern Science teaching; a revision of modern methods and materials for teaching science, p.35-8; vgl. ook ibid., p.138-51.
3. Kaufmann. Methodology of the social science, p.205; vgl. ook ibid., p.199-221.
4. Kyk hoofstuk 3 van hierdie proefskrif; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.321.
5. Vgl. Richard & Cahoon. Methods and materials for teaching general and physical science, p.70-2.

twee professies eerder nader na mekaar, in plaas van verder van mekaar, beweeg. Hierdie neiging kan geen gevaar vir Verpleegkunde inhou nie, want as verpleging en Verpleegkunde in noue voeling en geïntegreerd met die mediese professie en Medisyne saamwerk, maar terselfdertyd sy eie identiteit behou, is dit juis 'n sterk positiewe bewys van sy outonomie. 'n Autoriteit sê die volgende aangaande die verhouding: 'There can therefore be no fear of subjugation and I am sure this will never happen. The medical profession is only too eager to work as closely as possible with the nursing profession and it will always be happy and eager to grant it full autonomy and recognition of its important and valuable function.

'Independence of your profession is important and essential, but this must not lead to the isolation of your profession. You must have the confidence and selfassurance to co-operate and integrate with the medical profession without reservation, but of course also without losing your identity and the right to make your own decisions at all times.'¹⁾

Leerstof moet dus so aangebied word dat Verpleegkunde sy eie identiteit en ook 'venootskap' met die mediese professie behou, omdat dit alleenlik vir beide professies, die pasiënt en die gemeenskap tot voordeel strek.

5.3.5.4. Leerstof moet 'n eie wetenskaplike taal, terminologie en woordeskat ontwikkel en bevorder

'n Eie wetenskaplike taal en woordeskat is belangrik en alhoewel Ver-

1. Du Plessis. The challenge of the nursing profession. Suid-Afrikaanse verpleegstydskrif, XXXIII (12):33, Desember 1966

pleegkunde alreeds oor 'n betreklike gestabiliseerde wetenskaplike woordeskat, terminologie en taal beskik, is dit nog nodig dat voldoende verpleegkundige terme en definisies ingesluit word om sodoende 'n basiese woordeskat en taal te voorsien en om die wetenskaplikheid te bevorder en te verseker.¹⁾

5.3.5.5 Leerstofkeuse moet die geleentheid vir die gebruik van die deduktiewe en induktiewe metodes daarstel

In Verpleegkunde is daar 'n groot probleemstellingspotensiaal en die studenteverpleegster word daagliks met probleme gekonfronteer. Wanneer 'n probleem homself voordoen, word onmiddellik 'n oplossingshipotese geformuleer (deduktief) en daarna word getrag om die bekende dele induktief bymekaar te bring om sodoende vas te stel of die hipotese korrek is en of dit toegepas kan word.²⁾ 'Induction is a process of providing deduction and deduction is an hypothesis upon which induction may work.'³⁾

5.3.5.6 Leerstof moet sodanig wees dat die student se appersepsiemasas uitgebrei word, dat probleme opgelos en die noukeurige redeneringsvermoë gestimuleer word.⁴⁾ Vir die induktiewe metode moet die leerstof geleentheid bied vir waarneming, analise en navorsing om soveel moontlik feite te akkumuleer waaruit algemene begrippe, reëls en definisies afgelei kan word. Induksie en deduksie wat die denke en die vermoë om probleme op te los stimuleer, tree sterk in die professie na vore.

1. Kyk hoofstuk 1 vir uiteensetting van sommige terme.
2. Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p.194.
3. Ibid., p.193; Stoker. Beginsels en metodes in die wetenskap, p.77; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.161-3; Coetzee. Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, p.293.
4. Taute. Opvoedende onderwys; 'n handleiding vir studente in die algemene methodiek van die onderwys, p.37-8.

5.3.5.7 Leerstofkeuse in Verpleegkunde moet so omvattend wees dat dit voldoen aan al die behoeftes van die kernstruktuur

Die algemene opvatting in die Republiek van Suid-Afrika is dat die drie kerndissiplines naamlik die Algemene, Verloskundige en Psigia-triese Verpleegkunde as basiese opleiding beskou moet word. In die Verenigde State van Amerika en Kanada word die Algemene en Psigiatrise Verpleegkunde as 'n geïntegreerde 4- tot 5-jarige akademiese kursus aangebied.¹⁾ Verloskundige Verpleegkunde word egter nie ingesluit nie, maar slegs 'n faset daarvan bekend as die 'Moeder-en-kindversorging.' Die Verenigde State van Amerika bied Verloskundige Verpleegkunde as 'n nagraadse kursus aan. In die Republiek van Suid-Afrika bied die Universiteit van Pretoria²⁾ die 4½-jarige geïntegreerde kursus aan en die P.U. vir C.H.O.³⁾ 'n geïntegreerde kursus van die dissiplines Algemene en Verloskundige Verpleegkunde met die psigiatrisee gedeelte opsioneel. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bied 'n geïntegreerde kursus, in twee gedeeltes, naamlik 'n basiese graad van 3-jaar en 'n 1½-jarige honneursgraad aan.⁴⁾ Die Universiteit van Stellenbosch bied op die stadium nog net 'n 4-jarige graad in Algemene Verpleegkunde aan.⁵⁾ Die leerstof moet dus so gekies word dat hierdie drie basiese dissiplines aan alle doelstellinge en vereistes vir 'n geïntegreerde kursus voldoen.

1. Vgl.o.a. Saint Louis University, Saint Louis, Bulletin. 1969-70. Baccalaureate program leading to the Bachelor of Science Degree in nursing, 65(9):81,82, 108-110, 1st May 1969.
2. Universiteit van Pretoria, Pretoria. Jaarboek deel X, 1973. Regulasies en leerplanne, B.Cur., P.58-9.
3. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom, Jaarboek, 1973. Regulasies vir die graad Baccalaureus Artium et Scientiae (Verpleegkunde), p.107-9 asook errata.
4. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, Jaarboek, 1970. Regulasies vir die fakulteit van sosiale wetenskappe, p.223-7 en ibid., p.243-4.
5. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. Jaarboek, 1973. B. Verpleegkunde, p. 847-51.

5.3.5.8 Leerstof moet so wees dat die studenteverpleegster nasionaal en internasionaal gevorm word

Die opleidingsinrigtinge moet so wees dat die studenteverpleegster in en deur 'n volkseie atmosfeer en deur die medium van die tradisie, kultuur en taal van haar volksgemeenskap opgevoed word. Dit moet 'n vase punt wees van waaruit die studenteverpleegster kan lewe en wat aan haar 'n duidelike rigting gee. Die waarde van die gemeenskaplike tradisie vir die verpleegster mag nie misken word nie.¹⁾ Brunner stel dit so: '*Tradition is social rootedness, living togetherness, on the basis of common history, of family acquaintance through many generations.*'²⁾

Die nasionale beginsel in die onderwys beteken nie dat lede van een volksgroep die instellinge, tradisies en kultuur van 'n ander volks-groep moet minag nie, 'want egte nasionalisme en 'n onveralste internasionalisme is nie in stryd met mekaar nie.'³⁾ Sonder nasionalisme in die verpleegstersberoep kan daar geen internasionalisme wees nie. As daar in die verpleegstersberoep geen gesonde verhouding en interaksie met ander nasies bestaan nie, verloor dil beroep baie en isolasie moet noodwendig lei tot ondergang. Nasionalisme en internasionalisme is wedersyds noodsaklik, want die verpleegstersberoep is vir baie aspekte aangewys op dit wat lande vir mekaar kan aanbied.

1. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.388.

2. Brunner. Christianity and civilization, p.33.

3. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.389.

5.3.6 Die historiese norm

Geen wetenskaplike werk is revolusionêr nie, maar dit bou sy toekoms uit die hede op en stel die moontlike verloop van 'n aktuele situasie vas deur die grondslae en ervaringe van die verlede. Op dieselfde wyse vereis die Verpleegkunde ook dat by die leerstoëkeuse voldoen moet word aan die historiese norm.¹⁾ Dit hang verder ook saam met die godsdiestige of Christelike tradisie wat die aard en inhoud van die leerstoë in ooreenstemming met die doeleindes van so 'n opleiding bring.

5.4 Rangskikking van die leerstoë

5.4.1 Inleiding

Onder die rangskikking of ordening van die leerstoë word verstaan die orde waarin die leerstoë in 'n curriculum voorkom. Met ander woorde, daar moet ten eerste 'n curriculum opgestel word, te wete bepaalde Verpleegkundige inhoud en ondersteunde inhoud uit sekere hulpwetenskappe. Tweedens moet die sillabusse wat die leerstoë in 'n bepaalde leervak vir 'n jaar of jare aangevoer, bepaal word en dan moet die leerstoë in elke sillabus gerangskik word.²⁾

5.4.2 Curriculumsamestelling

Die curriculumsamestelling berus op bepaalde kriteria wat soos volg geformuleer kan word, naamlik dat die curriculum op die gestelde doel gerig moet wees, naamlik doeleindes wat vooraf bepaal is;

die curriculum op professionele vervulling, met 'n wetenskaplike onder-

1. Kyk hoofstuk 2 as geheel; Coetzee. Inleiding tot die algemene theoretiese opvoedkunde, p.320; McDonald. A philosophy of education, p.35; Brubacher. Modern philosophies of education, p.3; Waterink. Grondslagen der didactiek, p.148-9; Waterink. Theorie der opvoeding, p.559-61; Lloyd & Biglow. The teaching of biology in secondary schools, p.96.
2. Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.197; Preller. Red. Inleiding tot die tersiêre didaktiek, p.227-8; die curriculumsamestelling en sillabusontleding verg verdere navorsing.

bou, gerig moet wees. 'It follows that the curriculum must be rich in learning experiences, both theoretical and practical, that will provide a foundation for the practice of nursing in a rapidly changing world.'¹⁾

die curriculum insig in die Verpleegkunde moet gee en dat die wetenskap bevorder moet word;

die curriculum die behoeftes van die volk en gemeenskap in ag moet neem;

die curriculum die potensiaal van die studenteverpleegster in ag moet neem en waar daar, soos in Verpleegkunde, gedifferensieerde behoeftes bestaan, moet gedifferensieerde curricula saamgestel word. Hier sal alleenlik op die curriculum van die graad gekonsentreer word;

die curriculumsamestelling geldelike en organisatoriese omstandighede is ag moet neem;

die curriculumsamestelling die voorkomende en bevorderende gesondheidssorgs-, genesende, en rehabiliterende fasette op die fisies-sosiale en maatskaplike grondslag moet orden;

die curriculumsamestelling 'n voortdurende proses is, wat steeds met die veranderende eise en die dinamiese aard van Verpleegkunde, Geneeskunde, Farmakologie, Tegnologie, die Biologiese wetenskappe en die komplekse menslike lewe moet tred hou.²⁾

1. World Health Organization. Expert committee on nursing. Fifth report, Geneva, 1966. Basic education for the nurse. World health organization technical report series, 347:18.
2. Preller. Red. Inleiding tot die tersiêre didaktiek, p.229-30; Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.189-96; Kennis wat skrywer oor beskik.

5.4.3 Die rangskikking van die inhoud van 'n curriculum

Dit kan in semesterkursusse en studiejare ingedeel word en kan kortlik op een van die volgende wyses georden word, naamlik die chronologiese; analitiese, sintetiese, logiese, psigologiese en konsentriese rangskikking. Met betrekking tot die curriculumsamestelling vir Verpleegkunde is die logiese rangskikking van toepassing.¹⁾

5.4.4 Die samestelling van 'n curriculum vir 'n geïntegreerde kursus

Die duur van die curriculum sal minstens vier-en-'n-halfjaar wees. 'n Studenteverpleegster moet in minstens 17 kursusse slaag, wat soos volg versprei moet word: die eerste jaar 5, die tweede jaar $5\frac{1}{3}$, die derde jaar $3\frac{1}{3}$, die vierde jaar $2\frac{1}{3}$ kursusse en die vyfde halwe jaar een kursus. Hier moet in ag geneem word dat Verloskundige Verpleegkunde I en II, Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg en Psigiatrische Verpleegkunde I en II voorheen onder Algemene Verpleegkunde geressorteer het en nou as volwaardige vakke bestaan. Daarom dan 17 in plaas van 12 kursusse. Die tydperk van vier-en-'n-halfjaar en die indeling van kursusse in die onderskeie studiejare, maak dit vir die studenteverpleegster moontlik om so 'n curriculum te voltooi.

In die hieropvolgende curriculumsamestelling word alleenlik die basiese kursusse ingesluit, naamlik:

Eerste jaar (5 kursusse)

Verpleegkunde I

Sosiologie I

1. Preller. Red. Inleiding tot die tersiêre didaktiek, p.231-32.

Psigologie I

Anatomie A en Histologie

Kliniese Biochemie en Biofisika

Praktikum

Tweede jaar ($5\frac{1}{2}$ kursus)

Verpleegkunde II

Sosiologie II of Psigologie II

Mikrobiologie IA

Farmakologie A vorm een kursus

Fisiologie I

Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg

Psigiatriese Verpleegkunde IA ($\frac{1}{2}$ kursus)

Praktikum

Derde jaar ($3\frac{1}{2}$ kursus)

Verpleegkunde III

Sosiologie III of Psigologie III

Verloskundige Verpleegkunde I

Psigiatriese Verpleegkunde IB ($\frac{1}{3}$ kursus)

Praktikum

Vierde jaar ($2\frac{1}{2}$ kursus)

Verpleegkunde IV

Verloskundige Verpleegkunde II

Psigiatriese Verpleegkunde IC ($\frac{1}{3}$ kursus)

Vyfde jaar (semester kursus (1))

Psigiatrise Verpleegkunde II

Praktikum

Behalwe vir die basiese kursusse word daar nog deur sommige universiteite onder andere verpligte of bywoningskursusse in Religieuse onderrig, 'n taalkursus, Wysbegeerte, Algemene Geskiedenis, aangebied.¹⁾

5.4.5 Sillabussamestelling

Soos reeds aangetoon is, het dit op 'die inhoud en ervarings in 'n bepaalde vak vir 'n bepaalde studietydperk, betrekking.²⁾

Die behandeling van die inhoud van die sillabus ten opsigte van Verpleegkunde neem aansienlike afmetings aan en gevoglik is dit nie moontlik om dit in hierdie proefskrif volledig te behandel nie. Daar sal dus kortlik net van hoofmomente gebruik gemaak kan word. Verpleegkundige literatuur (soos in die mediese wetenskap) is uiters veranderend omdat die wetenskap so dinamies van aard is. Daar moet gedurerig met die nuutste mediese, chirurgiese en tegnologiese ontwikkeling tred gehou word. Tewens, vir die mees resente ontwikkeling word na die talle tydskrifte gegaan en dikwels nie na die voorgeskrewe boek nie. Jaarliks moet die boeke van toepassing vir die graadkursus selekteer word, wat nie noodwendig dieselfde boeke van die vorige jaar beteken nie. Met ander woorde, dit is nie moontlik om vir Verpleegkunde bepaalde statiese bronne aan te wys nie. Gevolglik sal die bronne wat aangedui word vir die vakke in Verpleegkunde en die hulpweten-

1. Kyk voetnotas van hierdie hoofstuk, punt 5.5.; Stone. Opvoeding en religie; De Klerk e.a. Roeping en werklikheid; 'n handboek vir interfakultêre wysbegeerte.

2. Preller. Red. Inleiding tot die tersiêre didaktiek, p.232.

skappe net vir die jaar waarin die proefskrif geskryf is, moontlik geldig wees. Hierdie bronne het ook nie betrekking op 'n bepaalde universiteit nie, maar dit staaf en tipeer alleenlik dit wat tentatief in die sillabusse gestel word.

5.4.6 Sillabusse

5.4.6.1 Kursus I

Verpleegkunde

Geskiedenis (wêreld-en Suid-Afrikaanse);¹⁾ Eerstehulp;²⁾ Etos van verpleging (Gedragsskode van die verplegingsprofession);³⁾ Teorie van kliniese verpleging;⁴⁾ praktikum.

Anatomie

Anatomie word sistematies en regionaal aangebied byvoorbeeld: die beenstelsel (osteologie) en gewrigte; die spierstelsel; die endokriene stelsel; die senuweestelsel; die bloedsomloopstelsel; die urinêre stelsel; die voortplantingstelsel; die spysverteringsstelsel; die spesiale sintuie

Histologie

Histologie word soos volg aangebied: die selle, weefsels en organe; spierweefsel; die hart, bloedvate en bloed, hematologie; die spysverteringsstelsel; asemhaling- en urinêre stelsel; die senuweesisteem; die

1. Searle. The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960; a socio-historical survey; Kyk hoofstuk 2 van hierdie proefskrif.
2. Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging. Eerstehulp-handboek.
3. Kyk hoofstuk 7, punt 7.5 en hoofstuk 4, punt 4.6.1. - 4.6.3. van hierdie proefskrif.
4. Vlok. Manual of basic nursing; a textbook for South Africa student and pupil nurse; Kozier & Du Gas. Introduction to patient care; a comprehensive approach to nursing; Maurer. Hospital hygiene.
5. Lockhart a.o. Anatomy of the human body; Basmajian. Primary anatomy; Drennan. Menslike osteologie.

endokriene stelsel; die vel. Praktikum.¹⁾

Sosiologie

In die Sosiologie word die volgende leerstofinhoud kortlik vir kursus I ingesluit: die veld van ondersoek (kennis en metodes van die Sosiologie); grondslae van en invloede op die sosiale lewe; die bepaling van sekere grondbegrippe in die Sosiologie; sosiale patologiese verskynsels; sosiale organisasie en prosesse wat veranderinge in die samelewning en kultuur veroorsaak; onderskeie sosiale groepe; die versorgingsaspek, wat ook met verpleging skakel; bestudering en funksies van die vernaamste samelewingsvorme, byvoorbeeld die huwelik en gesin.²⁾

Psigologie

Kursus I sluit die volgende aspekte in naamlik die teoretiese agtergrond met psigologie as wetenskap, intelligensie; die leerproses; denke; die strewingslewe; persoonlikheidsleer; die rol van die senuweestelsel in gedrag; waarneming; emosie; frustrasie en konflik. Eksperimentele werk.³⁾

Kliniese Biochemie

Die kursus word soos volg aangebied, naamlik: materie en energie; suurstof, waterstof, koolstof en stikstof, minerale en elektrolyte; water, suur, en basisse; die ontwikkeling en stoer van energie deur lewende sisteme; elementêre organiese chemie en die samestelling van voedingstowwe; ensieme, vitamiene, vertering en absorpsie; metabolisme; bloed, uitskeiding en die elektrolyet- en waterbalans; die endokriene beheer oor meta-

1. Freeman a.o. An atlas of histology.

2. Roode. Inleiding tot die sosiologie; Johnson. Sociology; a systematic introduction.

3. Morris. Psychology; an introduction.

boliese prosesse; eugenetika. Praktikum.¹⁾

Kliniese Biofisika

Kliniese Biofisika word soos volg aangebied: die grafiese en wiskundige formulering van wetenskaplike probleme; eenhede; kragte; ontstaan van elektrisiteit en die vloei daarvan deur geleiers; produksies van elektrisiteit deur elektriese en lewende selle; verandering en meting van elektriese strome; elektromediese apparaat; gemeenskaplike eienskappe van vloeistouwe, gasse en warmte; gasse en asemhaling; vloeistouwe en die hartbloedvaatstelsel; vloeibare mensel; warmteleer en die regulerung van liggaamstemperatuur; elektromagnetiese strale; lig en gesig; radioaktiwiteit; klank en gehoor.²⁾

5.4.6.2 Kursus II

Verpleegkunde

Die inhoud word soos volg aangebied: Interne Geneeskunde;³⁾ Algemene en Streekchirurgie;⁴⁾ teorie van kliniese verpleging;⁵⁾ Dieetkunde spesiaal;⁶⁾ Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg;⁷⁾ Psigiatriese Verpleegkunde IA. Praktikum.

1. Brown & Järos. Elementêre mediese biochemie; Hitzeroth, H.W. Eugenetika en die medies-genetiese behandeling van die mens. (In Smit, E.J. Hoofred.)Koers, 40(3):188-217, 1975.
2. Järos & Meyer. Elementêre mediese biofisika.
3. Cable. Principles of medicine; an integrated textbook for nurses; Wasserman. Interne geneeskunde vir verpleegsters.
4. Brunner a.o. Textbook of medical - surgical nursing; Dreyer. Chirurgie; 'n handleiding in die algemene chirurgie.
5. Sutton. Bedside nursing techniques in medicine and surgery.
6. Robinson. Basic nutrition and diet therapy; Turner. Handbook of diet therapy.
7. Searle. Ed. Manual for public health nurses; Stewart. An introduction to public health; Christie. Infectious disease; epidemiology and clinical practice.

Psigologie

In kursus twee word die leerstof soos volg aangebied: ontwikkelings-psigologie; sosiale psigologie; neuropsigologie; psigometrie; statistiese metodes.¹⁾ Praktikum.

Sosiologie

Die tweede kursus sluit in: differensiasie in die menslike samelewingsvorme (gedifferensieerde en ongedifferensieerde samelewingsvorme); die invloed van die sosiale patologie op die sosiale groepe in die samelewing; die bestudering van sosiaal-patologiese verskynsels; integrasie- en disintegrasieprosesse in die moderne samelewing.²⁾

Mikrobiologie IA

Die aanbieding van mikrobiologie is soos volg: die omvang en historiese oorsig; bakteriologie; mikologie; kort oorsig van virusse; ontsmetting en sterilisasie; studie van die mikrobiologie van water, melk en melkprodukte en ander voedselprodukte.³⁾ Praktikum.

Farmakologie A

In die geval van die Farmakologie word die leerstof as volg aangebied: die ontwikkeling van Farmakologie; die wetlike aspek van medikamente en geneesmiddelterapie; die toediening van medikamente onder andere dosiskunde en die rol van die verpleegster in die proses van toediening van medikamente; die psigologiese en sosiologiese aspekte van geneesmiddelterapie; die gebruik van medikamente in 'n verskeidenheid kliniese toestande; die geneesmiddelterapie vir die algemene medies-chirurgiese toe-

1. Freedman a.o. Social psychology; Du Toit. Statistiese metodes; 'n inleiding vir studente in die sielkunde, opvoedkunde en sosiale wetenskappe; Butter. Neuropsychology.
2. Rip. Contemporary social pathology; Johnson. Sociology; a systematic introduction; Roode. Inleiding tot die sosiologie.
3. Pelczar & Reid. Microbiology; Kruger & Martin. Mikrobiologie; praktiese handleiding vir huishoudkunde-, verpleegkunde-, en aptekerstudente.

stande, byvoorbeeld die aanwending van medikamente ten opsigte van sistematiese siektes; die farmakologie in die mediese wetenskap met betrekking tot sekere tipes van pasiënte byvoorbeeld obsteetriepasiënte.¹⁾

Fisiologie I

Die leerstof word aan die studenteverpleegster soos volg aangebied: Selfisiologie, beheer, biosintese en erflikheid; die spysverteringstelsel, vertering en metabolisme; respirasie; die sentrale senuweestelsel en ontonome senuweefunksie; bloed en immuniteit; hart- en bloedsomloopsfisiologie (kardiologie) endokriene en voortplantingsstroom; liggaamsvloeistouwe, elektrolyte en uitskeiding; die fisiologie van die senuwee en spier; die fisiologie van spesiale sintuie.²⁾

Praktikum.

5.4.6.3 Kursus III

Verpleegkunde

Die volgende vakke word in hierdie jaar aangebied: oogheelkunde, ortopedie; oor-, neus-, en keelgeneeskunde; dermatologie, urologie; geriatrie; pediatrie; ginekologie; neurochirurgie; operasietegnieke; kliniese demonstrasies; Verloskundige Verpleegkunde I; Psigiatriese Verpleegkunde IB.³⁾ Praktikum.

1. Falconer a.o. The drug, the nurse, the patient.
2. Guyton. Function of the human body; Best & Taylor. The living body; a text in human physiology; Reinecke & Malan. Handleiding vir praktiese fisiologie; hier kan meer boeke bygevoeg word.
3. Cyriax. Textbook of orthopaedic medicine; Adams. Outline of orthopaedics; Garland. Ophthalmic nursing; Korkis. Ear, nose and throat nursing; Newton & Anderson. Geriatric nursing; Cranfield. Theatre nurses handbook; Shore & Keet. Die pasgebore baba; Rykheer. Modern clinical nursing. Die res van die gespesialiseerde siektes kan in die boek nageslaan word. Burnett. The anatomy and physiology of obstetrics; a short textbook for students and midwives; Myl Textbook for midwives; Pretorius. Babavoeding; Pretorius. Alle-daagse kindergeneeskundige probleme.

Psigologie

Die volgende leerstof word in die laaste studiejaar aangebied:
psigopatologie; strominge in die psigologie; persoonlikheidsleer;
navorsingsmetodes; psigometrie; statistiese metodes.¹⁾ Praktikum.

Sosiologie

In die jaar word aangebied: die algemene sistematiese sosiologie en die ensiklopedie van die sosiologie, met verwysing na die struktuurfunksionele probleme (medies- en verpleegingssosiologie saam met ander sosiologieë word hier ingesluit); die geskiedenis van die sosiale denke en die sosiologie; maatskaplike navorsingsmetodes.²⁾

5.4.6.4 Kursus IV

Verpleegkunde

In hierdie jaar word alleenlik verpleegkundige leerstof aangebied: professionele praktyk en die beginsels van administrasie; praktiese saalbestuur; hospitaaladministrasie; maatskaplike werk in hospitale;³⁾ verpleegopvoedkunde;⁴⁾ Verloskundige Verpleegkunde II;⁵⁾ Psigiatriese Verpleegkunde IC. Praktikum.

5.4.6.5 Kursus V (halwe jaar)

Psigiatriese Verpleegkunde II

Die bronne vir Psigiatriese Verpleegkunde I (IA, IB, en IC) en II word saam na verwys en dan alleenlik na die wat van fundamentele belang is,

1. Pervin. Personality; theory, assessment and research; Suinn. Fundamentals of behavior pathology; Du Toit. Statistiese metodes (Hier word slegs 'n paar bronne genoem - veel meer is van toepassing).
2. Timasheff. Sociological theory; its nature and growth; Goode & Hatt. methods in social research; Van Rensburg. Mediese sosiologie vir verpleegsters. (hier kan veel meer bronne bygevoeg word).
3. Die bogenoemde aspekte het tot 'n groot mate slegs op die praktika betrekking.
4. Kyk hierdie proefskrif.
5. Llewellyn-Jones. Fundamentals of obstetrics and gynaecology; Oxorn. Human labor and birth; Babson & Benson. Management of high-risk pregnancy and intensive care of the neonate.

ten opsigte van die vakkundige leerstof word na die onderskeie bronne verwys.¹⁾

5.5 Leerstofkeuse in die samestelling van curricula in Verpleegkunde by universiteite in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande

Waar hierbo vasgestel is aan watter norme die leerstofkeuse en -ordening moet voldoen vir die Verpleegkunde, is dit voorts nodig om 'n weergawe van die onderskeie curricula soos tans aan 'n aantal universiteite geld te gee. Die doel hiermee is om die curricula te toets aan die gestelde norme.

Die indeling wat hier gegee word volg uit 'n ontleding van die inhoud wat vervat is in die verskillende kursusse in curricula van verpleegkunde aan twaalf verskillende universiteite in die Republiek van Suid-Afrika,²⁾ die Verenigde State van Amerika,³⁾ Kanada,⁴⁾ en Engeland.

1. Altschul. *Psychiatric nursing*; Ackner. *Handbook for psychiatric nurses*; Matheney & Topalis. *Psychiatric nursing*; Mereness & Taylor. *Essentials of psychiatric nursing*; Burgess & Lazare. *Psychiatric nursing in the hospital and the community*. Hier kan bygevoeg word.
2. Universiteit van Pretoria, Pretoria. Jaarboek, 1975 deel X. Regulasies en leergange, p.20-3; Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein. Jaarboek, 1974. Regulasies vir die fakulteit van sosiale wetenskappe, p.237-43 en vgl. ook ibid., p.261-2; Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch. Jaarboek, 1973, B. Verpleegkunde, p.847 Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. Jaarboek, 1975. Regulasies vir die graad Baccalaureus Artium et Scientiae (Verpleegkunde), p.107-9 asook erata.
3. The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies 1969-70. School of nursing; philosophy and aims, 55(2):163-9, 28th February 1969; University of Pennsylvania, Philadelphia. Bulletin, 1969-70. School of nursing; purpose of curriculum, LXIX (1):143-6, March 1969; Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. The programs of studies, 65(9):80-2, May 1969; Wayne State University Detroit. Bulletin, 1969-70. Undergraduate program; leading to the degree of Bachelor of Science in Nursing, 47(3):43-59, March 1969; Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-69. Program and course descriptions, p.28-36.
4. University of Toronto, Toronto. Calendar, 1969-70. School of nursing, p.18-25; McGill University, Montreal. Calendar, 1969-70. School of graduate nurses, p.14-16.

land.¹⁾

In hoofstrekke toon die inhoud van die onderskeie kursusse in curricula die volgende verskille en ooreenstemmende eienskappe: Al dié universiteite bied 'n baccalaureusgraad in Verpleegkunde aan, wat onderskeidelik as B.Art. et Scien. (Verpleegkunde); B.Sc.; B.Soc.Sc.; B.Cur.; B. in Verpleegkunde; B.Sc. (Ekonomiese) en Verpleegkunde ensovoorts bekend staan. Die tydsduur van opleiding strek oor 'n periode van 4,²⁾ 4^{1/2},³⁾ 5,⁴⁾ en selfs 6 jaar.⁵⁾ Sommige universiteite sluit slegs die dissipline van Algemene Verpleegkunde by die opleidingstydperk in, ander bied 'n geïntegreerde kursus in die disciplines van Algemene en Psigiatriese Verpleegkunde aan, terwyl die meeste universiteite in die Republiek van Suid-Afrika die geïntegreerde disciplines van Algemene, Verloskundige en Psigiatriese Verpleegkunde aanbied. Volgens die verpleegkundige kursusse in die curriculäre inhoud handhaaf al dié universiteite 'n rede-like goeie teoreties-praktiese verhouding, behalwe in die Amerikaanse universiteite waar die teorie tot 'n mate neig om 'los' van die praktyk te ontwikkel.⁶⁾

1. City University of London. An associated course in nursing and a B.Sc. (Economics) degree. Die besonderhede van die curriculum is gedurende 'n besoek (1969) aan die City University of London (Queen Mary College) bekom.
2. Vgl. o.a. Saint Louis University, Saint Louis. Bulletin, 1969-70. The programs of studies, 65(9):81-2, May 1969.
3. Universiteit van Pretoria, Pretoria. Jaarboek, 1975 deel X. Regulasies en leergange, p. 20-3.
4. Vgl. McGill University, Montreal. Calendar, 1969-70. School for graduate nurses, p.14-15.
5. Mussallem. Nursing education in Canada, p.89; Mussallem toon in 'n skedule aan dat van 13 universiteite in Kanada, 8 vyfjarige, 5 vierjarige en 1 'n sesjarige kursus(se) aanbied. (Akademiese jare).
6. Shetland. The responsibility of the professional school for preparing nurses for ethical, moral and humanistic practice. Nursing Forum, viii(1) 19-21, 1969.

5.5.1 Eerstejaarkursusse soos dit in die curricula van die verskilende universiteite voorkom¹⁾

Kursusse wat in curricula figureer is: Algemene Verpleegkunde, Fisiologie, Anatomie, Histologie, Biochemie, Biofisika, Wiskunde, Statistiek, Sielkunde, Sosiologie, Filosofie, Religieuse Onderrig, 'n taalkursus, Maatskaplike Werk, Geskiedenis, Liggaamlike Opvoeding, Toegepaste Ekonomie, Geografie, Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg, en praktika.

By alle universiteite is die eerste Verpleegkunde-kursus 'n inleiding tot die beroepsterrein - in die Republiek van Suid-Afrika blyk dit dat die praktika egter 'n kleiner omvang aanneem. Sielkunde en/of Sosiologie word deur al die universiteite aangebied. Bykans al die universiteite bied Anatomie in die eerste jaar aan, terwyl slegs twee uit die 12 Fisiologie aanbied. Al die universiteite bied Biochemie en Biofisika aan, verder val die keuse vir sommige universiteite nog op een van Biologie, Liggaamlike Opvoeding, Maatskaplike Werk, Wiskunde, Filosofie, Religieuse Onderrig of 'n taalkursus - 7 uit die 12 bied 'n taalkursus aan. Histologie word deur 'n paar universiteite as 'n aparte kursus gegee, maar aan meeste universiteite word dit by Anatomie en Fisiologie ingeskakel. Aan die City University of London neem onder andere Ekonomie en Geografie die plek van Sielkunde en Sosiologie in. Statistiek word in meeste gevalle by Sielkunde en Sosiologie ingeskakel. Inleiding tot Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg.

1. Kyk na die voetnotas van hoofstuk 5, punt 5.5.

5.5.2 Tweedejaarkursusse ¹⁾

In die tweedejaar figureer die volgende kursusse: Algemene Verpleegkunde, Sosiologie, Sielkunde, Mikrobiologie, Farmakologie, Voedingsleer en Dieetterapie, Patologiese Fisiologie, Anatomie, Biochemie, Biofisika, Biologie, Ekonomie, Geografie, Antropologie, 'n taalkursus, Empiriese Opvoedkunde, Religieuse Onderrig, Filosofie, Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg en praktika.

In die tweedejaar is Verpleegkunde in die algemeen 'n voortsetting van die dissipline van Algemene Verpleegkunde (veral ten opsigte van die algemene geneeskundige en chirurgiese siektetoestande) en die praktiese toepassing van kennis aan 'n geaffilieerde hospitaal. Die meeste universiteite gaan voort met kursusse in Sielkunde en/of Sosiologie of 'n kursus in Antropologie. Mikrobiologie, Farmakologie, Patologiese Fisiologie en Empiriese Opvoedkunde word aan meeste universiteite as gerigte kursusse aangebied. Voedingsleer en Dieetterapie word by Verpleegkunde ingeskakel en slegs by 'n paar instansies as 'n aparte kursus gedoseer. Ekonomie en Geografie as hoofvakke volg op kursus een. Een van Anatomie, Biochemie, Biofisika, Biologie, Filosofie of 'n taalkursus word nou as eerste kursus aangebied. Religieuse Onderrig word by tale universiteite as 'n tweede kursus aangebied. Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg word in sommige universiteite in die jaar voltooi.

5.5.3 Derdejaarkursusse ²⁾

Die volgende kursusse kom algemeen in die derde studiejaar voor:

1. Kyk na die voetnotas van hoofstuk 5, punt 5.5.
2. Ibid.

Algemene Verpleegkunde, Sielkunde, Sosiologie, Filosofie, Religieuse Onderrig, Geskiedenis, Ekonomie, Geografie, Mikrobiologie, Farmakologie, Fisiologie, Patologiese Anatomie, 'n taalkursus en praktika.

Verpleegkunde gaan in die derde jaar voort en in die stadium moet die praktiese ondervinding vermeerder, die aksent word op verpleegdiagnose geplaas en sommige universiteite gee aandag aan die eerste beginsels van navorsing. Die Algemene Verpleegkunde-dissipline word voortgesit en kennis in verband met gespesialiseerde geneeskunde en chirurgiese siektetoestande onder andere pediatrie, geriatrie, ginekologie word bygebring.

Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg (publieke, volks- of gemeenskapsgesondheid) word vanaf die eerste jaar by die fasette van die Verpleegkunde ingevleg of as 'n aparte vak aangebied. Bykans alle oorse universiteite begin met die faset moeder-en-kindversorging, terwyl sommige universiteite in die Republiek van Suid-Afrika 'n eerste kursus in Verloskundige Verpleegkunde aanbied.¹¹ Sielkunde en/of Sosiologie word deur alle universiteite as 'n derde kursus aangebied. Slegs een universiteit bied 'n tweede kursus in Fisiologie aan en andere skakel hier ook Patologiese Anatomie in. Religieuse Onderrig vorm 'n derde kursus by tale universiteite, en Ekonomie en Geografie is die laaste kursusse vir die geassosieerde B.Sc. (Ekonomiese) en Verpleegkundegraad. Een van Filosofie, Geskiedenis of 'n taalkursus of 'n halwe kursus elk van Farmakologie en Mikrobiologie word aangebied.

1. Die Verenigde State van Amerika bied Verloskundige Verpleegkunde nagraads aan.

5.5.4 Die vierdejaarkursusse ¹⁾

In die vierde jaar kom die volgende kursusse in die curricula voor:
Algemene Verpleegkunde, Religieuse Onderrig, Sosiologie, 'n taalkursus,
Opvoedkunde en praktika.

Algemene Verpleegkunde bly in die vierde jaar behoue, maar dit is by alle universiteite oorwegend 'n jaar van praktiese werk. Aspekte soos saaladministrasie, kliniese onderrig, professionele praktyk en die vak Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg geniet veral aandag.

Sommige universiteite in die Republiek van Suid-Afrika bied die tweede gedeelte van Verloskundige Verpleegkunde aan, terwyl ander die hele kursus in dié jaar voltooi,²⁾ en by ander weer neem Psigiatriese Verpleegkunde nou 'n aanvang, of dit geld al vanaf die tweede jaar. 'n Aantal oorsese universiteite skakel op die stadium die gespesialiseerde geneeskundige en chirurgiese siektetoestande in. Vir meeste universiteite is die akademiese opleiding veral die wetenskaplike onderbou deur die hulpwetenskappe aan die einde van die derde jaar afgehandel, terwyl 'n aantal nog losstaande kursusse soos Sosiologie, 'n taalkurus, Religieuse Onderrig en Opvoedkunde (teoreties, empiries en prakties) in die vierde jaar aangebied. Verder word die praktikum van Algemene- en Verloskundige Verpleegkunde aangebied. Laasgenoemde geld net vir die lande wat dit aanbied.

5.5.5 Vyfde jaar of laaste halfjaarkursusse ³⁾

In die finale jaar word slegs Verpleegkunde aangebied en gedoseer.

1. Kyk na die voetnotas van hoofstuk 5, punt 5.5.

2. Hanlon. Public health; administration and practice, p.331.

3. Kyk na voetnotas van hoofstuk 5, punt 5.5.

Die meeste universiteite in die Republiek van Suid-Afrika met 'n 4½-jarige opleidingskursus voltooi in die laaste halfjaar Psigiatriese Verpleegkunde wat alreeds in die tweede jaar 'n aanvang geneem het. McGill-Universiteit byvoorbeeld, met 'n 5-jarige opleiding, skakel in dié jaar fasette in soos saaladministrasie, kliniese onderrig, professionele praktyk, die vak Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg en 'verpleging in die gemeenskap.' Voorsiening word deurgaans vir die praktiese toepassing van kennis gemaak.

5.6 'n Voorstel vir 'n moontlike gebalanseerde curriculum

Ondergenoemde curriculum kan wel van universiteit tot universiteit verskil wat inhoud en rangskikking van inhoud betref, en aangesien verpleegkundige inhoud gedurig onderhewig aan verandering en dinamies van aard is, kan daar byvoeging en weglatting van vakke plaasvind.

Na aanleiding van norme vir die keuse van leerstof, rangskikking van leerstof en ten opsigte van die leerstofkeuse in die samestelling van curricula wat deur verskeie universiteite aangebied word, word die volgende curriculum gestel.

Eerste jaar {5 kursusse}

Verpleegkunde I

Sosiologie I

Psigologie I

Anatomie A en histologie

Kliniese Biochemie en Biofisika

Praktikum

Tweede jaar ($5\frac{1}{3}$ kursus)

Verpleegkunde II

Sosiologie II of Psigologie II

Mikrobiologie IA

Farmakologie A Vorm een kursus

Fisiologie I

Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg

Psigiatriese Verpleegkunde IA ($\frac{1}{3}$ kursus)

Praktikum

Derde jaar ($3\frac{1}{3}$ kursus)

Verpleegkunde III

Sosiologie III of Psigologie III

Verloskundige Verpleegkunde I

Psigiatriese Verpleegkunde IB ($\frac{1}{3}$ kursus)

Praktikum

Vierde jaar ($2\frac{1}{3}$ kursus)

Verpleegkunde IV

Verloskundige Verpleegkunde II

Psigiatriese Verpleegkunde IC ($\frac{1}{3}$ kursus)

Praktikum

Vyfde jaar (Semesterkursus (1))

Psigiatriese Verpleegkunde II

Praktikum

5.7 Leerstof aan die norme vir die gestelde curricula getoets

5.7.1 Toetsing van die curricula aan die religieuse-filosofiese norm

Die meeste universiteite bied 'n filosofies-religieuse kursus tot minstens die derde studiejaar aan. Die P.U. vir C.H.O. bied 'n kursus met 'n sterk Christelike inslag aan, naamlik Interfakultêre Wysbegeerte, 'n kursus wat nie net die studenteverpleegster help om 'n eie lewens- en wêrldfilosofie uit te werk nie maar wat ook Christelike leerstellinge daarstel. Daar kan in die algemeen dus gestel en aanvaar word dat die meeste universiteite aan die filosofiese norm voldoen.

Die vereistes wat die religieuse norm hier stel en wil toets handel oor die vraagstuk of daar in die keuse van die leerstof of die curricula genoegsame voorsiening gemaak is vir die religieuse oorsprong en grondslag van die Verpleegkunde. En verder of daar in hierdie curricula vir verpleegstersopleiding daardie voornemende element van die waarde van die religieuse in die lewe van die verpleegster aanwezig is.

Hierop kan positief geantwoord word, naamlik dat aan die vereistes wat die religieuse norm by die keuse van die curricula stel, voldoen word. A verpleegsters, studenteverpleegsters, pasiënte en geneeshere in alle vertakkings van die hospitaal is volgens hulle oorsprong en geskape aard religieuse wesens, elkeen en almal met 'n ewigheidsbestemming.

Aan hierdie vereistes van die religieuse norm voldoen die keuse van die

curricula vir die opleiding in Verpleegkunde. Die meeste universiteite het sulke curricula waarin die Christelike karakter of 'n ander soort godsdiensvorm die opleiding deurvloei en deursuur, en ook in breër betekenis geld dit vir die religieuse inhoud om aan die vereistes te voldoen.

5.7.2 Toetsing van die curricula aan die pedagogiese norm

Alle universiteite voldoen aan die pedagogiese vereistes van die norm in die sin dat die leerstof so gekies word dat dit die nodige logiese kennis insluit en aan die opleidingsdoel voldoen, maar by alle universiteite bestaan daar 'n tekort aan ekstracurriculêre fasiliteite en opleiding. Die studenteverpleegster is dus goed ten opsigte van die patologiese toestande geskool, maar ly skade aan 'n fisiese, psigiese en sosiale aktiwiteit. Met ander woorde die studenteverpleegser is nie ten volle toegerus om die mens in die ware sin van die woord in sy totaliteit te verpleeg nie.

Sommige universiteite stel die fasiliteite vir ekstracurriculêre aktiwiteite beskikbaar en in sommige gevalle is onder andere die deelname aan sport verpligtend.¹¹⁾ Oor die algemeen egter word daar vanuit die kant van die Verpleegkunde aan hierdie belangrike aspek van die opleiding en studentevorming weinig gedoen. Die veeleisende gebondenheid van die beroep is meestal die rede, tog is die gebondenheid nie werklik van so 'n aard dat dié opleidingsinhoud heeltemal uitgeskakel moet word nie, en dit is die plig van elke dosent van Verpleegkunde om die studente-

1. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. sonder byvoorbeeld twee middae per week vir sportaangeleenthede af en dit word van die studente verwag om beslis aan heirdie bedrywighede 'n aandeel te hê.

verpleegster in die ekstracurriculêre aktiewe deelname te inspireer.

Daar is egter ook wetenskappe wat 'n besliste kennisbydrae vir Verpleegkunde inhoud soos byvoorbeeld Teologie, Geneeskundige Reg, Opvoedkunde en Mediese Geografie, met spesiale verwysing na die ekologiese implikasie. Die mens in sy patologiese toestand vertoon verskillende ingewikkelde simptome en bevind hom dikwels terselfdertyd in 'n toestand van geestelike nood en spanning. In hierdie geval kan die teoloog as vierde lid van die basiese gesondheidspan, naamlik die geneesheer, verpleegster en farmakoloog, 'n waardevolle bydrae tot genesing lewer. Dit is reeds 'n werklikheid in die Republiek van Suid-Afrika (veral in die groot hospitale) en volgens ds. Gawie Zeeman ook in die Verenigde State van Amerika vir ongeveer 25 jaar, dat die teoloog saamwerk met die terapeutiese span, soos reeds gemeld.¹⁾ Die stelling dat die geneeskundige beroep ju ridies een van die mees riskante in die moderne samelewing is,²⁾ het tot 'n groot mate ook op die verpleegstersberoep betrekking. Talle curricula sluit iets, onder die faset professionele praktyk, van die wetsaspek in, maar aan dié belangrike 'Geregtelike Verpleegkunde' gedeelte behoort veel meer gedoen te word.

Die verpleegstersberoep beskik oor die algemeen oor 'n redelike bron van literatuur en meestal oor alle of ten minste oor genoegsame oudiovisuele apparaat. Sommige universiteite beskik oor 'n eie geslotebaantelvisie.

1. Bespreking deur ds. Gawie Zeeman oor Monitor (S.A.U.K) die 22ste November 1975.
2. Strauss & Strydom. Die Suid-Afrikaanse reg, voorwoord.

5.7.3 Toetsing van die curricula aan die sosiologiese norm

Die goed opgeleide studenteverpleegster wat in 'n snel veranderende en ingewikkeld samelewing moet arbei, moet voldoende kennis opdoen van die sosiologie, omdat dit onmisbaar vir haar in haar werksituasie met pasiënte en ander is. Die verpleegsituasie is van patologiese aard waar sy met mense te make het wat sy moet versorg. Die studenteverpleegster moet oor veel meer as net uitstaande tegniese bekwaamheid beskik, omdat die fisiese maar net een deel van die komplekse mens vorm. Hickman sluit mooi hierby aan as hy sê: 'One has to be aware of the community and the world, feel part of a vast explosive situation, know something of past thought and philosophy in order to assess oneself, to understand ones fellow man, and to imagine the future. Courses in history, literature, psychology, sociology, economics and the fine arts, help us to understand the strains under which children and patients live, help one to enjoy life . . .'¹⁾ Analoog aan bogenoemde gedagte blyk die ideaal dus te wees dat die kursusse in die curricula as die dinamiese beskou word waaruit voorsiening gemaak word vir alle moontlike ontwikkeling vanuit die praktyk waarby die teorie moet aansluiting vind en die omgekeerde. Dit is duidelik dat aan die vereiste van die funksionele verhouding tussen Verpleegkunde en die samelewing voldoen word, behalwe in die volgende gevalle, naamlik die etiese, estetiese en vryetydsbestedingsaspek.

Die sosiologiese norm vereis verder ook dat Verpleegkunde voldoen aan

1. Hickman. The development of a professional programme in a university. The Canadian nurse, 58(10):822, October 1962.

die vereistes van beroepsoriëntering. Beroepsopleiding is self slegs die gespesialiseerde tegniek en proses om die opleiding in sy strewe en doel by te staan. Dit is 'n proses wat sy begin reeds in die laerskool het, voortduur in die middelbare skool en wat behoort voort te duur en beoefen te word deur instansies soos universiteite, onderwyskolleges, ensovoorts.¹⁾

Aan die vereistes van die sosiologiese norm voldoen die studenteverpleegster wat leer om haar beroep te ken en om te weet wat dit vir haar en vir die gemeenskap beteken. Sy is 'n onmisbare skakel in die ketting van gesondheidsdienste, want sy weet waar haar beroep inpas en wat dit inhoud - dat daarby geen rang of stand is nie, geen geografiese grense of vyande nie, geen verskil in godsdiens nie, geen ras of kleur nie maar slegs die pasiënt in nood.²⁾ Die verpleegstersberoep staan nie geïsoleer nie, maar die studenteverpleegster het 'n verantwoordelikheid teenoor die personeel van ander en verwante beroepe. Sy staan nie net in verhouding tot pasiënte, geneeshere en kollegas nie, maar haar beroep sluit ook samewerking met psigiaters, hospitaalmaatskaplike werkers, sosioloë, radiograwe, fisioterapeute, aptekers, dieetterapeute, die administratiewe personeel, hulpwetenskaplikes en andere in en dit is belangrik dat sy gesonde menslike verhoudinge met hierdie beroepsgroepe sal bewaar.³⁾ Sy moet haar beroep waardig bly deur die etiese kode te ken, te onderhou en uit te leef en voldoen dus op hierdie voorgenomeerde wyse aan die vereistes van samewerking en interaksie op alle terreine van die

1. Nel & Sonnekus. *Beroepsopleiding in die middelbare skool in Suid-Afrika*, p.41-2.
2. Schoeman. *Handleiding by die studie van menslike verhoudings vir verpleegsters*, p.29.
3. Ibid., p.59.

samelewing in universele sin en betekenis.

Sommige curricula sluit iets van beroepsoriëntering in, maar dit is nie voldoende nie en dit is so belangrik in die opleiding dat dit in alle curricula ingesluit behoort te wees.

Verder aanvaar die Verpleegkunde ook dat die gesin die slagaar van die individuele en sosiale lewe is wat noodsaaklik in die ontwikkeling van 'n volk is. Daar bestaan 'n intieme en konstante verhouding tussen die studenteverpleegster en die gesin. 'Wij nemen dat gezin als het ware mee naar ons werk: zijn instelling, zijn opvatting, zijn krachten en zijn zwakheden; maar ook: zijn zorgen, zijn moeilikheden, zijn teleurstellingen.

'Een geestelijk en stoffelijk gezond gezin is een noodzakelijke basis voor het doen van de dagelijkse arbeid met liefde, toewijding en volledige aandacht.'¹⁾

Vir die versorging van 'n siek mens is die vereiste om bewus te wees daarvan dat die gesin die basis van die lewenstruktuur en die ontwikkeling van die karakter en persoonlikheid van die mens vorm; want 'the family is the cradle of personality.'²⁾ Die gesin begin met die vorming en ontwikkeling van 'n lewens- en wêreldbeskouing: dit ontwikkel die denke, gevoel en handeling: die gewontes en gedrag; kultuurpatrone en sosiale deugde.³⁾ 'Door die inoeefening van deze sociale deugden word die kinderen voorbereid om deel te nemen aan die groter gemeenskap'.⁴⁾ Hierdie sosiale deugde is veral van besondere waarde in die

1. Habermehl. Ons dagelijks werk; de christen in de industrie, p.79.

2. Cooley. Social organization, hoofstuk 3.

3. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoeding, p.360-5.

4. Perquin. Pedagogiek; bezinning op het opvoedingsverschijnself, p.147.

verpleegstersopleiding - 'n vereiste wat die sosiologiese norm stel en waaraan die verpleegstersopleiding voldoen.

Die gesin is die primêre opvoedingsgemeenskap en bron van die sosialiseringsproses van die individu en daar dit ook die boustene vir die voortgesette vorming en ontwikkeling van die verpleegster lewer, word sy in die beroepsituasie ingeskakel, sodat die gesin volwaardige erkenning in die verpleegstersopleiding kry.¹¹ Oor die algemeen voldoen die keuse van die leerstof in die curricula se samestelling sosiologies so, dat dit die verpleegster se potensiaal ten volle kan ontwikkel en haar vir die verpleegstersberoep saam met andere as roeping kan toerus. Die wetenskaplike van die twintigste eeu word egter al meer 'n spesialis op eie gebied en die studenteverpleegster moet met al haar vermoëns waak teen so 'n wetenskaplike isolasie wat kultuurvernietigend kan wees. In hierdie stelling voldoen die curricula aan die sosiologiese norm.

5.7.4 Toetsing van die curricula aan die psigologiese norm

Die vereistes wat die psigologiese norm in wese stel is dat die wetenskaplike en professionele leerstof wat aangebied moet word die verpleegster in staat moet stel om fisies en psigies in die totaliteit van haar persoonlikheidstruktuur vinnig en volwaardig te ontwikkel. Dit impliseer 'n roepingsbewuste en betroubare persoon wat alreeds vroeg verantwoordelikheid besef en aanvaar - aan hierdie vereistes wat die psigologiese norm stel, voldoen die curricula vir verpleegstersopleiding. Verder laat die verpleegstersberoep differensiasie van leerstof toe.

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.90.

Behalwe vir 'n graad in Verpleegkunde en die Universiteitsdiploma in Verpleegkunde, bied die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad ook verskeie basiese diplomas in Verpleegkunde aan. Dit beteken dat die intellektuele vermoë, aanleg en belangstelling van die studenteverpleegster in ag geneem word. Aan hierdie vereistes van differensiasie wat met aanleg, belangstelling en spesialisasie van die psigologiese norm by verpleegstersopleiding saamhang, word voldoen.

5.7.5 Toetsing van die curricula aan die logiese norm

Om die vereistes van die verhouding tussen teorie en praktyk in die curricula vas te stel, word op die volgende gelet: die Universiteit van Pretoria 1 tot 2,¹⁾ die van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. 1 tot 2²⁾ en in sekere Kanadese universiteite het hierdie verhouding van 15% tot 85% verskuif na 50% tot 50%, 'n verhouding dus van 1 tot 1.³⁾ Hickman sê ten opsigte van die onderwys: 'n beroep wat 'n verwantskap met Verpleegkunde het, omdat beide professies met opleiding in 'n teoretiese en praktiese sin te doen het, 'I am proud to say that the curriculum . . . is 70% academic, composed of liberal art courses, and 30% professional.'⁴⁾ Laasgenoemde stelling word in die huidige tydstip bevraagteken.

Uit voorafgaande tree die feit duidelik na vore dat die verpleegstersopleiding te make het met die verband en verhouding tussen die teorie van Verpleegkunde aan die een kant en die praktyk van verpleging aan die ander kant. Tevore is reeds op die belangrikheid van die dinamiese

1. Universiteit van Pretoria. Vgl. die curriculum wat aan die Verpleegstersraad vir registrasie doeleinades (16 Mei 1967) bylaag A, deel 1, B.Cur., voorgelê is.
2. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Vgl. die geïntegreerde Algemene Verloskundige en Psigiatriese B.A. (Verpleegkunde)-graad soos deur die Fakulteitsraad (4 Mei 1970) en die Senaat (3 Junie 1970) goedgekeur is.
3. Mussallem. *Nursing education in Canada*, p.89-9.
4. Hickman. *The development of a professional programme in a university. The Canadian Nurse*, 58(10):882, Oktober 1962.

aard van Verpleegkunde gewys en dat die opleiding op 'n langer en intensiever akademiese basis moet rus, nie net ter wille van insig en begrippe nie, maar dat dit ook die akademies geïnspireerde persoon onder meer sal stimuleer tot die wetenskaplike uitvoering van navorsingsprojekte waardeur die beroep uitgebou kan word. Die oorwegende praktiese opleiding van die verlede is nie meer van toepassing nie en indien dit vandag sou gebeur sal dit 'n relegasie van Verpleegkunde tot 'n praktiese beroep, in stede van 'n wetenskaplike professie beteken. Die volgende aanhaling staaf hierdie stelling en kan dien as 'n vereiste of maatstaf, naamlik: 'The future nurse will clearly require a much more prolonged and intensive period of academic study, uninterrupted by clinical work in the hospital.'¹⁾ Die werklike essensie van 'n professie is die konstante behoefte en vereiste om sy kennis uit te bou en om sy standaarde te verbeter. Die uitbouing van akademiese kennis is essensieel vir wetenskaplike ontwikkeling, maar terselfdertyd moet die wetenskap teen isolasie van die teorie waak.²⁾ Curricula maak almal vir die nodige teoretiese, logiese, psigologiese, sosiologiese, empiriese en praktiese kennis voorsiening, maar die verhouding en verband moet 'n realiteit en vereiste wees wat nie langs die opleidingsstudelperk verlore gaan nie. In hierdie verhouding en verband is egter 'n leemte wat nog nie hier ter plaatse en oorsee tot sy volle reg kom nie. Dit impliseer talle probleme en daarom dan onder andere die aanwyding van Shetland dat 'students frequently exploited to meet service needs so that quality of

1. Du Plessis. The challenge to the nursing profession. S.A.Verplegingstydskrif, XXXIII (12): 31 Desember 1966.
2. Kyk hoofstuk 4.

care and student learning both suffer.'¹⁾ Die vereiste is dat al-hoewel die teorie 'n onmisbare sektor van die opleiding vorm, is dit nog die praktika wat die meeste opleidingstyd vereis en in beslag neem wat, met die regte wetenskaplike onderbou, die studenteverpleegster meer vindingryk maak om die praktiese situasie vinniger en makliker te kan bemeester.

Volgens skrywer se mening blyk 'n teoreties-praktiese verhouding van 1 tot 2 dus die mees aanneemlike te wees wat aan die vereistes van die logiese norm van progressiewe vermeerdering en samehang van leerstof in curricula kan voldoen.

'n Volgende faset van die vereistes waaraan die curricula van die logiese norm getoets moet word, is die vraagstuk van navorsing. Die soeklik het eers in die twintigste eeu op navorsing begin val, veral in die Verenigde State van Amerika.²⁾ Hierdie gebied lê nog eintlik braak in die Republiek van Suid-Afrika, en wat die curricula betref om aan die logiese norm te kan voldoen, moet daar tog voorsiening in die basiese opleidingstydperk vir aanvoerwerk gemaak word, iets wat ontbreek in die huidige curricula.

Die vereistes in hierdie verband is sodanig dat die verpleegster gedurig met probleme en probleemsituasies in die verpleging gekonfronteer word. Heelwat van hierdie probleme kan onder toesig gedurende die opleidingsproses meer aandag geniet.

1. Shetland. The responsibility of the professional school for preparing nurses for ethical, moral, and humanistic practice. Nursing Forum, viii(1): 21st January 1969.
2. State University of New York at Buffalo, Buffalo. Bulletin, 1968-69. The baccalaureate program; curriculum for high school graduates, p.21; Lambertson. Nursing must emphasize research. Summer '69, 8(6):1-4 kol. 4, 13th July 1969.

In die Republiek van Suid-Afrika word 'n basiese algemene, verloskundige en psigiatriese geïntegreerde graadkursus met 'n bevredigende inhoudsdistribusie wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, aangebied. 'n Volledige verloskundige verplegingsterrein word ingeskakel, terwyl onder ander die Verenigde State van Amerika in die verlede slegs 'n gedeelte wat bekend is as die moeder-en-kindverpleging insluit.¹⁾ Vandag egter word daar ook aan Verloskundige Verpleegkunde aandag gegee, byvoorbeeld 'One of the most significant developments in recent years toward the solution of these and related problems in the United States has been a changing attitude toward the use of professionally trained nurse midwives. An increasing number of medical and allied health training centres are now adding this valuable health resource to society's cadre of health workers. For example, in 1970, there were 12 schools for midwives and 4 more planning stages.'²⁾

Verder word kennis in die algemeen so aangebied dat die verpleegster 'n geheelbeeld van Verpleegkunde kry wat voldoen aan die vereistes van logiese samehang, met ander woorde teoretiese kennis van die kliniese totaalbeeld van alle interne geneeskundige, chirurgiese, verloskundige en psigiatriese toestande, en deur middel van die rotasiemetode word die verpleegster in 'n situasie geplaas dat sy man, vrou en kind in al die ontwikkelingsfasies kan verpleeg. Die versorging word in sommige gevall direk uitgebrei tot die gesin, familie en gemeenskap, en dit word onder Volksgesondheid, Verloskundige verpleging, Distriksvverpleging en Voor-

1. Vgl. o.a. Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-70.
School of nursing; program and course descriptions, p.35.

2. Hanlon. Public Health; administration and practice, p.331.

komende Bevorderende Gesondheidsorg behartig.

In die Verenigde State van Amerika word die behandeling op 'n groep (5-6 pasiënte) of individuele pasiënte met 'n integrasie van die effek wat die siekte op die gesin, familie en gemeenskap het, toegespits.

Dit impliseer dat 'The student is assisted to apply the problemsolving method in the nursing care of individuals.'¹⁾

'n Pasiënt met 'n sekere siektetoestand word dus verpleeg vanaf opname tot ontslag deur 'n bepaalde span verpleegsters en dit wat die siektetoestand vir die gesin en sy lede meebring en beteken, word terselfdertyd bestudeer.

Die aspek 'community health nursing,'²⁾ word veral beklemtoon. Die voordeel van so 'n opleidingspatroon is dat die pasiënt deur een verpleegster verpleeg word, dat sy die hele verloop van die siekte tot by die invloed wat dit op die gesin en sy lede mag hê kan waarneem en beoordeel. Die nadeel mag wees dat sy geen teoretiese of praktiese kennis van sekere siektes in die hele opleidingstydperk mag opdoen nie. Die geïntegreerde kursus soos dit in die Republiek van Suid-Afrika aangebied word en die rotasiemetode wat die verpleegster met alle tipes mense en alle soorte siektetoestande in kontak bring, funksioneer klaarblyklik bevredigend - 'n feit wat blykbaar dus in die Republiek van Suid-Afrika beter aan die vereistes van die logiese samehang van die totaalbeeld met teorie en praktyk korreleer.

1. Vgl. o.a. Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-69. School of nursing; Program and course descriptions, p.34; The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. The school of nursing, 55(2):168, 28th February 1969; State University of New York at Buffalo, Buffalo. Bulletin, 1968-69. The baccalaureate program; curriculum for high school graduates, p.20.
2. Vgl. o.a. The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. The school of nursing, 55(2):169; 28th February 1969.

Naas hierdie voortreflikhede wat voldoen aan die vereistes van 'n bepaalde faset van die logiese norm, is daar egter ook 'n leemte, naamlik dat meer aandag aan die gemeenskap-siekteverhouding gegee word. Die verpleegster moet in al die basiese opleiding beter toegerus word om die tegnologie, te midde van spesialisasie, te kan be-magtig en toepas; en hierby moet ook meer aandag aan verpleegdiagnose gegee word. Die probleem van koördinasie is hier van aktuele belang en waarde. Uit die curricula blyk dit dat hierdie belangrike fasette veel meer aandag moet geniet.

Soos wetenskaplike ontwikkeling voortgaan vind daar verandering en aanpassing in die curricula plaas en die huidige inhoudelike daarvan blyk goed by die twintigste eeu se behoeftes en vooruitgang aan te pas, behalwe dat die aspek gemeenskapsgesondheidsverpleging nog nie in die Republiek van Suid-Afrika sy regmatige plek inneem nie.

Curricula wat aan die vereistes van die logiese norm voldoen, moet onder meer die gebruik van hoogstaande wetenskaplike literatuur oor Verpleegkunde en aanverwante vakke insluit. Volledige literêre leer-stof is absoluut noodsaaklik vir die studie aan universiteite, kolleges en hospitale. Hierbenewens moet studenteverpleegsters nog voorgeskrewe handboeke aankoop. Aan hierdie vereiste van die logiese norm voldoen die meeste opleidingsinrigtings, terwyl sommige in hierdie rigting arbei om die leemte aan te vul. Op hierdie gebied het die Verpleegkunde nog 'n reuse taak om te vervul.

Die curriculêre inhoud stel die vereiste so dat elke studenteverpleegster met 'n matrikulasievrystellingsertifikaat¹⁾ of wat 12 of 13 jaar (16 akademiese eenhede)²⁾ skoolopleiding deurloop en wat die regte berroepskeuse gemaak het, oor die potensiaal van intellektuele vermoëns en aanleg beskik om enige van die betrokke curricula suksesvol te kan voltooi. Die grootste gevaaar is die oorlaaiing van curricula en hier teen moet beslis gewaak word.

Die curricula wat nou aan die universiteite aangebied word, loop nie die gevaaar dat Verpleegkunde nie sy eie posisie sal kan behou en handhaaf nie. Daar moet egter met die vereistes van die logiese norm volgehoud word met uniformiteit van curricula sodat die nodige eenheid verkry kan word; die ontwikkeling van 'n eie woordeskot, wetenskaplike taal en terminologie; die handhawing van hoe akademiese en professionele standarde; die stimuleer tot navorsing en die gebruik van wetenskaplike metodes; die inskakeling van die nodige hulpwetenskappe; daar moet teen afsondering gewaak word en aangesien Verpleegkunde dinamies van aard is, moet aanvullings- of opfrissingskursusse voortdurend aangebied word. Wanneer hierdie vereistes van die logiese norm aan die curricula getoets word, blyk dit dat hieraan tot 'n hoe mate voldoen word.

Curricula vir Verpleegkunde moet by die mediese wetenskap aansluiting vind. In die Nursing Outlook word 'n voorstel gemaak dat daar 'n soort van kerncurriculum vir alle gesondheidsprofessies aangebied moet word, of dat daar ten minste 'n nouer skakeling en samewerking, dit wil sê

1. Universiteit van Pretoria, Pretoria. Jaarboek 1967-68. Inligting in verband met studiekursusse, p.41.
2. Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-69. School of nursing; admission, p.8.

koördinasie tussen die mediese student en die studenteverpleegster gedurende kliniese ondervinding moet wees.¹⁾ Die noodsaaklikheid hiervan blyk dat 'this would certainly improve doctor-nurse relationship and help to make the team approach to health care a reality.'²⁾ Aan die Universiteit van Pretoria (Suid-Afrika) word reeds tale afdelings van die mediese en verpleegstersopleiding saamgevoeg, byvoorbeeld vakketten opsigte van die B.Cur. IV, naamlik Verloskundige Verpleegkunde en andere.³⁾

Die huidige verskeidenheid van curricula vir verpleegstersopleiding voldoen in die Republiek van Suid-Afrika aan bogenoemde en ander vereistes, deurdat daar op baie vlakke integrasie van leerstof plaasvind. So 'n noue samewerking op akademiese gebied sal bydra dat Verpleegkunde met die nuutste ontwikkeling en met die mediese wetenskap in voeling bly. As daarop die doelstelling vir die beroep en op die vereistes van norme vir die verpleegstersopleiding en vir leerstofkeuse gelet word, en om werklik reg aan die wetenskaplike opleiding van die geïntegreerde Algemene Verloskundige en Psigiatriese Verpleegkunde-graad te laat geskied, is dit nodig om goed oor die curriculêre inhoud te besin.

5.8 Toetsing van die voorgestelde moontlike gebalanseerde curriculum aan kriteria gestel en die rangskikking van die leerstof

5.8.1 Kriteria vir die curriculumsamestelling

Die inhoud van die curriculum voldoen aan die gestelde kriteria in soverre:

1. Kelly. The student voice in curriculum planning - threat or promise? Nursing outlook, 17(4):59-61, April 1969.
2. Ibid.
3. Kennis wat deur prof. Searle aan skrywer meegedeel is.

- Dit die doeleindes vir die basiese opleiding gestel dien. Verge-lyk hoofstuk 4 hierbo in hierdie verband.
- Dit aan die professionele en wetenskaplike eise voldoen. So, by-voorbeeld, word al die vereiste hulpwetenskappe en professionele op-leiding ingesluit.
- Dit voorsien in die behoeftes van die volk en gemeenskap.
- Dit die potensiaal van die studenteverpleegster in ag neem.
- Daar met die voortdurende verandering en dinamiese aard van Verpleeg-kunde, Geneeskunde, Farmakologie, die Tegnologie, Biowetenskappe en die komplekse menslike lewe tred gehou word.
- Die organisatoriese en geldelike omstandighede in ag geneem word.
- Die curriculumsamestelling op fisies-sosiale en maatskaplike grond-slag van die mens in die gemeenskap georden is.

5.8.2 Die aanbieding en rangskikking van leerstof in bepaalde silla-busse

5.8.2.1 Die eerste jaar aan die universiteit moet die studenteverpleeg-ster tot sekere basiese kennis gebring word. In Verpleegkunde I word sy met die volgende gekonfronteer. Eerste hulp word aangebied om haar 'n begrip te gee van hoe om die mens in 'n noodtoestand tydelik hulp te verleen; etos van verpleging wat die gedragskode van die verpleeg-stersprofessie is en hoe sy haar in die professie moet aanpas. Sy moet begin met basiese verplegingsprosedure, maar om haar kennis van

sodanige handeling te bekom word sy vooraf in die teorie van kliniese verpleging onderle, en om haar probleme van die hede op te los moet sy na die geskiedenis van Verpleegkunde/verpleging teruggaan.

Die studenteverpleegster moet voorts aanvanklik deeglike kennis van die struktuur van die liggaam verwerf, omdat sy reeds vroeg in haar opleiding met onder andere, die gee van inspuitings en later met meer gevorderde procedures, byvoorbeeld binneaarse oorgietings, te make het.

Daarom moet reeds in kursus I deeglike kennis van Anatomie en Histologie, wat saamval met Anatomie, bekom word. Laasgenoemde is essensiell om haar funksies as verpleegster en as hulp vir die geneesheer te kan vervul. Die leerstof van beide sillabusse begin by die eenvoudige en die konkrete en verloop na die meer saamgestelde en abstrakte.

Die mens is 'n voelende, willende, denkende, fisiese, psigiese en sosiale wese. Die pasiënt kom dan ook na die hospitaal as sodanige wese. Daarom moet daar vanaf die eerste tot die derde studiejaar die vakke Sosiologie en Psigologie aangebied word. Weer eens word die leerstof so aangebied dat die studenteverpleegster geleidelik vanaf kursus I tot kursus III die mens in sy volle kompleksiteit leer ken. Daar is 'n voortdurende relasie tussen twee mense - die verpleegster en die pasiënt. Sy verpleeg die pasiënt in al sy/haar lewensfases. Sy moet die gesonde maar ook die siek paige van die mens verstaan, omdat die mens ook 'n sosiale wese is wat nie net in 'n gesonde toestand verstaan moet word nie. Maar omdat die siekmens ook met sy sosiale pro-

bleme, hetsy ekonomies of van watter aard ook al, na die hospitaal kom, word van die verpleegster verwag om ook hierdie probleme te verstaan en te beredder. Daarom die rangskikking van Sosiologie en Psigologie in 'n eerste, tweede en derde kursus.

Kliniese Biochemie het met die proses van lewe te doen. Dit vorm derhalwe die grondslag waarop, onder ander, dissiplines soos Fisiologie, Farmakologie en Dieetkunde, berus. Dit is ook essensieel dat die verpleegster kennis van eugenetika en die medies-genetiese behandeling van die mens moet hê. Kliniese Biofisika, weer, verstrek kennis van elektrisiteit, elektromediese apparaat, gemeenskaplike eienskappe van vloeistouwe, gasse en warmte, gasse en asemhaling, vloeistouwe en die hartbloedvaatstelsel, warmteleer en regulering van liggaamstemperatuur, radioaktiwiteit en so meer. Hierdie leerstof moet in kursus I aangebied word, omdat dit basiese kennis is wat die onderbou van vakke vorm wat later in die tweede en selfs derde jaar aangebied word.

Met die ontleding van kursus I is dit duidelik dat die rangskikking van leerstof aan die fundamentele eise, wat hoër op gestel is, voldoen.

5.8.2.2 In kursus II van die opleiding moet die studenteverpleegster kennis opdoen van die onderskeie siektetoestande en van chirurgiese ingrepe. Daarom moet Interne Geneeskunde en Algemene en Streekschirurgie hier aangebied word. Hierby word ook intensiewe sorg van mediese en chirurgiese siektetoestande ingesluit. Sy moet voortgaan

met die teorie van kliniese verpleging, om die praktika te verstaan en intelligent uit te voer. Saam met die mediese kennis kom ook kennis van bepaalde siektetoestande, soos byvoorbeeld diabetes mellitus. Dit verg weer dat die studenteverpleegster kennis van dieetkunde moet opdoen, sodat sy 'n bepaalde dieet sal kan voorberei of herken. Voor-komende en Bevorderende Gesondheidsorg sluit weer onder meer higiëniese toestande, aansteeklike, aanmeldbare en sosiale siektes en gemeenskaps-gesondheid in. Hierby sluit aan 'n inleiding tot die Psigiatrisee Verpleegkunde.

Die studenteverpleegster moet egter nie net oor kennis van siektetoestande beskik nie maar moet ook weet wat die oorsaak daarvan is, daarom moet Mikrobiologie nou aangebied word. Om die oorsake te verstaan is 'n voorvereiste om die siektetoestande te genees. Om laasgenoemde te kan doen moet daar weer kennis van Farmakologie wees (kyk na die sillabusse van Mikrobiologie en Farmakologie).

Fisiologie het met die funksies van die liggaam te doen. Kennis van Fisiologie is noodwendig om die Geneeskunde en Chirurgie te verstaan. Verder is dit noodsaklik om Fisiologie as wetenskaplike onderbou vir Farmakologie te hê. Dit is nodig om te begryp hoe die liggaam die medikamente verwerk.

Psigologie en Sosiologie is steeds noodwendig nodig vir kursus twee (kyk na kursus I).

Die ontwikkeling van die studenteverpleegster is op hierdie stadium op

so 'nvlak dat sy leerstof kan verwerk en toepas.

5.8.2.3 Met die kennis opgedoen in haar tweede studiejaar van Geneeskundige en Chirurgie is die studenteverpleegster meer opgewasse om die gespesialiseerde geneeskundige en chirurgiese siektetoestande te hanteer, byvoorbeeld oogheelkunde, ortopedie en ander. Die studenteverpleegster is momenteel nou fisies en psigies sover ontwikkel dat sy gereed is vir opleiding in Verloskundige Verpleegkunde I en die effens meer gevorderde Psigiatriese Verpleegkunde. Ten opsigte van Psigologie en Sosiologie word ook vir die derde jaar die rangskikking van kursus I gevolg. In die jaar word die studie van die hulpwetenskappe in meeste curricula ook afgesluit. Dit geld dan ook vir die voorgestelde curriculum.

5.8.2.4 In kursus IV word die kennis van die studenteverpleegster ten opsigte van die Algemene Verpleegkunde en Verloskundige Verpleegkunde afgerond, terwyl Psigiatriese Verpleegkunde IC op 'n redelike gevorderde vlak aangebied word. Kursus IA, IB en IC vorm op die stadium, kursus I, wat aan die einde van genoemde jaar voltooi word. Verder moet Verpleegopvoedkunde aangebied word om haar wetenskaplik toe te rus om op haar beurt weer 'n nuwe geslag studenteverpleegsters op te lei. Verloskundige Verpleegkunde neem die laaste ses maande van die jaar in beslag.

5.8.2.5 In kursus V word alleenlik op Psigiatriese Verpleegkunde II gekonsentreer. Dit is 'n afdeling van Verpleegkunde wat op 'n intense

wyse aanslag maak op die studenteverpleegster se gevoelslewe. Dit is ook die rede waarom hierdie gedeelte van die leerstof aan die einde van haar opleiding aangebied word. Die studentevorming is egter nou al van so 'n aard dat sy dié pasiënt met sy besondere abnormaliteit kan aanvaar en versorg. Psigiatrise Verpleegkunde I het alleenlik op die teorie berus, terwyl Psigiatrise Verpleegkunde II die studenteverpleegster nou met die teorie maar veral met die praktiese versorging konfronteer.

Dit is duidelik dat die leerstof in die onderskeie kursusse langs bo-gemelde weg so gerangskik is dat die inhoud logies opgevolg en dat die studenteverpleegster elke jaar in staat gestel word om tot die beste van haar fisies-psigiese vermoëns haar beste kan lewer.

5.8.3 Die rangskikking van die inhoud, soos dit hierbo voorgestel word, is in pas met die sillabusse in curricula van toonaangewende lande soos onder 5.5., hierbo, aangedui is.

5.8.4 Praktika word deur bykans al die kursusse aangebied en dit begin ook by die eenvoudige tot dat dit 'n gevorderde en gespesialiseerde vorm aanneem.

5.8.5 Aan universiteite wat gegrond is op 'n Christelike lewens- en wêreldeskouing moet daar, ook in die rangskikking van die inhoud vir die filosofies-religieuse onderrig vir elke studiejaar voorsiening gemaak word.

5.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is enkele terme wat dikwels daarin figureer, beskryf. Norme vir die keuse van leerstof by die opstel van 'n algemene curriculum vir die verpleegstersopleiding is geformuleer. Rangskikking van leerstof is ontleed, naamlik curriculum- en sillabussamestelling. Leerstofkeuse in die samesetting van curricula in Verpleegkunde by universiteite in die Republiek van Suid-Afrika en sommige oorsese lande is ontleed. 'n Voorstel vir 'n moontlike gebalanseerde curriculum is opgestel. Leerstof is aan die norme van die gestelde curricula getoets en die voorgestelde moontlike gebalanseerde curriculum is aan kriteria gestel en aan die rangskikking van leerstof, getoets.

HOOFSTUK

METODES, TEGNIEKE, HULPMIDDELS, DISSIPLINE EN EVALUERING BY VERPLEEGSTERSOPLEIDING

6.1 Inleiding

In hoofstuk 5 is die inhoud van die graadkursus in Verpleegkunde uitengesit. Daar sal nou gepoog word om aan te toon hoe hierdie inhoud oorgedra moet word. Verder van watter weë, tegnieke, middele en hulpmiddele gebruik gemaak moet word om die grootste mate van welslae met die metode, dissipline en evaluering van die verpleegstersopleiding te kan behaal. In hierdie verband is daar talle probleme wat behandel moet word.

Om die opleidingsproses op doeltreffende wyse te laat funksioneer, dit wil sê om die doelstellinge vir die praktyk te verwesenlik moet daar van basiese beginsels uitgegaan word. Dit impliseer dat daar oor alle praktyke deeglik besin moet word, deur dit onder andere gereeld aan die doelstellings met Verpleegkunde vir die doeltreffendheid en waardering daarvan te toets. Wat laasgenoemde aanbetrif moet daar dus aan die

hand van algemene, aanvaarde en geldende beginsels aangetoon word hoe dat die verskillende metodes, tegnieke, dissiplines en evaluering van die verpleegstersopleiding die beste ontwikkel en toegepas kan word.

6.2 'n Oorsigtelike beskouing van beginsels vir die verpleegsters-opleiding

Met inagneming van norme en doelstellinge van die Verpleegkunde en die beroep, en met die curriculêre inhoud as agtergrond, sal aangetoon word van watter metodes en tegnieke in die opleiding gebruik gemaak moet word om die kennis-, kundig- en vaardighede so doeltreffend moontlik voor te dra. Daar moet egter vooraf aan 'n oorsigtelike beskouing van beginsels, wat inbegrepe is by die opleidingsmetodiek van studenteverpleegsters, aandag gegee word, naamlik aan doelgerigtheid, die totaliteitsbeginsel, die individualiteitsbeginsel; aktivering (motivering); die selfwerkzaamheidsbeginsel (selfaktiwiteit), die aanskouings- of belewingsbeginsel, die induktiewe en deduktiewe beginsel, die ontwikkelingsbeginsel, die vryheidsbeginsel, die utoriteitsbeginsel, die sosialiteitsbeginsel, die beginsel van sisteem en beplanning en ordelikheid, die bemeesterung van leerstof, evaluering en die diagnostiserende en remedierende beginsel.¹⁾ Al hierdie beginsels word in variasies van een of meer in metodes en tegnieke toegepas. So byvoorbeeld sal nou die individualiteits- en dan weer die sosialiteitsbeginsel voorrang geniet in sekere metodes, maar nooit moet een heeltemal agterweë gelaat word nie, want metodes kan alleen opleidingswaarde hê as al die grond-

1. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.227-36; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.143-72.

beginsels in die opleidingsproses in ag geneem word.¹⁾ Met behulp van hierdie grondbeginsels kan die dosent die mees gesikte metodes of kombinasies van metodes van opleiding op sistematiese wyse rig en effektiel aanwend en die opgedane kennis doelgerig toets.

6.2.1 Doelgerigtheid

Doelgerigtheid het in die verpleegstersopleiding baie fasette en verg dat 'n dosent in Verpleegkunde 'n eie lewens-, onderwys- en opleidingsfilosofie moet hê en kan opbou. Dat sy 'n heldere begrip van sowel die onderwys as die opvoedingsdoeleindes moet hê ten einde haar in staat te stel om die mees effektielwe weë en middele te kies om die doeleindes te bereik. Sy moet kan besin oor hoe opleidingsmetodes aangewend kan word om die studenteverpleegster tot die maksimum van haar potensiaal te kan lei ten opsigte van selfstandigheid van die denke, gevoel en wil, sosiale aanpassing, lojale burgerskap, die estetiese, die etiese, die logiese, die ekonomiese en die verwerving van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing en die religieuze.²⁾

6.2.2 Die totaliteitsbeginsel

Die totaliteitsbeginsel in die verpleegstersopleiding lê in die uitgangspunt 'die menslike lewe is 'n organiese eenheid'³⁾ opgesluit. Die uitgangspunt vereis dus kennis van hierdie totale normale toestand van die mens maar ook van die afwyking van die normale, dit wil sê van die pasiënt as biologiese, psigiese, sosiale, politieke en religieuze wese.

1. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.236.
2. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomelogies-prinsipiële studie, p.148.
3. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.228.

Die mens as totale wese kan nie eensydig gevorm, ontwikkel en toege-
rus word nie, veral nie die studenteverpleegster nie, want net soos die
pasient in sy totaliteit verpleeg moet word, net so moet die universi-
teitsopleiding die vorming, ontwikkeling en opleiding van die studente-
verpleegster as totaliteit vir haar besondere beroep en daarbuite insluit.
Die implikasies hiervan is onder meer dat kennis en ervaring van vakge-
biede, relevante vakgebiede en lewensterreine deur korrelasie en sintese
tot 'n betekenisvolle geheel geïntegreer moet word. Hierdeur is alle
metodes en tegnieke dus gerig op die dinamiek in die vorming van skakels
tussen daardie inhoud van leerstofdele wat die opleidingsprogram vir
Verpleegkunde 'n sinvolle en gewenste geheel maak.¹⁾ Verder moet die
opleidingsprogram voorsiening maak vir 'n beroepsmilieu wat die ont-
wikkelingsbehoeftes van die studenteverpleegster bevredig.²⁾ Ten slot-
te moet die verband tussen lewe en leer en die sin van beroepsbeoefening
en dankbare roepingsvervulling duidelik na vore tree.

6.2.3 Die individualiteitsbeginsel

Die individualiteitsbeginsel in die verpleegstersopleiding impliseer
dat ook elke studenteverpleegster oor 'n eie (van alle ander verskil-
lend) individualiteit en aanlegspotensiaal beskik ten opsigte van by-
voorbbeeld prestasies op akademiese, professionele, en ekstracurriculêre
gebied.³⁾ Verder is daar ook verskille by studenteverpleegsters ten
opsigte van emosionele aanleg, menslike verhoudinge, fisiese en psigiese
eienskappe, in lewensmilieu en behoeftes.⁴⁾ Hierdie verskille moet in

1. Vgl. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.228-9.
2. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomo-
logies-prinsipiële studie, p.159.
3. Ibid., p.149-51; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.229-30; Gopsill. The teaching of geography, p.115.
4. Nunn. Education; its data and first principles, p.18-31.

ag geneem word by sowel metodes van aanbieding as die keuse van die leerstof.

6.2.4 Motivering

Motivering in die verpleegstersopleiding hou in dat ook die studente-verpleegster se gedrag deur motiewe - wat organies, sosiaal of organies-sosiaal geïntegreer van oorsprong kan wees - bepaal word. Dit is baie belangrik dat die dosent vertroud moet wees met die oorsprong en verloop van motivering, omdat sy self 'n belangrike motiveringsmiddel kan wees wat met inspirerende leiding die studenteverpleegster tot groot hoogtes kan voer.¹⁾ Die volgende motiveringsfaktore is essensieel in Verpleegkunde: (a) 'n doelstelling moet verskaf word, (b) die leerstof moet betekenisvol om die beroep gesentreer wees, (c) die studente-verpleegster moet 'n aandeel in die beplanning van haar beroep en onderrig hê, (d) die leerstof moet by die intellektuele potensiaal aanpas, (e) die leerstof moet korreleer met die werklike situasie, (f) daar moet genoeg geleentheid vir selfaktiwiteit wees, (g) induksie moet toegepas word, en (h) die vooruitsig om genot van sukses en prestige te smaak moet bestaan.

6.2.5 Die aktiwiteits- of selfwerkzaamheidsbeginsel

Die metode van verpleegstersopleiding dra tot die vormings- en ontwikkelingsproses van die mens by, en sluit onder meer in die studenteverpleegster se eie krag en vermoë om te soek, na te vors, te skep, te ontdek, te doen, te dink, te verower, ensovoorts - met ander woorde, daar-die aktiwiteite wat vrywillig uit egte belangstelling spruit. Dit lei

1. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding: 'n fenomeologies-prinsipiële studie, p.151-4.

ook daartoe dat die studenteverpleegster van die passiewe tot die aktiewe verplaas word, met die vrug van selfdissipline en verantwoordelikheid in 'n atmosfeer waar die metode op direkte leeraktiwiteite gerig is. Dit betrek onder meer die toepassing van die baie fasette van die teorie in die praktyk en selfekspressie in verskillende vorme.¹⁾

6.2.6 Die aanskouingsbeginsel

Die aanskouingsbeginsel in die verpleegstersopleiding sluit die audiovisuele onderrig in en het op alle sinuie betrekking.²⁾ Die aanskouingsbeginsel is baie belangrik in die verpleegstersopleiding (met sy groot aanskoulikoudiovisuele potensiaal) omdat ook hier denke en kennis swaar op konkrete voorstellinge en begrippe van uiterlike en innerlike waarneming steun.³⁾

6.2.7 Die beginsel van induksie

Die beginsel van induksie in die verpleegstersopleiding impliseer dat alle nuwe kennis sover moontlik aansluiting by die reeds bestaande moet vind. In werklikheid is dit 'n proses wat van die empiriese ervaring na die konkrete, innerlike geestesaanskouing en abstrakte rasionaliseringsdenke gaan.⁴⁾

6.2.8 Die analitiese beginsel

Die analitiese beginsel in die verpleegstersopleiding dui daarop dat

1. Taute. Opvoedende onderwys; handleiding vir studente in die algemene methodiek van die onderwys, p.29-40; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.154; Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.357-65; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.232-3.
2. Vgl. Sonnekus. 'n Ondersoek na die gebruik van enkele tegnieke van die opvoedkundige film as aanskouingsmiddel. Opvoedkundige studies, 3(12): 1-2, Desember 1955.
3. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.159; Van Wyk de Vries en Kruijswyk. Audiovisuele onderwys en tegniese hulpmiddels, p.11-16; Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.322-5.
4. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.161-2.

aan 'n studenteverpleegster 'n geheelbeeld van leerstof gegee word; die opbreek daarvan in samehangende onderdele, om dan weer terug na die sintese van die dele tot die geheel te kom. Met ander woorde, ten eerste word die leerstof in 'n sintetiese beeld aangebied, tweedens volg 'n analise van die leerstof en derdens weer eens 'n sintese deur die losstaande dele tot 'n eenheid saam te vat.¹⁾

6.2.9 Die ontwikkelingsbeginsel

Die ontwikkelingsbeginsel in die verpleegstersopleiding benadruk die geleidelike ontwikkeling van die fisiese, intellektuele, emosionele en sosiale groei van die mens.²⁾ Die studenteverpleegster is self tydens die aanvang van die opleidingsprogram in 'n adolescente lewensfase met sterk ontwakende emosionele, maatskaplike, staats-burgerlike en andere neigings en behoeftes.³⁾ Hierby ontvang die studenteverpleegster kennis, leiding en hulp in verband met mense in alle fases van ontwikkeling, wat besondere eise en behoeftes inhoud. Die studenteverpleegster moet deur eie inspanning meehelp om haar moontlikhede tot volle ontplooiing te bring.

6.2.10 Die vryheidsbeginsel

Die vryheidsbeginsel vereis en dra by tot die ontwikkeling en vorming van 'n selfstandige denke, oordeel, besluitvorming en handelende optredende tot voordeel van die self maar ook tot dié van die medemens in die hospitaalsituasie.⁴⁾ Hierdie selfstandigheid, oordeelkundigheid en leierseienskappe is ook vir die studenteverpleegster in haar professie

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.161-2.
2. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.231.
3. Ibid.
4. Ibid., p.233.

belangrik, omdat haar verantwoordelikheid dit vereis. Verder lei dit uiteindelik tot selfopvoeding van die studenteverpleegster en gedissiplineerde vryheid. Die erkenning van die vryheidsbeginsel in die verpleegstersopleiding moet egter in perspektief gesien word, en die enigste waardevolle vryheid vir selfstandige ontwikkeling is gedissiplineerde vryheid.¹⁾

6.2.11 Die autoriteitsbeginsel

Die autoriteitsbeginsel in die verpleegstersopleiding impliseer in werklikheid leiding en positiewe rigtinggewing aan die studenteverpleegster. Die oorsprong van hierdie beginsel is gesetel in die wette van God, beginsels waaraan die mens nie net moet konformeer op alle lewensterreine nie maar hom ook daaraan moet onderwerp om tot volwaardige mens te ontwikkel.²⁾ Dit beteken dus 'n lewenshouding en gesindheid van eerbied vir gesag en vir die lewensnorme wat die essensie van sedelike opleiding en vorming vir 'n gebalanseerde persoonsroeping is.

6.2.12 Die sosialiteitsbeginsel

Die sosialiteitsbeginsel in die Verpleegkunde impliseer dat die mens ook 'n sosiale wese is en langs die individualiteitsbeginsel geld ook die sosialiteitsbeginsel as algemene grondbeginsel vir die metodiek.³⁾ Die studenteverpleegster is lid van 'n gesin, kerk, staat, bedryf, volk ensovoorts. Hiervolgens het die mens 'n sosiale roeping en bestemming wat ook sosiale vorming en ontwikkeling in die opleiding vereis, sodat die studenteverpleegster leer om saam met kollegas te werk in die uit-

1. Vgl. Kandel. *The new era in education; a comparative study*, p.32-3; Keyter. *Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering*, p.234.

2. Keyter. *Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering*, p.234-5.

3. Ibid., p.230.

voering van 'n gemeenskaplike taak binne die groter opset van volksgesondheid, dit wil sê op nasionale en internasionale gebied.¹⁾ Die sosialiteitsbeginsel word hoofsaaklik op indirekte wyse toegepas. Die enigste manier, sê Dewey, waarmee die volwassene die opleiding en onderriking van die onvolwassene kan beheer is om die omgewing waarin hulle leef, dink, voel en handel te beheer.²⁾ Toepassing van die individualiteits- en sosialiteitsbeginsel in die metodiek is 'n voorwaarde vir 'n gebalanceerde persoonsroeping van 'n studenteverpleegster. Metodes wat 'n eensydige ontwikkeling beoog of wat slegs op 'n individualistiese ontwikkeling toegespits is, bots met die totaliteitsbeginsel en is nie voldoende nie.

6.2.13 Die beginsel van sisteem, beplanning en ordelikheid

Die beginsel van sisteem, beplanning en ordelikheid is onmisbaar in die verpleegstersopleiding. Geen opleidingsprogram kan suksesvol verloop sonder dat dit ordelik en sistematies volgens plan geskied nie. Die waarde hiervan is in hooftrekke die volgende: dit bespaar tyd en energie, omdat die gestelde doelstellinge rasioneel georganiseer word, dit bevorder doelgerigte aktiwiteite, 'n bepaalde projek kan ordelik uitgevoer word, dit bevorder integrasie en kontinuïteit, terwyl selfdissipline ontwikkel word.³⁾

6.2.14 Bemeestering

Deur die beginsel van bemeestering van leerstof bied die dosent hulp aan die studenteverpleegster om die leerstof te bemeester deur onderrig in

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.164-5.
2. Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p.18-9.
3. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, pl66.

'ie regte studiemetode, deur die leerstof aanneemlik en realisties, deur middel van aanskoulik-oudiovisuele hulpmiddels aan te bied, deur haar te stimuleer tot selfstudie, deur die leerstof in die werklike lewensituasie toe te pas, groepsbesprekinge aan te moedig, analyse en sintese toe te pas, die kennis funksioneel te maak deur dit in die reële situasie toe te pas en deur van goeie naslaanwerke en ander leermiddelle gebruik te aak.¹⁾

.2.15 Die evalueringsbeginsel

Die evalueringsbeginsel in die verpleegstersopleiding raak meting en beïlging van die mate waarin gevorder is op die weg na bereiking van die gestelde doeleindes. Dit hou die volgende waarde in: dit is diagnosties en prognosties van aard, dit dien as 'n middel om die verskeidenheid van ekuaamheidspotensiaal te bepaal, dit is 'n belangrike motiveringsmiddel, dit openbaar moontlike leemtes in die onderrigstelsel en dit bied rigting vir remediërende onderwys en metodes aan.²⁾

.2.16 Die diagnostiserende en remediërende beginsel

Die diagnostiserende en remediërende beginsel behels die voortdurende opproor van probleme in die opleiding en by die studenteverpleegster, amlik die diagnose en remedie daarvan. Na analogie hiervan moet die studenteverpleegster ook leer om diagnoses te maak in die praktiese tuasie van haar werk, en wel vanuit die agtergrond van haar teoretiese kennis.³⁾

Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.168.

Ibid.

Vgl. Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.149;55; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.171.

6.3 Besondere metodes, tegnieke en hulpmiddele in die verpleegstersopleiding

Die studenteverpleegster bevind haar aan 'n universiteit, en alhoewel selfstandige studie nou sterk op die voorgrond tree, is sy nogtans in 'n belangrike mate op die lesing en leiding van die dosent aangewys. Die dosent moet 'n lesingskema beplan waarin hulle die struktuur uiteensit, wat onder meer 'n verskeidenheid van metodes en tegnieke bevat om die studenteverpleegster te help om leerstof suksesvol te bemeester. Verder moet die dosent haarself deeglik vergewis van alle vereistes en op hoogte bly van alle nuwe ontwikkelinge in haar beroep en dissipline.¹ Die dosent moet haarself deeglik inwerk op die gebied van die ontwikkeling van die algemene en besondere metodes en tegnieke van onderrig. Dit is wel waar dat metodes en tegnieke van onderrig op bykans alle fases van die opleidingsproses toegepas kan word. Maar tog is party metodes meer van toepassing by die onderrig van sekere vakke, terwyl ander weer meer suksesvol ten opsigte van 'n ander een gebruik kan word. So byvoorbeeld sal die woordmetode goed by die Geskiedenis van Verpleegkunde pas, terwyl die laboratoriummetode by uitstek by die onderrig van Fisiologie sal pas. Geen metode is egter net geskik vir 'n sekere vak nie, maar 'n verskeidenheid van metodes behoort by 'n vak toegepas te word. Dit is dus metodes, tegnieke en hulpmiddele wat gekombineerd die weg vir die aanbieding en integrasie van die leerstof vorm.

1. Vgl. Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.50-60.

6.3.1 Metodes by die verpleegstersopleiding

In die eerste instansie val die klem op die volgende metodes wat waardevol in die aanbieding van verpleegkundige leerstof en in die opleiding aangewend kan word:¹⁾ die woordmetode, die handboekmetode, denkmetode, vraag- en antwoordmetode, studiemetode, groepsbesprekingsmetode, uiteenstellings- of eksposisiemetode, verhaal- of beskrywende metode, projekmetode, die laboratoriummetode en eksemplariese metode.

Die woord- of lesingmetode²⁾

In die geval van die woordmetode of lesingmetode is die dosent self aan die woord, en dit bestaan uit verskillende variasies wat aan universiteite gebruik word vir die oordrag ondér ander van kennis in Verpleegkunde. Die diktaatprosedure bestaan uit diktate wat aan studente gegee of deur die dosent voorgelees word, en wat die studente dan afskryf. Dit is 'n swak metode en behoort werklik min gebruik te word, behalwe waar die dosent rede het om die woord op skrif vaste te lê of waar dit saam met van die ander variasies gebruik word. In die metode waar die woord plus die aanstip van hoofpunte gebruik word, word die lesing deur hoofpunte op die swartbord en of met projeksie van die oorhoofse projektor aangevul. Die hoofpunte dien dan as 'n skelet, en die studenteverpleegster moet self die inhoud aanvul. Die woordmetode is vir 'n algemene inleiding en samevattende oorsig baie doeltreffend.

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.148-90; Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.62-85; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-principiële studie, p.174-95; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n principiële waardering, p.277-86; Gagné. The conditions of learning, p.285-96; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.416-513.
2. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.148-52; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-principiële studie, p.175-8.

In die lesingmetode waar min aanvullende middelle gebruik word, is die dosent dwarsdeur aan die woord. Die metode is meer bedoel vir nagraadse studenteverpleegsters of vir senior voorgraadse studente, wat in staat moet wees om die gesproke woord hulle eie te maak en dit later denkend te verwerk. 'n Kombinasie van die variasies van die woordmetode kan egter suksesvol by die verpleegstersopleiding gebruik word.

Die handboekmetode¹⁾

In die handboekmetode wat veelvuldig gebruik word, word die dosent deur die skrywer geleei, en die uitgangspunt is beperk tot die materiaal van die boek. Die dosent kan ook bepaalde dele van die werk bespreek, terwyl die studenteverpleegster daarna opsommings van die kerngedagtes maak. 'n Volgende variant is dat die dosent slegs 'n inleiding oor 'n onderwerp met 'n redelike volledige skematiese indeling aan studenteverpleegsters gee. Laasgenoemde voltooi dan die werkstuk aan die hand van die handboek. Hierna word die bevindinge bespreek. Die metode het wel nadele maar een van die belangrike voordele is dat dit die weg vir selfstudie voorberei.

In die Verpleegkunde moet selektief te werk gegaan word om daardie handboeke te gebruik wat die beste aan alle wetenskaplike vereistes, of wat die behoeftes ook al mag wees, voldoen.

Die denkmetode

Die denkmetode is die deurdenking van feitekennis wat terselfdertyd die ontwikkeling van selfstandige, logiese en korrekte denke beteken.²⁾

1. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.178-83; Coetzee, Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.153-7.
2. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.183; vgl. ook Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p.152-63.

'In die denkproses onderskei ons gewoonlik 5 tot 6 trappe, t.w., die waarneming en besef van 'n denkmoeilikhed, die ontleiding daarvan in sy bekende en onbekende, die soek na 'n vermeende of moontlike oplossing van die moeilikhed, die deurvoering van die vermoeding en die toetsing of verifiëring van die oplossing, en nog die beoordeling van die gevonde oplossing in die lig van toekomstige behoeftes en eise.'¹⁾

Die denkmetode kom ook in verskeie variasies voor, maar van die belangrikste onderskeidings is dié tussen die induktiewe en deduktiewe denke. Die doel van die induktiewe fase is om die studenteverpleegster leiding te gee, sodat genoegsame gegewens en feite ingesamel, geselekteer, gekontroleer en georden kan word. Deur die feitekennis word weer die reël, wet, definisie of algemene waarheid geformuleer.²⁾ Kortlikks kan die induktiewe fase in vyf trappe ingedeel word, naamlik inleiding, aanbieding, vergelyking, veralgemening en toepassing.³⁾ Hierdie induktiewe metode word oral en dikwels in die breet studierein van Verpleegkunde toegepas.

Die deduktiewe metode gaan op die omgekeerde wyse te werk. In 'n eenheid word byvoorbeeld al die dele van die geheel bestudeer om die geheelbeeld daarvan te verruim. Die studenteverpleegster mag hier egter nie die idee van 'n losse versameling van strukture kry nie. Die deduktiewe metode loop werklik daarop uit dat die studenteverpleegster die algemene reël of beginsel toepas in besondere gevalle. Die deduktiewe en die induktiewe metodes vul mekaar dus aan, aangesien in die een toege-

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.157-8.

2. Ibid, p.156.

3. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.184.

pas word wat deur die ander geformuleer of ontdek is.¹⁾

Die vraag- en antwoordmetode

Hierdie metode kan aanvullend by alle ander metodes, of afsonderlik gebruik word. Enersyds ontdek die dosent hierdeur die aanleg en kennis waaroor die studenteverpleegster beskik; en andersyds wek dit belangstelling, dit stimuleer die studenteverpleegster tot aktiewe samewerpking om nuwe kennis te bemeester, dit bevorder selfstandige denke en selfwerkzaamheid, dit is handig by hersiening en vir die inleiding tot 'n probleem. Die dosent moet die vraag so stel dat die antwoord by die volgende vraag aansluiting vind sodat 'n aaneenlopende gedagtegang opgebou word.²⁾

Die studiemetode

Studiemetodes het nie net met die verwerving van kennis uit boeke te doen nie. Dit sluit die aanleer van denkgewoontes, memorisering, wetenskaplike oriëntering, die aanleer van beroepsvaardigheid, die oefening van taalvaardigheid, die verwerving van sosiale en psigologiese kennis en oefening van behendigheid in. Dit is baie essensiell dat die dosent die voertaal van 'n volk magtig moet wees. Elke verpleegkundige lesing kan in 'n sekere mate as 'n taalkundige lesing beskou word. In 'n land waar daar twee landstale bestaan, is dit die verpleegster se plig om toe te sien dat sy beide tale magtig is, sodat sy in volle beheer van alle onderrigsituasies kan wees.³⁾ Verder is kennis van 'n Bantoetaal 'n besliste bate en van waarde vir die verpleeg-

1. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.285-6.

2. Ibid., p.287.

3. Vgl. Tauté. Opvoedende onderwys; 'n handleiding vir studente in die algemene methodiek van die onderwys, p.324-81.

ster, veral in die Republiek van Suid-Afrika met sy verskeidenheid van Bantotale.

Die groepbesprekingsmetodes

Die metodes leen hulself goed vir die verpleegstersopleiding en dan veral die informele groepmetode, te wete onderlinge bespreking.¹⁾ Die studenteverpleegster kry self die geleentheid om vrae te stel, te bespreek en gevolgtrekkinge te maak deur analise, vergelyking en sintese. Die dosent en die studenteverpleegster beklee min of meer gelykwaardige status met 'n verplasing van die studenteverpleegster tot die middelpunt van die lesing eerder as die dosent. Sosiale aanpassing en samewerking word bevorder, terwyl selfwerkzaamheid benadruk word. Dit bevorderder verder die ontwikkeling van selfstandige denke; die inisiatief en skeppende vermoë van die studenteverpleegster ontplooï, en gesonde menslike verhoudinge ontwikkel waardeur die studenteverpleegster waardevolle oefeninge kry: 'n aktiewe openbare optrede wat eie aan haar professie is.²⁾

Die probleemstellingsmetode

In die verpleegstersopleiding moet bogenoemde metode vooraf 'n duidelike afgebakende en betekenisvolle doel bevat waarop die studenteverpleegster se aktiwiteite gerig kan word en waarheen sy haar weg so selfstandig moontlik kan baan.³⁾ Probleme wat reg gestel is sodat dit by die behoeftes en omstandighede van die verplegingsituasie maar ook by die potensialiteite van die studenteverpleegster aanpas, het altyd die

1. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.191.
2. Vgl. Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.38-49; Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.165-9.
3. Vgl. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.277.

vermoë om die gees tot aksie op te roep en tot oplossing van die probleem te prikkel. Hierdie metode lok 'n reaksie by die studenteverpleegster uit, en stel die dosent die probleem in ooreenstemming met die vereiste behoefté, dan word die kragte en vernuf van die studenteverpleegster dadelik uitgedaag, gestimuleer en in 'n bepaalde rigting gestuur. Dit is veral van die manipulasie van hierdie geestesvermoë van die studenteverpleegster waarvan die moderne metodiek in die algemeen vrugbaar gebruik kan maak.¹⁾ Baie hang ook af van hoe die metode aangevul kan word met tale ander metodes, hulpmiddels, tegnieke en van die leiding, rol en funksie van 'n bekwaame dosent.

Uiteensetting of eksposisiemetode

In die metode word baie van die waardevolle eienskappe van die reeds voorafgaande beginsels saamgevat, en dit word feitlik die meeste in die oordra van nuwe kennis gebruik. Die prosedure van hierdie metode is die volgende: 'n lesing moet 'n duidelike doelstelling hê, die onderwerp word in afsonderlike onderafdelinge ingedeel en laasgenoemde moet elkeen weer 'n geheel vorm. Die onderlinge verband tussen onderafdelinge moet behoue bly, en die inhoudelike moet met die vorige (bekende) verband hou, sodat die nuwe (onbekende) kennis uit die bekende opgebou kan word, waarmee die geheel dan 'n logiese eenheid vorm.²⁾

Verhaal- en beskrywende metode

Beide hierdie metodes kan in sekere aspekte van die opleiding toegepas word. Die dosent mag dit byvoorbeeld nodig ag om 'n suiwer monologiese

1. Vgl. Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p.182; Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n principiële waardering, p.277.

2. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n principiële waardering, p.288.

uiteensetting van 'n gedeelte uit die historiese terrein te gee. In die opsig moet die dosent die kuns verstaan om die verhaal so realisities voor te stel dat dit die studenteverpleegster boei en inspireer so dat die stof terselfdertyd inslag vind.¹⁾ Bewus of onbewus is daar in elke goeie verhaal 'n konstruksieplan. So 'n plan impliseer vyf stadia: die doel, 'n aanknopingspunt, ontplooiing, die klimaks en 'n slotgedagte.²⁾ Dieselfde beginsel geld vir die beskrywende metode. Die sukses sal van die vermoë van die dosent afhang om dit wat sy beskryf te laat lewe en om dit so aanskoulik moontlik te maak sodat sy die studenteverpleegster se entoesiastiese waardering wek en hou.

Die laboratoriummetode

Die laboratoriummetode het oorspronklik meer by die natuurwetenskappe byval gevind, maar met Dewey se filosofie van leer deur te doen is die metode geleidelik ook tot die sosiale wetenskappe uitgebrei.³⁾ Net soos dit in die skoolsituasie van toepassing is, net so het dit ook waarheidsmomente in die verpleegstersopleiding deurdat dit aan die leer-situasie 'n realiteit gee.

Een van die belangrikste metodes van onderrig in die verpleegstersopleiding is die beginsel van direkte waarneming - die sogenaamde laboratoriummetode. Op dié studiereein is daar in werklikheid drie gebiede wat as laboratoria beskou word. In die eerste plek word laboratoriumwerk in bepaalde lokale verrig te midde van objektiewe waarneming en die gebruik van apparaat. Die studenteverpleegster leer onder andere

1. Keyter. *Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering*, p.284.

2. Greyling, *Godsdiensoronderwys - in die skool*, p.445-7.

3. Dewey. *Democracy and education; an introduction to the philosophy of education*, p.195.

hoe om 'n bepaalde prosedure uit te voer.¹⁾ Dit sal in die demonstrasie-, lesing- of klaslokaal, wat vir die doel ingerig is, plaasvind. Eksperimentele werk vorm egter ook buite die lokaal 'n aktiewe aspek van die opleiding en wel in die hospitaalafdeling self.

In die laboratorium word getrag om die studenteverpleegster onder gewe voorvaardes, leiding en toesig, werklike verplegingservarings te laat opdoen met die volgende doelstellings: (a) Die verkryging van informasie of kennis deur direkte waarneming van verskynsels. (b) Die eksperimentele oplossing van vraagstukke, ondersteun deur sistematiese deurdenking en navorsing. (c) Die verwerving van vaardigheid en bedrevenheid in die hantering van apparaat by die versorging van die pasiënt. Die beginsel van waarneming berus op die grondgedachte dat die werklikheid veel helderder is as die simbole of woorde wat hulle aandui, dit prikkel die sintuie en die doeltreffendste sowel as blywendste vorm van leer is selfstandige aktiviteit. (d) Die keuse van leerstof en literatuur moet op die algemene, logiese, sosiale en psigiese behoeftte van die studenteverpleegster gebaseer wees en proefneming in die Verpleegkundelaboratoria moet dus grotendeels tot die praktiese vraagstukke van die besondere behoeftes maar ook tot die van die pasiënt beperk wees.²⁾

Die projekmetode

Die projekmetode as 'n onderrigsmetode sluit verskeie elemente in: dat daar 'n probleemstelling moet wees, dat dit 'n belangrike doelgerigtheid

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.434-8.
2. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.185-8.

en eenheid van aktiwiteit moet behels, dat die studenteverpleegster vir die beplanning en uitvoering van die probleemaktiwiteit verantwoordelik moet wees en dat dit 'n probleemoplossende aktiwiteit van 'n praktiese aard moet wees. Vir metodologiese doeleindes word daar tussen die individuele en die groepsprojek onderskei.¹⁾

In die verpleegstersopleiding kan die projekmetode produktief gebruik word.²⁾ Die dosent beweeg op die agtergrond terwyl die inisiatief grootliks aan die studenteverpleegster oorgelaat word. Die studenteverpleegster selekteer 'n probleem uit die talle waarmee sy so dikwels gekonfronteer word. Die keuse van die probleem moet egter 'n byvoeging van kennis beteken, vaardigheid ontwikkel en dit moet individuele sowel as sosiale waardes besit. Vervolgens word die metode, literatuur en data sowel as werkwyse vir die probleemoplossing beplan. Nadat helderheid oor die prosedure van die probleemoplossing bereik is, word die beplanning uitgevoer. Die projekmetode is derhalwe daarop gemik om deur selfaktiwiteit iets nuuts te formuleer en te konstrueer. Die praktiese waarde van die projek moet na voltooiing by die studenteverpleegster tuisgebring word.³⁾ Die laaste stap behels die verificering daarvan om die sukses of mislukking te bewys.⁴⁾ Die finale norm vir die studenteverpleegster se leeraktiwiteit is om te bepaal of sy in staat is om die akademiese kennis in die werklike situasie te kan aanwend en of sy die praktiese waarde daarvan verstaan.⁵⁾

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p. 514; Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.38-45.
2. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.516-7.
3. Gopsill. The teaching of geography, p.119.
4. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.182.
5. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.517.

Eksemplariese onderwys

Die kern van eksemplariese onderwys is die uitstaande doel van doeltreffende bestryding van oorlaaiing, met ander woorde die beperking van leerstof deur sorgvuldige seleksie. By eksemplariese leer word daar hoofsaaklik aan twee pole gedink. Die een is die objek (die leerstof, die vaardigheid en kultuурgoed); die ander is die subjek, die leerling.¹⁾ Dit hou in dat uit 'n groot aantal soortgelyke leerstofaspekte slegs een as tipiese voorbeeld in besonderhede behandel word en dat die studenteverpleegster daardeur insig kan verkry in al die ander.

Eksemplariese onderwys is aktiverende onderwys waarin selfwerkzaamheid 'n belangrike rol speel. By 'n eksemplariese handeling bestaan daar 'n verskeidenheid van moontlikhede, byvoorbeeld:

- a. Die dosent bied die leerstof aan en analyseer dit. Hierna volg 'n onderwysgesprek tussen die studenteverpleegster en dosent, waarby nuwe insigte ontwikkel word.
 - b. Die studenteverpleegster versamel self haar leerstofmateriaal, en deur minimale hulp van die dosent probeer sy deur middel van bespreking die beoogde doel te bereik.
 - c. Die studenteverpleegsters word in werkgroepe ingedeel, elke studenteverpleegster werk 'n werkstuk uit en doen verslag aan die hele groep. Hierna volg 'n gesamentlike besinning om deur te dring tot diepere en meer fundamentele insigte.
1. Mommers. De plaats en de betekenis van het exemplarisch onderwijs in de didactiek; een poging tot begripsverheldering en een onderzoek naar de waarde van het exemplarisch beginsel, p.34.

Samevattend kan beweer word dat die eksemplariese beginsel veral betrekking het op:

- a. Die besinning oor die doel,
- b. die keuse en onderrig van die leerstof, en
- c. die metodiese werkswyse.¹¹

6.3.2 Tegnieke by die verpleegstersopleiding

In die tweede plek moet aan die besondere tegnieke by die verpleegstersopleiding aandag gegee word. Die volgende tegnieke is veral van belang, naamlik:- die lesingplan as onderrigtegniek, die vraagstelling as onderrigtegniek, hersiening as onderrigtegniek, demonstrasie as onderrigtegniek, woordillustrasie as onderrigtegniek, en geprogrammeerde onderrig as tegniek.

Die lesingplan as tegniek

Dit is essensieel dat die lesingplan sorgvuldig en doelgerig deur die dosent saamgestel moet word. Dit impliseer die skriftelike formulering en sistematisering van die leerstof, en dit sluit in: formulering van 'n bepaalde doel, lë van die verband tussen die nuwe leerstof en die bekende, ontwerp van 'n bepaalde skema, die toepassing van 'n onderrigmetode(s) en 'n onderrigtegniek(e), die behoorlike organisasie en interpretasie van die geleerde stof, integrasie van die lesing tot deel van 'n geheel maar ook tot 'n geheel op sigself, en die opvolging van die lesing deur een of ander vorm van evaluering om die geslaagdheid daarvan al dan nie te toets. Die kulmineringsaktiwiteit moet

1. Mommers. De plaats en de betekenis van het exemplarisch onderwijs in de didactiek; een poging tot begripsverheldering en een onderzoek naar de waarde van het exemplarisch beginsel, p.54-5.

derhalwe 'n toets, 'n bespreking van die waarde van die nuwe leerstof of 'n gevolgtrekking deur die induksie of die toepassing van kennis deur deduksie wees.¹⁾ Die hele lesingskema berus voorts op 'n inleidingsgedeelte, die inhoud en samevattende gevolgtrekking.

Die vraagstelling as onderrigtegniek

Die vraagstelling of vraag as tegniek van onderrig beklee ook in die verpleegstersopleiding 'n belangrike plek. Dit vorm die grondslag van feitlik alle procedures en tegnieke en is fundamenteel vir die verstandelike en geestelike ontwikkeling.²⁾ In die verpleegstersopleiding dien byvoorbeeld die geheuevraag om die kennis en prestasies van die studenteverpleegster te toets, die belangstelling te stimuleer, vir die inoefening van die geleerde materiaal en om die insig van die studenteverpleegster te toets. Denkvrae kan gebruik word om die studenteverpleegster se vermoë tot logiese denke te toets, om te redeneer en om die vermoë tot analise en sintese vas te stel en te bevorder. Die vraagstelling kan verder gebruik word as 'n aanknopingspunt vir 'n lessing, om belangstelling op te wek, prikkeling tot nadenke en selfstandige denke en om studie te bevorder, om die aandag op belangrike aspekte van die werk te vestig, en om die studenteverpleegster te help in die kuns van waardering en beoordeling van die ordening en organisasie van leerstof.

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.192-4; Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.52.
2. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.214.

Hersiening as onderrigtegniek

Hierdie tegniek is noodsaaklik in die verpleegstersopleiding. Dit is veral van waarde in die verpleegstersopleiding deurdat die dinamiese aard van Verpleegkunde dikwels veranderinge meebring. So byvoorbeeld het die pak-en-spreistelsel 'n radikale omwenteling in die praktiese situasie meegebring.

Die basiese waarde van hersiening lê daarin dat verskillende feite in 'n geheelbeeld saamgevat en veralgemeen kan word, sodat grondwaardede daaruit na vore tree en die studenteverpleegster 'n beter insig in die werk of situasie kan kry.¹⁾ Die waarde en funksie van hersiening kan soos volg gestel word: deur herhaling van leerstof word belangrike elemente na vore gebring en dit word in die geheue vasgelê, afsonderlike elemente kan deur hersiening tot 'n geheelbeeld geïntegreer word, sodat die studenteverpleegster die regte perspektief kry, dit verbreed die kennis en ervaring deurdat nuwe gesigspunte toegelig kan word, dit is 'n besonder effektiewe en natuurlike wyse om die bestaande feite by die nuwes te laat aansluit, hersiening wek belangstelling in die afgehandelde werk en dit lê foute en tekortkominge in die bestaande kennis bloot, en deur probleme wat deur die professie heensny, word die studenteverpleegster gedwing om alle werk te hersien.²⁾

Demonstrasie as onderrigtegniek

Die demonstrasietegniek, wat in die algemeen 'n verduideliking van 'n proses beteken, is van die uiterste belang in die verpleegstersoplei-

1. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.209-210; Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.210.

2. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.210.

ding. Dit het onder ander die voordele dat dit by die studenteverpleegster die belangrike kuns van waardering inskryf en dat dit audiovisuele kwaliteite besit deurdat die studenteverpleegster nie net die verduideliking hoor nie maar dit ook visueel waarneem. Die demonstrasietegniek is universeel aanvaarbaar en verstaanbaar, omdat dit vir beide die groep- en individuele onderrig gebruik kan word. Heidgerken som die voordele van die demonstrasietegniek in vyf hoofpunte op:

- '1. It activates several senses. This increases learning, because the more senses used the better the opportunity for the learning.
- '2. It provides an opportunity for observational learning.
- '3. It clarifies the underlying principles by demonstrating the 'why' of a procedure.
- '4. It commands interest by use of concrete illustrations.
- '5. It correlates theory with practice.'¹⁾

Die demonstrasietegniek kan vir 'n verskeidenheid doeleindes gebruik word, te wete ter verduideliking van die natuurwetenskaplike eksperiment en die hantering van wetenskaplike uitrusting, om bepaalde procedures in die klaslokaal en die hospitaalafdeling te demonstreer, om 'n behandeling wat huis voortgesit moet word aan 'n pasiënt te verduidelik, om 'n prosedure by 'n pasiënt of tydens 'n saalvergadering te verduidelik, en om die benadering tot die pasiënt te verduidelik sodat die mees fektiewe verpleegster-pasiëntverhouding bereik kan word.²⁾

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.428.

2. Ibid., p.428-9.

Elke stap in 'n goed beheerde demonstrasie moet verstaanbaar wees, dit moet genoeg tyd beskikbaar stel vir reflektiewe en kritiese denke en daar moet tyd wees vir vrae en antwoorde. Die volgende beginsel geld vir alle demonstrasies wat deur die dosent of studenteverpleegster uitgevoer word: die dosent moet die hele prosedure verstaan en ken, en die situasie beheers alvorens sy dit aan andere oordra; alle benodigdhede moet vooraf versamel en getoets word om die werkende orde daarvan te verseker; die groep sowel as die demonstrateur moet oor gevorderde kennis insake die prosedure beskik (dit sluit in teoretiese kennis wat reeds van te vore bekom is en begrip van die inskakeling en doel daarvan in die geheel) die benadering moet positief wees en die klem moet op die praktiese uitvoering val; elke studenteverpleegster moet 'n goeie beeld van die demonstrasie kry en die groep moet klein wees, sodat die studenteverpleegsters individuele aandag kan geniet; die demonstrasie moet, indien moontlik, 'n werklike situasie verteenwoordig soos byvoorbeeld 'n prosedure wat op 'n pasiënt uitgevoer moet word. Indien die pasiënt gebruik word, moet toestemming van die pasiënt verkry word, en die prosedure moet aan die pasiënt verduidelik word; 'n seminaar of besprekingsperiode moet altyd die demonstrasie opvolg; die doel van die demonstrasie is om vaardigheid by die studenteverpleegster aan te leer, en die waarde daarvan is in die feit opgesluit dat die demonstrasie deur die studenteverpleegster so gou moontlik daarna in die praktyk beoefen moet word; en die lesingdemonstrasie is 'n kombinasie van die lesing en

die demonstrasie, die doel waarvan is om verwantskappe uit tebeeld soos hulle gedurende die demonstrasie realiseer en te voorskyn tree.¹⁾

Woordillustrasie as onderrigtegniek

Woordillustrasie is van groot waarde ook in die verpleegstersopleiding. Die woord is nie net 'n medium van onderwys en kommunikasie nie, maar dit is ook 'n middel om iets mee toe te lig. Daar is verskillende vorme van woordillustrasies, te wete die verhaal, die toelighting met voorbeeld, en die analogie. Die verhaal kan dien as verduideliking van 'n stelling, om aandag te trek en te hou, om die verbeelding te prikkel en om die studenteverpleegster tot die konkrete daad te stimuleer.²⁾ Die vorm van toelighting met voorbeeld het betrekking op die feit, beginsel of gevolgtrekking wat met voorbeeld toegelig word, deur induktief en deduktief te werk te gaan. In die analogiese vorm word 'n werklike en sprekende voorbeeld gebruik om 'n minder sprekende voorbeeld te verduidelik en te omskryf.³⁾

Geprogrammeerde onderrig as tegniek

Geprogrammeerde onderrig is 'n tegniek wat gedurende die afgelope jare geweldig veld in die buiteland gewen het, veral in die Verenigde State van Amerika, en daar is aanduidings dat dit in alle soorte onderrig toegespas kan word, onder andere dan ook in die verpleegstersopleiding.⁴⁾

1. Heidgerken. *Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods*, p.429-30.
2. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. *Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie*, p.213; Coetzee. *Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde*, p.225.
3. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. *Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie*, p. 213-4.
4. Vgl. Seedor. *Can nursing be taught with teaching machines?* American journal of nursing, 63(5):117-20, May 1963; Polony. *Programmed instruction and automated education for hospital and other medical personnel*. Hospital progress, 45(2):83-7 en 120, February 1965; Heidgerken. *Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods*, p.579-88.

Die liniere en die intrinsieke¹⁾ is die vernaamste tipes programme. Hier kan ook gepraat word van 'n geprogrammeerde handboek, dit wil sê 'n studiehandboek waarin die onderwerp materiaal in detailseries opgedeel is.²⁾ In die liniere programmering word die leerstof op so 'n wyse gerangskik dat dit in series van opeenvolgende stappe geleer kan word. Die leerstof varieer van die bekende en eenvoudige na die komplexe en vandaar na die beginsels en begrippe. Die intrinsieke programmering, weer, voer die studenteverpleegster langs bepaalde hoofbane met die moontlikheid van korrektiewe wêë. Die studenteverpleegster word nie toegelaat om met 'n gedeelte in die hoofstruktuur te begin alvorens sy die korrekte antwoord gevind het nie en dit kan dus gebeur dat die studenteverpleegster langs 'n vertakking remedierend of aanvullend moet werk. Basies is die program op die beginsel van veel-vuldige keuse saamgestel.³⁾

Die volgende voorbeeld van 'n liniere program deur Polony toon aan hoe hierdie program gebruik kan word: 'In the linear program the student is presented with a small unit of information, may be a sentence or so, and a question on that point, sometimes with multiple choice answers, but more often with a blank which has to be filled in with the correct word. The student usually sees just one unit at a time and when he moves to the next unit he learns what the correct answer to the previous question

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.305; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.582-5; Polony. Programmed instruction and automated education for hospital and other medical personnel. Hospital progress, 45(2)84, February 1965.
2. Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.177.
3. Vgl. van der Stoep e.a. Algemene aspekte van geprogrammeerde onderrig, p.11.

was.¹⁾ Die praktiese uitvoering hiervan is tegnies²⁾ van aard en hoewel interessant en belangrik, is dit nie moontlik om hier in besonderhede in te gaan nie.

6.3.3 Hulpmiddele by die verpleegstersopleiding

Die dosent moet soveel moontlik by alle voorgaande metodes en tegnieke in 'n mindere en meerder mate van hulpmiddele gebruik maak. Hulpmiddele het betrekking op audiovisuele media soos dit in die onderwys van die verpleegstersopleiding gebruik kan word.

Daar bestaan 'n wêreldwyre belangstelling in en behoeftie aan aanskouingsonderrig. In sommige lande, soos die Angel-Saksiese lande, word die term audiovisuele onderrig gebruik. Aanskouing het egter 'n veel dieper en omvattender betekenis, omdat dit op alle sintuie betrekking het.³⁾ Die term aanskouing is nie net beperk tot sulke kommunikasiemiddelle soos die rolfilm, skyfieprojektor, televisie, mikroprojektor en ander nie, maar die rol wat verbale simbole speel, word erken,⁴⁾ en Heidgerken stel dit so: 'Although the term audio-visual is used, the term is not restricted only to materials which can be seen or heard, but includes materials which may communicate through touch, taste and smell. In a nutrition class, for example, it may be so important for students to touch, smell and even to taste as it is to see and hear.'⁵⁾

1. Vgl. Polony. Programmed instruction and automated education for hospital and other medical personnel. Hospital progress, 45(2):84, February 1965.
2. Ibid.; Seedor. Can nursing be taught with teaching machines? American journal of nursing, 63(5):117-18, May 1963; Van der Stoep e.a. Algemene aspekte van geprogrammeerde onderrig, p.7-32.
3. Sonnekus. 'n Ondersoek na die gebruik van enkele tegnieke van die opvoedkundige film as aanskouingsmiddel. Opvoedkundige studies, 3(1), 1955.
4. Van Wyk de Vries & Kruiswijk. Audio-visuele onderwys en tegniese hulpmiddels, p.15.
5. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.532.

Die studierteerterrein van Verpleegkunde beskik oor 'n enorme audiovisuele potensiaal, want die hele patiëntversorging rus basies op audiovisuele onderrigtegnieke wat 'n belangrike plek in beide die onderrig- en leer-situasie inneem. Dit kan selfs 'n primêre plek in die onderrig inneem deurdat kennis met die gebruik van onder ander die rolprent direk tot die studenteverpleegster oorgedra word in plaas van deur (of aanvullend by) die dosent se lesing. Leer geskied hier deur direkte ondervinding van die lewenswerklikheid, nabootsing en deur simboliese ondervinding wat deur woorde geskied. Audiovisuele materiaal kan tot al die vlakke bydra, maar dit is veral effektief by die vlak van realiteitsnabootsing.¹⁾ Aanskouingsonderrig doen op soveel moontlik sintuie 'n beroep en help die studenteverpleegster sodoende om begrippe op te bou wat weer die denke, handeling, optrede en aanpassing stimuleer en bevorder.²⁾

Audiovisuele onderrig hou verskillende voordele in: veral deurdat indrukke deur meer as een sintuig gelyktydig ontvang word, is sulke indrukke meer blywend van aard, van groter intensiteit, vollediger en juister; deur die werklike waarneming word die moeilik verstaanbare meer verstaanbaar; aanskoulike onderrig is ook meestal aanneemlik en boeiend asook tydbesparend.³⁾

Die sukses van 'n audiovisuele onderrigsprogram hang van effektiewe beplanning en administrasie af.⁴⁾ Die aanskouingsmiddele of audiovisuele media kan alleen of in 'n kombinasie met mekaar gebruik word. Die neiging om 'n verskeidenheid van audiovisuele middele te gebruik word die

1. Heidgerken. *Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods*, p.532.
2. Van Wyk de Vries & Kruijswijk. *Audio-visuele onderwys en tegniese hulp-middelle*, p.10.
3. Greyling. *Godsdiensonderwys - in die skool*, p.523-5.
4. Heidgerken. *Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods*, p.540-2.

multimedia-benadering genoem.

Vervolgens word 'n kort uiteensetting van audiovisuele media wat in die verpleegstersopleiding suksesvol gebruik kan word, gegee.¹⁾

Direkte en doelgerigte ervaring

Die student leer deur direkte deelname en ervaring en is verantwoordelik vir die resultaat. By die studenteverpleegster is hierdie faset deel van die praktiese situasie waarin sy haarself vir die grootste deelte van die opleiding en daarna bevind, en kan as die basis van alle doeltreffende onderrig beskou word.

Versinde ervaring

Dit impliseer direkte ervaring maar nie in die werklikheid nie, byvoorbeeld waar die verpleegster onder ander nog moontlik die Florence-Nightingale-diensbelofte afle. Hier neem die verpleegster aan 'n heropgeboude ervaring deel maar nie aan die oorspronklike werklikheid nie.

Demonstrasie is net so 'n belangrike hulpmiddel by onderrig - dit is reeds behandel.

Opvoedkundige toere

Sodanige toere bied aan die studenteverpleegster eerstehandse kennis in die natuurlike en oorspronklike situasie. Uitstappies met die doel om direk te leer is legio in die verplegingsprofessie. Dit kan byvoorbeeld

1. Greyling. Godsdiensorwerwys - in die skool, p.330-56; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.525-624; Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.192-224; Van Wyk de Vries & Kruijswijk. Audio-visuele onderwys en tegniese hulp middels, p.11-65; Gopsill. The teaching of geography, p.165-227; Gotsman a.o. Use of medical video recorder during cardiac catheterization and cine-angiography. Suid-Afrikaanse mediese tydskrif, 44(4): 89-91, 24 Januarie 1970; Polony. Programmed instruction and automate education for hospital and other medical personnel. Hospital progres 45(2):83-7 en 120, February 1965; Seedor. Can nursing be taught with teaching machines? American journal of nursing, 63(5):117-120, May 19

wees ten opsigte van rehabilitasie-, fisioterapie- en arbeidsterapiesentrum, skole vir blindes en dowes, hospitale vir serebraal verlamdes, skoolbesoeke, distriksverpleging, 'n besoek aan 'n rioolplaas, 'n melkery ensovoorts. Die waarde van sodanige uitstappies is onder meer die volgende: dit verskaf eerstehandse kennis; die verplegingsposisie kan met die van die gemeenskap gekorreleer word; dit bied 'n beter insig in die etiologie van siektetoestande; behuising, sanitasie, ekonomiese en industriële toestande word beter begryp; dit prikkel en bevorder die waarnemingsvermoë van die studenteverpleegster; die studiemateriaal word uit die werklikheid getrek; dit dien as 'n effektiewe wyse om onderwerpe in die curriculum te korreleer, en dit bied die geleentheid om individuele en groepsprobleme in 'n natuurlike sosiale situasie te oorweeg en op te los.

Driedimensionele materiaal

Hierdie tipe materiaal word produktief in die verpleegstersopleiding gebruik. Dit kan, afhangende van die onderwerp waarop dit betrekking het, 'n voorwerp soos 'n termometer, 'n spalk, 'n pinset en 'n beeshart wees; dit kan 'n monster, onder ander 'n pypbeen, een of ander model van 'n menslike orgaan, 'n torso, 'n skelet, ensovoorts wees.

Grafiese hulpmiddele

Daar bestaan verskeie fundamentele vorme van grafiese aanbiedinge, onder ander kaarte, grafiese en diagramme wat by ontleding sekere inligting en data voorsien.

Die swartbord

Dit is 'n hulpmiddel waarop 'n magdom visuele materiaal aangebring kan word.

Die klanklose projektor

Hier kan gewys word na die strookfilm, skyfies en transparante (diapositiewe), die episkoop, die mikroprojektor, die stereograaf en die oorhoofse projektor. Die oorhoofse projektor is veral 'n baie waardevolle apparaat en word positief by die oordra van verpleegkundige kennis gebruik.

Geprogrammeerde onderrigmasjiene - die aspek is reeds behandel.

Die radio en bandopnemer

Die gebruik hiervan in die verpleegstersopleiding is nog baie beperk. Daar is egter 'n behoefte om die kritiese vermoë van die studenteverpleegster te ontwikkel, en dit kan met genoemde media gedoen word.

Die klankrolprentprojektor

Die rolprent word baie produktief in allerlei fasette van die verpleegstersopleiding gebruik omdat daar talle films vir byvoorbeeld die anatomiese struktuur, die fisiologiese funksie van die menslike liggaaam, siektetoestande en publieke gesondheid bestaan.

Televisie en die videoband

Laasgenoemde het betrekking op televisie en dan veral die beeldgedeelte. Dit word in die Verenigde State van Amerika in die opleiding van die verpleegster gebruik. Die videoband en bandopnames kan saam met televisie gebruik word om gedragspatrone van beide die dosent en studente-

verpleegster te evalueer. Deur die bandopname kan die volgende openbaar word: die mate van die studenteverpleegster se deelname, die kwaliteit van die studenteverpleegster se kommentaar en vrae, die rusteloosheid of entoesiasme van die studenteverpleegster en die stemtoon van die dosent. Die videoband weer, kan gesigsuitdrukkings van die studenteverpleegster en dosent, die kwaliteit van lesings, verduidelikings, vrae, opsommings en besprekings openbaar. Met hierdie waardevolle gegewens kan die dosent weer die metode van onderrig en -tegniek kontroleer. In die Republiek van Suid-Afrika word televisie tot op datum nog nie in die verpleegstersopleiding gebruik nie. In die Verenigde State van Amerika het die eerste gebruik van die geslotebaantelevisie in 1947 by die opleiding van mediese studente en in 1956 by verpleegstersopleiding begin.¹⁾ Dusver word televisie veral in die kliniese situasie vir demonstrasies van verplegingsprosedures gebruik en as 'n navorsingsmiddel by die verpleging van die pasiënt.²⁾ Daar moet egter onthou word dat televisie nooit die verpleegster en die menslike verhouding met die pasiënt kan vervang nie.

6.4 Die vraagstukke van gesag, dissipline, vryheid en verantwoordelikheid in die verpleegstersopleiding

In dissipline as 'n opvoedingsmiddel, ontmoet die dosent die verpleegster en die opleidingsdoelstelling mekaar.³⁾ Die opleidingsituasie is in wese 'n gesagsituasie en die verhouding dosent-verpleegster 'n gesagsverhouding, met ander woorde 'n verhouding tussen mense.⁴⁾ In die verband stel Lange-

1. Heidgerken. *Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods*, p.611-619.

2. Ibid.

3. Vgl. Waterink. *Theorie der opvoeding*, p.71.

4. Vgl. Gunter. *Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool*, p.136.

veld dit so: 'Gezag veronderstelt en rust in een verhouding van mensen, . . . Het is zedelijke verantwoordelikheid - en aansprake-likheid ten bate van anderen, i.e. van onvolwassenen.'¹⁾

Dissipline is 'n baie omvattende begrip. Dit is die hele werkzaamheid en al die middele wat gebruik word om die studenteverpleegster tot die verwerwing van kennis en ervaring, selfstandigheid, korrektheid van denke en oordeel, vaardigheid en idealisme te lei. Discipline het egter 'n enger en breër betekenis. In die verpleegstersopleiding is tug, wat in die breër sin op die innerlike gedragsmotief betrekking het, meer van toepassing.²⁾ Ware discipline kom uit die diepste van die wese self. Dit bestaan in die ontdekking van die mens se neiginge, drifte, begeertes en wil. Die doel van discipline by die verpleegstersopleiding en studentevorming is dan om die studenteverpleegster tot innerlike self-tug wat 'n onmisbare voorwaarde vir die sosiale opleiding is, te bring, want die verpleegster sonder selftug is nie sosiaal gevorm nie.³⁾

Dissipline in dié opleiding is die uitoefening van die dosent se gesag met die doel om die studenteverpleegster sodanig te leer, te beïnvloed, te vorm en te ontwikkel dat sy geestelike volwassenheid en innerlike selfdissipline kan bereik. Dit moet verder van so 'n aard wees dat dit bydra tot die uitbouing en bevordering van 'n gedisciplineerde met die vermoë tot selfstandige denke, en wat gekenmerk word deur die positiewe deugde van onder andere selfbeheersing, persoonlike verantwoordelikhedsbeseef en -aanvaarding, eerbied vir en gehoorsaamheid aan gesag,

1. Langeveld. Beknopte theoretische pedagogiek, p.50.

2. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofie; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.409-10.

3. Vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.34!

deeglikheid, die uitdaging van die lewe te aanvaar en te trotseer, onselfsugtige diens, volharding in weervil van moeilikhede en probleme, hulpvaardigheid en stiptelikheid.¹⁾

Die basiese vereistes waaraan doeltreffende dissipline en gesagsuitoefening in die opleidingsproses moet beantwoord, kan fundamenteel vir hierdie doel in ses kategorieë verdeel word:

Liefde is 'n sinvolle vereiste by dissipline en gesag

Die eerste sinvolle en doeltreffende vereiste vir dissipline is liefde, want ware liefde en ware gesag is nie in stryd met mekaar nie. Alle dissipline is reg en goed wat in, uit en deur liefde geskied - liefde wat in die hoogste gesag gesetel is. Deur onveralste ware liefde kan die dosent in 'n blywende positiewe gesindheid tot die studenteverpleegster staan, en aan haar hulpvaardigheid en diens betoon ter wille van haarself en haar welsyn.²⁾ Gesagsuitoefening waar liefde ontbreek of waar onegte liefde in die vorm van 'n bedenklike sentimentaliteit bestaan, sal noodwendig ontaard en die studenteverpleegster in opstand teen gesag bring. Sonder hierdie egte liefde en verantwoordelikheid sal die gesag van die dosent dus waardeloos wees en kan sy dan ook nie die studenteverpleegster oplei of verantwoordelikheid teenoor die studenteverpleegster aanvaar nie. Van Praag sê: 'het hoogste gezag is het gezag van de Liefde, zij overwint alle dingen' en die 'opvoeder die het met iets minder probeert, zal altijd bij geweld uitkomen.'³⁾ In teenstelling hiermee sal 'n dosent met liefde vir haar werk en wat

1. Vgl. Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p.129; Gunter. Opvoedingsfilosofie; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.410.

2. Buber. I and thou, p.15.

3. Van Praag. De zin der opvoeding, p.50-2.

die studenteverpleegster uit liefde aanmoedig, se gesag positiewe reak-sies uitlok.¹⁾

'n Positiewe verhouding en dissiplinering

Gepaard met liefde gaan wedersydse respek en vertroue, wat as 'n tweede noodsaklike voorwaarde vir doeltreffende dissipline beskou kan word.²⁾

'n Positiewe verhouding tussen dosent en studenteverpleegster kan as resultaat 'n gesagsaanvaarding en -gehoorsaamheid bewerkstellig, en daarsonder sou die verpleegstersopleiding nie hulp en leiding aan die studenteverpleegster kon verleen nie. Daarom sê Perquin dat amptelike gesag met 'n objektiewe karakter moet saamval met die subjektiewe gesag wat op vertroue berus. Vertroue is die psigologiese voorwaarde wat gesags-uitoefening normaal en effektief maak.³⁾ Dit is ook essensieel dat die dosent se metode van dissiplinering bo alles positief moet wees. Negatiewe dissipline kan moontlik in 'n vorm van outokrasie ontaard, wat ongegrond en nie positief vormend is nie. Maar soms is negatiewe dissipline noodsaklik, en wanneer gedwing en gestraf moet word, moet dit op die regte wyse en in die regte gesindheid gedoen word. Indien sodanige straf die studenteverpleegster se persoonlikheid sou aantast of kwets, haar verneder of verbitterd laat, doen sulke straf onherstelbare skade. Daarom moet straf in enige vorm altyd tot skuldbesef en berou lei, anders mis dit die doel, en dan moet die studenteverpleegster ook presies weet waarom die straf gaan. Daar moet verder nie dikwels gestraf word nie, maar andersyds moet die dosent of ander gesagdraers nie hul plig

1. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoekunde; met spesiale verwysing na die skool, p.148.

2. Ibid., p.148-9.

3. Perquin. Pedagogiek; beginning op het opvoedingsverschijnself, p.178-83

versuim wanneer gesraf moet word nie.¹⁾

Vryheid en gesag

Vryheid as 'n derde vereiste moet altyd in verhouding tot gesag gesien word.²⁾ Dit is noodsaaklik dat gesag met vryheid gepaard gaan, want sonder gesag ontaard vryheid. Die doel van die opleiding is onder ander om geestelike volwassenheid, selfstandigheid, verantwoordelikheid en vryheid te inspireer. Die dosent moet aan die studenteverpleegster die geleentheid bied om dinge self te doen, verantwoordelikheid te aanvaar en selfstandig op te tree, sodat die menslike wese deur vryheid tot die volle vorming en ontwikkeling kan kom. Die kuns van suksesvolle gesagsuitoefening en dissipline is in die kombinasie van gesag en die vryheid van die studenteverpleegster in die praktyk gesetel.³⁾

Gesag kan ingedeel word in uiterlike gesag wat beperkend op vryheid in werk, en innerlike gesag wat vir die studenteverpleegster aanneemlik is en wat sy aanvaar en gehoorsaam, waaraan sy haarself onderwerp en toewy. Uiterlike gesag moet oorgaan tot innerlike gesag - die proses waarin die studenteverpleegster gedissiplineerd raak. Dit is dan ook die stadium waar die studenteverpleegster verstandelik en sedelik so 'n selfstandigheid behoort te bereik dat sy die vermoë en wil het om materieel en geestelik vir haarself te sorg.⁴⁾

Vry of gedissiplineerd weer is daardie studenteverpleegster wat gehoorsaam is aan die Woord van God as die hoogste gesag, want die Woord maak vry en is die Waarheid.⁵⁾ Selfdissipline beteken persoonlike verant-

1. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.414-15; Norwood. The English tradition of education, p.77.
2. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.493.
3. Vgl. ibid., p.150.
4. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.146.
5. Vgl. Heim. God transcendent, foundation for a Christian metaphysic, p.208.

woordelikheid teenoor God, sy naaste en homself. Hierin lê dan ook, vanuit 'n Christelike standpunt gesien, die hoogste doel van alle eksterne tug in dié opleiding.¹⁾

Die ideaal is dan om die studenteverpleegster tot vrywillige aanvaarding van die hoogste Gesag te bring, en om haar te leer hoe om die regte gebruik te maak van haar aangebore vryheid, sodat sy geleidelik tot innerlike selfdissipline kan kom. Deur eksterne dissipline kan die studenteverpleegster dus tot innerlike selfdissipline gebring word, mits dit met die nodige liefde en verantwoordelikheid gepaard gaan.

Dissiplinêre instansies en tugbeampes wat verband hou met die verpleegstersopleiding

Alle gesag dra, in die vierde plek, 'n leidende, adviserende en dwingende karakter. Gesag kan wette voorstel en straf waar hierdie wette oortreding word. Gesag by die mens is altyd beperk, terwyl slegs God, soos reeds aangetoon is, oor onbeperkte absolute gesag beskik. Gesag word beperk deurdat een gesag oor 'n ander gestel kan word. So het die landsregering gesag oor die universiteitsraad, terwyl die senaat weer aan die universiteitsraad ondergeskik is. Die studenteverpleegster egter, is onderworpe aan die dissiplinêre gesag van die raad of die senaat, wat binne of buite die universiteit geld. Die rektor is die hoof-tugbeampte van die universiteit en kan namens die raad of die senaat optree. Daar bestaan ook 'n dissiplinêre komitee wat namens die raad of senaat kan optree.

1. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.410.

Die gesag van die raad wat betref 'n universiteitskoshuis berus by die huisvader. Die fakulteitsrade (met hul dekane) is weer ondergeskik aan die senaat, en die dekaan deleger van sy gesag aan die departementshoofde en personeel; laasgenoemde is hoofsaaklik die persone wat met die oordrag van kennis en die opleiding te doen het.¹⁾

Ongeveer dieselfde tipe hiérargie geld vir die verpleegkundige aspek, en meer in besonder in die hospitaal waar die studenteverpleegster haar beroepsopleiding ontvang. Die Verpleegstersraad wat ondergeskik is aan die landsregering is die dissiplinêre liggaam, wat gesag oor alle verpleegsters in die land uitoefen. Die liggaam dra egter van sy gesag aan hospitale oor, waar die superintendent en die matrone die hoof-tugbeampes is. Hulle deleger weer gesag aan die matrones van koshuise, kliniese en saalsusters; laasgenoemde twee groepe staan weer in die geval die naaste aan die studenteverpleegster betreffende haar opleiding en die oordrag van kennis in die praktiese situasie.²⁾

Leerkrakte in die verpleegstersopleiding as gesagdraers

Vyfdens behoort gesag in die verpleegstersberoep tot die wese van die groep, omdat dit nodig is dat daar gesagsorde sal wees, en so alleen is opleiding van die groep moontlik. Gesag word deur die leidster op verskillende persone oorgedra, maar hierdie gesagsdraers se autoriteit word weer bepaal deur die norme wat deur die algemene en onmiddellike gemeenskap gestel word.³⁾

1. Departement van onderwys, kuns en wetenskap. Wet op universiteitestatuut van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Buitengewone Staatskoerant, 1(81):1 kol. 14-15, 15 September 1961; P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. Die nuwe Pukkie; 'n handleiding vir nuwe studente van die P.U. vir C.H.O., p.8-9.
2. Kennis waaroer skrywer ten opsigte van dissiplinêre instansies en tugbeampes in hospitale beskik.
3. Waterink. *Theorie der opvoeding*, p.541.

Opleiding is slegs moontlik as die gesag van die dosent in die opleidingsituasie erken word. Daarmee word die dosent as leidster maar ook as gesagdraagster erken.¹⁾ Maar Langeveld het gelyk, en dit geld ook vir die verpleegstersopleiding wanneer hy konstateer dat gesagsuitoefening in die opleiding 'n persoonlike verwerking van norme veronderstel en dat niemand in die opleiding meer gesag het as wat sy self as norme verwesenlik het nie.²⁾ Dit beteken dat die dosent die amptelike en wettige gesag waarmee sy beklee is, waardig moet wees deur die gehalte mens wat sy verstandelik en sedelik is en die kwaliteit van haar lewe wat sy van dag tot dag voer.

Die suksesvolle dosent is die persoon wat kan opoffer, wat nie met hoogmoedige vriendelikheid gesag probeer handhaaf of vriendelikheid in familiariteit laat ontaard nie. Vir die verpleegster as leidster, maar ook in haar beroepsverpligtinge, is hierdie norm 'n verpligting wat sy elke dag moet uitleef. Sy moet by uitstek die kuns verstaan om haar in die verpleegingsituasie en probleme in te leef, saam met die studenteverpleegster te beweeg en tog 'n afstand tussen hulle te kan bewaar. Die dosent moet die studenteverpleegster deur gesagdissipline leer tot die aanvaarding en gehoorsaamheid daarvan deur dit deur middel van geduldigheittakt, wysheid, billikheid, regverdigheid en versigtigheid streng en best te handhaaf. Op dié wyse kan die studenteverpleegster weer tot respek vir wet en orde, verantwoordelikheidsin en -aanvaarding, pligsbesef, selbeheer en selfdissipline gedring word.³⁾

1. Vgl. De Wet. Die universitaire opvoedingsituasie, pamphlet.

2. Langeveld. Beknopte theoretische pedagogiek, p.47.

3. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.151; Guinée. The aims and methods of nursing education, p.77-8.

Metode van dissipline in die verpleegstersopleidingsituasie

In die sesde plek bestaan daar verskillende tugmetodes en verskillende grade van toepassing daarvan.

Tug met die oog

'n Blik van goedkeuring, waardering of blydschap kan die studenteverpleegster tot positiewe handelinge aanspoor, terwyl 'n blik van afkeuring, teleurstelling en toorn 'n bestraffing kan wees.

Tug met die woord

In dié geval kan die dosent gebruik maak van 'n verandering in stemhoogte, deur slegs die naam van die studenteverpleegster te noem, 'n vraag te vra met betrekking tot die werk onder behandeling, en ernstig te straf deur vermaning en berisping.

Negatiewe tug

Met betrekking tot die vorm van tug kan die studenteverpleegster afgesond word, geïgnoreer of onthou word van alle groeps- en klasaktiwiteite.

Tug met die daad

Dit kan geskied deur verbanning, uitsluiting vir 'n bepaalde tydperk, skorsing van klasbywoning, 'n waarskuwing, strafwerk (die uitwerk van 'n referaat of die skryf van 'n toets) en deur natuurlike straf - die belanglose studenteverpleegster wat nie aandag gee nie, sal onsuksessvol wees en moontlik van beroep moet verander wat later 'n swakker be-

trekking kan betekende.¹⁾

Die sukses van lug in dié opleiding val dus saam met die persoonlike voorbeeld, invloed en stimulering deur die dosent, kliniese suster, saalsusters en geneeshere; die atmosfeer in die opleidingsentrums wat betref die universiteit en hospitaal en in besonder in die klaslokaal en demonstrasieafdelings; die regering en organisasie deur die onder-skeie instansies en die manier waarop alle dinge verkry en gehandhaaf word. Verder veronderstel goeie dissipline altyd 'n gladde verloop van alle aktiwiteite, 'n kalm rustige atmosfeer, deeglike en pligsgetrouwe werk deur dosent en studenteverpleegster, wedersydse respek, vryheid in soverre die gesagsdraers en die studenteverpleegster vry kan wees onder die absolute gesag van God, streng dog verstandige en simpatieke beheer deur owerhede, die nastrewte van blywende geestelike waardes en positiewe ideale en genoegsame geleentheid vir selfstandige werk, selfregering en ontwikkeling tot innerlike selfdissipline.

6.5 Evaluering en meting

Evaluering sluit meting in en soms word meting en evaluering as sinonieme gebruik maar evaluering is eintlik 'n breër begrip. Heidgerken stel dit so: 'Evaluation in education is the process of judging the effectiveness of educational experiences through careful appraisal. It involves measurement but is different from it. Measurement is appraisal in terms of fixed standards, whereas evaluation implies the use of relative and flexible standards. Evaluation involves a

1. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n feno-mologies-prinsipiële studie, p.505-11; Departement van onderwys, kuns en wetenskap. Wet op universiteite - statuut van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Buitengewone Staatskoe-rant, (81):1 kol. 15, 15 September 1961.

continuous process of collecting, recording, assembling and interpreting information . . . It is a much broader concept than marking and giving of grades at the end of the course. It is a process by which those concerned with goals, processes and programs may collect data, make judgments and revise as necessary.¹⁾

Volgens die voorafgaande betrek evaluering al die verskillende faktore wat inherent is aan die ontwikkeling van die studenteverpleegster, onder andere gesindheid, gedragspatrone, vaardigheid, waardering, opgedane kennis, noukeurigheid, bekwaamheid en so meer.

Sommige van hierdie faktore kan presies getoets, gemeet en waardeer word, terwyl ander effektief waargeneem en subjektief beoordeel moet word. In die algemene betekenis van evaluering berus die waardebepaling op waarneming en subjektiewe beoordeling en het betrekking op die individu in sy totaliteit, maar in die woord se besondere betekenis word die waarde van slegs een besondere aktiwiteit bepaal.²⁾

Evaluering is 'n integrale deel van die verpleegstersopleiding wat tot diagnostering en remediëring van metodes asook tot selfevaluering lei. Selfevaluering ontleed die eie akademiese en professionele standaarde en sodoende stimuleer dit die studenteverpleegster tot beter werk en die bereiking van hoër standaarde in die patiëntversorgingsituasie, analyse van 'n verpleegingsproses, bestudering van die verpleegster-patiënt-verhouding, die toetsing van 'n hipotese of enige navorsingsprojek.³⁾

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.629.
2. Vgl. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.222-3; Coetsee. Evaluering, pamphlet.
3. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.632-3.

6.5.1 Doeltreffende norme vir evalueringsvorme

Die verskillende evalueringsvorme moet aan 'n aantal basiese norme voldoen waarvan die belangrikste in hoofstrekke die volgende is:

Geldigheid

Dit impliseer die graad waarmee 'n toets die dinge meet wat dit veronderstel is om te meet, met ander woorde 'n verstandstoets is geldig wanneer dit verstand doeltreffend meet. Dit wil sê, geldigheid in sy tegniese sin sluit beide geldigheid van bron en funksies in.¹⁾ Heidgerken noem drie vereistes van 'n geldige toets, naamlik toepaslikheid, die behoorlike verteenwoordiging van die essensiële elemente wat getoets moet word, onder andere kennis en vaardigheid en betroubaarheid.²⁾

Betroubaarheid

Betroubaarheid is die graad waarmee 'n toets iets meet en dit akkuraat doen. Geldige toetse mag as betroubaar bestempel word, alhoewel betroubare toetse nie altyd geldig is nie. Betroubaarheid van 'n toets word bepaal deur dieselfde toets twee of meer keer te gebruik ten opsigte van dieselfde groep studente en onder dieselfde omstandighede, of liefs by 'n parallelle groep. As die toets betroubaar is, moet elke student elke keer dieselfde prestasie behaal en min of meer dieselfde plek ten opsigte van die groep behou.³⁾

Objektiwiteit

Objektiwiteit van 'n toets word verkry wanneer die subjektiewe faktor van die persoon wat dit nasien, by die bepaling van die resultaat, uitgeskak

1. Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p. 384; Coetsee. Evaluering, pamphlet.
2. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.464.
3. Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p.386-8; Coetsee. Evaluering, pamphlet.

word. Objektiwiteit in meting help dus om die geldigheid en betroubaarheid van 'n toets te verhoog, maar in evaluering is dit dikwels moeilik om die invloed van die subjektiewe element heeltemal uit te skakel.¹⁾ Coetsee wys op navorsingsresultate wat aantoon dat puntetoekenning van eksaminator tot eksaminator verskil, en dat puntetoekenning deur dieselfde eksaminator vir dieselfde antwoord verskil op verskillende tye. Hy wys egter verder daarop dat eksamens nienteenstaande genoemde faktore nog 'n waardevolle meetinstrument bly.²⁾

Differensiasie of onderskeidingsvermoë

Differensiasie is ook noodsaaklik, want dit wys na die mate waarmee daar met 'n toets tussen verskeie grade van bekwaamheid onderskei kan word. Dit wil sê 'n klastoets behoort 'n normale distribusie van swak, beter en goeie studente te toon.³⁾

Komprehensitiwiteite

'n Toets moet komprehensief wees, met ander woorde dit moet vrae uit die hele veld van die sillabus wat dit veronderstel is om te toets, insluit. Indien 'n toets nie omvattend is nie, verloor dit tegelyk sy geldigheid en betroubaarheid.⁴⁾

Bruikbaarheid

Die bruikbaarheid van toetse is daarin gesetel dat toetse vir 'n verskeidenheid van doelstellinge gebruik kan word, bo en behalwe as 'n meetinstrument vir doeltreffende leer en oordrag van kennis. Hulle kan onder ander ook gebruik word vir hertoetsing, diagnosties om die student

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.648;
2. Coetsee. Evaluering, pamphlet.
3. Ibid.; Davis. Psychology of learning; a textbook in educational psychology, p.389.
4. Coetsee. Evaluering, pamphlet.

se vermoëns te bepaal en om spoed, krag en omvang te meet. Maar elke toets moet sy eiegearde doel hê, byvoorbeeld spoed- en kragtoetse.¹⁾

Uitvoerbaarheid

Hierdie norm het op die aanwendbaar- en uitvoerbaarheid betrekking. So sal dit byvoorbeeld nie prakties wees om aan 'n groot klas studenteverpleegsters individuele toetse te gee nie. Verder moet meetinstrumente gekies word wat die beste metings sal gee binne die praktiese tydperk tot die beskikking daarvoor.²⁾

Ekonomies

Die ekonomiese norm impliseer dat toetse met die minste tyd, energie en koste toegepas word.³⁾

6.5.2 Evalueringsvorme

In die verpleegstersopleiding word van die volgende evalueringsvorme gebruik gemaak:

Die opsteleksamenvorm of die ou eksamen

Die opsteleksamenvorm word nog algemeen in die opleiding gebruik. Alhoewel hierdie eksamenvorm relatief maklik voorberei en opgestel kan word, benodig dit veel meer tyd as die objektiewe eksamenvorm (nuwe eksamen) om gelees, gevalueer en gemeet te word. Toetsing van die studenteverpleegster se kennis kan diep en in detail ten opsigte van die gestelde vrae wees. Dit vereis van die studenteverpleegster om te dink,

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.649.

2. Ibid.

3. Coetsee. Evaluering, pamphlet.

om 'n probleem op te los, om haar kennis te organiseer, te ontleed en uiteindelik 'n sintese te gee van 'n nuwe geheel en 'n nuwe vorm, met ander woorde dit dwing haar om 'n eie skepping te lewer. So 'n vraag kan verder differensieer tussen die verskillende vermoëns van studenteverpleegsters, aspekte van bekwaamheid soos onder andere verbeelding en oorspronklikheid openbaar en inligting oor die persoonlikheid van die studenteverpleegster verskaf. Maar die beperkte aantal vrae beperk die toetsterrein en dus ook die betrouwbaarheid, en die puntetoe-kennung is subjektief, wisselvallig en onbetrouwbaar, soos vroeër aangetoon is. Die eksamen kan die studenteverpleegster laat terugroep, assosiasies vorm, dit interpreteer en analyseer, maar vir die dosent mag dit moeilik wees om spelfoute, die styl en organisasie van die werk-like kennis van die onderwerp te onderskei. Die doeltreffendheid van die eksamenvorm kan moontlik verbeter word deur die vrae noukeurig te stel en dit op 'n bepaalde onderwerp toe te spits.¹¹

Objektiewe eksamenvorm of nuwe eksamen

Hierdie eksamenvorm is nog betreklik nuut in die verpleegstersopleiding; maar dit begin wel 'n plek inneem. Die eksamenvorm bestaan uit 'n groot aantal vragies. In dié eksamenvorm skryf die studenteverpleegster min deurdat die korrekte antwoord slegs deur strepies, kruisies, syfers en tekens aangetoon word. Die vrae is in 'n objektiewe vorm, die vraestel is gewoonlik vermenigvuldig en 'n kopie word aan elke studenteverpleegster gegee. Die objektiewe eksamenvorm is meer betrouwbaar

1. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing ; principles and methods, p.649-50; Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.241; Coetsee. Evaluering, pamphlet.

omrede dit 'n veel groter kennisterrein kan toets, terwyl die subjek-tiewe oordeel uitgeskakel is en die dosent beskik oor 'n objektiewe sleutel vir die waardering van antwoorde.¹⁾

Die objektiewe probleemsituasietoets

Hierdie eksamenvorm gebruik die metode om situasies te beskryf; die beskrywing bevat genoeg detail om 'n betrokke probleem uit te wys. Die beskrywing van die situasie word opgevolg deur moontlike oplossings of gevolgtrekkings en series van aanneemlike redes wat die gegewe oplossing ondersteun. Die studenteverpleegster moet nou die beste oplossing vir die probleem selekteer en redes gee wat haar keuses vir die oplossing ondersteun. Die probleem is so saamgestel dat die oplossing en die ondersteunde redes maklik en vinnig aangestip kan word. Hierdie toetsvorm kan produktief vir die bepaling van prestasies in die verplegingsituasie aangewend word, omrede hier van die studenteverpleegster verwag word om 'n verplegingsprobleem op te los deur basiese beginsels aan te wend. Dit gee ook 'n aanduiding van die studenteverpleegster se aktiwiteite in die ware praktiese situasie.²⁾

Gestandaardiseerde toetse

Dit is skale en toetse wat aan die norme van toetsing voldoen. Daar is verskeie van hierdie toetse, maar die wat veral hier van waarde is, is verstandelike helderheidstoetse, prognosetoetse, die prestasie- en die Pauli-motiveringstoets. Die gebruik van genoemde toetse in die verpleegstersopleiding is nog betreklik nuut. Die Pauli-motiverings-

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.237; Coetsee. Evaluering, pamphlet; Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.652.
2. Vgl. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.654.

toets sal moontlik in die toekoms kan lig wêr op die deursettings- en aanpassingsvermoë van studente. Die verstandelike helderheidstoets word reeds by die keuring van studente gebruik. Die prognostiese toetsse is veronderstel om die studenteverpleegster se moontlikhede tot sukses op 'n bepaalde terrein te ontdek. Die prestasietoets word reeds dikwels gebruik om die prestasie van 'n studenteverpleegster in 'n onderwerp of deel van die curriculum te bepaal.¹⁾

Evaluering van praktiese kennis

Hier word hoofsaaklik van die waarnemingstegniek om die studenteverpleegster se bekwaamheid, vaardigheid en spoed te kontroleer gebruik gemaak, byvoorbeeld gedurende daaglikse praktiese situasies of deur middel van 'n spesifieke praktiese prosedure of deur werkstukke wat die studenteverpleegster moet uitwerk ten opsigte van onder andere gevalle-studies. Die teoreties-praktiese aspekte kan ook gekombineer word om een finale punt te kry.²⁾

6.5.3 Faktore wat tot die doeltreffendheid van die eksamen as meetinstrument bydra³⁾

Die datum

Sodra 'n toets beplan word, moet die datum, aard, duur en inhoud daarvan aangekondig word. Dit behoort lank voor die tyd aan die studenteverpleegster verstrek te word.

1. Vgl. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.655; Coetsee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.237.
2. Vgl. McGlothlin. The professional schools, p.91-2; Miller a.o. Teaching and learning in medical school, p.283.
3. Heidgerken. Teaching and learning in schools of nursing; principles and methods, p.666; Coetsee. Evaluering, pamphlet; Van Wyk. Beginsels van metode; pamphlet.

Ontwikkelingspeil

Die toetsing moet daarop gerig wees om te bepaal of die vaardigheid, bekwaamheid, kennis en gesindheid wat deur die toets beoog word, werklik in die antwoorde na vore tree.

Puntestelsel

Die volgende prinsipes vir 'n geldige, betroubare, presiese, volledige en praktiese puntestelsel kan as fundamenteel ook in die verpleegstersopleiding beskou word: (1) Die puntetoekenning moet op 'n definitiewe doel gerig wees, goed omskryf en bruikbaar wees; (2) die stelsel moet eenvoudig en prakties wees sodat dit maklik verstaanbaar is en maklik in die praktyk toegepas kan word; (3) die puntestelsel moet individuele verskille uitbeeld; (4) die punte en die basis waarop die puntetoekenning plaasvind, moet so noukeurig omskryf en gedefinieer wees dat die standaard vir elke punt duidelik verstaanbaar is; (5) die resultaat moet in punte uitgedruk word wat weer maklik tot 'n simbool omwerk kan word, en (6) die puntestelsel moet eenvormigheid besit en objektief toegepas word.

Vryheid

Die vryheid by die beantwoording van die vraag kan nie onbeperk wees nie. Hoe onbeperkter die opdrag, hoe swakker die vraag. Enige toets is beperkend en dit is onderwerp daaraan om vas te stel wat die studenteverpleegster in 'n gegewe tyd kan doen.

Opstel van vrae

'n Analise behoort van die sillabus gemaak te word, sodat die dosent daardie onderwerpe waарoor sy wil vrae stel, kan selekteer. Die aksen

behoort op die belangrike dele te val, vrae moet oordeelkundig uitgesoek word, die dosent moet nie van die standpunt uitgaan dat sy die studenteverpleegster wil vasvra nie, terwyl eie selfstandige werk 'n plek in die vraestel verdien.

Die bekende na die onbekende beginsel

Die eerste vraag behoort van so 'n aard te wees dat alle studenteverpleegsters dit met sukses kan beantwoord, en die moeiliker vrae moet hierna volg.

Differensiasie

Die toets behoort tussen studenteverpleegsters van dieselfde groep te differensieer, sodat die punte 'n normale verdeling toon.

Prestasietoets

Die toets moet so gebalanseer wees dat dit inhoudsvrae sowel as vrae wat denke en insig vereis, insluit.

Objektiewe eksamenvorm

Indien die leerinhoud dit enigsins toelaat, behoort ook van die objektiewe kortvraetoets gebruik gemaak te word.

Tydsfaktor

Die tydsfaktor moet deeglik in gedagte gehou word. Deur self vooraf die antwoorde uit te werk, kan die dosent die regte tydstoelating redelik bepaal. Indien die tydsfaktor reg is, behoort meeste studenteverpleegsters in die groep die vraestel in die bepaalde tyd te voltooi.

Nasien

Geen opstelvraag behoort sonder 'n memorandum of punteskema nagesien te word nie. Verder moet toetsie so spoedig moontlik nagesien word, foute aangedui en aan studenteverpleegsters teruggegee word.

Waardeskale

Die gebruik van waardeskale by die beoordeling van opstelantwoorde bly 'n waardevolle hulp. Die dosent deel die antwoorde in drie kategorieë in van beste, gemiddelde en swakste, en deur nou met die maatstaf van vergelyking te werk te gaan, bly die dosent konsekwent. Deur die antwoorde van 'n vraag met behulp van 'n memorandum te beoordeel, sonder afwisseling met ander vrae, word die objektiwiteit verder verhoog.

6.5.4 'n Evaluëringsprogram by die verpleegstersopleiding

Na aanleiding van die voorgaande is dit noodsaaklik dat elke dosent wat by die verpleegstersopleiding betrokke is, oor so 'n volledig moontlike geïntegreerde evaluëringsprogram moet beskik om die volgende te bepaal of te bereik: (1) om die hoeveelheid kennis wat bemeester is en die verstaanbaarheid daarvan deur die studenteverpleegster te bepaal; (2) om die kennis en verstaanbaarheid van die leerstof op kliniese terrein en op verskeie stadia van onderrig vas te stel; (3) om spesifieke probleme by die individuele studenteverpleegster of die groep te isoleer; (4) om die akademiese en professionele sterk of swak punte by studenteverpleegsters te diagnosteer en indien nodig aan te vul; (5) om studenteverpleegsters aan te moedig deur hulle prestasies te meet en aan hulle bekend te

stel; (6) om die studenteverpleegster te help om 'n houding van en die vaardigheid in selfevaluering aan te kweek; (7) om studenteverpleegsters aan te moedig tot selfstudie; (8) om met eksaminering kritiese denke, die aanwending van beginsels en selfstandige beoordeling te bevorder; (9) om die doeltreffendheid van onderrigs-, leertegnieke, onderwerpsinhoud en onderrigsmedia te evalueer en sodoende aan dié doelstellinge te voldoen, en (10) om besonderhede vir administratiewe doeleinades te versamel, onder andere om by die seleksie van studenteverpleegsters die skryf van aanbevelingsbriewe en om te bepaal of 'n studenteverpleegster aan gestelde graadvereistes voldoen.

6.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die aksent op metodes en tegnieke, dissipline en evaluering geplaas. Eerstens is die aandag op die beginsels van metodes en tegnieke gevestig. Daar is op die volgende gevrys: die belangrike plek wat didaktiese beginsels in dié onderwysmetodiek van verpleegsters inneem, hoe hulle by die opleiding inbegrepe is en hoe hulle in variasies van een of meer in die metodes en tegnieke toegepas word. Verder is die verskillende metodes, tegnieke en hulpmiddele beskryf en daar is aangetoon hoe 'n kombinasie van die drie die struktuur van 'n lesing vorm.

Dissipline wat die steunpilaar vorm en wat onmisbaar in dié opleiding is, geniet in die tweede plek aandag onder die verskillende basiese vereistes waaraan doeltreffende dissipline moet beantwoord.

HOOFSTUK

ASPEKTE VAN ORGANISATORIESE EN ADMINISTRATIEWE AARD VIR DIE VERPLEEG-STERSOPLEIDING

7.1 Inleiding

In hoofstuk 6 is aan 'n oorsigtelike beskouing van beginsels, wat inbegrepe is by die opleidingsmetodiek van studenteverpleegsters, aandag gegee. Besondere metodes, tegnieke en hulpmiddele wat in die studenteverpleegstersopleiding gebruik word, is bepaal. Die vraagstukke van gesag, dissipline, vryheid en verantwoordelikheid, is daarin bespreek. Ten laaste is die aard en omvang van evaluering en meting bepaal.

In hierdie hoofstuk word getrag om enkele aspekte van organisatoriese en administratiewe aard vir die verpleegstersopleiding uiteen te sit, naamlik die hiërargiese personeelsamestelling, die dosent, die keuring van studenteverpleegsters en ten slotte word professionele norme ten opsigte van die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding gestel.

7.2 Die hiërargiese personeelsamestelling

Omdat Verpleegkunde direk met volksgesondheid skakel, omdat die gesondheid van die individu, die gesin en die gemeenskap die grondslag van 'n

vooruitstrewende nasie vorm en omdat gesondheid 'n nasie positief of negatief kan beïnvloed, is Verpleegkunde van gemeenskaplike, nasionale en selfs internasionale belang.

Volksgesondheid sluit in sy geheel voorkomende, genesende, bevorderende en rehabiliterende dienste in, waaronder die beroepsopleiding ressorteer. Vanaf 1919 is daar, benewens liefdadigheids- en privaat organisasies, drie openbare owerhede wat met die verskaffing van gesondhedsdienste te doen het, naamlik plaaslike besture, die Provinciale Administrasie en die Sentrale Departement van Gesondheid. Die verpleegstersopleiding ressorteer hoofsaaklik onder die beheer van laasgenoemde twee.¹⁾

Die staat staan nie heeltemal los van die verpleegstersopleiding nie maar het direk of indirek daarmee te doen. Die Sentrale Departement van Gesondheid val direk onder die jurisdiksie van die Staat, waaronder weer gesondhedsdienste met betrekking tot psigiatriese, tering-, melaatse- en aansteeklikesiektehospitale asook die opleiding vir psigiatriese verpleging ressorteer. Verder beskik die departement oor die bevoegdheid om die Provinciale Administrasie met advies by te staan, en deur middel van subsidie-dienste is dit die enigste bande tussen die Staat en die Provinciale Administrasie.²⁾

Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad ('n statutêre liggaam) wat opleidingskole goedkeur, opleidingskwalifikasies en voorwaardes neerlê en wat registrasies uitvaardig en beheer, is alleen deur wetsaspekte en die feit dat die Minister van Gesondheid sekere raadslede aanstel, in relasie met

1. Kennis wat bekom is deur 'n lesing oor volksgesondheid en verplegingsdienste deur mej. A.S. Latsky, hoofverplegingsbeampte van die Provinsie van Transvaal.

2. Ibid.

die Staat.¹⁾ Die universiteit wat ook met die verpleegstersopleiding gemoeid is, staan as outonome liggaaam slegs deur subsidies met die Staat in verbinding.²⁾

Die provinsiale hospitale staan onder beheer van die provinsiale administrateur. Die administrateur in uitvoerende rade beheer die hospitale en formuleer die hospitaalbeleid. Direk onder laasgenoemde ressorteer die Departement van Hospitaaldienste wat onder leiding van die direkteur van hospitaaldienste verantwoordelik vir die administrasie van provinsiale hospitale is.³⁾

Die universiteit⁴⁾ met sy akademiese onderrig skakel vir die praktiese opleiding en kliniese demonstrasies by die provinsiale hospitale in ten opsigte van die Algemene- en Verloskundige Verpleging en by die hospitale van die Sentrale Departement van Gesondheid⁵⁾ vir Psigiatrisee Verpleging.

'n Sekere mate van verpligtinge van die direkteur van hospitaaldienste mond in die afdeling mediese dienste (adjunk-direkteur) en verplegingsdienste (hoofverplegingsbeampte) uit. Hierdie twee liggame het met hospitale (algemeen) en met opleidingsentrumms soos kolleges van verpleging en universiteite te doen. Die Departement van Hospitaaldienste hou onder andere toesig oor die oprigting en instandhouding van hospitale en is verantwoordelik vir die opleiding van die verplegingspersoneel. Hoe-wel die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad die standaard van die opleiding bepaal, benoem die Directeur 'n persoon soos in die regulasies vereis

1. Rykheer. Handleiding vir algemene verpleegsters, p.13-14.

2. Die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging, Pretoria. Hiërargie in die uiteensetting in verband met administrasie en organisasie, pamphlet.

3. Ibid.

4. Ibid.

5. Ibid.

word, met die nodige kwalifikasies, om in bevel van die opleiding te wees byvoorbeeld 'n matrone.¹⁾

Aan die hoof van die hospitaal staan die geneeskundige superintendent wat enersyds met die matrone²⁾ wat met die beheer van die hospitaaladministrasie en opleiding asook met die versorging van die pasiënt belas is, en andersyds met die adjunk-superintendent (administrasie) in verbinding is. Die superintendent en die matrone wat albei seggenskap het en vir die verpleegstersopleiding verantwoordelik is, veral vir die praktika, staan weer in noue voeling met die Departement van Verpleegkunde aan 'n universiteit en die kolleges en andersom die universiteit en kolleges met 'n geaffilieerde hospitaal.

Die plek waar die hospitaalpersoneel in die hiërargie inpas, is terselfdertyd die aanvangstadium van die praktiese opleiding en kliniese demonstrasie. Die hospitaal is die sfeer waar die studenteverpleegster haar in die praktiese situasie bevind. Terselfdertyd word die teoretiese opleiding deur die personeel van die Departement Verpleegkunde aan 'n universiteit en die kolleges behartig. Daar moet egter 'n noue wisselwerking tussen die universiteit, kolleges van verpleging en die hospitaal bestaan. Die hospitaal moet in wese die 'laboratorium' van die studenteverpleegster wees, waar onmiddellike toepassing van die teorie in die praktyk plaasvind en waar navorsing gedoen kan word. Die bymekaarbring van die teorie en praktika moet deur die dosent aan die universiteit en kolleges in samewerking met die kliniese susters en saalsusters

1. Schoeman. Handleiding by die studie van menslike verhoudings vir verpleegsters, p.25.
2. Die Suid-Afrikaanse verpleegstersvereniging, Pretoria. Die 'beknopte reeks (nr.2), p.1-5.

geskied. 'Through co-operative planning with the hospital service staff, instructors should plan, provide, and supervise meaningful learning experiences properly related to the students' needs and to theoretical instruction.'¹⁾

Die hele hospitaalpersoneel het in 'n mindere of meerdere mate 'n verpligting teenoor die verpleegstersopleiding. Die kliniese demonstrasies en onderrig, praktiese opleiding en akademiese onderrig eindig nie by die kliniese instruktrise en ander doserende personeel nie, maar dit is die verantwoordelikheid van die matrones, saalsusters, geneeshere, paramediese personeel, dieetkundiges, die superintendent, die sekretaris van die hospitaal en selfs die senior verpleegster. Almal moet bydra tot die ontwikkeling en beroepsvaardigheid van die studenteverpleegster sodat sy, gevorm in haar totaliteit, haar plek as goed geskoold op 'n waardige wyse in die professie kan inneem.

Die geïntegreerde kursus verg ook opleiding in psigiatriese verpleging wat deur die staatsbeheerde hospitale geskied. Die opleidingsorganisasie is soortgelyk as die van die provinsiale hospitale in die sin dat die akademiese kennis aan die universiteit en die professionele opleiding aan die hospitale geskied, met weer eens 'n noue wisselwerking tussen die twee instansies.²⁾

7.3 Die dosent wat met die direkte verpleegstersopleiding gemoeid is
Dit is noodsaaklik maar ook logies dat alle opleiding alleenlik suksesvol kan verloop onder die beheer van goed geskoold dosent, maar ook

1. World Health Organization. Expert committee on nursing. Fifth report, Geneva, 1966. Basic education for the nurse. World health organization technical report series, 347:18.
2. Die Suid-Afrikaanse verpleegstersvereniging, Pretoria. Hierargie in die uiteensetting in verband met administrasie en organisasie, pamphlet.

goed geskool in 'n bepaalde faset van die opleidingsprogram. Dit is essensieel dat 'n persoon in beheer en 'n persoon wat as leerkrag van die opleiding aan universiteite, kolleges en hospitale optree oor die hoogste akademiese kwalifikasies sal beskik maar ook professioneel bekwaam sal wees deur onder andere 'n onderwysdiploma te verwerf. Persone in 'n professionele situasie moet insgelyks sorg dra dat hulle deur kwalifikasies meester op eie gebied is. So byvoorbeeld moet die kliniese suster kennis dra van die professionele faset, sy moet vaardigheid ontwikkel en ook weet hoe om hierdie kennis suksesvol oor te dra, terwyl die matrone weer op administratiewe gebied goed onderlê moet wees. '... both classroom and clinical instruction should be under control of qualified nurse-teachers, thus avoiding the distortion, dilution, or diffusion of student learning that can arise from institutional service demands.'¹⁾

Die opleiding van die dosent beoog die verwerwing van kennis, kundigheid en vaardigheid. Dit bestaan uit akademiese vorming sodat die dosent wetenskaplik onderlê kan wees en professioneel sodat sy kennis suksesvol kan oordra, die metodiek van die vak ken, die kliniese onderrig en praktika kan beheer en om met die ekstracurriculêre aktiwiteite behulpzaam te wees. Verder beoog dit die verwerwing van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing en die vorming en ontwikkeling van 'n eie persoonlikheid.

Die dosent staan in die brandpunt van die verpleegstersopleiding, sy gee

1. World Health Organization. Expert committee on nursing. Fifth report Geneva, 1966. Basic education for the nurse. World health organization technical series, 347:p.17-18.
2. Vgl. Bekker. Aspekte van die organisasie en administrasie van die Transvaalse openbare onderwys, p.172; vgl. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p.77-80.

vorm, gestalte, lewe, rigting en inspirasie aan en beïnvloed die op-leidingsproses.¹⁾ Die dosent beskik oor die gawe en/of sy moet dit aanleer en verbeter om kennis met die nodige verbeelding te vervleug. Whitehead sê dat universiteite skole is van opvoeding en navorsing, sodanig dat die primêre bestaansreg van die universiteit nie net in die oordrag van kennis of die moontlikheid van navorsing gesetel is nie maar in die bewaring van die band tussen kennis en lewensvreugde deur die resente en die oue te verenig in die verbeelding.²⁾ 'The university imparts information, but it imparts it imaginatively. At least, this is the function which it should perform for society . . .

'Imagination is not to be divorced from the facts: it is a way of illuminating the facts. It works by eliciting the general principles which apply to the facts, as they exist, and then by an intellectual survey of alternative possibilities which are consistent with those principles. It enables men to construct an intellectual vision of a new world, and it preserves the zest of life by the suggestion of satisfying purpose . . .

'Imagination is a contagious disease. It cannot be measured by the yard, or weighed by the pound, and then delivered to the students by members of the faculty. It can only be communicated by a faculty whose members themselves wear their learning with imagination.'³⁾

Die hoogste waarde van die dosent is geleë in die mate waarin sy deur haar persoonlikheid die studenteverpleegster kan lei en inspireer. Die

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.412.
2. Whitehead. The aims of education and other essays, p.93.
3. Ibid., p.93-97.

persoonlikheid van die dosent word ten opsigte van die fisiese openbaar in onder andere netheid, sindelikheid, gesondheid; ten opsigte van die geesteswaardes in onder andere pliggetrouwheid, doeltreffendheid, helderheid, temperament; ten opsigte van die sosiale in onder andere vriendelikheid, hoflikheid, oorredingsvermoë en ten opsigte van die sedelike in ideale en in standvastige lewens- en wêreldbeskouing.¹¹ Die dosent moet verder in staat wees om goeie menslike verhoudinge te kan bewerkstellig: daar moet positiewe samewerking tussen dosent en die hele verplegingsituasie bestaan en in besonder met die personeel van 'n bepaalde hospitaal, kollege, universiteit en ook ten opsigte van ander leerkrags.

Die Verpleegkunde verg van die professie wetenskaplike, wetenskaplike navorsing en dat die professie aan die hoë eise wat aan hom gestel word, moet kan voldoen. Hierdie hoë eise word deur die algemene wetenskap, die mediese wetenskap, die studenteverpleegster, die personeel en deur alle fasette van die gemeenskap gestel. Dit is dus dringend noodsaaklik dat die administrasie en organisasie aan hierdie belangrike norm sal doen deur toe te sien dat alle doserende personeel oor die nodige akademiese en professionele bekwaamheid beskik.

7.4 Enkele aspekte van die keuring van studente in 'n poging om die moontlike beroepsspotensiaal te bepaal

Elke aanvangsgroep studente word gekeur om sover moontlik die beroeps-potensiaal te probeer bepaal en daarvolgens die studenteverpleegster te

1. Coertse. Verpleging. Slingervel, 7(96):p.6 en ibid., p.18, Augustus 1966.

aanvaar of af te wys. By die beroepstoelating word hoofsaaklik die uitslag van die matrikulasievrystellingseksamen, akademiese bevoegdheid, aangelegtoetse, gesondheid (fisiës-psigies), ekstracurriculêre aktiviteite, karaktereienskappe, humaniteit en sosiale aanpassing in aanmerking geneem. Verder word daar ook persoonlike onderhoude met die aspiranteverpleegster gevoer.

In die Republiek van Suid-Afrika beteken matrikulasievrystelling 12 jaar skoolopleiding.¹⁾ In Kanada kan 'n student wat die junior matrikulasievlak bereik het, toelating tot die universiteit kry (dit beteken 10 jaar skoolopleiding in Quebec en 12 jaar in Ontario en ander provinsies). In sulke gevalle strek die universiteitsopleiding vir 'n baccalaureusgraad oor 5 jaar, maar as 'n student op die senior matrikulasievlak van 13 jaar skoolopleiding is, kan dieselfde universiteitsopleiding in 4 jaar voltooi word. In die Verenigde State van Amerika en Engeland wissel die tydperk van 12 tot 13 jaar.²⁾

Daar word ook bepaalde vakke vir 'n universiteitstoelating vereis. So byvoorbeeld kan 'n curriculum vir matriek of die eindskooljaar opgestel word, wat uit twee tot drie taalkursusse, Wiskunde, Skei- en Natuurkunde, Biologie en Geografie bestaan. Sommige lande vereis dat twee taalkursusse

1. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. Jaarboek, 1970. Toelating van studente, p.45; Sonnekus. Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasietoeote as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteitstudente. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria. 1957, p.22-3.
2. McGill University, Montreal. Additional information concerning admission in 1970, pamphlet; Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-69. School of nursing; admission p.8.

en Wiskunde of 'n derde taalkursus ingesluit word,¹⁾ terwyl ander universiteite selfs nog strenger vereistes soos Wiskunde vir alle eerstejaarstudente in die natuurwetenskappe,²⁾ onder andere ook vir B.Sc.(Verpleegkunde) stel. Verder, aangesien Verpleegkunde as 'n medies-sosiale wetenskap met 'n sterk natuurwetenskaplike inslag beskryf word,³⁾ is dit noodsaklik dat die wetenskap waar vase soos Anatomie, Fisiologie, Biochemie, Biofisika, Mikrobiologie, Farmakologie, Mediese en Chirurgiese Verpleging ensovoorts ingesluit word, op 'n redelike sterk natuurwetenskaplike grondslag sal voortbou. Dit moet aanvaar word dat 'n kandidaat met 'n matrikulasievakkombinasie van Wiskunde, Skei- en Natuurkunde, Biologie, Duits en die twee landstale, Afrikaans en Engels, die kursus makliker sal vind en dat verpleegstersverlies tot 'n mate deur die regte vakkeuse uitgeskakel kan word.

Studenteverpleegsters met die 'verkeerde' vakkeuse dra beslis tot die staking van die kursus by, maar dit is nie die enigste oorsaak nie, want ook die curriculum moet aandag geniet, totdat daar 'n positiewe reaksie en resultaat is. Verder het dit nou 'n vereiste van die professie geword dat daar deur middel van voorligting aan die hoër en middelbare skole die regte vakkeuse aan voornemende studenteverpleegsters verduidelik word. Daar moet ook nie net op die vakkeuse gelet word nie maar ook op

1. Sonnekus. Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasie-toetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteit-studente. Ongepubliseerde D.Phil -proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria. 1957, p.22; Georgetown University, Washington. Bulletin, 1968-69. Admission, p.8; The Catholic University of America, Washington. Undergraduate studies, 1969-70. Requirements for admission, 55(2):14, 28th February 1969; McGill University, Montreal. Additional information concerning admission in 1970, Pamphlet; New York State League for nursing, Washington. Schools of nursing in New York State. Directory, 1965, p.3.
2. Sonnekus. Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasie-toetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteit-studente. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria. 1957, p.22.
3. Kyk hoofstuk 3 van hierdie proefskrif, veral punt 3.4.

die simbole wat in skoolvakke behaal is. Studente met 'n matrikulasiervrystelling en vaksimbole wat op of naby die minimumgrenslyn lê, moet liever geadviseer word om die geïntegreerde Universiteitsdiploma in Verpleegkunde te volg, in plaas van die graadkursus met sy veel hoër akademiese vereistes.

Aanlegtoetse het 'n verdere professionele vereiste geword. Die aanlegtoetse wat jaarliks aan die P.U. vir C.H.O. en ook ander betrokke universiteite ten opsigte van aspirant-verpleegsters gedoen word, sluit die verstandelike-helderheids-, rekene-, lees-en-begrijs-, belangstellings-, en die Pauli-motiveringstoets in.¹⁾

'n Waardebepaling van die verstandelike-helderheids-, die rekene-, en die lees-en-begriptoets in 1969 het 'n korrelasiekoeffisient van 0,69 aangegeven, wat daarop dui dat die student oor die akademiese potensiaal om 'n universiteitsloopbaan te volg beskik. Met die Pauli-motiveringstoets is reeds positiewe resultate behaal, maar die werklike waarde van die toets sal moontlik oor veel meer jare bepaalbaar kan wees.²⁾

In die Verenigde State van Amerika word die Hartungstoets onder andere ook gebruik om toelatingsvereistes aan 'n universiteit te probeer bepaal, 'n toets wat die volgende omvat: (a) skolastiese begaafdheids-, kritiese lees-, skryfvaardigheds-, en Wiskundetoetse en met die klem op belangstelling, studiegewoontes en studiemetodes.³⁾

Vervolgens word daar van elke voornemende student verslae en gegewens ingewin, in verband met alle ekstracurriculêre aktiviteite soos onder

1. Nasionale instituut vir personeelnavoring, Johannesburg. Intermediêre battery, vorm A. Bekker. Aspekte van die organisasie en administrasie van die Transvaalse openbare onderwys, p.167-70.
2. Toetse deur Gouws, professor aan die P.U. vir C.H.O van die Departement van Psigologie uitgevoer.
3. Hartung. Educational news and editorial comment: On college - entrance requirements. The school review, 57:521-525.

andere sport, kuns, lees en vrytydsbesteding; vertroulike verslae van die student se persoonlikheids- en karaktereienskappe en sosiale deugde word verkry en die gesondheidstoestand deur 'n mediese sertifikaat en mediese ondersoeke word bepaal. Ten laaste word 'n persoonlike onderhoud met elke student gevoer. Dit is beslis seker nog nie 'n betroubare keuringsysteem nie, maar dit is 'n professionele vereiste en dien momenteel die doel om die beste student vir die beroep te bekom.

7.5 Professionele norme ten opsigte van die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding

7.5.1 Die norm van positiewe gesindheid en noue samewerking met die mediese beroep ten opsigte van die professie.¹⁾

7.5.2 Die norm van organisasie van die verpleegstersopleiding

Die organisasie van die verpleegstersopleiding moet doelbewus beplan woorom sodoende die struktuur van die opleidingsproses tot sy reg te laat kodi wil sê sodat die doel daarvan verwesenlik kan word, wat weer die keuse en waardering van die inhoud en van die opleidingsmiddelle en die bepaling van die metodes moontlik maak. Dit geld veral vir die algemene grondbeginsels van totaliteit, individualiteit, sosialiteit, ontwikkeling, aktiwiteit, vryheid, autoriteit en ander wat die ordelike verloop van die opleidingsproses bepaal, die essensiële kenmerk en behoeftes van die menslike lewenstruktuur weergee en wat hul plek in die opleidingsorganisasie inneem.²⁾

1. Kyk hoofstuk 4 van hierdie proefskrif, punt 4.6.2.4.

2. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.291-2.

7.5.3 Die norm van noodwendigheid van opleiding

'n Deurslaggewende norm vir die bepaling en beplanning van die opleidingsorganisasie is dat alle maatreëls wat aangewend word tot ordening van die opleidingsproses, deurgaans aan dié norm getoets moet word om vas te stel of dit die aard van die opleidingsproses in ag neem en dat dit tot die verwesenliking van die doel bydra.¹⁾

7.5.4 Die norm van reg van die individu tot opleiding

Die student wat verpleging haar beroepskeuse maak, besit 'n sedelike reg tot opleiding. Dit is 'n demokratiese ideaal wat aan elke student die reg toesê om die volle potensialiteit van haar aanlegmoontlikheid te ontwikkel en wat van die professie eis dat dit in die praktyk gehandhaaf word en dat alle fasilitete vir alle stadiums van haar opleiding en ontwikkeling aan haar beskikbaar gestel moet word.²⁾ Die norm impliseer verder dat die geleentheid tot die verpleegstersopleiding nie beperk word tot die behoeftes van 'n bevoorregte of geselekteerde ekonomiese, sosiale, politieke of intellektuele groep nie, maar dat dit tot die beskikking en benutting van alle voornemende verpleegsters wat vir die opleiding aansoek doen, gestel word. Die opleidingsentrum moet dus so georganiseer wees dat dit positief bydra tot die ontdekking en ontwikkeling van al die belangstellingsmoontlikhede van elke studenteverpleegster, sodat sy op haar beurt weer in staat gestel word om haar besondere bydrae tot die medemens en die algemene gemeenskap te lewer. Dewey skryf in verband met bogenoemde met betrekking tot die skool, maar

1. Kyk hoofstuk 4 van hierdie proefskrif, punt 4.6.2.5.

2. Vgl. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.294.

wat net sowel op die verpleegstersopleiding van toepassing kan wees:
*'It is not enough to see to it that education is not actively used as an instrument to make easier the exploitation of one class by another. School facilities must be secured of such amplitude and efficiency as will in fact and not simply in name, discount the effects of economic inequalities, and secure to all the wards of the nation equality of equipment for their future careers.'*¹¹ In die praktyk word aan hierdie organisatoriese norm op die volgende wyse voldoen deurdat die studenteverpleegster tydens haar opleiding finansieel ondersteun word, studenteverpleegsters van alle nasionaliteit en opleiding kan geniet en 'n studenteverpleegster volgens intellektuele vermoë deur differensiasie of 'n graad- of 'n diplomakursus kan volg of haar as hulpverpleegster kan bekwaam.

7.5.5 Die norm van selfstandigheid en beroepsverantwoordelikheid

Die reg op opleiding plaas weer 'n plig op die individu om gebruik te maak van die geleentheid. Die opleidingsproses en die organisasie daarvan moet die studenteverpleegster as redelik-sedelike wese 'n stadium van ontwikkeling laat bereik waar sy selfstandig in haar eie behoeftes kan voorsien en terselfdertyd haar beroepsverantwoordelikheid besef. Sy is dit nie net aan haarself verskuldig nie maar ook aan die gemeenskap waarvan sy lid is en waaraan sy haar ontstaan, bestaan en ontwikkeling te danke het. Die studenteverpleegster kan hierin slaag alleen as sy die volste gebruik van die ontwikkelingsgeleenthede

1. Dewey. Democracy and education; an introduction of the philosophy of education, p.113-14.

wat aangebied word maak, maar die opleidingsorganisasie moet voorsiening maak vir die behoorlike nakom van die verpligting deur diegene wat vir die ontwikkelingsbelange van die studenteverpleegster verantwoordelik is.¹⁾

7.5.6 Die norm wat die gemeenskap aan die verpleegstersopleiding en die professie stel

Die vervleking van die individuele en nasionale lewe en ontwikkeling bring die reg op verpleegstersopleiding ten bate van die volksgemeenskap as norm van die administrasie en organisasie mee. Met ander woorde, daar moet in Verpleegkunde met die gesondheidsbehoeftes van die volksgemeenskap rekening gehou word wanneer die organisasie van die opleiding beplan word.

Die volksgemeenskap of organiese eenheid openbaar 'n verskeidenheid van uitingsvorme, elk met sy eie kenmerke en funksies.²⁾ Die mens as individu is ook 'n sosiale wese wat saam met ander mense in menslike verbandede verbind is. Elkeen van hierdie verbande is 'n eiesoortige eenheid, het 'n eie struktuur, funksie, taak, roeping en selfstandigheid. Met ander woorde, elke menslike verband is soewerein in eie kring onder andere die gesin, die gemeenskap, die kerk, die staat, die verpleegstersgroep, ekonomiese groeperinge en andere. Elke menslike verband moet die soewereiniteit, selfstandigheid, sy besondere verantwoordelikheid, struktuur, taak, roeping en vryheid van die ander erken en respekteer. Maar al is elke menslike verband soewerein in eie kring, staan hulle nie geïsoleer van mekaar nie; intendeel, die een vul die ander aan en hulle

1. Vgl. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.297.

2. Ibid., p.298.

staan neweskikkend langs mekaar¹⁾ - daar is ook samewerking en wisselwerking tussen groepe en lede van die verskillende groepe. So het die verpleegstersberoep onder ander die staat nodig, want die staat kan gesondheidswette proklameer, dienssubsides, sekere maatreëls beskikbaar stel, ensovoorts. Maar op sy beurt het die staat weer die besondere beroepsgroep nodig, omdat hy 'n behoefté aan opgeleide en geskoold verpleegsters en hospitale het om tot die bevordering en behoud van volksgesondheid by te dra. Op die wyse is die verpleegstersberoep, gesin, gemeenskap, bedryf, skool, kerk en staat almal vervleg tot ondersteuning van en hulpverlening aan mekaar - elkeen volgens eie aard en struktuur.²⁾

Dit beteken dat die staat, gemeenskap, skool, kerk, bedryf, gesin en ander groepe, elkeen 'n verpleegingsaspek het en op hierdie verplegingsterrein staan die verpleegstersberoep in die brandpunt van belangstelling.³⁾

Cramer en Brown stel dit so: 'The relationships between parents and children, parents and the church, families and the local community, political parties and the state, local and central authorities - all of these determine in large measure the form of organization for education that will gradually evolve.'⁴⁾ Dit wil sê, omdat elke groep onder meer ook 'n verpleegingsaspek het, vorm dit 'n gemeenskaplike behoefté met 'n gemeenskaplike doel - om te organiseer vir verpleging en gesondheid. Aan genoemde fundamentele groepe van die samelewing moet dus, in ooreenstemming met elkeen se besondere plek, doel en taak, erkenning in die

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie, p.80.
2. Ibid., p.81.
3. Ibid., p.82.
4. Cramer & Brown. Contemporary education; a comparative study of national systems, p.26.

organisasie van die verpleegstersopleiding verleen word.

7.5.7 Die norm wat die gesin aan die professie en die verpleegters-opleiding stel

Die gesin is die slagaar van die individuele en sosiale lewe en is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n volk. Daar bestaan 'n intieme konstante verhouding tussen die studenteverpleegster en die gesin.

'Wij nemen dat gezin als het ware mee naar ons werk: zijn instelling, zijn opvatting, zijn krachten en zijn swakheden; maar ook: zijn zorgen, zijn moeilikheden, zijn teleurstellingen.

'Een geestelijk en stoffelijk gezond gesin is een noodzakelijke basis voor het doen van de dagelijkse arbeid met liefde, toewijding en volledige aandacht.'¹⁾

Die gesin vorm die basis van die lewenstruktuur, die ontwikkeling daarvan en dit gee gestalte aan die karakter, en persoonlikheid van die mens; want 'the family is the cradle of personality.'²⁾ Die gesin vorm en ontwikkel die lewens- en wêreldbeskouing; dit ontwikkel die denke, gevoel en handelinge, die gewoontes en gedrag, kultuurpatrone en sosiale deugde.³⁾ 'Door de inoefening van deze sociale deugden worden de kinderen voorbereid om deel te nemen aan die grotere gemeenschap,'⁴⁾ en hierdie sosiale deugde is veral van besondere waarde in verpleging.

Die gesin is dus die primêre opvoedingsgemeenskap en bron van die sosiialiseringssproses van die individu; en daar dit ook die boustene lewer vir

1. Habermehl. Ons dagelyks werk; de christen in die industrie, p.79

-2. Cooley. Social organization, hoofstuk 3.

3. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.360-5.

4. Perquin. Pedagogiek; bezinning op het opvoedingsverschijnsel, p.147.

die voortgesette vorming en ontwikkeling van die studenteverpleegster word sy in die beroepsituasie ingeskakel, sodat die gesin noodwendig erkenning in die verpleegstersopleiding moet kry.¹⁾

In die praktyk kom dit neer op die erkenning en handhawing van die ouerlike gesag en verantwoordelikheid en samewerking in die vorming en ontwikkeling van die studenteverpleegster. Sonder die ouer se aandeel kan die ontwikkelingsproses nie werklik in sy volheid verwesenlik word nie.²⁾ Alle beplanning en maatreëls vir die organisasie en ordening van die opleidingsaktiwiteite moet dus doelbewus die ouerlike aandeel in die opleiding erken en handhaaf. Vir die verpleegstersopleiding is dit veral essensieel, omdat die studenteverpleegster as deel van die gesin in die verplegingsituasie weer in so 'n noue verband met die gesin staan.

7.5.8 Die norm wat die plaaslike gemeenskap aan die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding stel

Die verpleegstersberoep se wortels is diep in die volks- maar ook in die plaaslike gemeenskap geanker. Die volksgemeenskap is oor 'n betreklik groot geografiese gebied versprei en woonagtig, terwyl die plaaslike gemeenskappe as dorps-, boere-, stedelike gemeenskappe an andere bestaan, en hulle vul dus 'n bepaalde gebied binne die volkstuiste.³⁾ 'Een student kan lid zijn van de totaliteit van de gemeenschap van studenten. Landelijk bezien en bezien vanuit het aspect van zijn eigen universiteit. Hij kan bovendien weer lid zijn van een bepaalde gemeenschap, als een studentecorps . . . Bovendien is hij lid van de gemeenschap, waarin het

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie. p.90.
2. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.299.
3. Ibid., p.298.

gezin van zijn ouders een zekere plaats vervult. Hij is ook lid van de gemeenschap van zijn kerk. Zo kunnen wij zeggen, dat de mens op velerlei wijzen lid van een bepaalde gemeenschap kan zijn.¹⁾

'Every community reveals an external structural character. A country is not simply a number of towns and cities scattered over a delimited territory; it has its metropolis, its capital, its functionally specialized regions and cities, and the network of connections between them. The city is not simply an aggregate of households or families, but a system or pattern into which the units - families, occupations, specializations of all kinds - are fitted.'²⁾

Die spesifieke gemeenskap waarin die verpleegster geplaas is, is deel van haar bestaan. Sy behoort tot die gemeenskap, is deur die gemeenskap gevorm en moet die gemeenskap weer help vorm: 'Die is van mij en ik ben van die gemeenschap.'³⁾

Die studenteverpleegster is dus lid van 'n gesin, lidmaat van 'n kerk, burgeres van 'n staatsgemeenskap, ensovoorts. Sy word uit die talle sosiale groepe van die gemeenskap tot die beroep getrek. Die studenteverpleegster moet die gemeenskap as van wesenlike betekenis vir haar eie vorming as individu en sosiale wese sien, maar sy het ook wisselwerkende betekenis vir die gemeenskap deurdat sy sover moontlik aan die ideaal van die gemeenskap voldoen.⁴⁾ Die verpleegstersdienste omspan die individuele, die gesins-, die gemeenskaps- en die volkslewe, en dit is logies dat die gemeenskap besondere eise aan die verpleegstersprofessie

1. Waterink. *Theorie der opvoeding*, p.527.

2. MacIver & Page. *Society; an introductory analysis*, p.285-6.

3. Waterink. *Theorie der opvoeding*, p.530; Perquin. *Pedagogiek; bezinning op het opvoedingsverschijnsel*, p.254.

4. Waterink. *Theorie der opvoeding*, p.530.

sal stel. Die gemeenskap van die verpleegster se herkoms maak dus aanspraak op erkenning in die beplanning van maatreëls vir die organisasie van die verpleegstersopleiding, wat in ag geneem moet word.

7.5.9 Die kerk se norm aan die professie en aan die organisasie van die verpleegstersopleiding

Die kerk verteenwoordig die geloofs- en godsdiestige aspek van die volksgemeenskap en derhalwe die grondliggende lewenswaardes en beginsels waarop die nasionale lewens- en wêreldbeskouing rus en waarvolgens die algemene volks- en individuele gedrag bepaal word.¹⁾

Wat die verhouding tussen die kerk en die opleidingsentrum betref, is die kerk en laasgenoemde twee selfstandige institute, maar tog staan die twee instellinge ook nie los van mekaar nie, want albei het wesenlike belang by die opleidingsproses. Met ander woorde: die doelstelling van die kerk en die opleidingsentrum kan van mekaar onderskei maar nie geskei word nie.²⁾

Die rede hiervoor is dat Verpleegkunde nie die opleidingsproses, onder meer die gees van die studenteverpleegster en die lewe in waterdigte kompartemente kan indeel nie. Die mens kan nie bloed en liggaam van mekaar skei sonder om fatale skade te berokken nie; net so min kan aangeleenthede soos kennis, geloof, sedelikheid, karakter- en persoonlikheidsvorming sonder meer en sonder skade uitmekaar getrek word.³⁾

Hierdie norm het wel deeglik sy inslag in die vorming en ontwikkeling van die student; dit vorm 'n stukrag vir die verpleegster met 'n Chris-

1. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.300; vgl. hoofstuk 4 van hierdie proefskrif.
2. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.95-6.
3. Greyling. Godsdiensonderwys - in die skool, p.178; Pistorius. Kaart en kompas vir die opvoeding, hoofstuk 17; Waterink. Theorie der opvoeding, p.603-11.

telike lewens- en wêreldbeskouing; en langs die fisiese staan die psigiese probleme van die pasiënt wat lidmaat van 'n kerk is - geestelike probleme waarmee die verpleegster in haar daaglikse taak te kampe het en wat sy dikwels tot die beste van haar vermoe moet probeer oplos en onder meer pasiënte as geloofsgenote moet bemoedig.

Die kerk het dus ook direkte belang by die ontwikkeling en vorming van die studenteverpleegster, en sy mede-verantwoordelikheid, seggenskap en samewerking in die opleidingsproses as norm vir die organisasie moet dus noodwendig erken en aanvaar word indien die wesenlike aard en doel van die proses tot sy volle ontplooiing wil kom.¹⁾

7.5.10 Die norm wat die staat aan die professie en die verpleegstersopleiding stel

Volgens Keyter is die staat volgens demokratiese beskouing in wese slegs die georganiseerde nasionale gemeenskap.²⁾ 'n Meer aanneemlike stelling is moontlik dat die staat deur sy eenheid gekenmerk word as instrument vir die handhawing van gesag, mag en orde in die gemeenskap, terwyl die volksgemeenskap 'n volheid van onder andere taal-, kerk- en ekonomiese groeperinge is wat hul eenheid binne die staat vind.³⁾ Die doel van die staat is dus om die ontwikkeling van die menslike lewe moontlik te maak deur die noodsaaklike regstoestande daarvoor te skep, dit te verseker en te behou.⁴⁾

Waar die ontwikkeling van die studenteverpleegster van algemene betekenis en 'n behoefté aan gesondheid van primére belang is, het die staat ook 'n

1. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.300; Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.365-8.
2. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.300.
3. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomenologies-prinsipiële studie. p.83.
4. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.224-8; Kruijt. Inleiding tot de sociologie, p.199-202; Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.439; Leeson. Christian education, p.189.

bepaalde taak in hierdie verband. Daarom is Verpleegkunde, net soos ander vorme van Opvoedkunde, 'n instrument wat die staat gebruik om sy burgers te bekwaam om sy taak uit te voer.¹⁾ Die regering wat die bestuursgesag van die staat beklee se bepaalde taak kan kortliksoos volg gestel word: Die regering moet beleidsbepalinge neerlê vir die opleiding wat van nasionale belang is, toesien dat dit deur middel van maatreëls en wetgewing ordelik en doeltreffend georganiseer en bevorder word, sodat koördinasie en aktiwiteit bewerkstellig kan word. Dit beteken dat die staat organisatoriese reëlings van optrede moet voorsien sodat die opleiding behoorlik en doeltreffend kan funksioneer: onder andere deur die oordeelkundige aanwending van die nasionale finansies.²⁾

Dit is dus duidelik dat die samewerking in verantwoordelikheid en seggenskap van die staat onontbeerlik vir die doeltreffende funksionering van die verpleegstersopleiding geleë is en dat die handhawing daarvan vir die administrasie en organisasie essensieel is.

7.5.11 Die norm wat deur die ekonomiese groepe aan die organisasie van die verpleegstersopleiding en die professie gestel word

Die ekonomiese groepering verteenwoordig die materiële bestaans- of be-roepsaspek van die nasionale gemeenskapslewe en dus dan ook die van hierdie besondere samelewingsvorm. Die ekonomiese of materiële vorm van bestaan, kennis en vereistes van die materiële aspekte van dié lewensmilieu is net so onontbeerlik vir 'n doeltreffende opleiding as die geestelike.³⁾

1. Vgl. Kandel. *The new era in education; a comparative study*, p.21.
2. Keyter. *Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering*, p.303.
3. Ibid., p.300.

Die studenteverpleegster studeer, maar terselfdertyd lewer sy diens aan die gemeenskap, met ander woorde hier kan van basiese uitingsvorme, naamlik die werkgever en werknemer maar ook van besoldiging gepraat word. Hierdie norm neem dat ook 'n kernposisie in die verpleegingsberoep in. Om wetenskaplikeheid te behou en te bevorder, om die nodige verpleegsterspersoneel op alle vlakke te verseker en om op ekonomiese terrein gunstig teenoor ander beroepe te staan is dit essensieel dat 'n gesonde ekonomiese toestand wat van tyd tot tyd by die heersende lewensduurte aangepas moet word, gehandhaaf word. Swak besoldigde verpleegsters behoort tot die verlede, en 'n ekonomiese versekerde is 'n stabiele persoon wat vir die verpleegstersberoep oneindig veel meer beteken. Die instellinge wat die ekonomiese lewe verteenwoordig, word as openbare organisasies erken, en hulle tree op as mondstukke en kenners van die besondere behoeftes en vereistes van dié beroep. In die Republiek van Suid-Afrika word die materiële aspek deur die Provinciale Administrasie, die Staat en privaat ondernemings beheer,¹⁾ terwyl lande soos die Verenigde State van Amerika en Kanada sterk onder die invloed van vakbond²⁾ verkeer. In die Verenigde State van Amerika en Kanada is dit ook so dat die universiteitstudent haar eie koste moet dra. In die geval het die ouers op ekonomiese gebied 'n direkte belang by die opleiding. In Kanada beloop hiervoor opleidingsonkoste 2 255,00 tot 6 025,00 dollar oor 'n studietydperk van 4 tot 6 jaar.³⁾

1. Kennis wat skrywer self oor beskik.

2. Kennis wat skrywer tydens 'n studietoer in 1969 bekom het.

3. Mussallem. Nursing education in Canada, p.86.

Hierdie ekonomiese groeperinge het gevvolglik 'n direkte verantwoordelikheid en belang by die opleiding. Hulle verantwoordelikheid, seggenskap en samewerking is sodoende ook essensieel in die opleidingsproses en dit moet gehandhaaf en erken word in die administrasie en organisasie om 'n doeltreffende en ordelike verloop te verseker.¹⁾

7.5.12 Die norm wat die skool aan die professie en verpleegstersopleiding stel

Die skool verskaf kennis wat sy eie doelstellinge, middedele en metodes aanberef, dit vul die gesinsopvoeding aan, rond dit af en die toekomstige studenteverpleegster is deel van 'n skool.²⁾ In die skool word reklame gemaak ten opsigte van Verpleegkunde as wetenskap, verpleging as professie en verpleging as versorgingsfunksie. Die skool op sy beurt weer eis dat daar skoolklinieke sal wees, dat skolverpleegsters aangestel word en dat laasgenoemdes na die gesondheid van die leerlinge van 'n bepaalde skool sal omsien.³⁾

7.5.13 Die norm van die kultuurgroepe aan die organisasie van die verpleegstersopleiding en professie

Binne die nasionale gemeenskap word kultuurvariasies gevind wat deur kultuurgroepe gehandhaaf word. Hier kan byvoorbeeld aan plattelandse en stedelike gemeenskappe gedink word, aan groeperinge binne hierdie gemeenskappe wat weens geografiese lokaliteit of ekonomiese, sosiale, politieke en historiese oorsake tot gedifferensieerde kultuurgroepering ontwikkel het. Verder is van groot belang die nasionaliteits-

1. Vgl. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.301
2. Schoeman. Handleiding by die studie van menslike verhoudings vir verpleegsters, p. 233-57; Beyers. School health services in the Republic of S.A.. (In Searle. Manual for public health nurses, p.565-79.)
3. Guttentag. Children in Harlem's community controlled schools. The journal of social issues, 28(4):6, 1972; Kennis wat skrywer uit die onderwys- en verpleegstersprofessies bekom het.

en rassegroep binne dieselfde staatsverband, soos byvoorbeeld Engels-, Afrikaans-, Italiaans- en Duitssprekende groepe, ander Europeërs, Ban-toe, Asiate en Kleurlinge, met 'n soortgelyke beeld in ander lande.¹⁾

Deur Verpleegkunde en verpleging moet al die kultuurvariasies en -groepe in ag geneem word, maar die belangrikste faset is die nasionaliteits- en rassegroep binne dieselfde staatsverband. Al hierdie nasionaliteits- en rassegroep kan aanspraak maak op en het seggenskap in die opleidingsproses. Kultuur is die produk van die gedagtes en waardes van die groep en is 'n sosiale erven, dit raak alle aspekte van die gemeenskapslewe, en die verpleegster moet in staat wees om kulturele begrippe te aanvaar en te eerbiedig.²⁾ Dit is dus duidelik dat hierdie aktuele situasie noodwendig bydra tot die erkenning en handhawing van die verantwoordelikheid, seggenskap en samewerking van die kultuurgroepes, in die die opleidingsproses en bogenoemde aspekte is eise wat die kultuurgroepes aan die professie en verpleegstersopleiding stel.

7.5.14 Die norm wat die personeel van die Departement van Hospitaaldienste aan die verpleegstersopleiding en professie stel

'n Sekere mate van verpligtinge van die direkteur van hospitaaldienste mond in die afdeling mediese dienste (adjunk-direkteur) en verplegingsdienste (hoofverplegingsbeampte) uit. Hierdie twee liggame het met hospitale (algemeen) en met opleidingsentrums soos kolleges van verpleging en universiteite te doen. Die Departement van Hospitaaldienste hou onder andere toesig oor die oprigting en instandhouding van hospitale en is verantwoordelik vir die opleiding van die verplegingspersoneel,

1. Keyter. Opvoeding en onderwys; 'n prinsipiële waardering, p.301; vgl. Sellew. Sociology and its use in nursing service, hoofstuk 2; Bogardus. Sociology, p.35-51.
2. Schoeman. Handleiding by die studie van meslike verhoudings vir verpleegsters, p.117.

terwyl die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad die standaard van die op-leiding bepaal.¹⁾ Die Departement van Hospitaaldienste bied verder finansiële hulp gedurende die volle opleidingstydperk vir die studente-verpleegster aan, met dien verstande dat die verpleegster na voltooiing van opleiding in die verpleegstersberoep sal bly, of dat sy later weer daarheen sal terugkeer.²⁾

7.5.15 Die norm wat die personeel van opleidingsentrumms aan die ver-pleegstersopleiding en professie stel³⁾

7.5.16 Die norm wat die doserende personeel aan die professie en die verpleegstersopleiding stel⁴⁾

7.5.17 Leerstoforganisasie as norm van die professie

Die hoof van 'n Departement Verpleegkunde, die prinsipale van 'n kollege en die matrone van 'n hospitaal het almal 'n opleidingsverantwoordelikheid en moet behulpsaam wees met enige organisatoriese en administratiewe aangeleentheid wat met die opleidingsproses as sodanig te doen het.

Verpleegkunde is wetenskaplik en verpleging 'n professie wat aan akademiese sowel as aan praktiese vereistes moet voldoen. Dit is dus nodig dat die leerstof so ingedeel word dat die studenteverpleegster praktiese ondervinding sal opdoen van al die fasette soos die mediese, chirurgiese pediatriese, ortopediese en ander en 'n bepaalde tydperk in elk sal deur loop. Terselfdertyd geld dit ook vir die teoretiese kennis: ook hier moet alle fasette in teoretiese lesingperiodes gedek word. Om te ver-seker dat die nodige praktiese kennis gedurende die opleidingstydperk

1. Schoeman. Handleiding by die studie van menslike verhoudings vir verpleegsters, p.25.
2. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Potchefstroom. B.A.-Ver-pleegkunde, pamphlet.
3. Kyk punt 7.2 van hierdie hoofstuk.
4. Kyk punt 7.3 van hierdie hoofstuk.

bekom word, word 'n sekere minimum praktika deur die opleidingsentrums neergelê vir die Algemene, Verloskundige, Psigiatriese Verpleegkunde en dit is min of meer universeel geldig vir alle opleidingsentrums in die Republiek van Suid-Afrika en oorsese lande. Die res van die tyd word aan kliniese demonstrasies en onderrig en die teoretiese opleiding gewy. Dit bring dus sekere organisatoriese verpligte vir die matrone van 'n hospitaal, die prinsipale van 'n kollege en die departementshoof aan 'n universiteit mee.

Die matrone van 'n hospitaal moet ten eerste sorg dra dat haar hospitaal as opleidingsentrum vir alle geriewe, vanaf implemente, tegnologiese apparaat en so meer, tot biblioteekgeriewe beskik, sodat die studenteverpleegster haar verpligte kan nakom en haar opleiding onbelemmerd kan deurloop. As dié persoon van 'n opleidingskool moet sy saam met die akademiese skole 'n bevredigende opleidingsprogram beplan.

Sy is verantwoordelik vir die plasing en gereelde wisseling van studenteverpleegsters ten opsigte van die onderskeie kliniese afdelings in ooreenstemming met die vereistes van die sillabus, sodat die studenteverpleegster aan die einde van die opleidingsstudyperk aan alle praktiese vereistes voldoen. Sy moet 'n permanente rekord hou van die teoretiese-praktiese opleiding met betrekking tot afdelingsverslae, gesondheidsverslae en siekteverlof, verslae in verband met akademiese prestasies, vertroulike professionele verslae, kliniese demonstrasies en onderrig, werksure, verlof, en tydperke in verskeie afdelings tydens die opleiding.

Na voltooiing van die opleiding en in samewerking met die universiteit of kollege moet sy kontroleer en sertifiseer dat die studenteverpleegster aan alle opleidingsvereistes voldoen het vir registrasie as opgeleide persoon deur byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad.¹⁾

Die departementshoof aan 'n universiteit en prinsipale van 'n kollege vorm 'n integrale deel van die opleidingsorganisasie, en in noue samewerking met die matrone word die akademiese opleiding tussen die praktiese ingepas. Aan die universiteit word die teoretiese opleiding ingevleg in die praktiese; met ander woorde: dit is 'n geïntegreerde teoreties-praktiese opleiding.

Daar word 'n noukeurige register van alle teoretiese lesings gehou en dit word so beplan dat alle fasette in die opleiding, net soos met die praktika, gedurende die opleidingstydperk gedek word. Vir alle studenteverpleegsters word 'n leer saamgestel waarin besonderhede van een se opleiding geliasseer word. Van besondere belang is die jaarlike opleidingsrekords waarin teoretiese en praktiese besonderhede van die opleiding aangegeteken word.

7.5.18 Die norm van gesag, dissipline, vryheid en verantwoordelikheid wat aan die professie en verpleegstersopleiding gestel word²⁾

Die opleidingsituasie is essensieel 'n gesagsituasie en die relasie dosent-student 'n gesagsverhouding.³⁾ Gesag kom in 'n verhouding tussen mense voor. Langeveld beweer: 'Het is zedelijke verantwoordelikheid-en-aansprakelikheid ten bate van anderen.'⁴⁾ Die persoon wat

1. Die Suid-Afrikaanse verpleegstersvereniging, Pretoria. Die 'beknopte' reeks (nr.2), p.4 en ibid., p.22-4
2. Kyk hoofstuk 6, punt 6.4.
3. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.136.
4. Langeveld. Beknopte theoretische pedagogiek, p.50.

gesag beklee (die dosent) is iemand wat seggenskap het, leierseinskappe besit, hulp kan verleen en wat kan afkeur of goedkeur en oor iemand anders gesag kan uitoeft. Daarom sê Brillenburg Wurth: "Gezag", daaronder hebben wij te verstaan een "zeggen", waarop een ander antwoorden moet door in onderworpenheid zich te laten "gezeggen".¹⁾

Die doel van alle gesaguitoefening en -leiding in die opleiding is om studenteverpleegsters tot selfverantwoordelikheid en aanspreeklikheid te ontwikkel en te voer. In die verplegingsberoep behoort gesag tot die wese van die groep, omdat daar gesagorde moet wees, en so alleen is opleiding van die groep moontlik. Gesag word deur die leier of verskillende persone gedra, maar hierdie gesagsdraers se ousertiteit word weer bepaal deur die norme wat deur die algemene en onmiddellike gemeenskap gestel word. 'Het gezag in de groep wordt gedragen door iemand of door verschillende personen in de groep. Maar deze gezagsdragers zijn geen autonome figuren. Zij zullen hun gezag weer ontlenen moeten aan de normen, die door de groep worden erkend en die in de groep tot heerschappij gebracht moeten worden. Op die wijze wordt het gezag in de groep primair het gezag van Hem die de normen geeft.'²⁾

Langeveld het gelyk, en dit geld ook vir die verpleegstersopleiding wanneer hy konstateer dat gesaguitoefening in die opleiding 'n persoonlike verwerking van norme veronderstel en dat niemand in die opleiding meer gesag het as wat sy self as norme verwesenlik het nie.³⁾ Dit beteken dat die dosent die amptelike en wettige gesag waarmee sy beklee is, waardig moet wees deur die gehalte mens wat sy verstandelik en sede-

1. Brillenburg Wurth. *Zedelijke opvoeding; grondlijnen van een ethische paedagogiek*, p.100.

2. Waterink. *Theorie der opvoeding*. p. 541.

3. Langeveld. *Beknopte theoretische pedagogiek*, p.47.

lik is en die kwaliteit van haar lewe wat sy van dag tot dag voer.

In die egte gesagsopleiding lê wedersydse vertroue tussen die dosent en studenteverpleegster opgesluit, en daarsonder sou die verpleegstersopleiding nie hulp en leiding aan die studenteverpleegster kon verleen nie. Daarom se Perquin: '... het ambtelijke gezag met zijn objectief karakter moet zamengaan met het subjectieve gezag, dat berust op het vertrouwen. Het vertrouwen in de psychologische voorwaarde, dat wat gezagsuitoefening normaal en effectief maakt.'¹⁾

Dissipline (tug) het 'n enger en breër betekenis. In die verpleegstersopleiding is dissipline wat in die breër sin op die gedragsmotiewe betrekking het meer van toepassing.²⁾ Ware dissipline kom uit die diepste gronde van die wese. Dit bestaan in die ontdekking van ons neiginge, drifts, begeertes en wil, 'n ontdekking wat absoluut noodsaaklik is vir die sukses van die lewe. Die doel van dissipline by die opleiding en vorming is om die studenteverpleegster tot innerlike selftug te bring wat 'n onmisbare voorwaarde vir die sosiale opleiding is, want die mens sonder selftug is nie sosiaal opgevoed nie.³⁾

Dissipline in die opleiding is die uitoefening deur die dosent van haar gesag met die doel om die studenteverpleegster sodanig te lei, te vorm en ontwikkel dat sy geestelike volwassenheid sal bereik. Dit is die stadium waar sy verstandelik en sedelik so 'n selfstandigheid bereik het dat sy die vermoë en wil het om materieel en geestelik vir haarself te sorg.⁴⁾

1. Perquin. Pedagogiek; bezinning op het opvoedingsverschijnsel, p.178-2.

2. Vgl. Gunter. Opvoedingsfilosofieë; op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie, p.409.

3. Coetze. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, p.349.

4. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.146.

Dissipline kan positief as hulpverlening, leiding en beïnvloeding ten goede gesien word en as faktor wat bydra tot die uitbouing en bevordering van deugde soos stiptelikheid, eerlikheid, getrouwheid, hulpvaardigheid, volharding, akkuraatheid, netheid, pligsgetrouwheid, vaardigheid en selfstandige denke.¹⁾

'Discipline means power at command; mastery of the resources available for carrying through the action undertaken. To know what one is to do and to move to do it promptly and by use of the requisite means is to be disciplined, whether we are thinking of an army or a mind. Discipline is positive. To cow the spirit, to subdue inclination, to compel obedience, to mortify the flesh, to make a subordinate perform an uncongenial task.'²⁾

Die basiese veristes waaraan doeltreffende dissipline en gesagsuitoefening in die opleidingsproses moet beantwoord, kan fundamenteel vir hierdie doel in vyf kategorieë verdeel word: Die eerste sinnolle en doeltreffende vereiste vir dissipline is liefde, want ware gesag en ware liefde is nie in stryd met mekaar nie. Gesagsuitoefening waar liefde ontbreek of waar onechte liefde in die vorm van 'n bedenklike sentimentaliteit bestaan, sal noodwendig ontaard en die studenteverpleegster in opstand teen gesag bring. In teenstelling hiermee sal 'n dosent met liefde vir haar werk en wat die studenteverpleegster uit liefde aanmoedig se gesag 'n positiewe reaksie uitlok.³⁾ 'Waar liefde ontbreekt, is er geen opvoedingsgezag.'⁴⁾

1. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.147.
2. Dewey. Democracy and education; an introduction to the philosophy of education, p.129.
3. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.148.
4. Perquin. Pedagogiek; bezinning op het opvoedingsverschijnsel, p.182.

Gepaard met liefde gaan wedersydse respek en vertroue wat as 'n tweede noodsaklike voorwaarde vir doeltreffende dissipline beskou kan word.¹⁾ 'n Positiewe verhouding tussen studenteverpleegster en dosent sal moontlik as resultaat 'n gesagsaanvaarding en -gehoorsaamheid bewerkstellig.

Vryheid as 'n derde vereiste moet altyd in verhouding tot gesag gesien word.²⁾ Dit is noodsaklik dat gesag met vryheid gepaard gaan, want sonder gesag ontaard vryheid. Die doel van die opleiding moet onder andere geestelike volwassenheid, selfstandigheid, verantwoordelikheid en vryheid inspireer. Die dosent moet aan die studenteverpleegster die geleentheid laat om dinge self te doen, verantwoordelikheid te aanvaar, selfstandig op te tree, sodat die menslike wese deur vryheid tot die volle vorming en ontplooiing kan kom.³⁾ Die kuns van suksesvolle gesagsuitoefening en dissipline is in die kombinasie van gesag en die vryheid van die studenteverpleegster in die praktyk gesetel.

Die suksesvolle dosent is vierdens die persoon wat kan opoffer, wat nie met hoogmoedige vriendelikheid gesag probeer handhaaf of vriendelikheid in familiariteit laat ontaard nie. Vir die verpleegster as leidster, maar ook in haar beroepsverpligtinge, is hierdie norm 'n verpligting wat sy elke dag moet uitleef. Sy moet by uitstek die kuns verstaan om haar in die verplegingsituasie en probleme in te leef, saam met die studenteverpleegster te beweg en tog 'n afstand tussen haar en die pasiënt en studenteverpleegster te kan bewaar.

1. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.148-9.
2. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.493.
3. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.149.

Ten laaste moet die dosent die studenteverpleegster huis deur gesagsdissipline lei tot die aanvaarding en gehoorsaamheid daarvan deur dit deur middel van geduldigheid, gelykmatigheid, takt, wysheid, billikheid, regverdigheid en versigtigheid streng en beslis te handhaaf. Op die wyse kan die studenteverpleegster onder meer tot respek vir wet en orde, verantwoordelikheidsin en -aanvaarding, pligsbesef, selfbeheer en selfdissipline gebring word.¹⁾

Opleiding is slegs moontlik as die gesag van die dosent in die opleidingsituasie erken word. Die dosent is ook meer as net 'n leier, sy is ook gesagdraer. 'n Gesagdraer wat net soos die studenteverpleegster, nie absoluut vry is nie, maar alleen vry is onder die gesag van God. In die opleidingsituasie is die studenteverpleegster egter nooit heeltemal vry nie, omdat sy haar onderwerp aan die gesag van die dosent.

Dit is duidelik dat die organisasie van die opleiding ook hier 'n besondere plig het vir sover dit die aanstelling van persone in sleutelposisies aanbetrif.

7.5.19 Die norm van leer deur ervaring aan die professie

In Verpleegkunde waar feitlik alle leer proefondervindelik, deur ervaring, deur waarneming of deur die toepassing van die teorie in die praktyk aangevul word, neem oudiovisuele, kliniese onderrig en praktiese demonstrasies 'n belangrike plek in. Leer deur die werklike situasie, verskynsels of praktiese toepassing van die prosedure hou baie waarde in en is in verpleging essensieel; trouens, dit is derhalwe noodsaaklik om

1. Vgl. Gunter. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde; met spesiale verwysing na die skool, p.149.

sekere verskynsels en feite te kan verstaan en te kan interpreteer.¹⁾
In hierdie proses maak die geneesheer die mediese diagnose, maar gedurende die verplegingstydperk kom die studenteverpleegster en opgeleide verpleegster in die afwesigheid van die geneesheer of tydens 'n noodtoestand, voor menige verplegingsprobleme te staan. Om die probleem op te los maak die verpleegster 'n verplegingsdiagnose, wat met ander woorde 'n noukeurige ondersoek is van die feite om die aard van die verplegingsprobleem te bepaal en om 'n besluit oor die behandeling en die behandellingsverloop te neem.²⁾ Direkte ervaring vorm in die werklikheid situasie die basis van alle doeltreffende onderwys,³⁾ en in die verplegingsberoep moet die ervaring tydens dag- en nagdiens opgebou word, en met audiovisuele onderrig aangevul word.

7.5.20 Die norm van spesialisasie vir die professie en die verpleegsteropleiding

Die mediese professie het die noodsaaklikheid van spesialisasie ingesien omdat dit saam en hand aan hand met vooruitgang beweeg. Dit verg ook spesialisasie op sekere gebiede van die verpleging, onder andere dat die studenteverpleegster na opleiding met bekwaamheid intensiewe verplegingseenhede sal kan behartig en hier 'n spesialiteit op die gebied moet wees.

1. Van Loggerenberg & Jooste. Verantwoordelike opvoeding; 'n fenomologies-prinsipiële studie, p.159-61; Coetzee. Inleiding tot die algemene empiriese opvoedkunde, p.36-9; Searle. The teaching of science in post-primary schools, p.227-36; Richardson & Cahoon. Methods and materials for teaching general and physical science, p.5-12; Shipley a.o. A synthesis of teaching methods, p.192-224.
2. Polony. Programmed instruction and automated education for hospitals and other medical personnel. Hospital progress, 45(2):84, February 1965; Pascoe. Woman work 7, ward round. Fair lady, 5(23):74, 1 January 1970.
3. Van Wyk de Vries & Kruijtwijk. Audiovisuele onderwys en tegniese hulpmiddels, p.11-12; Crous & Wright. Natuur- en skeikunde, p.xi.
4. Du Plessis. The challenge to the nursing profession. Suid-Afrikaanse verpleegsterstydskrif, xxxii (12): 30-31, Desember 1966.

Leerstof moet dus behalwe die algemene praktiese ondervinding, ook kliniese onderrig en demonstrasie insluit. Verder moet die basiese opleiding 'n sekere deel van die tegniese bekwaamheid (ten opsigte van alle apparaat wat in hospitale gebruik word) insluit wat later op gespesialiseerde vlak uitgebou moet word.

7.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die hierargiese personeelsamestelling aandag geniet. Die essensie van die opleiding van 'n dosent wat gemoeid is met die opleiding en vorming van die studenteverpleegster is kortlik beskryf en aangetoon hoe noodsaaklik maar ook logies dit is dat alle opleiding alleenlik suksesvol kan verloop onder die beheer van 'n goed geskoolde dosent. Vervolgens is op enkele aspekte van die keuring van studente in 'n poging om die moontlike beroepsposensiaal te probeer bepaal, gelet. Ten laaste is alle moontlike aanvaarbare professionele norme ten opsigte van die verpleegstersberoep en verpleegstersopleiding aangedui.

agt

400757UK

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN SLOTBESKOUING

8.1 Inleiding

In hierdie slothoofstuk word 'n samevattende beeld van die navorsing van hierdie proefskrif gegee. Enkele aspekte van die verpleegstersopleiding aan die universiteit (graadkursus) word omskryf. Hierna word enkele positiewe en negatiewe bevindings ten opsigte van voortreflikhede en die leemtes respektiewelik in die opleiding aangetoon. Aanbevelings en positiewe bevindings val saam, terwyl negatiewe bevindings en leemtes saam bespreek word, sodat, onder andere, die sogenoemde 'kaalvoetdokter', wat nooit die plek en die rol van die teoretiese, praktiese, wetenskaplike, professioneel opgeleide verpleegster kan inneem, uitgeskakel word.

8.2 Samevattende beeld van die navorsing

Aanvanklik is in hierdie proefskrif gewys op die belangrikheid en noodsaaklikheid van die verpleegstersopleiding aan die universiteit; die keuse van die onderwerp, naamlik die verpleegstersopleiding aan die

universiteit is ontleed; in breë trekke is die omvang en afbakening van die studieterrein aangetoon; die doelstelling geformuleer; hoofstukke is ingedeel; die metodes van ondersoek om die stof wetenskaplik te versamel is afgebaken; ontledings van bepaalde begrippe wat deurlopend in die proefskrif figureer, naamlik Verpleegkunde, verpleging, dissiplines van Verpleegkunde, verpleegstersopleiding, studentevorming en -opvoeding, is gemaak.

In hoofstuk 2 is 'n uiteensetting van die aard en bydraes van verskillende volkere in verskeie wêrelddele van verpleging gegee. Die behoeftes om te verpleeg is intensief deur die primitiewe mens en selfs in die pre-historiese tydperk openbaar. Die antieke kulture het 'n bepaalde bydrae tot die professie gelewer. Die Kode van Hammoeabi word veral met die Mesopotamiese beskawings geassosieer. Die Egiptenare se higiëne, sanitasie, afsonderingsidee en terminale ontsmetting om die verspreiding van siektes te bekamp, dui op 'n hoogstaande ontwikkeling. Die Sjinese het veel bygedra tot Farmakologie en menige geneesmiddel is deur hulle tot die mens se besikking gestel. Deur die Mosaiëse Wet is die fondament van volksgeondheid, persoonlike higiëne en voorkomende medisyne gevorm. Indië weer, het die aandag op die geneesheer-verpleegster-pasiëntverhouding gevestig, 'n verhouding wat gesond moet wees, en wat essensieel is vir die bevordering van genesing. Die Christendom het aan verpleging die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en deugde gegee, wat die wese

van die wetenskap bepaal en die verplegingstaak tot roeping verhef. Skrywer is bewus van ander bestaande godsdiensvorme. Die Middeleeue het tot die vooruitgang in hospitaalbeplanning en pasiëntversorging bygedra en die ontstaan van universiteite het Verpleegkunde nader aan die latere noodsaaklike universitêre opleiding gebring. Die tydperk tot aan die einde van die Middeleeue het wel hospitale, georganiseerde verplegingsgroepe en individue wat hulle vir die verplegingsberoep beywer gelewer, maar nog het die oordrag van kennis voorwetenskaplik van aard gebly en was daar nie van Verpleegkunde sprake nie.

Die Renaissance en die Humanisme het in die sewentiende eeu begin deur 'n reeks eenvoudige lesings aan die 'Dames de Charité.' Die volgende merkwaardige vooruitgang is in die agtiende eeu deur professor Franz Mai gemaak, wat nie net die grondslag vir professionele verpleging help lê het nie, maar wat betekenisvolle bydraes tot die verder ontwikkeling van die Verpleegkunde gelewer het, deurdat hy al in die agtiende eeu geredeneer het dat verpleging wetenskaplik genoeg is om in 'n universiteit huis te hoort. In die vroeë negentiende eeu het pastoor Fliedner met sy opvoedkundige werk die wetenskaplike basis verder verstewig. Maar dit is Florence Nightingale wat voortgegaan het om Verpleegkunde verder uit te bou en te handhaaf. Sedertdien, en veral gedurende die twintigste eeu, bereik Verpleegkunde sy fenomeiale ontwikkeling op wetenskaplike gebied. Ook in die Republiek van Suid-Afrika word in die voetspore van oorsese voorgangers gevold - dink aan 'n Henrietta Stockdale.

Dit is aangedui dat verpleging een van die professies is wat deur middel van die gemeenskap aan die universiteit 'n eis stel om verpleegsters op te lei, 'n opleiding wat beslis om die wetenskap gaan, maar ook om met sodanige opleiding 'n professie (verpleging) te beoefen. Om dit te staaf en om duidelik te bepaal watter fenomene tot dié besondere gebied behoort en om die regte perspektief daarvan te kry, is ten eerste gebruik gemaak van definisies en algemene omskrywinge. Hierna volg 'n analyse en klassifikasie van definisies en omskrywinge, 'n deurskouing van die wese van Verpleegkunde as 'n toegepaste sosiale wetenskap, die verhouding en verband tussen Verpleegkunde en sy hulpwetenskappe, Verpleegkunde as wetenskap en verpleging as professie. Om die wetenskaplikeheid van Verpleegkunde te bevestig is verpleegkundige navorsing aan die beginsels wat vir wetenskaplike denke voorgeskryf is, getoets. Die wese van Verpleegkunde as toegepaste medies-sosiale wetenskap is ontleed. Die verhouding en verband tussen Verpleegkunde en sy hulpwetenskappe is in breetrekkende beskryf en verpleging as professie is teen die bestaande norme vir 'n professie opgeweeg.

Hoofstuk 4 is hoofsaaklik op die algemene beschouwing van die verpleegstersopleiding en die besondere doeleindes vir die opleiding gerig, doeleindes wat teen die agtergrond van die doel en funksie van die universiteit en eie mening geformuleer is. Aangesien die besondere doeleindes uitgangspunte vir die hele opleiding vorm, en weens die

